



**Patroonmatighede in die struktuur  
en algemene inhoud van  
Afrikaanse Jakkals-en-Wolf-trieksterverhale**

**CORNÉ VAN DER VYVER**

**20486758**

Verhandeling voorgelê vir die graad  
***Magister Artium*** in **Afrikaans en Nederlands**  
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: **Prof. H.M. Viljoen**

Medestudieleier: **Prof. J.H. Kruger**

November 2013

*Aan my man, Corné en ons kinders, Nelco, Merwe en Carli*

*en*

*Handjievool en Mattie, my speelmaats van kleintyd*

## VOORWOORD

Hans Christian Andersen het gesê elke mens se lewe is 'n sprokie geskryf deur God se hand. Ek kan eerstehands daarvan getuig en daarom wil ek heel eerste eer aan my Hemelse Vader bring sonder wie hierdie studie nooit moontlik sou wees nie. Die Een wat alle kennis reeds besit, deur wie alles tot stand kom. Mag hierdie gawe wat ek onverdiend uit U hand ontvang het, nie leeg na U terugkeer nie.

Baie dankie aan my man wat altyd gereed gestaan het met raad, 'n oor wat bereid was om te luister en sterk arms wat my met deernis bygestaan het. My kinders, my gebed was gedurigdeur dat die ons Hemelse Vader sy engele sal opdrag gee om julle op te pas en te onderrig langs die pad. Julle is my rykdom en daarom dankie vir die tyd en aandag wat julle moes opoffer sodat hierdie studie moontlik kon wees. Mag die saad op goeie grond val en veel vrug dra.

'n Spesiale woord van dank aan my twee studieleiers. Dankie dat ek soveel by julle kon leer en dat julle toegelaat het dat jul kennis my op akademiese gebied kon vorm.

Baie dankie aan die Noordwes-Universiteit wat my finansieel ondersteun het en sonder wie hierdie studie nie moontlik sou wees nie.

'n Baie spesiale dankie aan die personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek. Baie dankie vir julle onbaatsugtige diens en bereidheid om elke keer die tweede myl te stap. Dis egter vir my noodsaaklik om vir Anneke Coetzee uit te sonder omdat sy regtig meer as die tweede myl gestap het. Niks was ooit te veel gevra nie.

### **By die lees van hierdie verhandeling:**

Aanhalings uit verhale word in skuinsdruk geplaas om die lees van die verhandeling te vergemaklik.

**OPSOMMING EN SLEUTELTERME**  
**PATROONMATIGHEDEN IN DIE STRUKTUUR EN ALGEMENE**  
**INHOUD VAN AFRIKAANSE JAKKALS-EN-**  
**WOLFTRIEKSTERVERHALE**

**SLEUTELTERME:** *oraliteit, mondelinge verhaal, volksverhaal, triekster, trieksterverhaal, struktuur, struktuurelemente.*

**Navorsingsprobleem**

Hierdie navorsing wentel om die probleem: Watter patroonmatighede kan in die struktuur en algemene inhoud van geselekteerde Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale geïdentifiseer word?

**Navorsingsdoelwitte**

Voortspruitend uit die probleem is die primêre doel van hierdie navorsing om die strukturele en inhoudelike patroonmatighede in die vertel van Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale in die algemeen, asook eie aan die trieksterverhaal te identifiseer. Die sekondêre doel van die navorsing is om die lokalisering ten opsigte van algemene inhoud en struktuur in die verhale te identifiseer.

**Navorsingsmetodologie**

Die struktuurelemente, strukturele patrone, variasiepatrone en inhoud van die verhale is ondersoek. Om hierdie patroonmatighede te kon abstraher, was dit nodig om die verhale op 'n sintagmatiese en pragmatiese wyse te ontleed. Onder die sintagmatiese wyse is veral Bremond (1977) se handelingslogika gebruik om die verloop van verhale te identifiseer. Onder die paradigmatische werkwysie is Greimas (1966) se aktansiële model gebruik om verhale en vertelwyses te ontleed. Ook is bestaande struktuurmodelle van die volksverhaal, mondelinge verhaal, trieksterverhaal, en Jakkals-en-Wolfverhale gebruik vir analisering. Daar is telkens van voorbeelde uit die korpus verhale gebruik gemaak om die bevindinge te illustreer en te staaf. Die korpus bestaan kortliks uit klankopnames wat 'n

projekspan onder leiding van Du Plessis (1987:8-14) gemaak het, opnames wat gedoen is deur die navorser in die Murraysburg-distrik in Junie 2010; *Jakkals-en -Wolfstories*, vertel deur Dana Niehaus (Niehaus, 2011) asook verhale uit die bundels *Die Kaskenades van Jakkals en Wolf* (Rousseau, 2011), *Die mooiste Afrikaanse sprokies* (Grobbelaar en Verster, 2007) en *Jakkals en Wolf* (Grobbelaar en Verster, 2011).

## **Bevindings**

Dit is bevind dat unieke patroonmatighede in die struktuur en algemene inhoud, deur die analyses geïdentifiseer, van die korpus verhale wat hier verteenwoordig word, bestaan en dat beide Bremond se handelingslogika en Greimas se aktansiëlemodel waarde toevoeg om struktuur in verhale te beskryf. Die uitvloeisel hiervan was dat die analyses van hierdie verhale "n groter waardering van hierdie verhale teweeggebring het.

**SUMMARY AND KEY TERMINOLOGY**  
**PATTERNING IN THE STRUCTURE AND GENERAL  
CONTENT OF AFRIKAANS JACKAL AND WOLF  
TRICKSTER STORIES**

**KEY TERMINOLOGY:**     *orality, oral story, folktale, trickster, trickster story, structure, structure elements.*

**Research problem**

This research revolves around the problem: Which characteristic/repetitive pattern formations can be identified in the structure and general content of selected Afrikaans *Jakkals en Wolf* (Jackal and Wolf) trickster stories.

**Research aims**

Originating from the problem, the primary aim of this research is to identify the structural and content related patterning in the telling of Afrikaans Jackal and Wolf stories in general as well of those particular to the trickster tale/story. The secondary aim of the research is to identify the localisation relating to general content and structure within stories.

**Research methodology**

The structural elements, structural patterns, variation patterns and content were investigated. In order to theorise these patterns, it was necessary to analyse the stories syntagmatically and paradigmatically. For the former, particularly Bremond's (1977) action logic was utilised to analyse the action in the stories. The actantial model of Greimas (1966) was used for the paradigmatic analysis of stories and methods of story telling. Existing structural models of the folk tale, oral story, trickster tales and *Jakkals en Wolf* were also used in the analysis. Examples from the corpus of stories were used to illustrate and substantiate findings. The corpus consists in short out of sound recordings recorded by a project team lead by Du Plessis (1987:8-14), recordings which was done by the

researcher in the Murraysburg district in June 2010; *Jakkals-en-Wolfstories*, told by Dana Niehaus (Niehaus, 2011) as well as stories out of the volumes *Die Kaskenades van Jakkals en Wolf* (Rousseau, 2011), *Die mooiste Afrikaanse sprokies* (Grobelaar en Verster, 2007) and *Jakkals en Wolf* (Grobelaar en Verster, 2011).

## **Findings**

It was found that unique patterning formations could be identified by the analysis of the corpus Afrikaans oral *Jakkals en Wolf* trickster tales represent in this study, and that both Bremond's action logic and Greimas's actantial model add value to describing structure in stories. A consequence of this is that greater appreciation is created in the analyses of stories.

# INHOUDSOPGAWE

<b>VOORWOORD</b>	.....	<b>iii</b>
<b>Opsomming en sleutelterme</b>	.....	
<b>Patroonmatighe in die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en- Wolftrieksterverhale</b>	.....	<b>iv</b>
<b>Summary and key terminology</b>		
<b>Patterning in the structure and general content of Afrikaans Jackal and Wolf Trickster Stories</b>	.....	<b>vi</b>
<b>LYS VAN TABELLE</b>	.....	<b>xi</b>
<b>LYS VAN FIGURE</b>	.....	<b>xii</b>
<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>PROBLEEMBEREDENERING</b>	<b>1</b>
<b>1.1</b>	<b>RASIONAAL EN MOTIVERING</b>	<b>1</b>
1.1.1	Probleemstelling	2
1.1.2	Navorsingsdoelwitte	3
<b>1.2</b>	<b>NAVORSINGSTEGNIEK</b>	<b>4</b>
1.2.1	Literatuurstudie	4
1.2.2	Afbakening	4
1.2.3	Navorsingsmetode	5
<b>1.3</b>	<b>HOOFSTUKINDELING</b>	<b>6</b>
<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>TEORETIESE RAAMWERK</b>	<b>7</b>
<b>2.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>7</b>
<b>2.2</b>	<b>LITERATUUROORSIG</b>	<b>7</b>

2.2.1	Narratief .....	7
2.2.2	Folklore .....	9
2.2.3	Volksverhale.....	10
<b>2.3</b>	<b>STRUKTUUR EN STRUKTUURANALISE.....</b>	<b>16</b>
<b>2.4</b>	<b>BASIESE ELEMENTE EN HUL ONDERLINGE VERHOUDINGS.....</b>	<b>26</b>
2.4.1	Invloedryke beskouings van patroonmatigheid in die volksverhaal .....	26
2.4.2	Die stand van navorsing oor die struktuur van die Suid- Afrikaanse Volksverhaal .....	29
2.4.3	Die stand van navorsing oor die struktuur van die Suid- Afrikaanse Jakkals-en- Wolftrieksterverhaal .....	33
<b>2.5</b>	<b>OORWEGINGS BY 'N STRUKTUURANALISE VAN JAKKALS-EN-WOLFVERHALE.....</b>	<b>35</b>
<b>2.6</b>	<b>SAMEVATTING.....</b>	<b>37</b>
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>Analise van die verhale en die vasstel van algemene patrone .....</b>	<b>39</b>
<b>3.1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>39</b>
<b>3.2</b>	<b>METODE.....</b>	<b>39</b>
3.2.1	Klassifisering van verhale .....	39
3.2.2	Analise .....	41
<b>3.3</b>	<b>TOEPASSING EN BEVINDINGE .....</b>	<b>43</b>
3.3.1	Storie.....	43
3.3.2	Verhaal.....	51
<b>3.4</b>	<b>LOKALISERING .....</b>	<b>112</b>

<b>3.5</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>122</b>
<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>GEVOLGTREKKINGS.....</b>	<b>123</b>
<b>4.1</b>	<b>INLEIDING.....</b>	<b>123</b>
4.1.1	Wat (storie) .....	124
4.1.2	Hoe (verhaal) .....	127
4.1.2.6	Gebeure (Handelingsreekse, handelingslogika) .....	138
<b>4.2</b>	<b>TAAL- EN WOORDGEBRUIK.....</b>	<b>139</b>
<b>4.3</b>	<b>VERTELLERPATRONE EN DIE UITWERKING OP DIE GEHOOR.....</b>	<b>141</b>
<b>4.4</b>	<b>AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING .....</b>	<b>144</b>
<b>4.5</b>	<b>SLOTSOM .....</b>	<b>144</b>
<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>.....</b>	<b>148</b>
<b>BYLAAG A</b>	<b>Die teks, handelingsreekse en aktansiële analise van Tipe A-verhale .....</b>	<b>156</b>
<b>BYLAAG B</b>	<b>Die teks, handelingsreekse en aktansiële analise van Tipe B-verhale .....</b>	<b>178</b>
<b>BYLAAG C</b>	<b>Die teks, handelingsreekse en aktansiële analise van Tipe C-verhale .....</b>	<b>202</b>
<b>BYLAAG D</b>	<b>Die teks, handelingsreekse en aktansiële analise van Tipe D-verhale .....</b>	<b>228</b>
<b>BYLAAG E</b>	<b>Die teks, handelingsreekse en aktansiële analise van Tipe E-verhale .....</b>	<b>241</b>

## LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1:	Opsomming van aktante .....	126
------------	-----------------------------	-----

## LYS VAN FIGURE

<b>Figuur 2.1:</b>	<b>'n Skematiese voorstelling van Bremond se handelingslogika (Bremond,1977:184).....</b>	<b>21</b>
<b>Figuur 3.3.1:</b>	<b>Aktansiële analise gesien uit Jakkals se oogpunt.....</b>	<b>46</b>
<b>Figuur 3.3.2:</b>	<b>Aktansiële analise gesien uit Wolf se oogpunt.....</b>	<b>47</b>
<b>Figuur 3.3.3:</b>	<b>Grafiese voorstelling van Jakkals en Wolf vir die Suid-Afrikaanse gehoor (Grobelaar: 2011:94). ....</b>	<b>61</b>
<b>Figuur 3.3.4:</b>	<b>Skematiese voorstelling van die verhaallogika volgens Bremond soos aangepas vir hierdie studie (Du Plooy, 1986:163) – geneem uit [A2].....</b>	<b>84</b>
<b>Figuur 3.3.5:</b>	<b>Skematiese voorstelling van die verhaallogika volgens Bremond soos aangepas vir hierdie studie (Du Plooy, 1986:163) – geneem uit [A1].....</b>	<b>86</b>
<b>Figuur A.1:</b>	<b>Analise van die handelingsreeks in [A1] .....</b>	<b>158</b>
<b>Figuur A.2:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A1].....</b>	<b>159</b>
<b>Figuur A.3:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A1] .....</b>	<b>160</b>
<b>Figuur A.4:</b>	<b>Analise van die handelingsreeks in [A2] .....</b>	<b>162</b>
<b>Figuur A.5:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A2].....</b>	<b>163</b>
<b>Figuur A.6:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A2] .....</b>	<b>163</b>
<b>Figuur A.7:</b>	<b>Analise van die handelingsreeks in [A4] .....</b>	<b>168</b>
<b>Figuur A.8:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A4].....</b>	<b>169</b>
<b>Figuur A.9:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A4] .....</b>	<b>170</b>
<b>Figuur A.10:</b>	<b>Analise van die handelingsreeks in [A5] .....</b>	<b>175</b>
<b>Figuur A.11:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A5].....</b>	<b>176</b>
<b>Figuur A.12:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A5] .....</b>	<b>177</b>

<b>Figuur B.1:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [B6].....</b>	<b>180</b>
<b>Figuur B.2:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B6] .....</b>	<b>181</b>
<b>Figuur B.3</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B6] .....</b>	<b>182</b>
<b>Figuur B.4:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [B1].....</b>	<b>184</b>
<b>Figuur B.5:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B1] .....</b>	<b>185</b>
<b>Figuur B.6:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B1] .....</b>	<b>186</b>
<b>Figuur B.7:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [B3].....</b>	<b>188</b>
<b>Figuur B.8:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B3] .....</b>	<b>189</b>
<b>Figuur B.9:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B3] .....</b>	<b>189</b>
<b>Figuur B.10:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [B4].....</b>	<b>194</b>
<b>Figuur B.11:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B4] .....</b>	<b>195</b>
<b>Figuur B.12:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B4] .....</b>	<b>196</b>
<b>Figuur B.13:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [B5].....</b>	<b>199</b>
<b>Figuur B.14:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B5] .....</b>	<b>200</b>
<b>Figuur B.15:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B5] .....</b>	<b>200</b>
<b>Figuur C.1:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [C4].....</b>	<b>205</b>
<b>Figuur C.2:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C4] .....</b>	<b>206</b>
<b>Figuur C.3:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C4] .....</b>	<b>207</b>
<b>Figuur C.4:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [C2].....</b>	<b>209</b>
<b>Figuur C.5:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C2] .....</b>	<b>210</b>
<b>Figuur C.6:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C2] .....</b>	<b>211</b>
<b>Figuur C.7:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [C6].....</b>	<b>214</b>

<b>Figuur C.8:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C6].....</b>	<b>215</b>
<b>Figuur C.9:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C6].....</b>	<b>216</b>
<b>Figuur C.10:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [C1].....</b>	<b>218</b>
<b>Figuur C.11:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C1].....</b>	<b>219</b>
<b>Figuur C.12:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C1].....</b>	<b>219</b>
<b>Figuur C.13:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [C5].....</b>	<b>225</b>
<b>Figuur C.14:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C5].....</b>	<b>226</b>
<b>Figuur C.15:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C5].....</b>	<b>227</b>
<b>Figuur D.1:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [D5].....</b>	<b>229</b>
<b>Figuur D.2:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals [D5].....</b>	<b>230</b>
<b>Figuur D.3:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D5].....</b>	<b>231</b>
<b>Figuur D.4</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [D1].....</b>	<b>232</b>
<b>Figuur D.5</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [D1].....</b>	<b>233</b>
<b>Figuur D.6</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D1].....</b>	<b>234</b>
<b>Figuur D.7:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [D4].....</b>	<b>238</b>
<b>Figuur D.8:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D4].....</b>	<b>239</b>
<b>Figuur D.9:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D4].....</b>	<b>240</b>
<b>Figuur E.1:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [E6].....</b>	<b>243</b>
<b>Figuur E.2:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [E6].....</b>	<b>244</b>
<b>Figuur E.3:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [E6].....</b>	<b>244</b>
<b>Figuur E.4:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [E3].....</b>	<b>247</b>
<b>Figuur E.5:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [E3].....</b>	<b>248</b>

<b>Figuur E.6:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [E3] .....</b>	<b>248</b>
<b>Figuur E.7:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Koggelmander in [E3] .....</b>	<b>249</b>
<b>Figuur E.8:</b>	<b>Analise van die handelingsreekse in [E1].....</b>	<b>251</b>
<b>Figuur E.9:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [E1] .....</b>	<b>252</b>
<b>Figuur E.10:</b>	<b>Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [E1] .....</b>	<b>252</b>



## HOOFSTUK 1

# PROBLEEMBEREDENERING

## 1.1 RASIONAAL EN MOTIVERING

Trieksterverhale word wydverspreid in Afrika vertel, en die trieksterkarakter neem veral die vorm aan van 'n dier, soos Hasie, Skilpad en Spinnekop (Willis, 1993:274). Die mees algemene trieksterfiguur in Afrikaanse mondelinge trieksterverhale is Jakkals (Kannemeyer, 1978:212; Schmidt, 1985:60). Alhoewel Jakkals-en-Wolfverhale deel is van die Afrika-verhaalkuns, toon hulle ook ooreenkomste met die karakters in die Middelnederlandse diere-epos, *Van den vos Reynaerde*. So byvoorbeeld stem die inhoud van die Afrikaanse verhaal waarin Jakkals vir Wolf om die bos lei met 'n heuningkoek, direk ooreen met die oorspronklike weergawe waarin Wolf se rol deur Bruin die Beer gespeel word. Von Wielligh (1926:6-7) verklaar ook dienooreenkomstig dat die Jakkals-en-Wolfverhale in die Hollandse koloniale tydperk aangepas is vir die spesifieke gehoor van daardie tydperk.

Von Wielligh (1926) trek voorts parallelle tussen hierdie verhale en die Boere (Afrikaanse) gemeenskap se wêreldbeskouing. Die sterk ooreenkoms tussen Wolf en Bruin die Beer is egter uitsonderlik aangesien Jakkals-en-Wolfverhale uniek in Afrikaans aangepas is (kyk Bleek, 1864). Van Rensburg (1983:3) meen dat hierdie verhale onder andere hulle oorsprong het by die Nederlanders wat aan die Kaap aangekom het, en Reinaard as gewilde slaaptystorie aan hul kinders vertel het. Ook in die ander gemeenskappe (veral onder die Khoekhoe) is die stories herskep en verkontekstualiseer sodat dit deel van vandag se Jakkals-en-Wolfverhaleskat is. Daar is dus 'n sterk vermoede dat Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale hul ontstaan grootliks in die Nederlandse tydperk aan die Kaap het.

Aucamp (2009:16) verduidelik dat daar binne die orale tradisie soveel tekste is as wat daar vertellers is. Elke verteller se besondere styl en invalshoek beïnvloed dus die storieprodukt. Aucamp (2009:16) stel voorts dat mondelinge vertellings soos "nomades" is

wat van een kultuurgroep na 'n ander "swerf" en mutasies ondergaan. Die Jakkals-en-Wolftrieksterverhaal is daarom vermoedelik getransponeer om by 'n nuwe ruimte en nuwe tyd aan te pas, en sodoende is selfs nuwe Jakkals-en-Wolfverhale gebore<sup>1</sup>.

In die proses van mutasie en transponering moes die struktuur van hierdie verhale noodgedwonge ook verandering ondergaan het. Geen uitgebreide bronne oor die strukturele aard van Jakkals-en-Wolfverhale kon gevind word nie. Hierdie tekort kan moontlik toegeskryf word aan die skynbare eenvoud van die verhale en die feit dat hulle blykbaar hoofsaaklik gerig is op kinders. Finnegan (2012:xxiii) dui dienooreenkomstig in haar bekende werk *Oral Literature in Africa* aan dat min navorsing nog gedoen is oor mondelinge verhale in Afrika. Sy kon wel baie geskrewe materiaal oor die Afrikaverhaal vind, alhoewel dit moeilik bekombaar en onsistematies is en min hedendaagse vorme bespreek.

Nuttig en uitsonderlik in hierdie verband is die werk van Dundes (1971) wat 'n basiese patroonmatigheid in Afrika volksverhale identifiseer, asook Paulme (1977: 64-103), wat trieksterverhale uit Afrika morfologies analiseer aan die hand van Propp se funksies en Dundes se modelle. Dundes (1971:176) identifiseer die volgende basiese strukturele patroon met betrekking tot bepaalde genres, insluitend die trieksterverhaal: vriendskap, kontrak, skending (bv. deur middel van misleiding), herstel (van skending) en einde van vriendskap. Hierdie patroonmatigheid sluit aan by Galin (1981:247) se identifisering van drie stadia in die trieksterverhaal, naamlik (a) beplanning van 'n poets, (b) uitvoering van die poets, en (c) toe-eiening van die poets. Paulme se bevindinge oor die struktuur van Afrika-verhale sluit ook by die aard van die trieksterverhale aan (kyk 2.3).

## **1.1.1 Probleemstelling**

### **1.1.1.1 Hoofvraag**

In hierdie navorsing word gefokus op die volgende probleem: Watter patroonmatighede kan in die struktuur en algemene inhoud van geselekteerde Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale geïdentifiseer word?

---

1 Nicholas (2009:16) waarsku egter in hierdie verband dat daar nie na willekeur betekenis aan gemeenskaplikheid tussen trieksterverhale geheg moet word nie, aangesien van die verhale kulture verteenwoordig wat ver verwyderd is van mekaar en wanneer ooreenkomste in verhale as vergelykende studie hanteer word, dit inligting mag verskaf, maar nie betekenis mag voorskryf nie.

### **1.1.1.2 Subvrae**

Die vrae wat in hierdie studie ondersoek gaan word, is:

1. Hoe vergelyk die verskillende variasies van Jakkals-en-Wolfverhale.
2. Is daar algemene patrone in Afrikaanse mondelinge Jakkals-en- Wolfverhale teenwoordig?
3. Hoe vergelyk Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale met die algemene patrone van trieksterverhale wat reeds opgeskryf is?
4. Kan 'n unieke struktuurpatroon vir Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale hieruit ontwikkel word?

## **1.1.2 Navorsingsdoelwitte**

### **1.1.2.1 Algemene doelwit**

Die doel van hierdie studie is om die struktuur van die Afrikaanse, mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale te ontleed om sodoende 'n toepaslike model van die struktuur van Afrikaanse mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale daar te stel. Dit sal die leser help om die struktuur van die Afrikaanse mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale beter te beskryf en moontlik 'n bydrae lewer om 'n meer bruikbare model vir die ontleding en verstaan van Afrikaanse mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale te formuleer.

### **1.1.2.2 Spesifieke doelwitte**

Navorsingsdoelwit 1: Om te bepaal hoe vergelyk die verskillende variasies van Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale?

Navorsingsdoelwit 2: Om die algemene patrone in Afrikaanse mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale te bepaal.

Navorsingsdoelwit 3: Om te bepaal hoe vergelyk Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale met die algemene patrone van trieksterverhale wat reeds opgeskryf is.

Navorsingsdoelwit 4: Om te bepaal of 'n unieke struktuurpatroon vir Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale hieruit ontwikkel kan word.

## 1.2 NAVORSINGSTEGNIEK

Die navorsingsmetode bestaan primêr uit 'n literatuurstudie, die versamel van 'n korpus verhale en die analise van die vertelstrukture in die korpus.

### 1.2.1 Literatuurstudie

Verskeie elektroniese databasisse, insluitend Sabinet, Emerald online, en Ebscohost, sowel as internetsoekenjins, soos Google, Yahoo, webcrawler, Bitsjournal.com en Ananzi, is geraadpleeg en gebruik om relevante literatuur te bekom. Die volgende sleutelwoorde is gebruik: *oraliteit, mondelinge verhaal, volksverhaal, triekster, trieksterverhaal, struktuur, struktuurelemente*.

### 1.2.2 Afbakening

Die verhale wat in hierdie korpus opgeneem is, kan as betreklik verteenwoordigend van die totale Jakkals-en-Wolf-repatorium beskou word, omdat hulle uit al die vorme van mondelinge vertellinge versamel is naamlik mondelinge verhale soos deur mondelinge vertellers vertel, klankopnames (CD's) bedoel vir 'n kindergehoor asook opgeskrewe mondelinge verhale uit kinderboeke.

Die verhale wat ondersoek is, is afkomstig uit die volgende bronne:

- a) Klankopnames wat 'n projekspan onder leiding van Du Plessis (1987:8-14) gemaak het in Suid-Namibië en onder die Griekwas om die tekorte in variasietaalkunde aan te vul. Vir die doel van hierdie studie word dit die Du Plessis-versameling genoem. Die versameling is in bewaring by die Nasionale Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) (Wolf en Jakkals – KK 3055/95/231) te Bloemfontein. Die segspersone was mense wat Griekwa-Afrikaans gepraat het en Jakkal-en-Wolfverhale was soms die uitvloeisel van die gesprek tussen die segspersoon en die ondersoeker, omdat dit die metode was waardeur die ondersoeker die gesprek aan die gang probeer kry het. Die verhale is met ander woorde deur verskeie vertellers vertel. Slegs die Jakkals-en-Wolfverhale uit hierdie klankopnames is uitgesoek en getranskribeer.
- b) Opnames wat gedoen is deur die navorser in die Murraysburg-distrik in Junie 2010. Die segspersone was nie bekend aan die navorser nie. Hulle is veral gekies op

grond van die feit dat hulle nie kon lees en skryf nie en hulle daarom Jakkals-en-Wolfverhale geken het omdat hulle uitsluitlik dit kon onthou van iemand wat dit aan hulle vertel het. Daar is gepoog om die segspersone se vertroue te wen voor daar met die opnames begin is en die verhale het spontaan uit gesprekke met die segspersone gevloei. Die segspersone was albei manlik en onderskeidelik in die 80- en 50-jarige ouderdomsgroep. Albei sien hulself as Kleurlinge. Vir die doel van hierdie studie word dit die Van der Vyver-versameling genoem. In totaal is daar veertien verhale. Hierdie mondelinge verhale, afkomstig van plaaslike mondelinge vertellers, is op video opgeneem en getranskribeer.

- c) *Oom Dana Niehaus vertel Jakkals & Wolfstories* [CD], is 'n kommersiële opname waar Dana Niehaus (senior) (Niehaus, 2011), 'n professionele storieverteller, Jakkals-en-Wolfverhale aan 'n kindergehoor vertel. Hierdie verhale is oorspronklik deur Ans Niehaus geskryf. Dana Niehaus (senior) het dit oorvertel en dis oorspronklik opgeneem op 'n vinyl langspeelplaat. As gevolg van die groot navraag later jare en die tekort wat ontstaan het met die oorskakeling na CD's, het Dana Niehaus (junior) die vertellinge van sy pa van die langspeelplaat na CD omgeskakel. Vir die doel van hierdie studie sal hierdie verhale as die Niehaus-versameling bekend staan.
- d) *Die Kaskenades van Jakkals en Wolf* (Rousseau, 2011) is 'n bundel verhale wat oorvertel word deur Leon Rousseau gekies uit die versamelings volksverhale wat G.R. von Wielligh in verskillende dele van Suid-Afrika opgeteken het.
- e) *Die mooiste Afrikaanse sprokies* (Grobelaar en Verster, 2007) is 'n bundel sprokies wat uitgesoek en oorvertel word deur Pieter W. Grobelaar en deur Séan Verster geïllustreer is. Die eerste uitgawe van hierdie bundel het reeds in 1968 verskyn. *Jakkals en Wolf* (Grobelaar en Verster, 2011) wat ook 'n bundel verhale is wat vertel word deur Pieter W. Grobelaar en deur Séan Verster geïllustreer is, word ook by hierdie korpus ingesluit.

### 1.2.3 Navorsingsmetode

Die verhale word deduktief geanaliseer vir hulle strukturelemente, strukturele patrone, variasiepatrone en inhoud volgens die beginsels van die strukturele narratologie. Die verhale word ontleed met behulp van Greimas se aktansiële model (1966) en Bremond se handelingslogika (Bremond, 1977; kyk 3.3.2.6 Gebeure (Handelingsreeks),

Handelingslogika). Die struktuurmodelle wat reeds deur ander navorsers in mondelinge-, volks- en trieksterverhale uitgewys is, word getoets aan hierdie korpus.

### **1.3 HOOFSTUKINDELING**

In hierdie hoofstuk is die navorsingskonteks en -fokus omskryf en die spesifieke navorsingsprobleem en doelstellings gestel. Die navorsingsmetode is voorts beskryf en die struktuur van die studie gestel.

In hoofstuk twee volg 'n teoretiese raamwerk as fundering van die studie. Daar word eerstens gefokus op die navorsing wat gedoen is narratief, folklore en volksverhale en tweedens oor die navorsing oor struktuur en struktuuranalises. Hierdie raamwerk vorm die basis van die analises in hoofstuk drie, waarin die verhale geanaliseer en algemene patrone in die verhale vasgestel word. Die algemene bevindings van die analises en die algemene patrone word hierdie hoofstuk uiteengesit en met gepaste voorbeelde geïllustreer. Detailanalise van verhale uit die korpus, word aangebied in Bylaag A tot E.

In hoofstuk vier volg die gevolgtrekkings en die bespreking van die resultate van hierdie studie.

Om die korpus verhale sinvol te kan analiseer, is dit nodig om relevante teoretiese perspektiewe te gebruik en daarom is dit nodig om 'n oorsig te gee van navorsing wat reeds gedoen is oor narratief, folklore, volksverhale, trieksterverhale, Jakkals-en-Wolfverhale, asook om die grondbeginsels van die strukturalisme te verduidelik. Die doel bly steeds om patroonmatighede in die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale vas te stel.

## HOOFSTUK 2

# TEORETIESE RAAMWERK

## 2.1 INLEIDING

Om die navorsingsdoelwit te bereik, is dit noodsaaklik om 'n spesifieke navorsingsontwerp en metodologie binne 'n duidelik omlýnde teoretiese raamwerk te volg. Vervolgens sal 'n literatuuroorsig gedoen word om die teoretiese raamwerk beter te omskryf, en om te beskryf watter bydrae hierdie ondersoek tot die studieveld kan maak. Dit is belangrik om die bestaande definisies en begrippe en die verskillende teorieë in hierdie studieveld te ondersoek asook bestaande data en die bevindinge van vorige studies.

Omskrywings van mondelinge verhale, volksverhale en trieksterverhale (Jakkals-en-Wolfverhale) word gegee, waarna struktuur en struktuuranalise bespreek sal word. Dit is ook belangrik om 'n oorsig te gee van invloedryke beskouings van patroonmatigheid in die volksverhaal en die Suid-Afrikaanse volksverhaal ten einde die struktuur van Jakkals-en-Wolfverhale te kan ontleed.

## 2.2 LITERATUUROORSIG

### 2.2.1 Narratief

Die kleinste eenheid wat as 'n narratief beskou kan word, kan beskryf word as die talige weergawe van die temporele opeenvolging van twee gebeurtenisse Jakkals oortuig byvoorbeeld vir Wolf om sy kop in die skeur in die boomstomp te sit en dan klap die boomstomp toe. Die narratief eindig waar Wolf deur die bye aangeval word en albei nog steeds honger is. Labov (1972:360) definieer 'n narratief as een metode om gebeure van die verlede kortliks saam te vat deur verbale frases van gebeurtenisse wat op mekaar volg, te pas by die opeenvolging van gebeurtenisse soos wat dit (fiktief) plaasgevind het. Aangesien Jakkals-en-Wolfverhale verbeeldingsvlugte is, het hulle nie noodwendig 'n korrelasie met die werklikheid nie, maar hulle veronderstel wel 'n sosiale onderbou met sekere grade van waarskynlikheid. Dutton (2009) herlei die vorming van algemene

narratiewe patronering dienooreenkomstig na die instink om enige omgewing te verstaan en te beheer.

Dutton (2009:118) en Scheub (1992:110) fokus nie net op die temporele opeenvolging van twee gebeurtenisse nie, maar sien groter algemene patrone in die narratief. Dutton meen dat die mees abstrakte karakterisering wat van stories gegee kan word, bestaan uit (1) "n menslike wil en (2) een of ander vorm van verset daarteen. Scheub let dienooreenkomstig op dat karakters wat oorredend dood of lewe kan toeken, die wese van storievertel uitmaak. Stories bied volgens hom surrogaatondervindings wat kan dien as denkbeeldige voorbereiding vir die lewe en sy verrassings; hulle help "n mens om die eindelose komplekse geestelike wêreld te navigeer wat met ander deel en skerp potensieel aanpasbare interpersoonlike en sosiale vermoëns in.

Bremond (1976) beklemtoon andersyds "n prototipiese logiese struktuur in verhale, naamlik: "Elk verhaal bestaan uit een taalhandeling waarbij een opeenvolging van gebeurtenissen van menselijke belang geïntegreerd wordt binnen de eenheid van een en dezelfde handeling" (Bremond, 1976:186)<sup>2</sup>. Richardson (1990:118) onderskryf Labov, Bremond en Du Plooy se sienings. Richardson definieer narratief as die primêre manier waarvolgens mense hulle ondervindinge organiseer in tydelike betekenisvolle episodes. Hierdie episodes verander met ander woorde sodra dit weer oorgedra word. Sy gaan verder deur te argumenteer dat narratief beide "n metode van beredenering en "n metode van voorstelling is. Mense kan die wêreld verhalend beskou en mense kan van die wêreld in "n narratief vertel. Bordwell en Thompson (2001:60) se definisie van narratief as "n "chain of events in cause-effect relationship occurring in time and space" neem die gedagte van narratief as slegs die temporele opeenvolging van twee gebeurtenisse "n stappie verder. Die narratief volg tipies 'n patroon van oorsaak-en-gevolg en sluit aan by Bremond (1976) se siening. Reinaard trek byvoorbeeld die wêre uit die boomstomp met die gevolg dat dit om Bruin die beer se kop toeklap. Todorov se narratiewe teorie, in ooreenstemming met Dundes, soos later bespreek sal word, is ook hierop gebaseer: a) Die storie begin met "n toestand van ewilibrum. b) Die ewilibrum word ontwig en "n disewilibrum ontstaan. c) Die disewilibrum word opgelos en die storie eindig weer in "n ewilibrum (Todorov, 1977:118). Ook Groenewald (1990:133) voer aan dat tradisionele volksverhale dikwels "n teksstruktuur verteenwoordig wat beweeg van "n aanvanklike harmonieuse situasie na "n situasie van konflik of skielike krisis. Sodra die klimaks bereik

---

2 Du Plooy sluit hierby aan deur die stelling dat waar opeenvolging ontbreek, daar geen verhaal is nie, maar wel beskrywing, gevoltrekking of liriese ontboeseming (Du Plooy, 1986:165).

is, volg die ontknoping en harmonie en ekwilibrium word hervestig in die finale oplossing. Hierdie siening behoort in samehang met Bremond (1976:184) se drie logiese fases van 'n proses beskou te word. Vir die doel van ondersoek vir hierdie studie word Bremond (1977:184) se logika van narratiewe moontlikhede aanvaar: die moontlikheid van 'n proses, die verwerking of uitvoering daarvan en die afsluiting van die proses. Bremond se logika van narratiewe moontlikhede word breedvoeriger bespreek onder **2.3. Struktuur en struktuuranalise**

### **2.2.2 Folklore**

Roberts (2008: 46) meen in sy artikel "Grand Theory, Nationalism, and American Folklore" dat daar verskeie redes aangevoer kan word vir die probleme met die definiëring en ontwikkeling van teoretiese modelle vir folklore. Een van die mees oortuigende is die feit dat folklore 'n dissipline is wat narratiewe van baie oorspronge bestudeer. Hierdie opmerking van Roberts is egter nie nuut nie. Sims en Stephens (2011:3-5) argumenteer meer omvangryk oor folklore en sê dat die studie van folklore feitlik sinoniem met die studie van kultuur is. Dit is volgens hulle die kennis wat ons het van onself en die wêreld rondom ons wat ons nie in handboeke of op die skoolbanke geleer het nie, maar van mekaar. Folklore word met ander woorde informeel oorgedra deur die mense met wie ons ons alledaagse lewe deel. Volgens hulle gebruik diegene wat folklore bestudeer, graag die woord inheems. Inheems word gebruik wanneer daar verwys word na sekere gelokaliseerde taal, objekte en gebruike. Nie alles wat inheems is, is folklore nie, maar alle folklore is inheems. Hulle gaan verder deur aan folklore artistieke, kreatiewe uitdrukkingsvolle dimensies toe te dig. Sims en Stephens (2011:8) stel dan 'n werksdefinisie van folklore saam wat 'n veel wyer betekenis bevat as die algemene definisie, naamlik:

*Folklore is informally learned, unofficial knowledge about the world, ourselves, our communities, our beliefs, our cultures, and our traditions that is expressed creatively through words, music, customs, actions, behaviors, and materials. It is also the interactive, dynamic process of creating, communicating, and performing as we share that knowledge with other people.*

### 2.2.3 Volksverhale

Jakkals-en-Wolfverhale is egter nie net narratiewe nie, maar kan meer spesifiek geklassifiseer word as volksverhale. Volksverhale is verhale wat deel vorm van orale tradisies.

Die term **volksverhaal** word deur Simpson en Roud in *A Dictionary of English Folklore* (2003) baie meer breedvoerig bespreek. Hulle beskou volksverhaal as 'n term wat 'n breër of enger sin gebruik word. In die breër sin het dit betrekking op alle prosa-narratiewe wat tradisionele storielyne volg. Die oorspronklike outeur is gewoonlik onbekend. Die meeste van die verhale is gevorm deur tradisionele elemente (motiewe) weer saam te voeg en/of 'n gevestigde plot (verhaaltipe) oor te dra van een held, of een lokaliteit, na 'n ander. Die basiese katalogus vir volksverhale in die enger sin is die tipes volksverhale wat deur Stith Thompson (1955) geklassifiseer is. Hierdie omvattende siening van Simpson en Roud word meer breedvoerig onder 2.3 Struktuur en Struktuuranalise bespreek.

Savory (1974:11) sluit aan by die definisie van folklore deur in die inleiding van haar boek *Bantu Folk Tales from Southern Africa* te sê dat volksverhale verhale is wat vertel en oortel is totdat hulle "n kulturele hulpbron van 'n sosiale groep geword het. Volgens haar wissel die doel van die vertel van volksverhale. Soms wil die verhale 'n historiese gebeurtenis aanteken en soms word hulle vertel om te vermaak, om van dapperheid of avontuur of betowering te vertel, of om morele waardes oor te dra. Kaschula (1993:vii) verwys verder na orale literatuur as dit wat essensieel die verlede, die hede en die toekoms omvat. Dit verteenwoordig 'n venster na die wêreldsiening van 'n spesifieke gemeenskap, sy waardes en geloof. Volksverhale word ook vertel om kulturele identiteit te skep en aan te pas. Volksverhale gee met ander woorde ook die verteller se verstaan van homself en sy groep weer in "n sosiale konteks. "n Trieksterverhaal word met ander woorde nie net vertel om die teikengehoor (kinders) te vermaak nie, maar bevestig ook "n kulturele identiteit en kan selfs "n subtiële onderliggende aspek, soos die verset van die verdrukke teenoor die verdrukker, vergestalt (byvoorbeeld in [B4]):

*“Ag, meneer Wolf,” begin Jakkals weer, “dis mos nie mooi vir twee ou vriende om mekaar soos vyande te behandel nie. Want ons het albei ’n groter vyand<sup>3</sup>. Teen hom moet ons saamstaan.”*

Weens hulle geskiedkundige en kulturele belang, meen Neethling (1977:40) dat volksverhale op ’n spesiale manier help vorm aan die insig in die narratiewe praktyke van ’n groep. Dit is ook interessant om daarop te let dat hierdie stelling ooreenkom met Aucamp (2009) se siening (soos reeds bespreek onder **1.1 RASIONAAL EN MOTIVERING**) en verduidelik dat daar verskeie variasies van dieselfde verhaal binne ’n enkele geografiese gebied mag voorkom. Hy skryf dat die kern van verhale in ’n bepaalde geografiese gebied weinig mag verskil, maar dat die besonderhede wat die verhale inkleur, meermale ’n veranderlike kwaliteit het. Die verhaal word aangepas om by die vertelsituasie en die ouderdom, kultuur, topografie, politiek ens. van die gehoor te pas. Dat daar duidelike basiese ooreenkomste tussen verhale is, waarvan die oorsprong tog ver van mekaar verwyder is, kan ooreenkomste in mense van vroeëre eeue se leefwyse aandui. “Derhalwe spreek dit logies dat, in soverre die literatuur ’n weerspieëling van gedrag- en lewenskodes is, daar werke van ooreenkomstige aard sal wees afgesien van die land van herkoms” (Neethling, 1977:40). Dit blyk dat daar egter veel meer as die materiële omgewing ter sprake is, soos Simpson en Roud (2003) se definisie ook aandui.

### **2.2.3.1 Trieksterverhale**

Wanneer daar na die eienskappe van die triekster gekyk word, voldoen Jakkals in meer as een opsig daaraan. Daarom kan Jakkals-en-Wolfverhale ook as trieksterverhale geklassifiseer word. Trieksterverhale is “’n tradisionele vorm van literatuur wat die avonture en mislukkings van welbekende volksfigure vertel en kan daarom gesien word as ’n onderafdeling van volksverhale. Die triekster verteenwoordig heel dikwels die ideaal van egalitarisme. Die storie waar Haas vir Olifant en Seekoei laat toutrek is ’n sprekende voorbeeld hiervan omdat gelykes teen mekaar kompeteer (Grobelaar & Verster, 2007:181). Daar word ook dikwels verwys na die triekster as die rolmodel. In *African Folktales* skryf Abrahams (1983, 23:155), “Trickster is the figure who most fully illustrates how not to act within society... His antics represent just what sane and mature people do not do”. Mense of karakters met ’n klein bietjie emosionele intelligensie sal weet dat dit onaanvaarbare gedrag is en dat die optrede van trieksterkarakters wat op menslike

---

3 Jakkals identifiseer hierdie vyand later in die verhaal as Boer, omdat Boer oordadig het en Jakkals en Wolf amper van die honger omkom.

swakhede sinspeel, gestraf sal word omdat dit die samelewing onbeskerm sal laat voel op verskeie terreine van hul menswees.

Die hoofkarakters in trieksterverhale wy dikwels hul energie aan konstruktiewe doelwitte, maar het dikwels selfsugtige motiewe. Die verklaring hiervoor kan onder andere wees dat die triekster se onvolmaaktheid nie 'n openlike bedreiging vir die orde inhou nie. Haas bedreig byvoorbeeld nie die orde direk nie en daarom laat hulle hom toe om gesag uit te daag. Die trieksters is dikwels suksesvol, maar moet soms hulself verdedig en word dan heel dikwels hul eie slagoffers (Bachleitner, 2000:2). McDermott (2005:[i]) merk op dat: "...tales of the trickster still speak to us in a gentle, humorous way about the strengths and weaknesses of humankind." Volgens Booker (2010:308) is die triekster in alle opsigte ondergeskik (meedoënloos in die gebruik van sy mag), maar op 'n slinkse manier deur voor te gee dat hy optree in die held se hoogste belang terwyl hy eintlik daarna strew om die held te vernietig. Booker beweer dat die eintlike doel van die triekster is om die held altyd te verblind en sy gewete in te perk sonder dat die held daarvan bewus is. In die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale word Jakkals gewoonlik as die held beskou, maar tog is dit Jakkals wat voortdurend maak of hy in Wolf se belang optree en ook Wolf se gewete help beperk, byvoorbeeld wanneer Wolf wonder of dit dan reg sou wees om die koningin van die bye uit te rook, [E6]:

“Uh, sal hulle almal vlug, Jakkals?” “Ja, ja, almal behalwe die koningin. Maar eh, Wolfie, sy sal nie omgee nie. Sy rook self, sien?”

In die algemeen het Wolf egter nie 'n gewete as hy honger is nie. Hy het byvoorbeeld geen gewetenswroeging wanneer hulle Boer se skape gaan steel nie. Die meeste van die tyd moet Jakkals slegs Wolf se agterdog paai en hom oortuig dat Jakkals se planne goed sal uitwerk. Dit is wanneer dit lyk asof Jakkals in Wolf se belang optree, maar die teendeel is dan gewoonlik waar. Jakkals wil vir Wolf verblind om sodoende sy triek te laat slaag. Wie as die held beskou word in hierdie verhale, hang af uit wie se oogpunt die gebeure beskou word.

In Hewitt (2008) se versameling word daar humoristiese verhale aangetref van die jakkals-triekster wat as tuinier werk vir 'n dwase, brutale, wit boer en wie se pogings ten doel het om sy werkgewer te kul (Chapman, 2003:30). Daar is baie vorme van weerstand wat simbolies van aard mag wees (soos gevind in hierdie Jakkals-en-Wolfverhale), en dit kan help om 'n ideologie vir verandering te vestig. Trieksterverhale dramatiseer onder andere die opheffing van die karakter uit die lae sosiale stand (Nicholas, 2009:11). Die

magsverhouding tussen Jakkals, Wolf en Boer in hierdie verhale is slegs by implikasie, maar dalk baie meer kompleks as wat dit op die oppervlak mag voorkom. Wolf, as gevolg van sy krag en grootte, en Boer vanuit sy sosio-ekonomiese status, is albei Jakkals se meerdere. Jakkals word die karakter wat die sogenaamde verdrukker uitoorlê met sy uitermatige skerpsinnigheid, Dit is nodig om hier te verwys na die rasseverhoudinge in Suid-Afrika<sup>4</sup>, veral dan die verhouding tussen blank en "bruin"<sup>5</sup> en dan noodwendig tussen 'baas en kneg' - albei partye Afrikaanssprekend. Bruin werkers (die 'laer' stand) is oorwegend in diens van die blanke boere (die sterkeres). Jakkals-en-Wolfverhale sou ook kon verwys na die slaaf-eienaar-situasie van die vroegste tye in Suid-Afrika wat verander na 'n werkgewer-werknemer-verhouding en uiteindelik ook na verhouding tussen onderdrukte en onderdrukker in die apartheidsjare. Die verhale sou kon dien as simboliese omverwerping van die orde, en as uitlaatklep vir die verdrukte om in die geheim te kan lag, pret te hê, al was hy in werklikheid ondergeskik aan die verdrukker. Dit het dus hier nodig geword om die verhoudings in Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale duidelik uiteen te sit: 1) Jakkals en Wolf, 2) dier en mens (die boer) en 3) Wolf en Boer as simbole van mag met verskillende verwysings. In Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is dit Jakkals (fisies die swakkere) wat elke keer met slimigheid vir Wolf (fisies die sterkere) die onderspit laat delf. Boer is ook dikwels die teken van die diere se aksies.

### **2.2.3.2 Jakkals-en-Wolfverhale: aanpassing en lokalisering**

Bewyse bestaan dat Jakkals-en-Wolfverhale van die vroegste tye deel is van die Afrikaanse verhaalkuns. Hierdie verhale is egter aangepas is vir "n eietydse gehoor. Aanpassings in verhale wat histories van aard is, moet egter ook verreken word. Een van die eerste versamelings Suid-Afrikaanse mondelinge verhale (waaronder diereverhale en

---

4 Jakkals se rol kan gelyk gestel word aan Broer Haas se rol in die Afro-Amerikaanse trieksterverhale, oor wie Clarkson opmerk dat "Brer Rabbit was no less than the slave himself who could secretly delight in overcoming his master-if only in his imagination" (Clarkson & Cross 1980, 275). The Encyclopedia of Black Folklore and Humor beskryf hierdie trieksterverhale as "veiled protests against enslavement." Ook kan daar aangesluit word by die Afro-Amerikaanse trieksterverhale met die benaming "Brer Rabbit". In die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale word Jakkals ook dikwels Broer Jakkals genoem. In die benaming Broer lê 'n mate van gemeenskap opgesluit. Wanneer mense verdruk word, bring dit gemeenskap mee tussen die verdruktes wat ondersteun wat Spalding (1972:67) sê, dat verdrukking tydens en na slawerny teweeg gebring het dat Afro-Amerikaners 'n nog meer koherente gemeenskap geword het, maar dit kan ook heelwaarskynlik verwys na die tipiese voorkoloniale sosiale netwerke. Hamilton (1997:73) sê in haar versamelwerk A Ring of Tricksters dat diere trieksters gestalte gekry het om 'n omgewing waar wangedrag seëvier te onderskei van 'n omgewing met meer medemenslikheid. Hierdie dierekarakters tree vreemd op, omdat die samelewing daarna gesmag het, want hierdie gedrag het hulle laat lag en 'n bydrae gelewer tot die ontvlugting uit die sosiale omstandighede waarin hulle hul ten tye van die vertelling bevind het. Omdat 'n triekster homself baiekeer sleg gedra, kan hierdie verhale, terwyl dit vermaak, ook lesse in die morele waardes van 'n samelewing kommunikeer. Deur te lag vir die triekster, erken ons die algemene menslike swakhede en herinner ons onself op 'n humoristiese wyse dat dit nie aanvaarbare gedrag is nie.

5 Die navorser is bewus daarvan dat rasse kategorisering uiters problematies is. In hierdie studie word die term bruin egter gebruik omdat dit dalk die minste aanstoot sal gee.

meer spesifiek Jakkals-en-Wolfverhale ressorteer) is Bleek en Lloyd se versameling van oratuur van die San. Dit is deels (her)gepubliseer in Bleek (1968) se *Specimens of Bushman folklore* en word bewaar in die Africana-versameling in die biblioteek van die Universiteit van Kaapstad (Chapman, 2003:28). Dit is ook gedigitaliseer en kan gevind word by <http://loydbleekcollection.cs.uct.ac.za/>. G.R. von Wielligh versamel 'n reeks verhale wat deur 'n Khoe aan hom vertel is in sy boek(e) *Dierestories* I, II en III (1922). Hierdie lyn van Von Wielligh se reeks verhale deur die Khoe aan hom vertel, word voortgesit deur D.J. Seymore, wat in *Outa Danster en aia Martha* (1931) 'n aantal jagstories, soos deur Khoekhoe aan hom vertel, in 'n bundel opneem. Hieruit word die avonture van Jakkals in Afrikaans verder uitgebou deur J.M. Friendenthal in *Ondank is die wêreld se loon* (1931) en *Nukkebol Reinard* (1936) asook in C.J. Grové se *Jakkals se strooptogte* (1932) (Kannemeyer, 1978: 212). In Hobson en Hobson se *Kalahari-kaskenades* (1929) word 'n dierefantasie vir kinders opgeteken, waarin die jakkals – soos in die Middeleeuse *Van den vos Reynaerde* – die geleentheid kry om talle skelmstreke uit te haal. Ook teken Biesele vanaf 1970 tot 1972 oratuur op van die !Kung (Chapman, 2003:28). Die bekendste pleitbesorger vir die kultuur van die San is egter sir Laurens van der Post wat in sy werke (*The heart of the hunter* (1961)) oor die San ook daarin slaag om herinneringe, toespeling, metafoor en betekenis oor te dra in die vorm van Boesmanverhale wat in dieselfde asem genoem kan word as enige van die vernaamste mitologieë van die wêreld (Chapman, 2003:30).

Wanneer Jakkals in die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale met Reinaard vergelyk word, word 'n betekenisvolle verskil tussen die twee karakters opgemerk. Hierdie verskil kan verklaar word deur die skynbare aanpassing en lokalisering<sup>6</sup> wat Jakkals ondergaan het om aanvaarbaar te wees vir kinders wat die teikengroep is. Ten eerste moes die satiriese verhaal van *Van den Vos Reynaerde* in 'n „diereverhaal“ verander. Omdat hier aanvaar word dat die stryd tussen onderdrukker en onderdrukte in Jakkals-en-Wolfverhale te sprake is, is hierdie verhale ook allegories (dus ongeag van die aard van die karakters). In die korpus verhale van hierdie studie word daar geen eksplisiete politieke dimensie gevind soos ook gevind word in die Brer Rabbit-verhale nie. Politieke afleidings word gemaak uit die identiteit van die vertellers en hoe hulle praat. In hierdie korpus verhale tree Jakkals byvoorbeeld op teen onderdrukking, maar dis asof die gehoor nie eers meer

---

6 Cunningham (1997b:513) sê dat lokalisering gesien word as die proses waarby volksverhale ontwikkel en aanpas om aan die voorkeur van kulturele patrone van 'n volk in 'n bepaalde streek te voldoen. Vergelyk verder Hoofstuk 3 3.4 Lokalisering

weet waarom nie. Daar word etlike spore van sosiale ongelykheid aangetref in hierdie korpus wat volgens die onderdrukte reggestel moet word, byvoorbeeld in [B4]:

*“Dis Boer,” antwoord Jakkals. “Ons vergaan van ellende terwyl Boer en sy mense in oordad lewe. En dan gun hy ons nie eens af en toe ’n skaaplam nie.”*

Ook die gebruik van die woordeskat asook die verteller(s) se invulling van morele lesse dra by tot die aanpassing van die verhale vir ’n kindergehoor. Die ruimte in hierdie korpus verhale is baie meer beperk as die baie groter en uitgestrekte ruimte van Europa waarin die oorspronklike Reinaard hom bevind. Die Jakkals-triekster in hierdie korpus is met ander woorde ’n baie meer gereduseerde triekster as die trieksters waarvan die eienskappe hierbo in meer besonderhede bespreek is. Hierdie afleiding word ook gemaak deur Parlevliet (2008:110) wanneer sy beskryf hoe Reinaard die vos sy weg tot in die Engelse en Nederlandse kinderliteratuur getriek het. Volgens Parlevliet was dit maklik vir die outeurs van die Engelse en Nederlandse verhale om elemente soos seks, geweld, onfatsoenlikhede, politieke verwysings en spot met godsdiens uit te skryf sonder om die struktuur van die narratief te verander – ’n algemene 19de-eeuse tendens. Die siening van die morele waarde van die verhaal word egter meer kompleks as dit by Reinaard se kriminele gedrag kom wat tot sy triomf aan die einde lei. Hierdie siening is waarskynlik gehuldig omdat Reinaard se immorele en kriminele gedrag<sup>7</sup> geen opvoedkundige waarde gehad het nie. Reinaard word in Parlevliet se korpus verhale so aangepas dat hy die middel word waardeur morele boodskappe en kulturele boodskappe oorgedra word. Ook volgens Parlevliet verander die skrywers en uitgewers van kinderverhale die oorspronklike Reinaardverhale sodat dit geskik is vir ’n kindergehoor en het sodoende ook opvoedkundige waarde. Parlevliet se artikel open ook die moontlikheid dat die verhaal van Jakkals via die Engelse verwerkings van die Reinaard uit die 19de eeu na die Kaap toe kon kom. Die moontlikheid bestaan ook dat die Engelse verwerkinge die oorvertel van die Nederlandse verhale kon ondersteun.

Die temas van Uncle Remus se verhale en die temas van die verhale wat in hierdie studie hanteer is, stem ook ooreen. Rousseau (2011:102) noem in sy nawoord dat daar moontlik groter ooreenkomste bestaan tussen Uncle Remus en Von Wielligh se diereverhale as tussen Von Wielligh se verhale en die Vos Reinaerde. So ’n hipotese sou aan ’n deeglike

---

7 Kriminele gedrag verwys na seks, geweld, onfatsoenlike, politieke verwysings en spot met godsdiens.

vergelyking tussen die drie verhaalkorpusse getoets moes word. Hierdie moontlikheid word egter nie in hierdie studie ondersoek nie.

Die Suid-Afrikaanse mondelinge volksverhaal het in 'n unieke volksverhaal ontwikkel waarin 'n trieksterfiguur, Jakkals, in die welbekende Jakkals-en-Wolfverhale, manifesteer. Die oorspronklike verhaal is aangepas en verander om by die Suid-Afrikaanse verteller en gehoor aan te pas. Dit sluit aan by Schmidt se bewering: "Most of the tales which we consider our very own and an expression of our own culture did not originate in our country but belong to the world-wide store of oral traditions handed on from region to region, adjusted and reshaped to fit the narrator and his audience" (Schmidt, 1985:60). Om hierdie siening van Schmidt te verduidelik, word daar na een van die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale gekyk waar Jakkals en Wolf gaan visvang in Boer se dam (stilstaande water). In die soortgelyke Europese verhaal, *Van den Vos Reynaerde*, waarmee hierdie verhaal vergelyk kan word, gaan van Isegrim, die wolf, se vrou en Reinaard vis in 'n rivier (lopende water) (Van der Kooi, 2013). Die temperatuur in Suid-Afrikaanse winters daal nooit so laag dat lopende water vries nie. Alhoewel dit in sommige dele van Suid-Afrika sneeu gedurende die winter, is dit slegs die boonste gedeelte van staande water wat vries as die temperatuur tot benede vriespunt daal. Om die storie van Jakkals en Wolf geloofbaar te maak, waar Jakkals vir Wolf aanmoedig om vis te vang met sy stert en sy stert dan later in die water vassit, moet die verteller klem plaas op die feit dat Wolf daar moes sit tot die volgende oggend. Die temperatuur daal tot op die laagste net voor dagbreek en dis wanneer sommige staande water vries in sekere dele van Suid-Afrika. In die Europese verhaal moes Jakkals 'n gat in die yslaag op die rivier sny net om dit moontlik te maak om hoegenaamd vis te kan vang.

### **2.2.3.3 Die Jakkals-en-Wolfverhale: mondelinge, sekondêr-mondelinge en geskrewe vorme**

Ong lewer 'n belangrike bydrae tot die verstaan van die eienskappe en struktuur van mondelinge verhale. Hy onderskei tussen primêre en sekondêre oraliteit. Ong (2002:11) beskou primêre oraliteit as die oraliteit van 'n kultuur wat nie beïnvloed word deur geskrewe tekste nie. Primêre oraliteit staan volgens Ong (1982:11) in kontras met die sekondêre oraliteit van 'n sterk tegnologiese kultuur, waarin 'n nuwe oraliteit volgehou word deur telefone, radio, televisie en ander elektroniese toestelle. Volgens Ong (1982:11) bestaan daar vandag, streng gesproke, nouliks primêre oraliteit, want elke

kultuur beoefen skryfkuns en het ondervinding van die potensiële invloed daarvan. Tog bewaar kulture en subkulture, volgens hom, selfs in hoogs tegnologiese omgewings, in wisselende grade baie van die denkstrukture van primêre oraliteit (Ong, 1982:11). Ong verduidelik verder dat die struktuur van mondelinge narratiewe die berging en herroeping van inligting vergemaklik. Volgens hom dien mondelinge narratiewe as die “opgaarplekke van geskiedenis”, en tref hy ’n onderskeid tussen mondelinge en skrifkultuur (Ong, 2002: 136-152). Hy identifiseer die eienskappe van mondelinge verhale soos volg:

- Mondelinge verhale verbind episodes met min inagneming van liniêre plotstruktuur (waarvolgens die organisasie van gebeure chronologies plaasvind).
- Die karakters teenwoordig in die verhale is gewoonlik plat karakters
- Mondelinge verhale fokus op die interaksie met die gehoor en dit bring mee dat die narratief makliker onthou word deurdat dit die elemente (gebeure, karakters, tyd en ruimte) van ’n mondelinge narratief na die voorgrond bring deur herhaling en uitbreiding.

In hierdie studie word onderskei tussen mondeling-oorgelewerde verhale (of kortweg mondelinge verhale), sekondêr-mondelinge verhale (wat via „n moderne tegnologiese medium mondeling oorgelewer word) en mondelinge verhale wat in geskrewe vorm oorgelewer is (en wat vermoedelik nog baie mondelinge kenmerke sal vertoon, maar andersyds die verteller vermoedelik die geleentheid bied om die verhaal uit te brei en sterker te struktureer). Die verhale van vertellers 1, 2 en 3 word dus beskou as **mondelinge verhale**, die verhale van verteller 6 as **sekondêr-mondelinge verhale** en vertellers 4 en 5 se verhale as **geskrewe mondelinge verhale**.

## 2.3 STRUKTUUR EN STRUKTUURANALISE

Daar bestaan verskeie teoretiese en analitiese raamwerke vir die bestudering van folklore. Die interpretasie van hierdie benaderings mag ooreenkomste uitwys, maar ook ontwikkeling laat blyk namate die veld van folklore verder ondersoek word. Sommige van die benaderings toon beperkings en mag potensiële interpretasies van folklore se betekenis vereng. Om hierdie probleem te ondervang, gebruik hedendaagse vakkundiges ’n multidimensionele benadering wat die teorieë van die verlede op ’n innoverende, dinamiese manier verwerk: a) Die veelvuldige vlakke van begrip soos geïdentifiseer deur

Greimas en Bremond; asook b) Die herkenning van die vermenging van tekste wat deur die vroeë Europeërs aan die Kaap gebring is, maar beïnvloed is deur verskillende groepe, optredes, kontekste, gemeenskappe en kulture van Suid-Afrika (Sims & Stephen, 2011: 180).

Dit is vervolgens belangrik om te let op wat navorsers as strukturalisme beskou. Volgens De Gramont (1970:4) is strukturalisme die soeke na onverwagte harmonie(ë). Dit is die soeke na 'n stelsel van verhoudinge verborge in 'n reeks verskynsels. De Gramont (1970:4) het uitgewys dat daar in enige vertelling elemente is waarvan sommige toevallig is en ander wat struktureel is. Die toevallige elemente is byvoorbeeld die belangrike individuele stylelemente van 'n vaardige verteller, of sy spesifiek gepaste keuse van taal wat verskil van een verteller na 'n ander. Strukturele elemente, andersyds, is die elemente wat konstant bly ongeag hoeveel keer die storie vertel word. Die gehoor herken byvoorbeeld 'n storie omdat die plot en karakters in die storie bekend en altyd dieselfde is, maar struktuur is meer as net die plot. Struktuur sluit in die karakters, die handeling wat die karakters uitvoer, tyd, ruimte, asook taalgebruik (byvoorbeeld name en woorde en frases wat herhaal word). Die strukturele elemente is dus die basiese elemente waaraan die storie herken kan word en ook hulle onderlinge verhoudings. Net soos die wêreld rondom ons betekenis kry as dinge gekategoriseer word, is die doel van 'n struktuuranalise om 'n basiese onderliggende patroon te ontbloot en verslag te lewer van al die elemente waaruit die geheel bestaan en hoe die elemente onderling verband hou met mekaar om die geheel te kan vorm. Daar sal voortaan na hierdie soort struktuur verwys word as die dieptestruktuur. Dit is die sisteem onderliggend aan die manifestasies – die patroon onder die oppervlakte. Verskeie navorsers stel metodes voor hoe hierdie dieptestruktuur ontbloot kan word.

Culler (1975:14) verduidelik dat struktuur veral in terme van binêre opposisies ontleed kan word. "Indeed, the relations that are most important in structural analysis are the simplest: binary oppositions." Binêre opposisies is stelling teenoorgestelde waardes wat die struktuur van die teks ontbloot. 'n Goeie voorbeeld sal tipies wees die goeie teenoor die slegte. Die meeste mense verstaan goed as die teenoorgestelde van sleg. Lévi-Strauss (1972) het nie soseer belanggestel in die volgorde waarin gebeure gerangskik is om die plot te vorm nie. Hy kyk in stede na die dieper rangskikking van temas. Byvoorbeeld, as daar na Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale gekyk word, kan daar 'n reeks binêre opposisies geïdentifiseer word wat deur die narratief geskep word, byvoorbeeld dom Wolf teenoor slim Jakkals of honger (gebrek) by Wolf teenoor Jakkals en Boer se oorvloed. Een van die probleme met strukturalisme wat uitgewys kan word, is egter die potensieel

ongenuanseerde determinisme daarvan. Goed en sleg is nie uitsluitend in Jakkals teenwoordig nie, maar dinamies en dubbelsinnig.

Culler (1975:11) neem hierdie siening 'n stappie verder en verduidelik dat die begrip van verbandhoudende entiteite uiters belangrik is vir die semiotiek of struktuuranalise van alle soorte sosiale en kulturele verskynsels, want in die formulering van die reëls van die sisteem moet die eenhede geïdentifiseer word waarop die reëls berus en dus moet vasgestel word wanneer twee objekte of aksies tel as voorbeelde van dieselfde eenheid. Culler (1975:13) verduidelik verder dat wanneer die strukturalis 'n element se vermoë om te kan integreer wil openbaar, dit eers nodig is om die verhouding van die element met ander entiteite op dieselfde vlak te definieer. Hierdie verhouding van entiteite kan sintagmaties of paradigmatisies van aard wees. Wanneer enige sisteem geanaliseer word, sal dit nodig wees om die paradigmatisiese verhoudinge (funksionele kontraste) en die sintagmatiese verhoudinge (die moontlikhede van kombinasies) te spesifiseer.

Volgens Barthes (1975:242) kan strukturele analise slegs gedoen word as die organisasie van die inhoud van die narratief verstaan word. Volgens hom is dit nodig om die verskeie vlakke van ooreenkomste te plaas binne die hiërargiese perspektiewe voordat strukturele analise uitgevoer kan word. 'n Verhalende teks funksioneer op 'n horisontale en 'n vertikale vlak en die verhaallyn kan eers ten volle begryp word wanneer die horisontale verhaalverloop geprojekteer kan word op die vertikale as wat die lineêre betekenis aanvul en verdiep. Die leser kan met ander woorde nie net van een woord na 'n ander lees nie, maar moet ook van een vlak na 'n ander vlak gaan om die ware betekenis van die verhaal te kan raaksien.


Barthes onderskei drie vlakke in die verhalende teks wat beskryf en geanaliseer moet word, naamlik die vlak van die funksies, die vlak van handeling en die vlak van vertelling. Hierdie drie vlakke is volgens hom progressief geïntegreer (Du Plooy, 1986:153). In hierdie verband omskryf Oosthuizen (1987:199) die strukturalisme soos volg:

Strukturalisme is 'n wetenskaplike metode wat gebaseer is op die veronderstelling dat begrip van die verhouding tussen dinge belangriker is as 'n begrip van die dinge self en daarom konsekwent probeer om "dele" en die "gehele" wat hulle konstitueer in terme van die verhoudinge waarin hulle tot mekaar staan, te verstaan.

De Gramont sluit aan by Barthes (1977:93) wat onderskei tussen twee soorte eenhede in 'n teks, naamlik funksies en indisieë: "...functions involve metonymic relata, indices metaphoric relata; the former correspond to a functionality of doing, the latter to a

functionality of being.” Sommige narratiewe bestaan oorwegend uit funksies (soos bekende volksverhale), terwyl ander oorwegend uit indisieë bestaan (soos byvoorbeeld psigologiese romans). Barthes (1977:101) beskou “n groep funksies wat duidelik bymekaar hoort, as ’n reeks. Dit is volgens Barthes die herkenning van reekse en die verhoudinge tussen die reekse asook die begrip van die betekenis van die reekse en die betekenis van dié verhouding tussen reekse, wat die struktuur van die verhaal blootlê (Du Plooy, 1986:156).

Du Plooy (1986:148) meen dat die denkwyse van Lévi-Strauss aansluit by die gedagte dat verhale en verhaalstrukture sekere basiese strukturele eienskappe vertoon wat nie net die bestaan van sekere klassieke verhaalvorme bevestig nie, maar as vorme of strukture self ook betekenisvol is. Du Plooy (1986:214) skryf dat die vroeë strukturaliste soos Propp en Jolles byvoorbeeld in die morfologie geïnteresseerd was. Later het teoretici wat struktuur ondersoek, soos Bremond en Greimas, na algemene, oorkoepelende strukture en dieptestrukture gesoek. Hulle het hulle ook met intertekstuele verhoudinge besig gehou soos byvoorbeeld Genette en ook sekere werke van Barthes. Strukturele eenhede of elemente (die gebeurtenisse, akteurs, plek en tyd) is die boustene van die teks wat bepaal wat gebeur met wie, waar en wanneer en hierdie boustene staan in ’n bepaalde verhouding tot mekaar (Du Plooy, 1986:296). Die pogings om verhale struktureel te analiseer en om sulke strukture as stelsels te beskryf, soos wat Propp, Greimas en Bremond gedoen het, is in der waarheid pogings om ’n grammatika vir verhale op te stel. Vir Bremond begin die narratiewe opset by funksies en by hul aaneenskakeling in logiese reekse, waarvan die elementêrste model drie fases behels, naamlik ’n funksie wat die moontlikheid tot ’n handeling open; ’n tweede wat daardie moontlikheid verwerklik; en ’n derde wat die resultaat daarvan beliggaam (Brink, 1987:22). Vir Bremond ontstaan “n verhaal wanneer gebeure in reekse gegroepeer word. Die mees elementêre reeks is wanneer “n moontlikheid ontstaan dat iets kan gebeur. “n Handeling kan hierdie moontlikheid verder versterk of kan hierdie moontlikheid laat sneuwel. Indien dit sneuwel hou die proses op. Wanneer “n handeling die gebeure versterk, gaan die gebeure voort en sukses kan bereik word óf die handeling gaan wel voort, maar dit misluk. Skematies voorgestel lyk dit so:



**Figuur 2.1:** ’n Skematiese voorstelling van Bremond se handelingslogika (Bremond,1977:184).

Greimas (1966) stel belang in die verhoudinge tussen elemente en beskryf sodoende die verhoudinge van die akteurs tot die gebeurtenisse. Sy aktansiële model gee die verhouding weer van die akteurs tot die doel wat nagestreef word. Greimas stel nie net belang om die sintagmatiese, lineêre ontplooiing van die verhaal te volg nie, maar ondersoek ook soos die strukturalis Lévi-Strauss die paradigmatische moontlikhede van elke gegewe. Greimas bied dus ’n minder dinamiese model aan van die verhaalstruktuur as Bremond, wat sy aandag toespits op ontwikkeling, wording en verandering (Brink, 1987:23). Greimas identifiseer die hoofrolle in die handeling van ’n verhaal; en alle akteurs wat in dieselfde baan beweeg of aan dieselfde afdeling behoort, noem hy aktante – karakters beoordeel volgens die funksie wat hulle vervul. “Vir elke „strewes” wat geïdentifiseer word, onderskei Greimas dan ’n subjek en ’n objek, ’n bestemmer<sup>8</sup> en ’n bestemde van die funksies; en subkategorieë van helpers en teenstanders. So ’n aktansiële model vorm vir Greimas die substraat van al wat verhaal is.” (Brink, 1987:23). Greimas se aktansiële model kan dus gebruik word om alle verhale se dieptestruktuur te ontbloot.

Volgens Wang en Roberts (2005:51) kan die analise van “’n narratiewe plot insigte oplewer in hoe mense omgaan met objekte wat kulturele waarde het binne die verskillende sosiale kontekste waarvan die narratief vertel. Daarom kan Greimas se teorie van modaliteite (wyse van voorstelling in terme van subjek versus objek; begunstiger en begunstigde; helper en teenstander) as nuttig gesien word omdat dit die analis in staat stel om te

---

<sup>8</sup> Brink se term bestemmer word gewoonlik vertaal as begunstiger en die term bestemde as begunstigde.

differensieer tussen verskillende soorte plot binne narratiewe trajekte (sien toepassing in Hoofstuk 3: **3.3.1 Storie**). Greimas se teorie het ook tot gevolg dat narratiewe patrone wat tipies is van spesifieke genres of kulture gereflekteer word (Wang & Roberts, 2005:57). Die gehoor moet met ander woorde die verhaal as „n trieksterverhaal of volksverhaal kan herken. Andersyds kan kultuurspesifieke elemente in die verhaal die oorsprong van die storie onthul. Greimas (1966:202-206) stel voor dat narratiewe spanning geskep word deur die aanvanklike strewe van die subjek na die objek en deur die teenstander se bewuste poging om die subjek se soektog na die objek te belemmer.

Struktuuranaliste was met verloop van tyd nie meer tevrede net met die isolering van eenhede en die lineêre struktuur van die verhaal nie. Dit het vir strukturaliste later belangriker geword wat die status van die strukture is en hoe die strukture van 'n verhaal in die meer omvattende strukturele stelsels van menslike handelingsprosesse en kommunikasie inpas (Du Plooy, 1986:216). Herman (2002:91) brei verder hieroor uit deur narratiwiteit te sien as 'n funksie van die min of meer ryke patroonmatige verspreiding van teksgeaktiveerde tekens in 'n bepaalde volgorde. Dit vul die idee van 'n minimale verhaal aan.

So kan daar byvoorbeeld in die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale so 'n patroonmatige reeks teksgeaktiveerde tekens raakgesien word – 'n reeks handelings: Wolf is honger; Wolf se behoefte aktiveer Jakkals se plan; Jakkals oorreed vir Wolf om in te val by Jakkals se planne; Wolf laat hom misbruik, want hy is dom, Jakkals trek voordeel daaruit; Wolf word te na gekom.

Sommige navorsers soos Bremond en Greimas konstrueer 'n model om diepliggende verhaalstrukture te ontbloot. Volgens hierdie navorsers is dit dus nodig om die basiese elemente op verskillende analisevlakke binne 'n verhaal te bepaal en die verhoudings tussen hierdie elemente onderling en tot die geheel te beskryf om sodoende struktuur te bepaal. Baie verhale volg byvoorbeeld die patroon dat karakters voorgestel word in hul alledaagse situasie wat dan onderbreek en versteur word deur 'n probleem. Die karakters staan dan voor 'n uitdaging om die probleem op te los. Gewoonlik kom die karakters voor hindernisse te staan wanneer hulle die probleem probeer oplos. Soms word die probleem-oplossingsproses verder gekompliseer deur konflik binne hul omgewing of binne hulself. Volgens die strukturaliste (onder andere die teorie van Todorov (1977: 108 – 119)) sal patrone ons lei na die onderliggende konvensies van die ontwikkeling van narratiewe en dit sluit dan ook aan by wat Herman gesê het. Wanneer daar 'n vaste patroon of grammatika geïdentifiseer kan word, lê die waarde van die analise juis daarin dat dit

afwykings kan blootlê, want volgens Todorov en Herman dien so 'n patroon as gids omdat die afwykings juis betekenisvol is. Fokkema en Kunne-Ibsch (1978:69) sluit hier by aan: "Even if an author does not obey this logic we must be acquainted with it; his disobedience derives all its meaning precisely in relation to the norms which this logic imposes." Die analis kan met ander woorde resultate van onskatbare waarde ontdek deur net die ooreenkomste met en verskille en afwykinge van die norm na te vors. Dit is veral die afwyking van 'n gevestigde norm wat baie betekenisvol kan wees.

Navorsers gaan op verskillende wyses te werk om die dieptestruktuur in mondelinge volksverhale te identifiseer:

Soos reeds genoem in Hoofstuk 1, analiseer Paulme (1977: 64-103) verskeie Afrika-verhale van verskillende oorspronge met die hulp van Propp se funksies en die werk van Dundes en identifiseer sodoende sewe tipes verhale na gelang van hul morfologie en narratiewe struktuur. Snyman neem hierdie identifikasie van Paulme oor en daarvolgens identifiseer sy die volgende kenmerke in volksverhale:

- a) 'n Duidelike en oënskynlik eenvoudige handelingslyn;
- b) Die spaarsamige gebruik van woorde;
- c) 'n Besondere atmosfeer, waardeur die aandag van die toehoorder o.a. gevange gehou word;
- d) Die konkrete uitbeelding van die karakters en gebeure, soos wat 'n kind dit sou ervaar;
- e) Die feit dat dit met gevoel deurdrenk is;
- f) Die beelding van die algemeen-menslike in die verhale.
- g) Die ryke verteenwoordiging aan simbole en simboliese betekenis wat onder die konkrete verhaalvlak lê.

Alhoewel daar 'n mate van teenstelling voorkom tussen (d) en (g) is die fokus op die gehoor. Die kindergehoor, vir wie hierdie verhale grootliks bedoel is, sal nie die politieke dimensie wat deel uitmaak van die simboliese betekenis wat onder die konkrete verhaalvlak lê, begryp nie, omdat dit nog nie deel van hul leefwêreld uitmaak nie. Tog

wanneer Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale aan Snyman se kenmerke van 'n volksverhaal gemeet word, kan daar duidelik gesien word dat hulle daaraan voldoen. Indien die volgende verhaal soos vertel deur Fink (2010) volgens hierdie agt punte geëvalueer sou word, kan die meeste eienskappe daarin herken word. Snyman, Neethling en Lotz se kenmerke van 'n volksverhaal sal meer breedvoerig in Hoofstuk 3 toegepas word:

*Ou Wolf loop so teen die rivier af. Jakkals sit hier op die rivier se wal. Daar's water in die gat in. Sit en kyk hier in die water in. Toe hy sy kop optel toe sien hy hier kom ou Wolf aan. En dit val hom by hy het vir ou Wolf 'n streep getrek. En hy draai sommer om en hy sit sy stert in die water in. En Wolf kom, toe Wolf wil praat toe sê hy: "Stil Oom Wolf, ek is besig om vis te vang." Hy sê: "Kom sit hier bo." Wolf kom sit langsaan hom. Ou Jakkals het altyd die krokodil het hy dopgehou. Hy kom al hoe nader tot hy deur die water is. En Jakkals tel sy stert op en sit hom langsaan hom neer. Ou Wolf se stert hang in die water. Toe Krokodil Wolf se stert gryp en afbyt toe Wolf so skree toe hardloop hy. Wolf spring daar op en hardloop weg.*

- Die handelingslyn is betreklik eenvoudig. Wolf is kwaad vir Jakkals en sien hom sit. Jakkals moet gou 'n plan bedink om van Wolf se toorn te ontglip. Die water en die krokodil laat hom gou aan 'n plan dink. Om Wolf laat hom oortuig om sy stert in die water laat hang met die belofte dat hy dalk 'n vis of twee so sal vang. Krokodil byt Wolf se stert af. Die gebeure volg met ander woorde chronologies op mekaar.
- Die verhaaltjie is baie kort en dit opsigself dui op die spaarsamige gebruik van woorde. Daar is geen lang verduidelikings of uiteensetting van besonderhede nie.
- In hierdie verhaal is die karakteruitbeelding redelik beperk. Die karakteruitbeelding maak staat op 'n beskrywing van wat die karakters doen asook die dramatiese handeling tydens mondelinge uitvoering. Die aanspreekvorme "ou Wolf" en "Oom Wolf" suggereer sekere verhoudings tussen Wolf en die verteller en Jakkals, naamlik 'n verhouding van 'n meer familiêre aard (ou) asook 'n verhouding van respek (Oom). Slegs persone wat in 'n naby verhouding staan, soos familie, gebruik die aanspreekvorme ou en oom.
- Die atmosfeer in hierdie verhaal is veel eerder saaklik en nie gevoelvol of emosioneel nie. Hierdie afwyking is dalk heel funksioneel om die gehoor se gevoel

weg van arme Wolf te kanaliseer wat elke keer die onderspit delf. Sodoende geniet die gehoor die triek meer, omdat die simpatie wat aan Wolf behoort uitgedoof is.

- Die verhaal beeld die algemeen-menslike uit. Dit is algemeen menslik om kwaad te word as jy kort-kort te na gekom word; benoud te word as jy iemand in die moeilikheid laat kom het en met die persoon gekonfronteer word; magteloos te voel as jy gereeld die slagoffer is van 'n triekster; vermaak te word wanneer 'n triek weer slaag.
- Die trieksterfiguur word deur volwassenes sowel as kinders geniet. Volwassenes wag om te kyk hoe Jakkals nou weer vir Wolf gaan uitoorlê, maar die kinders geniet weer die poetse self. Hoekom vermaak die geslaagde poetse die gehoor? Dit kan deels toegeskryf word daaraan dat die gehoor die storie reeds ken en dat die herhaling van die storie hulle wêreld bevestig.

Ook Neethling herken basiese strukturele kenmerke in die volksverhaal wat nou aansluit by Paulme se morfologiese en narratiewe struktuur van die volksverhaal, naamlik:

- Taal, woordgebruik en gebeure is eenvoudig;
- Episodes volg vinnig op mekaar;
- Die tyd en ruimte asook die karakters word onmiddellik bekend gestel;
- Die slot is kort en bondig;
- Herhaling is een van die basiese elemente (die funksie hiervan is om die dramatiese te intensiveer en die spanning te laat ophoop; dit dien ook as geheuesteun);
- Karaktertipes toon uiterlike en innerlike ooreenstemming; en
- Die karakters is meestal eendimensioneel met geen karakterontwikkeling wat plaasvind nie (Neethling, 1977:41- 43).

Neethling se basiese strukturele veralgemenings sou gesien kon word as logiese uitvloeisels van Paulme se morfologiese en narratiewe struktuur. Omdat die verhale byvoorbeeld 'n duidelike en oënskyklik eenvoudige handelingslyn het, is die taal, woordgebruik en gebeure eenvoudig en volg die episodes vinnig op mekaar. Ook as

gevolg van die spaarsamige gebruik van woorde is daar 'n onmiddellike bekendstelling van die tyd en ruimte asook die karakters.

Soos uit die bespreking van Neethling se siening van struktuur in volksverhale gesien, is daar baie variasies van dieselfde verhaal wat binne 'n enkele geografiese gebied voorkom. Daar bestaan byvoorbeeld baie variasies in Suid-Afrika van die verhaal waar Jakkals vir Wolf die room of botter laat steel en later self alles opeet. Soos reeds aangedui, let Neethling ook op dat die kern van volksverhale weinig verskil, maar die besonderhede wat die verhale inkleur, meermale mag verskil. In trieksterverhale word dit ook gevind dat die besonderhede verander rondom die situasie waarin die poets gebak word.

## **2.4 BASIESE ELEMENTE EN HUL ONDERLINGE VERHOUDINGS**

Vervolgens sal daar gekyk word na die basiese elemente en hul onderlinge verhoudings in invloedryke beskouings van patroonmatigheede in die volksverhaal in die breër sin, meer spesifiek die Suid-Afrikaanse volksverhaal met spesifieke verwysing na Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale. Soos reeds aangevoer sê Culler (1975:5) dat: "The object is itself structured and is defined by its place in the structure of the system, whence the tendency to speak of „structuralism"". Daarom is dit nuttig om na algemene strukturele patrone in die volksverhaal, soos reeds geïdentifiseer deur ander navorsers, te kyk en die bruikbaarheid daarvan te ondersoek vir die bepaling van patroonmatigheede in die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale.

### **2.4.1 Invloedryke beskouings van patroonmatigheid in die volksverhaal**

Omdat die triekster ook soms in sprokies voorkom, is dit dalk van waarde om te gaan kyk na wat ander reeds oor die struktuur van sprokies geskryf het. Propp (1928) spreek die Russiese Formaliste se kritiek op die studie van narratiewe strukture aan. Die Formaliste breek sinstrukture af tot analiseerbare elemente of morfeme, en Propp gebruik hierdie metode om 100 Russiese sprokies te analiseer. Propp (1979:25) neem waar dat alhoewel die karakters in verskillende sprokies verskil, die handeling of funksies wat die karakters

vervul, dieselfde bly. Propp omskryf hierdie funksie as: "Function is understood as an act of a character, defined from the point of view of its significance or the course of the action" (1979:21). Die karakter se funksie is met ander woorde afhanklik van die plek wat die karakter in die verhaal inneem omdat die karakter op 'n ander plek in die sprokie 'n ander doel kan hê. Propp ontleed dan sprokies op grond van die funksies wat hy onderskei.

Omdat die funksies die rol van die onveranderlikes in die samestelling van die verhale inneem, is dit juis die funksies wat die moontlikheid van 'n strukturele model daarstel. Propp ontwikkel 'n „kode" wat die verhaalstruktuur van die 100 Rusiese sprokies wat hy ondersoek het, aantoon. Volgens hom is die 100 sprokies wat hy ondersoek het, almal geskoei op 'n variasie van dieselfde patroon (Propp, 1979:23-24). Propp etiketteer die funksies op so 'n manier dat dit die verskillende bydraes tot die plot kommunikeer, selfs al het die sprokies dieselfde benaming in besondere tekste of mag dit identies in 'n algemene semantiese konteks wees. Propp (1979: 21-23) vat dit soos volg saam:

- a) Funksies van die karakters dien as stabiele, konstante elemente in 'n verhaal, ongeag hoe en deur wie hulle vervul word.
- b) Die aantal funksies bekend binne die sprokie is beperk.
- c) Die opeenvolging van gebeurtenisse volg altyd dieselfde patroon (identies).
- d) Alle sprokies is van dieselfde tipe wanneer hul struktuur in ag geneem word (Rimmon-Kenan, 2002:21).

Thompson (1955) lê weer die fondasie vir strukturaliste om hul navorsing op te baseer deur klem te lê op die motiewe en sodoende die basiese elemente in 'n storie te identifiseer. Hy klassifiseer mondelinge tekste in goed gedefinieerde genres, sodat navorsers hulle verhale kan organiseer, klassifiseer en analiseer. Hy gebruik die basiese katalogus van volksverhale in die enger sin. Thompson se klassifikasie word vervolgens meer breedvoerig verduidelik.

Thompson (1955) stel die volgende klassifikasie vir verhale voor: I. Animal Tales; II. Ordinary folk-tales; III. Anecdotes". Hy verdeel die verhale in kategorieë volgens hul narratiewe elemente en hul tematiese eienskappe soos tipes karakters, plot en motiewe wat herhaaldelik voorkom. Onder Animal Tales word verhale gevind oor wilde diere en onder wilde diere resorteer byvoorbeeld Slim Jakkals en ander diere. Sy indeling dien as

'n nuttige basis vir diegene wat navorsing doen oor verhale. Sommige kundiges van volksverhale sien die klassifikasie nie regtig as effektief nie, aangesien die indeling van 'n verhaal in 'n kategorie altyd by benadering geskied (Kam, 2007: 137), maar die *indeks* word tog nog deur studente gebruik wat geïnteresseerd is in die analisering van strukturele en narratiewe ooreenkomste tussen folklore en ander vorme van mondelinge studies (Sims & Stephens, 2011:25).

Soos reeds genoem in Hoofstuk 1, het Alan Dundes, die bekende Amerikaanse folkloris, 'n basiese patroonmatigheid in bepaalde volksverhale geïdentifiseer wat die volgende behels: vriendskap, kontrak, skending (bv. deur middel van misleiding), herstel (van skending) en einde van vriendskap (Dundes, 1971:176). Hy onderskei met ander woorde nie dieselfde elemente as Propp nie. Propp werk met narratiewe agente (karakters) en Dundes met gebeure (plot). Propp identifiseer 31 funksies waar Dundes 'n patroonmatigheid identifiseer wat uit vyf elemente bestaan. Denise Paulme (soos aangehaal deur Kam, 2007:138) gebruik in 1977 trieksterverhale uit die hele Afrika as korpus en analiseer hulle morfologies aan die hand van Propp se funksies en Dundes se modelle (Paulme, 1977: 64-103). Paulme se bevindinge oor die struktuur van Afrikaverhale sluit by Dundes aan. Dit stel haar in staat om sewe tipes verhale te identifiseer volgens hul morfologiese en narratiewe struktuur, naamlik

- a) 'n Stygende tipe. Die narratiewe struktuur kan opgesom word as 'n situasie waar daar aan die begin 'n gebrek of tekort is. 'n Verbetering vind plaas ten opsigte van die gebrekkige situasie en aan die einde word die gebrek of tekort uitgewis.
- b) 'n Dalende tipe. Die situasie is aan die begin normaal. Verslegting of agteruitgang vind plaas ten opsigte van die normale situasie en aan die einde is die situasie slegter daaraan toe as aan die begin.
- c) 'n Sikliese tipe. Die situasie begin as 'n tekort, die tekort word uitgewis deur 'n verbeteringsproses, maar aan die einde is die situasie weer gebrekkig.
- d) 'n Spiraaltipe. Die stygende tipe word ten minste een keer herhaal.
- e) 'n Spieëltipe. Twee hoofkarakters of aktante kom in hierdie storie voor en die een word kort na die ander voorgestel in die storie. Die eerste karakter is die ware held en behoort aan die stygende tipe. Die tweede karakter is die vals held wat die ware held probeer naboots, maar kry dit nie reg nie. Hierdie soort verhale behoort tot die dalende tipe.

- f) 'n Uurglastipe. Hier word twee hoofkarakters aangetref, 'n ware held en 'n vals held, wat gelyktydig in die storie voorgestel word. Terwyl die ware held die stygende lyn volg sal die valse held terselfdertyd die dalende lyn volg.
- g) 'n Komplekse tipe. Verskeie van genoemde tipes is tegelykertyd teenwoordig. Paulme voer aan dat die verhale beweeg tussen behaaglikheid en onbehaaglikheid via die „normale“ situasie (ekwilibrium), agteruitgang (versteuring van die ewilibrium), gebrek (disekwilibrium), verbetering (verwydering van die gebrek) en terug na die „normale situasie“ (Paulme soos aangehaal deur Kam, 2007: 138).

Alhoewel algemene strukturele patrone in die volksverhaal bruikbaar mag wees vir die Suid-Afrikaanse mondelinge verhale het dit nodig geword om die navorsing gedoen in die struktuur van Suid-Afrikaanse volksverhale daarmee te vergelyk.

#### **2.4.2 Die stand van navorsing oor die struktuur van die Suid-Afrikaanse Volksverhaal**

Navorsers het in die 1970's opnuut bewus geraak van die Suid-Afrikaanse volksverhaal met die herontdekking van Bleek en Lloyd se boek, *Reynard the Fox in South Africa* (1864). Onder andere het die herontdekking van Bleek se versameling San-verhale veroorsaak dat navorsers algemene mitologiese tipes kon vergelyk met karakters in die Suid-Afrikaanse oratuur (Twidle, 2012:28).

Intussen is ander navorsing opgeteken oor patroonmatigheide in die struktuur van die Suid-Afrikaanse volksverhaal. Vervolgens word daar gekyk na enkele bevindinge van hierdie navorsers wat 'n invloed op hierdie studie sou kon hê:

Lotz (1959:118-121) identifiseer die volgende strukturele eienskappe in Suid-Afrikaanse volksverhale waarvan sommige eienskappe mag ooreenstem met ander navorsers se bevindinge:

- Die hoofmotief word deurgaans op standhoudende wyse gehandhaaf;
- Daar is geen lang inleiding nie en geen onnodige besonderhede nie;

- Daar is dadelik aksie en die gebeure volg mekaar snel op;
- Die dialoog is tot 'n minimum beperk;
- Die knoop is eenvoudig;
- Die klimaks word sonder onnodige omslagtigheid bereik;
- Die ontknoping en slot volg mekaar ewe snel op;
- Geen volledige karakterontwikkeling of karakteruitbeelding vind plaas nie;
- Sekere handeling word soms herhaal (gewoonlik drie keer) en in dieselfde woorde weergegee;
- Drie karakters ondergaan om die beurt dieselfde lot;
- Sommige sprokies bevat gedeeltes wat gesing of geresiteer word; en
- Karakters kan in twee tot drie groepe verdeel word: protagonis, antagonis, tritagonis.

Karakters kan in twee tot drie groepe verdeel word: protagonis (held), antagonis (teenstander), tritagonis (helper). Steenberg (1992:575-576) verteenwoordig 'n meer onlangse perspektief op struktuur en stel dit dat die struktuur van die volksverhaal wissel. Sy klassifiseer volksverhale volgens struktuur as repeterende, kumulatiewe, wydlopij-verklarende en intrigeverhale. Die slot van die volksverhaal hou ook volgens Steenberg verskeie moontlikhede in. Dit kan oop, gelukkig of treurig eindig. Sy sê ook dat die openings- en slotfrases by die volksverhaal bloot 'n vae aanduiding is van byvoorbeeld "Toe die wêreld nog jonk was" of "Goue lint, my storie begint", wat lei na "Fluit-fluit, my storie is uit", of 'n paslike samevatting van die storie as sodanig. Sy verklaar dat hierdie vasgelegde frases die deurgang na die onbewuste en die terugkeer na die bewuste hipnoties verseker. Sy sê ook dat die ruimte in die volksverhaal vaag mag wees, maar dat daar tog verwysings na die geografiese gebied mag wees waar die verhaal afspeel.

Taljaard bespreek in haar artikel, "Die aard en funksie van Zoeloe-folklore in *Die ding in die vuur* van Riana Scheepers" (1999:40), die verteller, toehoorder, karakters, handelingsverloop, formules, vertelwyses, klassifikasie, temas en funksie van Zoeloe-folklore. Die verteller is gewoonlik 'n ouma en die hele verhaal word gebou rondom die

interaksie tussen die verteller en die toehoorder. In hierdie stories is twee tot drie karakters teenwoordig, nl. die protagonis, antagonist en die tritagonis soos in die vorige paragraaf bespreek. Die tema wat gewoonlik in hierdie stories gevind word, is die beheptheid met orde in die gemeenskap wat versteur kan word deur aanslae van buite. Volgens Taljaard dra al hierdie elemente by tot 'n tweeledige doel en dit is om te vermaak asook om op te voed. Sy verklaar ook in hierdie artikel dat die verhale volgens 'n vaste formule of patroon verloop, naamlik:

- Ekwilibrium;
- Disekwilibrium;
- Straf; en
- Herstel.

Hiermee sluit sy by die patroon van Dundes (1962) aan (wat reeds bespreek is onder 2.4.1).

Harold Scheub het weer 'n ander siening oor struktuur. In *Storytelling Songs of Zulu Women: Recording Archetypal Rites of Passage and Mythic Paths* (2006) verduidelik Scheub dat die konstruksie (struktuur) van mondelinge verhale vergelyk kan word met 'n beeldhouer se werk. "Everything moves to metaphor, and to that end the storyteller and the sculptor utilize a rigorous line that each draws from the incipient form that he is creating." (Scheub, 2006:207). Hieruit kan afgelei word dat storievertellers bekende oorgelewerde materiaal gebruik, maar dit omkomponeer op hulle eie manier en in elke nuwe situasie 'n nuwe storie uit daardie tradisionele elemente (milieu, kultuur, politiek, gewoontes, ens.) vertel. Die verteller maak met ander woorde 'n nuwe metafoor van die tradisionele elemente. Scheub sê ook dat die kombinasie van werklike lewe en die verbeeldingryke woord die wese van die kultuur openbaar.

Prinsloo (1987) vergelyk die korpus verhale wat sy opgeneem het met Labov se model van die struktuur van informele vertellings. Sy bevind dan aan die einde van haar studie dat daar 'n verskil is tussen spontane geselsvertellings en mondelinge vertellings en maak daarom dan die afleiding dat Labov se metode nie soseer op mondelinge volksverhale van toepassing is nie. Sy dui voorts aan dat die volgende struktuurelemente in die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans kan voorkom, naamlik:

- Aankondiging;
- Oriëntasie;
- Evaluering;
- Verwikkelde handeling;
- Hoogtepunt;
- Tempusverwisseling;
- Resultaat;
- Coda;
- Pousering; en
- Verspreking. (Prinsloo, 1987)

Prinsloo onderskei hierdie struktuurelemente slegs in 'n goed gevormde spontane mondelinge vertelling. Volgens haar is die kriterium vir 'n goeie vertelling 'n vertelling wat in sy doel slaag en nie hoe volledig die vertelling gestruktureer is nie. Maar 'n goed gevormde spontane mondelinge vertelling is 'n vertelling wat volledig gestruktureer is (Du Plessis & Prinsloo, 1988:340). Alhoewel Labov en Prinsloo strukturele elemente aanspreek opereer hulle hoofsaaklik op 'n ander vlak, naamlik die retoriese vlak van hoe die toehoorder beïnvloed word, wat nie die doel van hierdie studie is nie.

Dit het derhalwe belangrik geword om te gaan kyk na die struktuurelemente wat Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale fyner sal definieer. Daarom sal daar vervolgens na die navorsing gekyk word wat die struktuur van die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfrieksterverhale beter sal beskryf.

### **2.4.3 Die stand van navorsing oor die struktuur van die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhaal**

Uit die bostaande beskrywing word dit duidelik dat die struktuur van ander mondelinge verhale reeds beskryf is, maar dat die struktuur van spesifiek die Suid-Afrikaanse mondelinge trieksterverhale nog nie deeglik beskryf is nie. Die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale is mondelinge volksverhale en meer spesifiek trieksterverhale. Daarom kan daar verwag word dat die struktuur daarvan 'n kombinasie sal wees van die struktuur wat reeds beskryf is van volksverhale, mondelinge verhale en trieksterverhale. Finnegan (2012: 321) pleit dat volksverhale gesien moet word as deel van "n eie sosiale konteks en nie net as stories wat die tyd deurstaan het nie. Daarom is dit dan belangrik om te gaan kyk of die struktuur van Suid-Afrikaanse mondelinge Jakkals-en-Wolftrieksterverhale mettertyd aangepas is by die veranderde sosiale konteks en of hierdie verhale aangepas is om die eietydse Afrikaanssprekende se kultuur, politiek, milieu en gewoontes te verteenwoordig. Hierdie veronderstelling sal bevestig of weerlê word wanneer die verhale geanaliseer en geïnterpreteer word in Hoofstuk 3.

"n Vraag wat dikwels gevra word, is of Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale verwant is aan die Europese verhaal van Reinaard die Vos. Van Rensburg (1983:5) meen dat dit die kombinasie van tema en struktuur van die verhaal van Reinaard die Vos, die kern van die verhaal vorm. Hierdie vaste kern het volgens hom veroorsaak dat hierdie verhaal sy identiteit deur die jare behou het en dat dit ook die rede is waarom hierdie verhaal in nuwe tye en lande herskep kon word. Volgens hom bestaan daar genoeg ooreenstemmende elemente tussen Reinaard se wêreld en Jakkals en Wolf se wêreld bestaan, niteenstaande die verskil in tyd en ruimte. Dit wat nie ooreenstem nie, kan vervang word met soortgelyke dinge. Om maar net "n paar van die ooreenkomste tussen die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale en die oorspronklike Reinaard te noem: die verhaal van Jakkals-en-Wolf en die bye [E] kom, soos reeds genoem, sterk ooreen met die episode in Reinaard die Vos en Bruin die Beer en die heuningkoeke (Terry, 1992:75). Die Jakkals-en-Wolfverhale waar Jakkals vir Wolf met sy stert as visstok laat visvang, kom ooreen met die episode waar Reinaard verduidelik hoe hy vir Iesegrim die Wolf se vrou leer visvang het. Die verhale oor hoe Jakkals en Wolf onder Boer se skape maai in Boer se kraal kom ooreen met die episode wat Reinaard die Vos teenoor Grimbarde die Ratel beken het en waarin hy beskryf hoe Iesegrim die Wolf by die priester se huis "n heerlike stuk spek geëet het en sy maag so groot geword het dat hy nie by die deur kon uitkom nie. Die idee-

struktuur van die verhaal het met ander woorde behoue gebly. Roos (1998:30) beweer dan ook oor die vertellings van Jakkals en Wolf:

*Baie van die vertellings (aangebied deur 'n wit "redakteur" as sy "beskaafde weergawe van naïewe inheemse volksvertellings) ontwikkel rondom 'n duidelike Reinaertsmotief – daardie oeroue Europese konvensie van die slim jakkals/dom wolfstorie.*

Roos vra ook die vraag of die aanwesigheid van die Reinaardsmotief dui op 'n gedeelde verwysingswêreld tussen Afrika- en Europese volkslegendes, en of dit eerder 'n aanduiding is van die Westerse idioom wat daardie vroeë skrywers in die inheemse stof ingeskryf het. Sy bevind later in haar betoog dat die Europese geneigdheid nie sonder meer oorgeneem is nie, maar in werklikheid in 'n kenmerkende Afrikaanse idioom verander is. Sy sien dit veral in die ruimtes en die karakters, omdat die ruimtes wat geskep is, getrou is aan die Afrika-natuur, die veld, die plaas en dorp wat betekenisvolle verhaalruimtes skep vir 'n Suid-Afrikaanse gehoor. So ook pas die karakters realities in 'n Afrika-wêreld (Roos, 1998: 35). Dit blyk dan, volgens haar, dat die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale herskepte verhale is uit die temas van Reinaard die Vos van Europa en nie 'n direkte vertaling daarvan nie.

Twidle (2012: 22-23) sien die Bleek en Lloyd-versameling San folklore as verhale met diepte, fyn besonderhede en wat 'n ryk literêre erfenis ondersteun. Hy sien ook hierdie versameling as werke wat gedurig uitbrei deurdat 'n rits skrywers hierdie verhale verwerk en herskryf en dan as't ware 'n nuwe argief verhale vorm. Twidle sien ook in Bleek se boek, *Reynard the Fox in South Africa*, 'n teken van Bleek se ambisie om te vergelyk. Bleek poog om van die figure uit Suid-Afrikaanse mondelinge verhale die plaaslike verpersoonliking van algemene mitologiese tipes te maak – al openbaar hulle nouliks identifiseerbare reste van die Reinaard-sage (Twidle, 2012:28). Dit sien hy teen die agtergrond van die konstante handeling van leen, tweetaligheid en kulturele ruilhandel. As daar dan terugskouend gekyk word na wat navorsers bevind het asook die invloed van die verskillende kulture (Europese kultuur, swart kultuur op bruin kultuur en bruin kultuur op blanke kultuur) kan daar verwag word dat die Afrikaanse Jakkals-en-Wolf-trieksterverhale uniek aangepas is vir die kultuur van die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner. Dit is dus moontlik dat hierdie verhale 'n bydrae kan lewer tot 'n nuwe argief verhale omdat die versameling Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale gedurig kan uitbrei omdat dit gedurigdeur verwerk en herskryf word om by 'n eietydse gehoor aan te pas.

Die trieksterverhaal is egter wyd bekend in Afrika. Dit is nie noodwendig Jakkals-en-Wolfverhale nie. Die karakters van die Afrika trieksterverhaal mag verskil in die opsig, maar neem gewoonlik die vorm van dierekarakters aan waar die klein of swakkere dier (die triekster) die groter of sterker dier uitoorlê, byvoorbeeld Hasie teenoor Olifant of Hiena of Leeu. Die moontlikheid bestaan daarom dat die Afrika-trieksterverhaal ook 'n invloed op die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhaaltradisie kon gehad het, omdat kulture in Suid-Afrika soms nou verweef is. Die Afrikatradisies het byvoorbeeld 'n invloed op die Bantoe-sprekende tradisies en die Khoisan tradisies het op hul beurt weer invloed op die blanke tradisies. Daarom kan die aanname gemaak word dat daar Afrikatrieksterverhale die Afrikaans Jakkals-en-Wolfverhale kon beïnvloed het.

## **2.5 OORWEGINGS BY 'N STRUKTUURANALISE VAN JAKKALS-EN-WOLFVERHALE**

Dit is dan vervolgens nodig om die rol van die struktuuranalise onder die vergrootglas te plaas. Edwards (1981:155) stel in sy artikel "Structural analysis of the Afro-American trickster tale" dat dit die rol van die struktuuranalise is:

...to totally deconstruct the cultural institution under investigation. His goal must be to reveal all of its levels of rule-governed structure and all of its component parts, as well as its major extra-systemic connections and functions.

These structures are composed of a hierarchy of constituent parts. Each level plays its own special role in the makeup of the entire shared cognitive structure. Unless the investigator is willing to go to the trouble of unveiling all the various levels and their interrelationships, he will be unable to account for the system in the totality of its formal and functional dimensions. Such systems demand to be unpacked and explained.

Sets of interrelated constituent parts operating at different levels of the structural hierarchy carry different forms of meaning.

Die struktuuranalise moet met ander woorde doeltreffende gereedskap vind waarmee sy die verskillende verbandhoudende vlakke in die narratief kan uitpak en kan verduidelik.

Die navorser maak daarom die aanname dat 'n struktuurmodel vir die Afrikaanse mondelinge (triekster-) verhaal 'n kombinasie sal wees van die struktuur van mondelinge verhale, volksverhale en trieksterverhale. So 'n model sou 'n bydrae kon lewer om die korpus verhale beter te beskryf.

Die volgende vrae is belangrik wanneer 'n struktuuranalise vir Jakkals-en-Wolfverhale oorweeg word en sodoende die doelwitte van hierdie studie bereik kan word:

- Is die bestaande struktuurmodelle van die volksverhaal, mondelinge verhaal en trieksterverhaal van toepassing op Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale?
- Watter vaste patrone kan in die korpus geïdentifiseer word?
- Is daar variasies in struktuur wanneer verhale binne die korpus met mekaar vergelyk word?
- Wat bring die moontlike variasies mee en kan die geïdentifiseerde variasies verklaar word?

Uit die navorsing wat tot dusver bespreek is, het dit duidelik geword dat, om die strukturele en inhoudelike patroonmatigheide van die mondelinge praktyk in die algemeen, en die trieksterverhaal in die besonder, in die verhale te identifiseer, asook om die aanpassings ten opsigte van algemene inhoud en struktuur in die verhale te beskryf, die volgende oorwegings in ag geneem behoort te word:

- a) 'n analisevlak behoort gekies te word;
- b) die elemente of eenhede op daardie gekose vlak behoort geïdentifiseer te word;
- c) die sintagmatiese en paradigmatische verhoudings tussen die geïdentifiseerde elemente en die geheel behoort beskryf te word; en
- d) die struktuur behoort verbind te word met die belangrikste funksies en verbindings tussen die teks en ander groter betekenisraamwerke.

Die onderskeid tussen paradigmatische verhoudinge (funksionele kontraste) en sintagmatiese verhoudinge (moontlike kombinasies) (Culler, 1975:13), blyk uit die volgende verduideliking van Du Plooy (1986:123):

Die onderskeiding tussen paradigmatische en sintagmatiese verhoudinge tussen tekens in 'n taal is van groot belang in die strukturalistiese terminologie. Die sintagmatiese verhouding tussen tekens bepaal die lineêre horisontale posisie van 'n teken in 'n taaluiting, want hierdie verhouding het met die lineêre opeenvolging en ordening van elemente te make. Elke teken in die sintagmatiese struktuur word op sy beurt gekies uit 'n paradigmatische voorraad van elemente wat onderling bepaalde sistematiese ooreenkomste toon.

Die navorser sal vir hierdie studie die analisevlakke gebruik wat geëk is in die narratologie, naamlik storie en verhaal. Ook sal die basiese elemente op die vlak van storie gebruik word, naamlik aktante, tyd, plek en onderliggende handeling. Verder sal die elemente van karakters, verhaalpatroon (plot), ruimte en temporele ordening, asook vertelwyse (verteller en fokalisator) op die verhaalvlak gebruik word.

Die variasies in die patroonmatigheid van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale sal ook ondersoek word. Die kern of patroon van diesulke verhale wat weinig verskil sal sodoende geïdentifiseer word, maar die besonderhede wat die verhale inkleur, en meermale veranderlik is, sal tegelykertyd uitgelig word.

## **2.6 SAMEVATTING**

Al word die korpus verhale van Jakkals en Wolf uit mondelinge sowel as geskrewe bronne geneem, word die hele korpus as mondelinge verhale beskou, omdat hulle die eienskappe van mondelinge verhale vertoon soos wat dit uit die literatuuroorsig blyk. Die opeenvolging van gebeure waarvolgens die sintagmatiese struktuur van die narratief ondersoek word en die patrone van episodes waar die paradigmatische struktuur van die narratief ondersoek word, sal uitwys of hierdie korpus verhale 'n vaste patroon toon. Die gereedskap wat gebruik sal word om hierdie diepliggende patrone te ontbloot, is die werk oor struktuurstudie van plaaslike narratiewe praktyke (Snyman, Neethling en Lotz) sowel as Bremond se logika van narratiewe moontlikhede en Greimas se aktansiële model. Die analises wat gedoen sal word met behulp van hierdie geselekteerde, wetenskaplike

gereedskap behoort interessante patroonmatighede in die dieptestruktuur van hierdie korpus verhale uit te wys.

## HOOFSTUK 3

# **ANALISE VAN DIE VERHALE EN DIE VASSTEL VAN ALGEMENE PATRONE**

In hierdie hoofstuk het die navorser ten doel om die verhale te analiseer en die data te interpreteer ten einde algemene patrone in die korpus vas te stel. Om dit te kon doen, word die verhale eers geklassifiseer om 'n beter oorsig oor die verhale sowel as die vertellers te bied. Daarna word ontleed **wat** vertel is en ook **hoe** dit vertel is.

### **3.1 INLEIDING**

Musiek voorsien 'n baie bruikbare voorbeeld van 'n struktuur: die elemente van 'n melodie is individuele note; hul verhouding met mekaar vorm 'n patroon. Kombinasies van note vorm 'n herkenbare patroon wanneer hulle op dieselfde toonhoogte herhaal word of getransponeer na 'n ander toonhoogte. Dit is die vormkwaliteit wat die aanhoorder in staat stel om die getransponeerde melodie in 'n ander toonhoogte te herken (Wertheimer, soos aangehaal deur Dundes, 1964:35). Net so sal die gehoor, ongeag wie die verhaal vertel of wat die omstandighede is, sekere funksies herken wat herhaal word, al het die verteller die indisieë anders ingekleur.

### **3.2 METODE**

#### **3.2.1 Klassifisering van verhale**

Ten eerste was dit nodig om die korpus verhale te klassifiseer. Onderwerpe is gekies wat deurgaans voorkom in mondelinge, sekondêr-mondelinge en geskrewe vorme, sodat die verhale met dieselfde onderwerpe met mekaar vergelyk kan word. Verhale is bymekaar gegroepeer wat min of meer oor dieselfde onderwerp gaan. Daar is aan elke onderwerp 'n letter van die alfabet toegeken:

- Die botter/room/wynvat [A]
- In die skaapkraal [B]
- Vang vis [C]
- Aan perd se stert vas [D]
- En die bye [E]

Elke bron/verteller waaruit die korpus verhale geneem is, is genommer:

- Fink, A. (2010) - (amateur) mondelinge verteller [1]
- Fink, W. (2010) – (amateur) mondelinge verteller [2]
- NALN: versameling mondelinge verhale wat deur 'n projekspan onder leiding van Du Plessis (1987:8-14) ingesamel is in Suid-Namibië, onder die Griekwa-Afrikaners om die tekorte in variasietaalkunde aan te vul. - mondelinge vertellers [3]
- Rousseau, L.(2011) Die Kaskenades van Jakkals en Wolf. – verteller [4]
- Grobbelaar, P.W. & Verster, S. (2007) Die mooiste Afrikaanse sprokies, asook Grobbelaar, P.W. & Verster, S. 2011) Jakkals en Wolf - verteller [5]
- Niehaus, D.(2011) Oom Dana Niehaus vertel Jakkals & Wolfstories. – (professionele) mondelinge verteller [6]

Wanneer die verhale vergelyk word, word die onderwerp waaroor die spesifieke storie gaan, gekombineer word met die bron wat die spesifieke storie vertel, bv. 'n storie vertel oor die botter/room/wynvat deur A. Fink sal dan gekodeer word as [A1].

### 3.2.2 Analise

Daar is gekyk na die elemente wat vir 'n verhaal geselekteer en op watter bepaalde manier(e) hulle gekombineer is. Met ander woorde daar is gekyk na die bepaalde manier(e) waarop die verhaal vertel is, nl.:

- **Wat** staan in die verhaal, en
- **Hoe** word dit vertel?

#### 3.2.2.1 *Wat (storie)*

Du Plooy (1986:2) sien storie as 'n reeks chronologiese gebeure wat lineêr opeenvolgend weergegee word, en dat dit akteurs is wat hierdie gebeure veroorsaak. Sy verduidelik voorts dat storie gewoonlik die logiese en kousale verband tussen gebeurtenisse en akteurs duidelik aantoon. Om hierdie logiese en kousale verband in Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale vas te stel, is na die volgende elemente gekyk:

- Basiese handelingspatrone (gebeure) - die logika van handelingsmoontlikhede en -reekse;
- Plek – waar die gebeure plaasvind;
- Tyd – wanneer die gebeure plaasvind;
- Aktante – die teleologiese verhoudinge tussen akteurs en gebeurtenisse, met ander woorde, die aktansiële verhoudinge; en
- Die uitgebreide storie – die groter repertorium waaruit elemente geselekteer is om in die verhaal opgeneem te word; hoe die basiese raam van die storie aangevul word en ingevul word met bykomende kennis uit die teks en kennis van die werklikheid.

#### 3.2.2.2 *Hoe (verhaal)*

Volgens Du Plooy (1986:2) word verhaal gesien as die kunssinnige weergawe van 'n bepaalde storie. Wanneer iemand 'n storie doelbewus op 'n bepaalde kunssinnige wyse vertel, die storiemateriaal uitsoek, orden en aanbied sodat die wyse waarop dit aangebied

word ook betekenisvol is, kom daar 'n verhaal tot stand. Hierdie spesifieke wyse waarop die verteller die verhaalstof manipuleer deur dit op 'n bepaalde manier aan te bied, veroorsaak dat 'n sekere betekenis daaraan geheg word of dit beklemtoon 'n sekere aspek en bring dit sodoende na die voorgrond. Om die artistieke strukturering van die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale vas te stel, is die volgende elemente in die korpus verhale vergelyk:

- a) **Karakters** – hoe word karakters aan ons voorgestel (direkte uitbeelding, indirekte uitbeelding, kom inligting van die verteller, die karakter self of van die medekarakter, word daar letterlik bedoel wat daar gesê of vertel word, wat is die verhouding tussen die karakter en die bron van inligting, hoe pas die karakters in die verhaal as 'n geheel, staan die karakters sentraal of is hulle sekondêr tot die handeling of konflik);
- b) **Ruimte:** Karakters altyd êrens, direkte ruimtelike aanduidings, sintuiglike waarneming van ruimte, verhouding van karakters met ruimte, simboliese assosiasies;
- c) **Temporele verhoudinge** (tyd);
- d) **Ordering en volgorde;**
- e) **Frekwensie** (herhaling en iterasie);
- f) **Duur;** asook
- g) **Gebeure;**
- h) **Fokalisasie en stem;**
- i) **Eiesoortige vertelpatrone en die uitwerking op die gehoor** insluitende taalgebruik, metaforiek, simboliek en struktuur; en
- j) **Lokalisering.**

### 3.3 TOEPASSING EN BEVINDINGE<sup>9</sup>

#### 3.3.1 Storie

Die stories van Jakkals en Wolf word geweef rondom die gegewe dat Wolf 'n onblusbare vleislus (koslus) het en dat Jakkals altyd hierdie lus of behoefte van Wolf kan uitbuit om sy eie koslus te bevredig, asook om Wolf te triek en sodoende sy uitgeslapenheid ten toon te stel. Omdat die basiese storie die kern van die betekenis van die verhaal is, sal daar vervolgens gekyk word hoe die elemente in die korpus verhale ingespan is om variasies op hierdie basiese storie te bewerkstellig:

##### a. Basiese handelingspatrone (gebeure)

Die reeks chronologiese gebeurtenisse wat lineêr opeenvolgend weergegee word in die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolf trieksterverhale lyk gewoonlik soos volg:

1. Jakkals eien iets wat in hulle (Jakkals en Wolf) se behoeftes kan voorsien. (Jakkals en Wolf het behoefte aan kos en Jakkals het ook 'n behoefte om Wolf te triek.). Jakkals maak sy plan aan Wolf bekend.
2. Soms moet Jakkals Wolf oorreed om by sy planne in te val.
3. Die plan word uitgevoer (meestal ten koste van Wolf)
4. Wolf word te na gekom (hy is dom en soms naïef) en as gevolg daarvan word Jakkals die meeste van die tyd bevoordeel.

Hierdie vaste patroon kom ooreen met Neethling (1977:40) se waarneming dat die kern van verhale in 'n bepaalde geografiese gebied weinig mag verskil, maar dat die besonderhede wat die verhale inkleur, dikwels kan varieer. Die afleiding kan hieruit gemaak word dat Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale verhale is wat volgens 'n orde of vaste patroon verloop (handeling wat repeteer in 'n vaste patroon), naamlik: Jakkals kry 'n plan; Jakkals identifiseer 'n begeerte of behoefte by Wolf wat Jakkals se planne aktiveer;

---

9 Die leser kan bylae A tot E raadpleeg, wat gedetailleerde analyses bevat van al die tipes verhale waarop die samevattende analise gebaseer is.

Jakkals oorreed vir Wolf om in te val by Jakkals se planne; Wolf laat hom misbruik, want hy is dom, Jakkals trek voordeel daaruit; Wolf word te na gekom. Hierdie vaste patroon is meer breedvoerig verduidelik onder 2.3 **Struktuur en Struktuuranalise**. Die vaste patroon wat aangetref word in Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale word telkens herhaal, maar met elke vertelling anders ingekleur. Ook elemente op ander vlakke soos karakters, tyd, ruimte en fokalisasie word vir hierdie doel ingespan.

## **b. Plek**

Die omgewing waarin hierdie stories afspeel, word meestal nie in besonderhede beskryf nie en is nie staties nie, maar dinamies. Die plek word egter meer breedvoerig bespreek onder 3.3.2.4 Ruimtelike patrone.

## **c. Tyd**

Die stories word meestal chronologies vertel. Die lees- of verteltyd wissel na gelang van hoe uitgebreid die gebeure oortel word. Vertellers 1 tot 3 neem minder verteltyd in beslag as vertellers 4 tot 6. Verhale [A1] en [A2] beslaan byvoorbeeld min of meer een geskrewe bladsy (vertelde tyd) terwyl verhale [A4] en [A5] elkeen drie bladsye beslaan. Ook verhaal [C1] beslaan een bladsy en [C2] 'n halwe bladsy, waar [C4] en [C6] elk twee bladsye en [C5] bietjie meer as drie bladsye beslaan. Die vertellers gee egter min die aanduiding van hoe lank die gebeure duur. Enkele aanduidings van hoe lank die gebeure duur word gegee in [C4] waar Wolf moet wag tot na donker voor hulle kan gaan visvang en dan moet Wolf weer wag tot dit lig word voordat hy sy stert uit die water kan trek en kyk of die visse gebyt het.

*Ook nie lank nie of hier kom Boer met 'n sambok aan.*

In [D5] word die volgende aangetref:

*Eendag, 'n rukkie later, kom Jakkals en Wolf op 'n perd af wat lê en slaap...*

Al genoemde aanduidings van tyd is egter nie baie spesifiek nie. Dit sê nie spesifiek of daar een uur of twee weke verloop het nie. Dit gee ook nie die dag en datum wanneer gebeure plaasgevind het nie. Die verhale word met ander woorde in 'n vae soort algemene verlede geplaas. Die gehoor is net bewus van die tyd waarin gebeure met die karakters plaasvind; die tyd wanneer interaksie tussen Jakkals en Wolf en interaksie met Boer plaasvind. Omdat volksverhale deur oorlewering van geslag tot geslag vertel word, is dit 'n belangrike aspek van die stories omdat die tyd in die stories nie aangepas hoef te

word nie. “n Rukkie” en “eendag” en “wanneer die son sak en weer opkom” is algemeen oor alle tye heen. Daar word egter ook uitsonderings op hierdie tendens aangetref. In [A4] word daar meer duidelike tydsaanduidings aangetref:

*'n Dag of wat later kom Jakkals soos gewoonlik op 'n veilige afstand van Wolf se huis verby.*

*Die volgende dag, Dinsdag, is dit weer so.*

*Woensdag sê Wolf: “Maar Jakkals, jy doop darem baie kinders.*

*Op Donderdag is dit Vierde Hoepel en teen Vrydag vorder dit tot Vyfde Hoepel.*


*Jakkals het in vyf dae behoorlik aan die botter weggeleê.*

*Die Saterdag loop Jakkals weer verby Wolf se lêplek. “Het jy al weer gaan kind doop?” vra Wolf.*

Met die name van die dae word hier met ander woorde “n meer realistiese tydraam geskep. Oor die algemeen staan die verhale egter los van kalendertyd en buite die verloop van die geskiedenis.

#### d. Aktante


Wanneer daar na die Jakkals-en-Wolfstories van kategorie [C] gekyk word, kan die aktante soos volg verduidelik word:



**Figuur 3.3.1: Aktansiële analise gesien uit Jakkals se oogpunt**

Die subjek word gesien as die held. In hierdie geval is dit Jakkals wat graag kos in die hande wil kry, maar ook terselfdertyd die genoegdoening wil smaak om vir Wolf te triek (objek). Jakkals staan in die verhouding van begeerte tot die feit dat hy gevoed wil word en vir Wolf wil triek. Jakkals het egter dinge nodig om hierdie begeerte te bereik. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhale meer abstrak, byvoorbeeld Jakkals se slimheid, Wolf se goedgelowigheid, die feit dat hy maar aan die dom kant is asook sy grootte en krag. Dit is alles sake wat Jakkals in sy saak begunstig om sy doel te bereik. Jakkals moet egter gehelp word om gevoed te word en om sy triek op Wolf te voltrek en daarin help Wolf, Boer self asook Boer se honde. Dis interessant om op te let dat Jakkals geen teenstanders het nie.

Uit Wolf se oogpunt sou die diagram so kon lyk:



**Figuur 3.3.2: Aktansiële analise gesien uit Wolf se oogpunt**

Uit Wolf se oogpunt is Wolf weer die held. In hierdie geval is dit Wolf wat Boer se produkte begeer (objek). Die dinge wat Wolf begunstig om hierdie begeerte te bereik, is Jakkals se uitgeslapenheid, sy vermoë om slim planne uit te dink en Boer self omdat hy die produkte verskaf. Wolf moet egter gehelp word om gevoed te word en Jakkals se plan en Boer wat die produkte verskaf dien as helpers in hierdie saak. Wolf het ook teenstanders in hierdie saak. Boer gaan nie geredelik toelaat dat Wolf sy vis vang en eet nie en Jakkals het 'n verskuilde agenda om Wolf te triek. Daarom dien dié twee as Wolf se teenstanders. Ook Boer se honde wat sorg dat Wolf goed afgeskrik word om nie weer die begeerte te ontwikkel om naby Boer se produkte te kom nie. (Vir meer volledige analises kyk Bylae A tot E.)

In 'n storie word 'n akteur of groep akteurs wat dieselfde doel nastreef, 'n aktant genoem: Jakkals en Wolf saam is 'n aktant asook Jakkals op sy eie en Wolf op sy eie. Jakkals en Wolf streef na dieselfde doel – om kos in die hande te kry, met ander woorde om te oorleef, soos byvoorbeeld in [C4]:

*Toe Jakkals sy ou jagmaat een middag in die veld sien, gaan hy nie nader nie. Nee, skelm soos altyd, skree hy op 'n afstand: "Broer Wolf, is jy honger?" Wolf is omtrent altyd honger, net soos Jakkals.*

Jakkals streef op sy eie om Wolf te triek, byvoorbeeld [C4]:

Jakkals het Wolf nou al so baie strepe getrek dat die twee baie versigtig is vir mekaar. En [C4]: Dis nou "n ding van Jakkals. Al kry hy self geen kos nie, is dit nog altyd vir hom groot pret om Wolf in die moeilikheid te laat beland.

Wolf streef op sy eie om aan Jakkals en sy eie behoeftes te voldoen, [A4]:

*Een oggend lê die twee agter 'n bos en rus toe hulle 'n wa in die pad hoor aankom. Jakkals loer deur die bossies. "Wolf, kyk!" sê hy. "Dis Boer wat sy botter mark toe neem. Gaan lê jy nou in die pad en maak of jy dood is. Dan, wanneer Boer jou op die wa gelaai het, kan jy vir ons 'n vaatjie botter laat afrol."*

*"Hmmm, 'n bietjie botter sal darem lekker wees," sê Wolf. Hy gaan lê in die pad en hou hom dood.*

Die sentrale rolspeler(s) in die sentrale konflik van die verhale is gewoonlik Jakkals en Wolf. Die belangrikste aktant(e) funksioneer soos die onderwerp (subjek) in 'n sin wat die handeling verrig en hierdie aktant word die subjek van die verhaal genoem: Jakkals en Wolf is die aktante wat funksioneer soos die subjek. Dit wat bereik wil word, word die objek genoem: Jakkals wil kos hê, maar ook die plesier om vir Wolf te triek. Wolf wil uitsluitlik kos hê.

Dit is egter belangrik om op te let dat daar twee moontlike aktansiële modelle vir hierdie verhaal gekonstrueer kan word, afhangende uit wie se oogpunt die gebeure beskou word. In die storie is daar dan gewoonlik een of ander mag of instansie wat die subjek in staat stel om sy doel te bereik en dit noem ons die begunstiger: In die aktansiële model gesien uit Jakkals se oogpunt is dit anders as in sprokies waarin daar meestal 'n duidelike begunstiger is, byvoorbeeld die koning wat die derde seun stuur om drie take te verrig. Die begunstiger is in hierdie stories meestal abstrak. Wanneer die aktansiële model uit Wolf se oogpunt beskou word, kan Jakkals se skelm aard, sy uitgeslapeheid, sy vermoë om slim planne uit te dink en die feit dat sy behoefte aan voeding altyd vervul word, hier onder meer as begunstigers tel omdat dit die onderneming van Wolf as subjek kan aanhelp [B6]:

*En Jakkals, die skelm ding sê: "Oeee, Wolf, oe my lyf is so seer, ma ma ek sal probeer."*

Jakkals se vernuf begunstig op die ou einde egter nie vir Wolf nie en Jakkals se doel word bereik ten koste van Wolf. Daarom is die begunstiger ook "n negatiewe begunstiger.

Boer se spens of produkte kan in Jakkals en Wolf se behoeftes voorsien [B6]:

*Kom ons stap daar na Boer se kraal toe. Want binne in die kraal is daar baie skape."*

En [A4]: *"Dis Boer wat sy botter mark toe neem. Gaan lê jy nou in die pad en maak of jy dood is. Dan, wanneer Boer jou op die wa gelaai het, kan jy vir ons 'n vaatjie botter laat afrol."*

Wolf se karaktereienskap van domheid, naïwiteit, goedgelowigheid en so meer kan ook waarskynlik as begunstigers vir Jakkals dien:

[B6]: *Toe sê Jakkals: "Maaan moenie so dom wees nie. Ons glip daarin en ons vang vir ons elkeen 'n leekker vet skaap en dan vreet ons dit op en dan hardloop ons weg."*

Die karakter of saak tot wie se voordeel die konflik afloop, is die begunstigde: Dit is altyd Jakkals. Soms word Wolf se behoefte aan kos bevredig, maar altyd ten koste van homself. Daarom sou hy die negatiewe begunstigde genoem kon word. Dit is veral baie duidelik in [A1]:

*En hy sê, kom maar ek het vir jou room gebêre. En Wolf hier is die room en Wolf jy moet nou sommer drink. Nou moet jy sommer drink, jy het slae gekry oor die room. En Wolf het hom trommelvol gedrink aan die room.*

*En Wolf is weg. En Jakkals is weg van Wolf af. Toe Wolf daar so lê teen sonnetjie toe Wolf oooo die room is nie goed nie. Sy maag begin hom pla. En Wolf hardloop soek vir Jakkals. Hy wil nou planne hê vir sy maag wat so ontsteld is. Hy sê: "Reg kom Oom Wolf, kom, kom, kom. Vat vir ou Wolf tot daar naby die rivier. Hy sê: "Oom Wolf nou moet jy net so lê hier op die rivier se wal." Maar hier is 'n miernes. Hy laat hy lê. Hy sê: "Wag net hier ek gaan net gou die room loop haal. Ek gaan jou smeer met die room en dan kan jy hier in die son lê." En Wolf is weg, Jakkals is weg en hy kom terug toe hy terug kom, smeer hy vir Wolf op sy boude vol room. En die miere kom dit agter. En Wolf lê. Hulle is mos baie lief vir slaap. Wolf lê en slaap. Toe Wolf so lê en slaap toe klim die miere op hom en die miere begin hom*

*byt. Soos die miere hom hier byt toe sit ou Jakkals agter die bossie vir hom sit en lag.*

Wolf word gewoonlik as gevolg van sy primitiewe aptyt en sy domheid getriek en dan deur Boer half dood geslaan of deur die bye gesteek, die miere gebyt of sy stert breek af in die yswater. Daar bestaan tog Jakkals-en-Wolfverhale waar Jakkals die onderspit delf, maar is nie teenwoordig in hierdie korpus nie. Jakkals se behoefte aan kos word altyd bevredig asook sy begeerte om vir Wolf te triek. Jakkals maak met ander woorde misbruik van Wolf se fisiese krag en grootte en gebruik dit tot sy eie voordeel en tot Wolf se nadeel, want sodoende dra Wolf by dat hy getriek word, [B6]:

*Kyk ek is mos 'n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?" "Ag, ja," sê ou Wolf. "Ag, ag, Jakkals, my lyf is so seer, maar, maar klim maar op my rug dat ek jou abba." En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net. Hy klim bo-op ou Wolf se seer rug en daar stap ou Wolf met hom. En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: "Die sieke dra die gesonde."*

Ook in [B4]:

*Sonder Wolf om hom te help jag, kom sy pens maar selde vol.*

Die kleiner omstandighede wat die saak van die subjek bemoeilik, word as teenstanders beskryf en al die kleiner middele wat help soos mense of dinge as helpers, bv.:

- teenstanders - die feit dat te veel room jou siek kan maak, bytende miere.
- helpers - heuning, skape, room, vis en Boer.

Soms is Boer en sy produkte nie helpers nie, maar net produkte wat verbruik word, afhange na watter aktansiële model gekyk word, die een gekonstrueer uit Jakkals se oogpunt of dié uit Wolf se oogpunt. Uit Jakkals se oogpunt kan Boer en sy produkte hom help om sy doel te bereik, naamlik om Wolf te triek. Uit Wolf se oogpunt is boer se begeerde produkte alles dinge wat verbruik kan word.

Hierdie situasies laat die vraag ontstaan: in watter mate is Boer die begunstiger (wat skape aanhou, botter maak ens.? Hierdie situasie in Jakkals-en-Wolfverhale sinspeel heel waarskynlik op die ewige stryd tussen menslike vormgewing (kultuur) en die natuurkragte

(verteenwoordig deur Wolf en Jakkals) – en dat die verhale uit die oogpunt van die “natuur” aangebied word. Die aantasting van die “kultuur” word altyd gestraf en Wolf kry meestal die skuld daarvoor en die slimme Jakkals ontsnap skotvry. Dit is die ewige stryd van die Boer teen die natuurkragte, maar oorwegend van die natuur se kant af gefokaliseer. Maar dit vorm as’t ware ’n subplot (of “side plot”) van die verhaal – dit staan nie in die sentrum nie, maar vorm ’n soort algemene raam vir die verhaal.

#### **e. Uitgebreide storie**

Die elemente wat in hierdie stories die uitgebreide storie vorm, is baie subtiel geselekteer. Boer se skaapkraal, die dam waar Jakkals en Wolf visvang en dies meer is alles getemde ruimtes, ruimtes in die natuur wat deur die mens (Boer) verwerk en ingerig is tot die mens se voordeel, en die veld is ’n ongetemde ruimte (natuur wat nog nie deur die mens bewerk is nie). Jakkals en Wolf is wilde diere (ongetem), maar hulle het ook menslike eienskappe en daarom funksioneer hulle ewe goed in die getemde ruimte sowel as die ongetemde ruimte. Daar bestaan ook ’n kontras tussen veld en plaas. Veld is die ongetemde ruimte en plaas die getemde ruimte, met ander woorde in die opsig is die plek waar die stories afspeel ook nie staties nie – die storie beweeg van ongetemde ruimte na getemde ruimte. Die elemente is dus subtiel gekies om die gebeure suksesvol te laat afspeel op die grens van die getemde versus die ongetemde.

### **3.3.2 Verhaal**

Dis belangrik om te gaan kyk na die aspekte van die verhaal en die manier waarop die verhale geskryf is, dit te analiseer en betekenis aan die artistieke skryfwyse toe te ken. Daar sal egter eerstens gekyk word hoe die verhale vergelyk met die eienskappe van volksverhale soos geïdentifiseer deur Snyman (1983), Neethling (1977:41-43) en Lotz (1959:118-121). Die drie genoemde navorsers se modelle word geïntegreer aangebied en die eienskappe wat min of meer ooreenstem, is bymekaar gegroepeer.

Wanneer die ingeslote korpus verhale vergelyk word met die kenmerke van volksverhale sien dit soos volg daar uit:

### 3.3.2.1 Plotstruktuur

Lotz (1959:118-121) sien dat daar dadelik aksie is in die volksverhale en dat die gebeure mekaar vinnig opvolg. Neethling (1977:41- 43) sê ook dat episodes mekaar vinnig opvolg:

Die Suid-Afrikaanse Jakkals- en Wolfverhale se handelingslyn (gebeure), is duidelik en oënskynlik eenvoudig. Elke verhaal begin waar Wolf (en meestal Jakkals ook) honger is en Jakkals die behoefte gebruik om sy planne te aktiveer:

[B6] - *Eendag was ou Wolf en Jakkals vreeslik honger gewees. En toe hulle nog so stap toe sê ou Jakkals: "Uh ou Wolf, wag 'n bietjie, ek het 'n goeie plan. Kom ons stap daar na Boer se kraal toe;*

ook [C4] - *Toe Jakkals sy ou jagmaat een middag in die veld sien, gaan hy nie nader nie. Nee, skelm soos altyd, skree hy op 'n afstand: "Broer Wolf, is jy honger?" Wolf is omtrent altyd honger, net soos Jakkals.*

Die gebeure word skematies uitgebeeld. Die gehoor weet presies hoe gebeure gaan verloop omdat Jakkals dit altyd baie mooi uiteensit vir Wolf. Jakkals moet dit op so 'n manier verduidelik dat selfs dom Wolf dit kan verstaan en daarom weet die gehoor ook presies hoe die gebeure van a tot z gaan plaasvind. Omdat hierdie verhale aangepas is vir 'n kindergehoor, het hierdie presiese uiteensetting van gebeure ook 'n belangrike funksie naamlik om die gebeure duidelik te maak vir die kinders en hulle weet wat om te verwag. Dis ook hierdie patroonmatige voorstelling van gebeure wat dan 'n bydrae lewer tot die effek van vermaak wat die gehoor ervaar, [C5]:

Wolf hengelaar - *"In Boer se dam gevang?" sê Wolf ongelowig. "Jy het dan nie 'n vishoek en -lyn nie."*

*"O, maar diere soos ek en jy het g'n vishoeke en -lyne nodig nie," verduidelik Jakkals. "Gaan sit net met jou stert in die water, en een-twee-drie byt die visse so geweldig dat jy moet bak staan of hulle trek jou in."*

*"Nou kom ons loop vang dan," sê Wolf haastig.*

*"Elke ding op sy tyd," sê Jakkals wys. "Nie bedags nie, en ook nie sommer enige tyd van die nag nie, maar as die rooidag met die donker begin stry – dan byt die visse op hul beste."*

Die verteller staan ook hier die woord aan die karakters af deur gebruik te maak van die direkte rede. Dit maak die gebeure en dit wat gesê word meer geloofwaardig (realisties) omdat die karakters hul eie woorde en gedagtes weergee, [E6]:

*Hoekom vra jy dan vir my sulke dom vrae, man?" "Ek is jammer, Jakkals, ek sal nie weer nie."*

Die meerderheid verhale word vertel sonder lang verduidelikings of beskrywings. Die episodes volg mekaar vinnig op en daar is gewoonlik nie groot tydspronge teenwoordig nie. [D1] verteenwoordig die meerderheid verhale:

*Daar is nog 'n storie, waar Jakkals die veld ingaan toe kry hy vir Perd waar hy vas aan die slaap lê. En e Jakkals draai om en gaan haal vir Oom Wolf. Hy sê: "Oom Wolf hier is vir ons 'n groot stuk vleis. Jy is mos sterker as ek. Ons moet hom hier wegsleep." En e, Jakkals draai om en hy vat Wolf se stert en hy maak hom aan perd se stert vas. En toe hy klaar is toe maak hy vir Perd wakker. Perd spring op en Perd hardloop. Toe Perd hardloop toe sleep Jakkals agterna, Wolf agterna. Soos Wolf hier sleep, skree Jakkals vir Wolf: "Oom Wolf, Oom Wolf, slaan ysterklou in die grond!" En Jakkals, die Perd hardloop met ou Wolf tot daar waar hy later los ruk.*

Daar is dadelik aksie en die gebeure volg mekaar vinnig op. Hierdie verhaal begin dadelik waar Jakkals en Wolf in die veld ingaan. Wolf en Jakkals kry vir perd, Jakkals maak vir Wolf aan Perd se stert vas en Perd verwoes amper vir Wolf wanneer Perd aan die hol gaan. Jakkals kan met ander woorde dadelik vir Wolf hier betrek by sy slinkse planne. Daar hoef nie eers tyd te verloop voordat hy dit kan doen nie en Jakkals se triek slaag weereens.

[D4] is een van die uitsonderings waar groter tydspronge in die verhaal aangetref word, omdat die storie meer uitgebreid vertel word:

*Jakkals is nog steeds versigtig om naby Wolf se huis te kom. Dis al 'n paar weke ná die keer toe Jakkals vir Wolf omgepraat het om te probeer vlieg. Jakkals bly op 'n veilige afstand staan, want vir Wolf se kwaai ou ma is hy so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. Die ou tannie is briesend oor alles wat Jakkals haar seun aangedoen het. Uiteindelik sien Jakkals vir Wolf buite die huisie roer. "Broer Wolf, broer Wolf," skree hy, "daar's vandag 'n fees by koning Leeu. Ek is juis op pad soontoe. Stap saam as jy wil." "Ek kom," roep*

Wolf terug. Gou-gou stap die twee op 'n veldpaadjie aan. Wolf het verbasend gou herstel. Hy loop natuurlik nog kruppel, en sy vel lyk sleg van die brandmerke, maar hy sien al weer kans om met Leeu te gaan baklei. "Laat hom net onbeskof met my wees, kan klits ek hom," praat Wolf so in die stap, terwyl hy met sy voorpote in die lug voor hom slaan-slaan. Toe Jakkals niks sê nie, fluister Wolf vertroulik: "Ek sê, broer Jakkals, met dié dat ek nou so lank by die huis moes bly om gesond te word, het ek laas 'n lekker groot stuk vleis gesien. Weet jy nie waar ons iets kan vang nie?" "Dit weet ek nie," antwoord Jakkals, "maar ek dink ons sal by koning Leeu oorgenoeg kry om te eet. Dis te sê as 'n olifant vir jou groot genoeg is."

"Olifantvleis, waar kry hy dié?" vra Wolf. "Dalk een wat in die veld gevrek het?" "Nee, ou broer," antwoord Jakkals, "koning Leeu het hom self platgetrek." Wolf kry 'n benoude gevoel. Miskien moet hy liever nie teen Leeu baklei nie. Maar hy sê niks. Terwyl Wolf nog so diep ingedagte loop, kom die twee af op 'n perd wat in die paadjie lê en slaap. Jakkals hou sy poot voor sy bek en beduie vir Wolf om saggies te praat. "Jy wou mos 'n groot stuk vleis hê, Wolf," fluister hy. "En hier is dit. As ons nou net sorg dat hy nie wegkom nie, kan ons twee vandag lekker perdevleis eet." "Hoe sal ons maak?" vra Wolf. "As ons hom aanval, sal hy weghol," antwoord Jakkals. "Ons moet hom vasbind. Jy is tog sterker as ek. Laat my jou stert aan die perd se stert vasbind, dan maak ek my stert aan sy maanhaar vas. Op dié manier sal hy nie wegkom nie." "Hmmm..." brom Wolf. "Ek weet darem nie so mooi nie." Maar omdat hy nie 'n beter plan as Jakkals het nie, stem hy op die ou end in. Terwyl Jakkals agter Wolf se stert besig bly, pluk hy ongemerk 'n lat van die naaste taaibos af. Toe bind hy Wolf se stert stewig aan die perd s'n vas. By die perd se maanhaar woel hy so 'n bietjie rond, maar dit was nooit sy plan om homself aan die perd vas te bind nie. Veral nie noudat dit lyk asof die perd begin wakker word nie. Toe hy nog 'n maal seker gemaak het dat Wolf stewig aan die perd vas is, vat hy die taaiboslat en raps die perd oor die boud. Die perd skrik wawyd wakker, spring vervaard op en begin op volle spoed weghol. En Wolf? Wolf wapper soos 'n los vel agterna. Vir Jakkals is dit tog te snaaks. Hy rol soos hy lag. Maar tussen die lagbuie deur kry hy dit nog reg om Wolf agterna te roep. "Slaan ysterklou in die grond, broer Wolf! Slaan ysterklou in die grond!" "Klou in die grond slaan?" skree Wolf terug. "Wat praat jy, man? Hier waar ek nou is, sien ek nie hemel of aarde nie." Deur die vreeslike geskop van die perd kom Wolf

*uiteindelik los. Hy staan met moeite van die grond op en kom hink-hink na Jakkals aangesukkel, reg om hom goed uit te trap. Maar voor hy nog 'n woord kan sê, spring Jakkals hom voor. "Dis die geraas wat jy gemaak het wat die perd laat wakker skrik het," skel hy op Wolf. "Jy't my nie eens kans gegee om my stert ordentlik aan sy maanhaar vas te maak nie." Jakkals het die arme Wolf nou skoon verwar. "Het ék geraas gemaak?" mompel hy. "Ek dog dit was jy." "Nooit gesien nie. Jy't so geraas 'n dowe perd sou jou gehoor het. Skaam jou, broer Wolf." Wolf skud sy kop verward. Hy was seker dit was alles Jakkals se skuld. Maar nou ja, miskien het hy 'n fout gemaak. Geduldig stap hy maar saam met Jakkals verder.*

[D4] sluit byvoorbeeld by gebeure aan wat voor hierdie verhaal plaasgevind het en maak 'n appèl op die gehoor se kennis van hierdie vorige gebeure. Hier moet Jakkals sy kaarte mooi speel en vir Wolf in die hande kry sonder om homself in 'n konfrontasie met Wolf se ma te bevind. Dis met ander woorde 'n lang aanloop voordat hy vir Wolf in die hande kan kry om hom weer te betrek by sy slinkse planne. Dit verg ook meer oortuiging van Jakkals om vir Wolf te laat inval by sy planne. Wolf vertrou vir Jakkals na al sy ongelukke nie meer so baie nie. Wolf het al so bietjie slimmer geword en begin wonder oor Jakkals se voorstelle, wat hy nie in [D1] doen nie. Meer tyd verloop met ander woorde voordat Wolf by Jakkals se planne inval omdat hy eers bietjie daarvoor dink in [D4].

**Lotz (1959:118-121) merk op dat sekere handelingse soms herhaal word (gewoonlik drie keer) en in dieselfde woorde weergegee word. Neethling (1977:41- 43) sê dat repetisie een van die basiese tegnieke van 'n volksverhaal is (die funksie hiervan is volgens hom om die dramatiese te intensiveer en die spanning te laat ophoop en dien as geheuesteun):**

Die herhaling in hierdie verhale lê nie soseer in die herhaling van 'n spesifieke episode nie, maar in die herhaling van die reeks chronologiese gebeurtenisse (storie), soos reeds verduidelik onder storie.

In [A4] en [A5] word die hele proses waar Jakkals die room, botter of wyn steel uitgerek deur middel van die herhaalde antwoord en handeling dat hy sy kinders moet laat doop. Wanneer die botter-, room- of wynreserwes uitgeput is, hou die kinders wat gedoop moet word, ook op. Die verteller verdoesel die feit dat Jakkals besig is om al die room, botter of wyn te verorber en plaas daardeur juis die klem daarop dat Jakkals half 'n wenk gee dat

hy weer besig is om vir Wolf te triek. Die gehoor snap dit (deels), maar Wolf glad nie en die aandag word weereens gevestig op Wolf se domheid.

In [E3] word die verskynsel aangetref wat gewoonlik in sprokies voorkom, naamlik 'n handeling wat drie maal voorkom:

*Boer se honde hoor die gedruis, en hulle begin blaf, maar Jakkals roep met alle mag: "Boer! Boer! Kom gou. Wolf het jou vis gesteel, en nou was hy sy vuil **hande** in jou drinkwater."*

*Boer hoor die lawaai, en hy steek kers op.*

*Toe hy die liggie sien, roep Jakkals met alle geweld: "Boer! Boer! Kom gou. Wolf het jou vis gesteel, en nou was hy sy liederlike **voete** in jou drinkwater."*

*Boer druk sy kop by die venster uit en maak die honde stil.*

*Toe hy Boer gewaar, skree Jakkals dat hoor en sien vergaan: "Boer! Boer! Kom gou. Wolf het jou vis gesteel, en nou was hy sy **stert** in jou drinkwater."*

Hierdie motief in [C5] suggereer eintlik dat Wolf sy hele lyf in Boer se drinkwater was. Die eerste keer was hy sy hande, dan sy voete en dan sy stert. Wolf is besig om Boer se kosbare drinkwater te besoedel; dit wat ter wille van gesondheid skoon moet bly, besoedel Wolf. Dit wat Boer genereer vir sy spens, vermors Wolf. Dit sluit aan by die feit dat Boer vir hom 'n stukkie wildernis getem het (sy plaas, ook sy hond, mak Kees en Perd) en Wolf en Jakkals (die wildernis) eien hulle die reg toe om sy produkte goedsmoeds te gebruik. Boer wil met ander woorde boer, maar Wolf en Jakkals is die motief uit die wildernis wat sy planne om te boer strem. Hierdie motief herhaal homself in al die verhale. Die gehoor is deurgaans bewus van hierdie grens tussen die wildernis en die weergawe van die gedeeltelik getemde wildernis. Hierdie ruimtes word egter gefokaliseer deur Jakkals en Wolf en daarom versag dit die feit dat hulle op Boer se produkte teer.

Ook in [C5] word herhaal dat Boer dieselfde dag nog vir Wolf 'n goeie drag slae gaan gee en Boer verseker vir Wolf dat hy dit nie gou gaan vergeet nie. Die feit dat Boer vir Wolf goed gaan straf word sodoende beklemtoon:

*"Goeie genugtig!" roep Boer uit. "Dit sal nie betaal nie!" Hy gryp sy sambok, fluit vir sy honde en lê oop na die dam toe terwyl hy skree: "Vannag gaan ek*

*jou 'n les leer wat jy nie gou sal vergeet nie.” En dan weer: “Vandag sal ek jou 'n les leer wat jy jou lewe lank sal onthou.” En toe hy Wolf daar op die damwal sien: “Vanmôre trek ek die velle van jou lyf af!”*

**Lotz (1959:118-121) sien dat die klimaks sonder onnodige omslagtigheid bereik word en dat die knoop (verwikkeling) eenvoudig is:**

Die klimaks word sonder omslagtigheid bereik. Jakkals oortuig gewoonlik vir Wolf om in te val by sy planne. Jakkals gebruik Wolf se grootte en krag om die planne uit te voer en Wolf trek elke keer aan die kortste end:

[D1] – *En e Jakkals draai om en gaan haal vir Oom Wolf. Hy sê: “Oom Wolf hier is vir ons 'n groot stuk vleis. Jy is mos sterker as ek. Ons moet hom hier wegsleep.”;*

en [E6] - *En Jakkals stap versigtig nader na die boomstomp toe. Ou Wolf help hom, en tjoep, tjoep, skuif hulle die groot, plat klip weg en Jakkals blaas groot rookwolke in die skeur in, soos spuitvliegtuie krioel die bye by die skeur uit en daar trek hulle;*

asook [B6] - *En Jakkals sê: “Oeee, ou Wolfie, ooo ek voel nou so siek. Ag, wil jy my nie help nie? Kyk ek is mos 'n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?” “Ag, ja,” sê ou Wolf. “Ag, ag, Jakkals, my lyf is so seer, maar, maar klim maar op my rug dat ek jou abba.”*

Die knoop is eenvoudig. Jakkals verduidelik gewoonlik kortliks aan Wolf wat hulle gaan doen om die plan uit te voer om kos in die hande te kry en hulle voer die plan uit, byvoorbeeld in [A1]:

*Boer by die hek kom en hy moet afklim om die hek oop te maak, toe sê hy: “Toe nou Oom Wolf, spring op die wa. En as jy bo kom dan rol jy die kanne af. ”Wolf is op die kar. Jy is mos nou sterker as ek.” Wolf is op die wa en as die waentjie hier ry, rol hy die kanne af en Jakkals rol uit die pad uit.*

En ook in [D5]:

*“Perdevleis is soet en sag,” sê hy. “Kom ons sleep hom sloot toe voor Boer iets gewaar. Dan het ons genoeg kos vir 'n week.” “Dit sal baie gaaf wees,” sê Wolf, maar so 'n perd lyk vir my allemintig swaar.” “Ag nee wat,” sê Jakkals. “Ek maak jou aan sy stert vas, en ek vat sy kop. Dan behoort ons hom maklik te trek. ”Jakkals*

*knoop Wolf se stert met 'n dubbele slag, stap om na die kopkant toe en gee die perd 'n flink skop agter die blad.*

**Lots sien dat die ontknoping en slot mekaar ewe snel opvolg en Neethling (1977:41-43) merk ook op dat die slot kort en bondig is:**

Die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale se slot is inderdaad kort en bondig en die ontknoping en slot volg mekaar vinnig op. Die oomblik dat Jakkals vir Wolf getriek het, vind die ontknoping plaas. Jakkals los dan vir Wolf in die een of ander penarie en gaan roep dan vir Boer (of wie ook al) wat Wolf ongenadiglik kom straf.

Jakkals triek vir Wolf en Wolf se behoefte aan kos word soms bevredig ten koste van homself en soms kom hy heeltemal bedroë daarvan af. Die spanning in die stories word tot 'n hoogtepunt gevoer wanneer die gehoor agterkom dat Wolf weer toelaat dat hy getriek word, en dit die uitwerking op die gehoor het dat die verhaal aan hulle geykte verwagtings voldoen. Die verhaal het dus 'n bevestigende funksie: die wêreld is nog soos hy is; Wolf sal weer gestraf word en Jakkals sal weer loskom.

Die verhaal se slot verloop ook in hierdie storie soos wat die gehoor dit voorspel. Gewoonlik kom Boer dan vir Wolf by in die slot en slaan hom byna dood of Boer se honde karnuffel Wolf so dat hy vir dood agterbly, bv. [C4]:

*Nie lank nie of hier kom Boer met 'n sambok aan. Sy twee honde is by hom. "Mapstieks!" roep Boer uit. "Hier sit die kalant wat my skape so steel. Vat hom, Onweer! Terwyl die honde die arme Wolf takel, laat Boer die sambokhoue op sy blaaie neerreën. Wolf tjank dat dit 'n naarheid is. Uiteindelik ruk hy homself los, maar ongelukkig bly 'n stuk van sy stert agter.*

*En [B6]: En die boer sê: "Ja, jou stoute ding!" En hy slaan hom met die kerie. En Wagter byt hom aan sy neus, en sy ore en hy byt en hy byt en... Doef! Daar lê ou Wolf. Hoeëe dit lyk of hy morsdood is.*

Die slot kom gewoonlik net nadat Jakkals sy triek voltooi het. In die slot word dan net vertel wat Wolf en/of Jakkals se verskillende reaksies op die triek is, Wolf word gestraf en dit sluit gewoonlik die storie af. Byvoorbeeld [E3]:

*En wat dai bye hom koggel hulle het hom net da vrek gestee en toe is jakkals uit die kol uit. Fluit-fluit die storie is uit.*

En [C4]: *As Wolf bang is, is hy baie vinnig. Hy spring daar onder die honde uit en hardloop oop en toe oor die veld. En so ver as wat hy hardloop, raas hy met homself. "Ek gaan nooit weer so dom wees om saam met Jakkals vis te vang nie. En ek gaan nooit ooit weer iets met daai skelm Jakkals te doen hê nie!"*

Ook [A1]: *Soos die miere hom hier byt toe sit ou Jakkals agter die bossie vir hom sit en lag. Toe ou Wolf daar opspring toe moet hy net hardloop. En ou Wolf is die bos in en ou Jakkals sit daar houtpopgerus.*

In [E6] lyk die slot effens anders as in die res van die verhale. Hier probeer die verteller 'n les aan die gehoor oordra en is die slot met ander woorde, anders as in die ander verhale, didakties sowel as moraliserend van aard, nl.

*En waar is sy maat? Jakkals? Nee, dié sit veilig doerrrrr ver agter 'n klip en kyk hoe die bye sy ou vriend betakel. Sies! Hy behoort hom te skaam. Maats maak nie so nie. Onthou dit outjies, maats help mekaar. Oeee, weet jy ek is so kwaad vir daardie Jakkals. As ek hom in die hande kry, maats, sal ek vir Frik du Preez gaan roep, dat hy hom sommer flenters skop.*

Volgens Finnegan (2012:337-338) is die morele les 'n algemene karaktertrek van mondelinge Afrika-volksverhale: "But in other cases, sometimes even those from the same area or teller, the moral seems no more than a kind of afterthought, appended to give the narration a neat ending."

**Snyman (1983) verduidelik dat daar 'n besondere atmosfeer heers is volksverhale en dat die aandag van die toehoorder onder andere daardeur gevange gehou word:**

Die atmosfeer of stemming van verhale word geskep en beïnvloed deur die wyse waarop die ruimte uitgebeeld word. Die atmosfeer in hierdie verhale word juis deur die voorspelbaarheid van die verhaal geskep. Die gehoor wat bekend is met die verloop van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale het 'n sekere afwagting juis omdat die verloop van die verhale so voorspelbaar is. Die eendersheid van die feit dat Jakkals elke keer vir Wolf triek en dat Wolf hom elke keer laat vang, is vir die gehoor 'n bevestiging van die ideologie dat die wêreld is soos wat hulle hom ken. Die gehoor kan ook frustrasie met

dom Wolf ervaar omdat hy hom elke keer deur Jakkals laat triek en geen emosionele intelligensie toon deur Jakkals se karakter te leer ken en bedag te raak op die feit dat Jakkals altyd geleentheid soek om vir Wolf te triek nie. Ook frustrasie omdat die gehoor dalk voel dat reg en geregtigheid nooit met Wolf gebeur nie, [C4]:

*Mens sou dink dat Wolf teen dié tyd behoort te weet Jakkals jok. Sy gesonde verstand behoort hom te sê Jakkals sal die vis vir homself vang as daar regtig visse is. Hy sal nie vir Wolf daarvan sê nie.*

En ook [B1]:

*Wolf is so dom. Jakkals is die slimste. Dan het hy nou mooi bekyk hoe kan hy nou vir Wolf verneuk. So vat Jakkals dan nou maar alles wat Wolf moet gebruik of wat Wolf nou gesorg het voor, vat Jakkals en is Jakkals baas oor. Wat vir my die snaaksste is, is dat hy nie kan uitvind.*

### **3.3.2.2    Karakters en karakterisering:**

**Snyman (1983) sê dat die uitbeelding van die karakters en gebeure konkreet is, soos wat 'n kind dit sou ervaar. Neethling (1977:41-43) verduidelik dat karaktertipes in 'n hoë mate eendersheid in uiterlike en innerlike hoedanighede toon:**

In die nuutste bronne (Rousseau, 2011 en Grobbelaar & Verster, 2011) waarin Jakkals-en-Wolfverhale vertel word, word Wolf as die Suid-Afrikaanse gevlekte hiëna en Jakkals as die rooijakkals uitgebeeld deur middel van illustrasies. Die illustrasies is hoofsaaklik ook teenwoordig omdat die teikengehoor kinders is. Die illustrasie van Wolf en Jakkals soos geneem uit (Grobbelaar, 2011:94) is dus heel gepas omdat dit 'n redelik realistiese voorstelling is van hoe 'n rooijakkals en die gevlekte hiëna daarna uitsien.

## Voorstelling van Jakkals en Wolf in Suid-Afrikaanse konteks



**Figuur 3.3.3: Grafiese voorstelling van Jakkals en Wolf vir die Suid-Afrikaanse gehoor (Grobelaar: 2011:94).**

Die Suid-Afrikaanse gehoor vind ook dadelik aanklank by die twee karakters omdat die gevlekte hiëna en die rooijakkals aan hulle bekend is. Die bekendheid veroorsaak dat die half-mitiese situasie 'n groter werklikheid gemaak word. Omdat die karakters nie spesifiek in woorde beskryf word nie, maar deur illustrasies uitgebeeld word, verkry die gehoor 'n konkrete uitbeelding, want hulle kyk na die illustrasies en sien hoe hulle lyk, nl. 'n tipiese rooijakkals en 'n tipiese hiëna. Die teikengehoor wat hierdie verhale hoor, het elkeen ook reeds 'n konkrete beeld wat hy/sy sien as daar gepraat word van 'n jakkals en wolf omdat dit personasies is wat aan almal bekend is en eintlik nie aan 'n Suid-Afrikaanse gehoor voorgestel hoef te word nie.

Uit hierdie voorstelling kan die gehoor ook aflei dat Wolf baie groter en sterker is as Jakkals. Wanneer daar na die fisieke kenmerke gekyk word van die rooijakkals en die gevlekte hiëna, sal daar opgelet word dat die hiëna (Wolf) inderdaad sterker en groter is as die rooijakkals (Jakkals). Jakkals gebruik hierdie eienskap van Wolf tot sy eie voordeel om van die gevare van Boer se houe weg te bly – wat dan inderdaad inpas by die eienskappe van die triekster. SchutzGruber & Buckley (1991) sê dat trieksters gewoonlik kleiner en fisies swakker as hul opponente is, en hul kry hul voorsprong deur gebruik te maak van hul verstand eerder as hul spiere, byvoorbeeld in [A5]:

*Wolf meet Jakkals met sy linkervuis, maar Jakkals staan vinnig terug. “Wag, wag, wag, neef Wolf!” keer hy, want Wolf is groter en sterker as hy as dit op 'n bakleiery*

*uitloop, sal hy die slegste daarvan afkom. "Ons gaan mekaar nou onnodig staan en verniel. Laat ons liewers vasstel wie die skuldige is."*

Snyman (1983) toon aan dat die karakters in volksverhale 'n duidelike beeld van die universele mens gee. Neethling (1977:41-43) sê dat die karakters meestal eendimensioneel is en dat geen karakterontwikkeling plaasvind nie. Lotz (1959:118-121) verduidelik dat daar min karakterontwikkeling en karakteruitbeelding plaasvind in volksverhale. Hy gaan voort deur te sê dat karakters in twee tot drie groepe verdeel kan word, nl.: protagonis, antagonis, tritagonis. Lotz verduidelik ook dat daar gewoonlik drie karakters is wat om die beurt dieselfde lot ondergaan:

In die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale word 'n oortuigende verhaalwerklikheid geskep deurdat daar 'n sterk beroep gedoen word op die gehoor se aanvaarding van die moontlike wêreld wat die verteller oproep. Met ander woorde, daar word gepoog om die gehoor se redelike kennis uit te skakel. Dit lyk asof die teikengehoor (kinders), maar ook volwassenes die grens kan oorsteek tussen die realiteit en die werklikheid van die volksverhaal, maar tog bewus bly van die teenoorgestelde van die werklikheid, die werklikheid van die diereverhaal. Die gehoor is bewus van die vermensliking van die dierekarakters en daarom ontstaan daar die bewustheid dat dit eintlik karaktertrekke is wat net aan mense behoort, maar op die voorgrond is daar die verhaalkarakters, die diere. So ontstaan daar deur die hele korpus verhale 'n aanpassing van bekende menslike elemente of attribute (selfs taal) by hierdie gefantaseerde dierewêreld (Van der Walt, 1964:7).

In hierdie verhale is daar ook telkens drie karakters ter sprake, nl.: Jakkals, Wolf en Boer. Hulle ondergaan egter nie om die beurt dieselfde lot nie. Dis altyd net Wolf wat die onderspit delf, soos in [A1]:

*Toe Jakkals so twee drie uit die pad uit gerol het. Wolf is nog altyd op die wa, hy is besig om af te rol, vat Jakkals sy kan room en hy is weg met die. En e die boer kom agter maar hier is nou moeilikheid. Toe Boer omkyk toe's Wolf op die wa. Boer loop hou stil en Boer slaan vir Wolf vol knoue.*

Alhoewel die karakters van Jakkals, Wolf oor menslike eienskappe beskik soos byvoorbeeld om te kan praat, redeneer en planne maak, verteenwoordig hulle nie 'n duidelike beeld van die universele mens nie. Min karakterontwikkeling vind plaas. Wolf, Jakkals en Boer se karakters bly nie net dieselfde in 'n spesifieke verhaal nie, maar oor die hele korpus van die verhale. Wolf bly oorwegend dom, [B6]:

Toe sê Jakkals: “Maaan moenie so dom wees nie.” en laat hom elke keer deur Jakkals triek. Jakkals bly slim en die tipiese triekster, vergelyk byvoorbeeld die volgende:

[D5] – “Maar waarvoor ek my die meeste vererg, is dat Boer my so staan en koggel het.” Hy weet nie dat Jakkals die groot lagger was wat hy gehoor het nie.

“Ja, is dit nie ongepoets van hom nie?” sê Jakkals. “Kom ons loop liewers.”

So met die aanstap kan Jakkals dit darem nie help om nou en dan onderlangs te grinnik as hy aan Wolf se petalje dink nie.

“Wat lag jy, Jakkals?” vra Wolf agterdogtig.

“Nee, dis sommer van blydschap oor jy met jou lewe daarvan afgekom het, Wolf,” antwoord Jakkals. En Wolf is tevrede.

Boer bly die een wat die straf uitdeel:

[B6] - En die boer sê: “Ja, jou stoute ding!” En hy slaan hom met die kerie. En Wagter byt hom aan sy neus, en sy ore en hy byt en hy byt en... Doef! Daar lê ou Wolf. Hooeee dit lyk of hy morsdood is. En Boer sê: “Nou toe maar, Wagter kom kom my hond. Kom baas se honne. Nou het ons hom doodgeslaan en nou kan ons maar weer terug gaan huis toe.” En Boer draai om en hy stap huis toe.

Tog word daar spore van minimale insig gevind. Soos byvoorbeeld wanneer daar kommentaar gelewer deur die verteller deur gebruik te maak van die karakter se gedagtes, byvoorbeeld [D4]:

*Wolf kry ’n benoude gevoel. Miskien moet hy liewer nie teen Leeu baklei nie. Maar hy sê niks.*

Hier word Wolf nie so vreeslik dom voorgestel as die beeld wat die gehoor gewoonlik van hom in die verhale kry nie. Die gedagtepraat van Wolf dra by tot sy karakterisering. Dis asof Wolf meer insig in sy eie domheid kry. Wolf kan vir homself dink en besef dat hy nie eintlik opgewasse is teen Leeu nie. Hy is ook slim genoeg om dit nie te sê nie, want hy wil ook nou nie hê dat die ander karakter moet dink hy is lafhartig nie. Ook in [A4] word hierdie voorbeeld van ’n denkende Wolf wat insig kry, gevind. Wolf is met ander woorde nie net ’n eendimensionele dom karakter nie.

*Toe Jakkals klaar is, bly Wolf net daar sit. “Eers is ek geskop,” kla hy. “Toe het ek twee keer pak gekry, een keer met ’n sambok en daarna met ’n taaiboslat. En ek het nie eens ’n krieseltjie botter geproe nie.”*

In [B6] lewer die verteller weer kommentaar op Jakkals:

*En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net.*

Die gehoor weet nou dat Jakkals skelm is en kan jok.

Deur Jakkals en Wolf se handelingte kan die gehoor egter aflei dat Jakkals altyd die slim een is wat die planne beraam en Wolf die dom een is wat hom altyd laat vang, soos wat die volgende insidente in [D5] dit duidelik illustreer:

*“Kom ons sleep hom sloot toe voor Boer iets gewaar. Dan het ons genoeg kos vir ’n week.” “Dit sal baie gaaf wees,” sê Wolf, maar so ’n perd lyk vir my allemintig swaar.” “Ag nee wat,” sê Jakkals. “Ek maak jou aan sy stert vas, en ek vat sy kop. Dan behoort ons hom maklik te trek.”*

*Jakkals knoop Wolf se stert met ’n dubbele slag, stap om na die kopkant toe en gee die perd ’n flink skop agter die blad. Vervaard skrik die dier uit sy slaap op, spring orent – en daar trek hy donderend oor die veld, met Wolf teen wil en dank agterna. Wolf is meer op sy kop as op sy voete, en tussendeur klink die perd hom aanhoudend met sy hoewe om van die onwelkome passasier ontslae te raak.*

Daar word ook gebruik gemaak van indirekte karakterbeelding. Byvoorbeeld wat sê die karakters van mekaar en wat sê die karakters se dialoog van hulle. Byvoorbeeld in [B6]:

*En toe sê ou Wolf: “Ja, en dan? Wat gaan ons daar doen?” Toe sê Jakkals: “Maaan moenie so dom wees nie. Ons glip daarin en ons vang vir ons elkeen ’n leekker vet skaap en dan vreet ons dit op en dan hardloop ons weg.”*

Hier word Wolf as dom uitgebeeld deur wat Jakkals van hom sê. Ook in [A5] kan daar afgelei word uit die verteller se woorde dat Jakkals eintlik vals is:

*“Ag, neef Wolf,” sê Jakkals kastig hartseer, “jy sal my nou nie wil glo nie, maar daar is al weer ’n kleintjie wat gedoop moet word.”*

Wolf kry amper nooit van die kos waarvoor hy gewoonlik so hard werk nie en word boonop die meeste van die tyd deur Boer gestraf vir die feit dat hy Jakkals se planne uitgevoer het. Boer deel met ander woorde die meeste van die tyd die straf uit en Jakkals vertolk elke keer die rol van die triekster en Wolf die rol van die onderdrukte. In verhale [D] en [E] is dit egter Perd en die bye onderskeidelik wat die straf uitdeel.

[D5]: *Jakkals knoop Wolf se stert met 'n dubbele slag, stap om na die kopkant toe en gee die perd 'n flink skop agter die blad. Vervaard skrik die dier uit sy slaap op, spring orent – en daar trek hy donderend oor die veld, met Wolf teen wil en dank agterna. Wolf is meer op sy kop as op sy voete, en tussendeur klink die perd hom aanhoudend met sy hoewe om van die onwelkome passasier ontslae te raak.*

En [E6]: *Toe skiet elkeen se angel uit. Ghloeps! En hulle storm op ou Wolf af. Hulle steek hom links en regs, kruis en dwars, pimpel en pers. “Eina! Eina! O, toggie, help my! Die bye steek my dood!” skree arme ou Wolf.*

Die karakters word dus gewoonlik hoofsaaklik uitgebeeld as Wolf (die protagonis), Jakkals (die antagonis) en Boer (die tritagonis). Soms word die tritagonis deur ander instansies vervang soos Perd en die bye.

Gewoonlik word hierdie stories van Jakkals en Wolf in 'n reeks vertel of as 'n versamelbundel gepubliseer. Jakkals en Wolf word dan in die eerste storie aan die gehoor voorgestel. Daar word van direkte uitbeelding gebruik gemaak. Hierdie direkte karakterisering word veral in 1) in die verhale aangetref wat van direkte rede (dialog) gebruik maak, byvoorbeeld [C4]:

*“Die visse sal nie byt voor dit baie koud is nie,” antwoord Jakkals so seepglad soos altyd.*

’n Deel van die triekster se bekoring lê juis in die feit dat hy dikwels kleiner is, of uit ’n posisie figureer van minder oënskynlike mag as die een wat bedrieg word.

[C4]: *Die visse sal nie byt voor dit baie koud is nie,” antwoord Jakkals so seepglad soos altyd.*

Visse byt eintlik glad nie as dit koud is nie, met ander woorde die verteller maak ’n appèl op hierdie algemene kennis van die gehoor dat visse net byt in warmer weer. Dit bewys weer dat as Wolf net so bietjie vir homself wou dink, hy kon agterkom dat Jakkals weer besig is met een van sy skelmstreke. Jakkals word ook hier baie direk gekarakteriseer

deur die verteller wat hom voorstel as iemand wat baie maklik lieg. In die volgende gevalle karakteriseer die verteller ook die karakters baie direk:

[A5]: *Nou is Jakkals ook by – en hy is die grootman, hy is die held.*

Die gehoor weet nou wel nie watter klere dra Jakkals en Wolf nie en hulle lyftaal en houding teenoor hul omgewing en ander mense word baie min beskryf. Maar die gehoor weet byvoorbeeld dat Jakkals baie skrikkerig is vir Wolf se ma, [D4]:

*Jakkals is nog steeds versigtig om naby Wolf se huis te kom. Dis al 'n paar weke ná die keer toe Jakkals vir Wolf omgepraat het om te probeer vlieg. Jakkals bly op 'n veilige afstand staan, want vir Wolf se kwaai ou ma is hy so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. Die ou tannie is briesend oor alles wat Jakkals haar seun aangedoen het.*

Daar bestaan egter 'n verband tussen die gekose karakters en die Jakkals-en-Wolfverhale. Die aard van die karakters Jakkals en Wolf dryf die trieksteraard van die trieksterverhaal aan. Om verder uit te brei op die karakterisering van Jakkals as triekster, kan opgelet word dat die gehoor dadelik met die posisie van die triekster as kleiner dier identifiseer omdat mense dikwels magteloos in sekere situasies kan voel. Die dom grote en slim kleintjie kom algemeen in orale vertellings voor (Leach, 1972:1123). Die gehoor identifiseer met die posisie van die triekster omdat mense dikwels magteloos in die situasie van hul leefwêreld kan voel en die rol van die triekster blyk te wees om die tekortkominge van Jan Alleman in sy onmiddellike sfeer te projekteer op die kleiner karakter wat sy groter teenstander troef. Daarmee gee die triekster toestemming aan diegene wat met hierdie verhale gekonfronteer word (in aanraking kom en kan identifiseer daarmee) om vervulling te smaak (Leach & Fried?, 1972:1123). Jakkals is slim en triek vir Wolf op vele maniere en geleenthede deur gebruik te maak van sy verstand eerder as sy spiere. Dis byvoorbeeld Wolf wat in die [A]-verhale die room-/botter-/wynkanne van Boer se karretjie moet afrol. Jakkals besit nie oor die fisiese krag om dit te kan doen nie, maar hy beskik oor die verstand om Wolf te oortuig om die plan uit te voer en Jakkals triek vir Wolf deur self die room/botter/wyn te verorber én vir Wolf te laat glo dat dit Wolf self was wat dit geëet het en vir Wolf die straf te laat dra wat eintlik vir Jakkals toekom. Wolf word dan inderdaad as besonder dom voorgestel in hierdie verhale:

[A2]: *Toe Wolf by daai vaatjie kom. Haai. Wolf weet nie of moet hy nou vra nie. Toe sal Jakkals vir hom sê: “Jy het dan saam met my gedrink, jong. ”Wolf weet niks daarvan nie. Wolf was rêrig dom gewees.*

Nie al die vertellers artikuleer die triekster-karaktereienskap so duidelik nie. Dit dra heel waarskynlik by tot die feit dat die verteller die meeste van die tyd die gehoor se simpatie wil weghou van Wolf. Hierdeur word die klem eerder geplaas op die vermaaklikheids-aspek wat die triek verskaf. Daarom word Jakkals se karaktereienskap hier uitsonderlik beklemtoon en val die fokus op die feit dat hy daarvan hou om Wolf in die moeilikheid te laat beland. Dit skep ook 'n afwagting by die gehoor oor wat Jakkals gaan doen om Wolf weer in die moeilikheid te laat beland.

In [A1] word daar 'n terloopse karaktereienskap van wolwe deur die verteller gegee.

*En Wolf lê. Hulle is mos baie lief vir slaap. Wolf lê en slaap.*

Die verteller lewer ook deurentyd kommentaar op die karakters en sodoende kom die gehoor meer te wete van die karakters van wie die kommentaar gelewer word, bv.:

[A2]: *Wolf weet niks daarvan nie. Wolf was rêrig dom gewees.*

[C2]: *Jakkals is baie slim gewees en daar gaan hy. Slaan ysterklou in die grond, broer Wolf!*

[D4]: *Wolf skud sy kop verward. Hy was seker dit was alles Jakkals se skuld. Maar nou ja, miskien het hy 'n fout gemaak. Geduldig stap hy maar saam met Jakkals verder.*

Hierdie aanhaling [D4] is 'n voorbeeld waar Wolf met meer dimensies geteken word en sterker vermenslik as gewoonlik, want hy toon die eienskap van geduldig wees. Hy is hier nie so eendimensioneel soos wat hy die meeste van die tyd voorgestel word nie.

In [C4] word die volgende kommentaar aangetref:

*Dis nou 'n ding van Jakkals. Al kry hy self geen kos nie, is dit nog altyd vir hom groot pret om Wolf in die moeilikheid te laat beland.*

Soms kan daar deur die unieke woordkeuse van die verteller ook karaktereenskappe van die karakters afgelei word. In die volgende voorbeeld uit [A1] verduidelik die woord houtpopgerus hoe selfversekerd Jakkals al is, hy is nie eers meer bekommerd oor die nagevolge van sy triek nie.

*En ou Wolf is die bos in en ou Jakkals sit daar houtpopgerus.*

Wolf is nuuskierig van aard.

[A5]: *“En wat gaan sy naam wees?” vra Wolf nuuskierig, want hy het al baie by homself gelag oor Jakkals se eerste kleintjie se snaakse naam.*

[A5]: *“En wat gaan sy naam wees?” vra Wolf nuuskierig, want hy het by homself al baie oor die snaakse naam van Jakkals se eersteling gelag.*

Wolf word baie sterk vermenslik hier.

[A5]: *Hy wil nie meer dink nie, want sy gedagtes is net botter. Hy wil nie gaan slaap nie, want hy droom net van botter.*

Ook Jakkals word soms sterk vermenslik. Jakkals kan die afloop van te veel eet voorsien:

[B4]: *Jakkals, die een met die baie verstand, het lankal daaraan gedink dat hy sal moet ophou vreet voor hy te dik is. Want as hy te dik is, kom hy nie weer deur die skuiwergat nie.*

Jakkals is skynheilig.

[A5]: *“Ek dink weer dis jy,” sê Jakkals vroom.*

Wolf is soms glad nie so dom nie en kan bietjie vir homself dink.

[B4]: *O, dan raak Wolf nou ook geleerd, dink Jakkals. Hy sal gou iets moet sê om Wolf te paai.*

Hierdie beeld van Wolf is die teenoorgestelde van wat die gehoor weet van die natuurlike wolf wat 'n wrede, aggressiewe karnivoor is.

Die dom vrae wat Wolf in sommige van die verhale vra, dra ook by tot sy karakterisering:

[B6]; *En toe hulle nog so stap toe sê ou Jakkals: “Uh ou Wolf, wag 'n bietjie, ek het 'n goeie plan. Kom ons stap daar na Boer se kraal toe. Want binne in die kraal is daar baie skape.” En toe sê ou Wolf: “Ja, en dan? Wat gaan ons daar doen?” Toe sê Jakkals: “Maaan moenie so dom wees nie. Ons glip daarin en ons vang vir ons elkeen 'n leecker vet skaap en dan vreet ons dit op en dan hardloop ons weg.”*

En uit [C4]: *Mens sou dink dat Wolf teen dié tyd behoort te weet Jakkals jok. Sy gesonde verstand behoort hom te sê Jakkals sal die vis vir homself vang as daar regtig visse is.*

Ook in [E6]: *“Ou Wolf man, onder die stam is ’n paar gaatjies waar hulle kan in en uit kruip, man. Hoekom vra jy dan vir my sulke dom vrae, man?” “Ek is jammer, Jakkals, ek sal nie weer nie.” “Dis reg, Wolf, moenie vrae vra nie, doen net wat ek sê.”*

Die volgende insident [C4] dra ook by tot Wolf se dom karakter:

*“Hoe gaan ons die vis vang?” vra Wolf toe hulle daar aankom. “Ons het nog nooit visgevang nie.” “Baie maklik,” antwoord Jakkals. “Ons gaan sit op die damwal en laat ons sterte in die water hang. Jy het juis so ’n lang stert. Daar is so baie vis dat ’n klomp van hulle aan jou stert sal byt. Sodra daar genoeg vis aan jou stert is, trek jy hulle uit.”*

*“Hmmm, dit wil ek nog sien,” brom Wolf toe hy sy stert in die water laat sak. Hy is glad nie seker dié manier van visvang gaan werk nie.*

Alhoewel Wolf self dink dit kan dalk nie werk nie, doen hy tog wat Jakkals voorstel. Wolf kom ook nie agter dat sy stert so swaar is van die water wat om sy stert ys nie, maar glo tog Jakkals se storie dat dit dalk van al die visse is wat aan sy stert byt. Die verteller doen ’n appèl op die hoorder se kennis van die wêreld dat Wolf tog gesonde verstand het.

Wolf eet nie altyd alles wat Jakkals kwytraak vir soetkoek op nie. Hy verset hom dus tog soms teen Jakkals, vergelyk:

[E6]: *“Boer het ’n groot, plat klip bo-op gesit dat skelms nie die nes kan sien nie.” “O, o, jy sê skelms, nè Jakkals. En hoe weet jy dan daarvan?” “Aag, toe nou ou Wolf, moet my nie staan en vasvra nie.” “En Jakkals, as die plat klip nou bo-op die oop skeur is, hoe gaan die bye dan binne-in en hoe kom hulle weer uit?” “Ou Wolf man, onder die stam is ’n paar gaatjies waar hulle kan in en uit kruip, man. Hoekom vra jy dan vir my sulke dom vrae, man?” “Ek is jammer, Jakkals, ek sal nie weer nie.” “Dis reg, Wolf, moenie vrae vra nie, doen net wat ek sê.”*

[C4]: *“Baie maklik,” antwoord Jakkals. “Ons gaan sit op die damwal en laat ons sterte in die water hang. Jy het juis so ’n lang stert. Daar is so baie vis*

*dat 'n klomp van hulle aan jou stert sal byt. Sodra daar genoeg vis aan jou stert is, trek jy hulle uit.” “Hmmm, dit wil ek nog sien,” brom Wolf toe hy sy stert in die water laat sak. Hy is glad nie seker dié manier van visvang gaan werk nie. Die water is buitendien deksels koud.*

Jakkals en Wolf word ook deur indirekte uitbeelding aan die gehoor voorgestel. Bv. Jakkals gebruik dikwels vleitaal om Wolf te oorreed om sy planne uit te voer:

*[A1]: En hy sê, kom maar ek het vir jou room gebêre. En Wolf hier is die room en Wolf jy moet nou sommer drink. Nou moet jy sommer drink, jy het slae gekry oor die room. En Wolf het hom trommelvol gedrink aan die room.*

Jakkals speel met ander woorde op 'n ander basiese menslike drang, nl. die drang na erkenning en nie net op Wolf se gulsigheid nie.

In [A5] karakteriseer die verteller Jakkals implisiet as onbetroubaar:

*“Ag, neef Wolf,” sê Jakkals kasting hartseer, “jy sal my nou nie wil glo nie, maar daar is al weer 'n kleintjie wat gedoop moet word.”*

Dit wat die verteller aan die gehoor oordra, dra met ander woorde grotendeels by tot die karakterisering van die karakters omdat die verteller 'n appèl maak op die gehoor se kennis van die wêreld. Hy manipuleer ook die gehoor deur dit wat hy herhaal of juis subtiel verswyg.

In die Jakkals-en-Wolfverhale word nie baie karakters aangetref nie, tog behoort die rol van gender in die karakterisering in Jakkals-en-Wolfverhale ook aandag te kry. Die karakters in die korpus Jakkals-en-Wolfverhale is meestal van die manlike geslag soos reeds bespreek onder **2.2.2.1 Trieksterverhale**. Jakkals, Wolf en Boer (die hoofkarakters) is van die manlike geslag. Daar is selde 'n verwysing na die vroulike geslag, byvoorbeeld Wolf se ma in [A4] en [D4], Jakkals se vrou in [A5], die aanspreekvorm Miesies in [E1] en die verwysing na die koningin in [E6]:

*[A4]: Die kwaai wolf-tannie is so kwaad vir Jakkals dat sy haar seun, Wolf, verbied om saam met Jakkals te gaan jag.*

*“Bly weg van daai skelm, Boeta,” sê sy elke keer weer. “Hy's 'n dief en 'n skurk en 'n boef. Ek hoop jy het jou les geleer.”*

*Wolf luister na haar, maar tyd gaan verby en tyd gaan verby, en die tyd verander baie dinge. Ná 'n ruk begin Jakkals en Wolf weer saam jag. Maar Wolf vertel nie sy ma daarvan nie.*

[D4]: *Jakkals is nog steeds versigtig om naby Wolf se huis te kom. Dis al 'n paar weke ná die keer toe Jakkals vir Wolf omgepraat het om te probeer vlieg. Jakkals bly op 'n veilige afstand staan, want vir Wolf se kwaai ou ma is hy so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. Die ou tannie is briesend oor alles wat Jakkals haar seun aangedoen het.*

[A5]: *“Ek kan my nie nou nog oor botter bekommer nie,” sê Jakkals haastig. “my vrou het 'n kleintjie, en ek moet hom laat doop.”*

[E1]: *Toe Oom Wolf nader kom toe sê hy: “Morning Miesies, Morning Seur. Morning Miesies, Morning Seur.”*

[E6]: *“Niemand nie ou Wolfie, behalwe die koningin. Maar sy is 'n vriendelike dame.”*

Die vroulike karakters is almal byspelers in die betrokke verhale en word net so terloops genoem. Hierdie verwysing na vroulike karakters kom met ander woorde selde voor in hierdie korpus; dit is slegs vertellers 3, 5 en 6 wat gebruik maak van vroulike karakters. Wolf se ma word as 'n kwaai tannie uitgebeeld. Sy speel die rol van Wolf se beskermengel. Jakkals is versigtig vir haar en moet planne beraam om Wolf uit haar teenwoordigheid te lok voordat hy sy slinkse planne vir Wolf kan opdis. Tog word sy meer minsaam uitgebeeld uit Wolf se oogpunt, byvoorbeeld in [A4]:

*“Bly weg van daai skelm, Boeta,” sê sy elke keer weer. “Hy's 'n dief en 'n skurk en 'n boef. Ek hoop jy het jou les geleer.”*

Uit die benaming Boeta kan afgelei word dat sy nie net 'n kwaai tannie is nie, maar dat sy omgee vir Wolf.

Van Jakkals se vrou weet die gehoor nie veel nie, behalwe dat Jakkals tog 'n vrou het. Nie een van die vroulike karakters speel 'n noemenswaardige rol in die verhale nie. Dit is teenstellend met die leidende partye in die verhale wat almal manlik is. Die bye is die enigste karakters wat as manlik (seur) en vroulik (miesies) voorgestel word met 'n koningin as leier, en Jakkals sê dat sy vriendelik is. Dit blyk wel later dat die bye tog nie so vriendelik is nie, want hulle steek vir Wolf byna dood. Die vroulike karakters in hierdie

verhale word met ander woorde slegs gebruik om die agtergrond 'n bietjie in te kleur of voller te maak. Dis die manlike hoofrolspelers met wie rekening gehou moet word in hierdie verhale omdat die verhale hoofsaaklik in 'n manlike wêreld afspeel.

### 3.3.2.3 *Taal- en woordgebruik*

Die verhale is deurspek met besondere woordgebruik, byvoorbeeld [B6]:

*Kyk ek is mos 'n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?" "Ag, ja," sê ou Wolf. "Ag, ag, Jakkals, my lyf is so seer, maar, maar klim maar op my rug dat ek jou abba." En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net. Hy klim bo-op ou Wolf se seer rug en daaar stap ou Wolf met hom. En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: "Die sieke dra die gesonde.*

Jakkals maak 'n appèl op Wolf se simpatie en speel op sy gevoel. Die woordgebruik hier beklemtoon die saak.

[B6]: *En die boer sê: "Ja, jou stoute ding!" En hy slaan hom met die kerie.*

Die woord "stoute" word in hierdie situasie eufemisties gebruik, heelwaarskynlik omdat die verhaal gemik is op 'n kindergehoor.

Woorde word inderdaad spaarsamig gebruik in die Suid-Afrikaanse Jakkals- en Wolfverhale. Die ruimte of die karakters word byvoorbeeld glad nie in besonderhede beskryf nie. [A1] begin byvoorbeeld met:

*Waar e Jakkals en Wolf padlangs loop. Hulle is nou na die boer se plaas toe op pad. Nou elke dag kom daar 'n waentjie wat e room vervoer.*

Wolf word glad nie aan die gehoor voorgestel nie. Die gehoor weet ook byvoorbeeld nie hoe lyk die waentjie waarmee Boer die roomkanne in die verhale [A] vervoer nie. Ook nie die pad waarlangs hy ry, word beskryf nie. Wolf en Jakkals asook Boer se kleredrag of liggaamshouding word ook nie beskryf nie. Die gehoor weet net dis 'n jakkals en 'n wolf en 'n boer. Die benaming self wek 'n prentjie van die karakters op by die gehoor.

Soms is daar uitsonderings. In die [B]-verhale is daar in [B4] baie meer besonderhede as [B1], [B2] of [B3]. Dit veroorsaak dat die verhaal meer realisties is – nader aan die werklikheid is.

In [B4] word daar baie realistiese beskrywings aangetref. Dis nie sommer net 'n gat waardeur Jakkals en Wolf gaan kruip nie, maar die plek word in besonderhede beskryf:

*Jakkals grinnik. "Vanaand, wanneer Boer gaan slaap het, draf ons twee reguit na sy skaapkraal. Ken jy die plek waar water onder die kraalmuur uitloop?"*

Die volgende beskrywings in [B4] word ook in realistiese besonderhede gegee:

*Toe dit nag word en gitswart skaduwees onder die bome en langs die mure lê, vat Jakkals die voortou plaas toe. Wolf volg hom.*

*Toe draf hy vinnig weg en gaan skuil agter 'n buitegebou om te kyk wat nou gaan gebeur.*

*Stof en hare vlieg van Wolf se lyf af.*

*Maar hy is nogtans baie agterdogtig toe hy en Jakkals daardie aand in die maanlig huis toe draf.*

*Wolf skud sy kop droewig. "Waar kry jy vandag nog vetmaak-lammers?" vra hy.*

*Versigtig nou," fluister Jakkals. "As ons eers binne is, moet elkeen sy lam met die eerste vat plattrek sodat die trop nie skrik en 'n lawaai opskop nie – dan sal Boer se honde ons hoor."*

*Wolf eet sy eie lam op en toe hy sien Jakkals makeer, bêre hy die res van syne ook agter die blaaië. Ai, hoe knop sy maag nou.*

*Toe hy moeg geslaan is, sleep Boer vir Wolf uit die skuiwergat, stamp hom deur die kraalhek en sê "Sa!" vir sy honde sodat hulle kan klaarmaak wat hy begin het.*

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat verteller 4 sy vertellings met fyner besonderhede inkleur en 'n meer realistiese prentjie met woorde aan sy gehoor skets. Die gehoor kan hulle heel waarskynlik meer in die verhaal inleef, omdat 'n meer volledige prentjie geteken word wat die gehoor se verbeelding aanwakker.

**Snyman (1983) verduidelik dat volksverhale ryk is aan simbole en simboliese betekenis wat onder die konkrete verhaalvlak lê.**

In die meeste Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is daar nie ooglopende simbole of simboliese betekenis onder die verhaalvlak soos wat in 'n sprokie aangetref sou word nie. Die verhale is ooglopend daarop uit om te vermaak of om ontvlugting te verskaf en die afleiding kan hier gemaak word dat die elemente van die verhaal ingespan word om hierdie doel te bereik. Simboliese waarde kan dalk geheg word aan die name van Jakkals se kinders wat gedoop moet word in [A4] en [A5]. Dit het egter eerder metaforiese waarde. Die eerste kind heet Eerste Hoepel, die Tweede Hoepel ens. Dan kom die gehoor agter dit is hoe ver die room, botter of wyn in die vat lê wat Jakkals skelm gaan verorber. Dit vestig weer die gehoor se aandag op die feit dat Jakkals weer besig is om Wolf te triek. Hieruit ontstaan dan ook 'n bekende Afrikaanse uitdrukking, soos later verduidelik sal word.

**Lotz (1959:118-121) sê dat die hoofmotief deurgaans op standhoudende wyse gehandhaaf word:**

Die gehoor word met ander woorde deurgaans op een of ander manier herinner aan die hoofmotief. Hiervoor word die taal- en woordgebruik slim ingespan. Die hoofmotief in al die verhale, oor die hele korpus Jakkals-en-Wolfverhale, is die motief van die kleiner slimme wat die sterker domme oorwin en dit word deurgaans volgehou. Die gedeelte in [B6] is 'n sprekende bewys van hoe maklik groter, dom Wolf getriek word deur kleiner, slim Jakkals:

*En Jakkals sê: "Oeee, ou Wolfie, ooo ek voel nou so siek. Ag, wil jy my nie help nie? Kyk ek is mos 'n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?" "Ag, ja," sê ou Wolf. "Ag, ag, Jakkals, my lyf is so seer, maar, maar klim maar op my rug dat ek jou abba." En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net. Hy klim bo-op ou Wolf se seer rug en daar stap ou Wolf met hom. En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: "Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde." Ha ha ha ha!!*

Ander motiewe wat in die verhale aangetref word, is die walvis-motief in [C5]. Jakkals reken dit is hoekom Wolf nie sy stert uit die water kan kry nie. Die walvis suggereer "n groot stuk vleis, wat kan dui op Wolf se gulsigheid:

*"Versigtig net, neef Wolf," sê Jakkals met 'n stroopstem. "Dis seker 'n walvis wat jy beet het."*

Die motief in [C5] naamlik "hy-was-sy-vuil-hande-in-jou-drinkwater" sê Wolf is besig om Boer se kosbare drinkwater te besoedel. Hierdie motief is reeds breedvoerig onder **3.3.2.1 Plotstruktuur** bespreek.

*Boer se honde hoor die gedruis, en hulle begin blaf, maar Jakkals roep met alle mag: "Boer! Boer! Kom gou. Wolf het jou vis gesteel, en nou was hy sy vuil hande in jou drinkwater."*

In [E3] word die motief van die kerk satiries gebruik:

*Koggelmander sê: "Sjwuut, sjwuut, moenie raas nie". Onthou die groot ouens is vandag kwaad. Hulle hou kerk."*

Hierdie motief verwys na mense wat kerk toe gaan, maar in plaas daarvan dat dit hulle met vreugde vul, kom hulle eerder stroef voor. Omdat hulle so ernstig is, lyk dit asof hulle kwaad is. Die stroefheid bepaal dan die atmosfeer in die kerk en daar word van almal verwag, wat in "n sekere radius van die kerk kom, om dieselfde gesindheid te openbaar. Jakkals verskuif hierdeur Wolf se aandag weg van die geld wat Jakkals hom skuld na iets heeltemal anders. Dis met ander woorde onvanpas om naby die kerk aan die baklei te gaan oor geld. Hierdie motief sluit ook aan by die oorspronklike verhaal van *Van den Vos Reynarde* se bedekte spot met die kerk.

**Lotz (1959: 118-121) toon aan dat sommige volksverhale gedeeltes bevat wat gesing of geresiteer kan word.**

In sommige van die verhale bv. [B6] is wel 'n gedeelte wat gesing of geresiteer kan word.

*En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: "Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde."*

Hierdie gedeelte word dan inderdaad ook gesing deur die verteller (Niehaus, 2011) op die klankopname. Omdat hierdie gedeelte herhaaldelik deur Jakkals gesing word, betrek dit die gehoor en dien dit as manier om die gehoor se insig te bevorder in die feit dat Jakkals dit weer reggekry het om vir Wolf te triek. Die fokus word hierdeur gekanaliseer van Wolf na Jakkals; in plaas daarvan dat die gehoor simpatie toon met Wolf, word hul vermaak deur die slim, kleiner Jakkals wat weereens vir Wolf uitoorlê.

### 3.3.2.4 *Ruimtelike patrone*

Die ruimtelike patrone wat in die korpus mondelinge Jakkals- en Wolfverhale gevind is, kan as volg opgesom word:

- **Direkte ruimtelike aanduidings:**

Die omgewing waarin hierdie stories afspeel, word meestal nie in besonderhede beskryf nie, maar net genoem. In [B1] vertel die verteller:

*Die man sê vir hom hulle moet nou hier na die skaapkraal toe gaan, want daai skaap van die baas staan in die kraal.*

Die gehoor weet dus nie of die kraal van modder of klip of bakstene gebou is nie en of die kraal klein of rond of hoë mure het nie, of waar dit geografies geleë is en hoe die omgewing lyk nie. In [C4] kom die volgende voor:

*Maar Jakkals gee nie moed op nie, en hy skree: “Want as jy honger is, kan ek jou sê daar is pragtige groot visse in die dam.”*

Die dam word weereens nie beskryf nie, maar slegs terloops genoem. Die verteller maak ’n appèl op die verteller en die gehoor se gedeelde kennis van die omgewing. Die tendens dat vertellers nie die omgewing in besonderhede omskryf nie, is tog eie aan mondelinge volksverhale. Die gehoor kan egter aflei uit die vertelling dat die stories meestal in die natuur of op Boer se plaas afspeel, naamlik: Boer se kraal, Boer se dam, Boer se skaapkraal, Boer se plaas en die pad waarlangs Boer sy botter/room/wyn vervoer word en soms sommer net die veld. Daar bestaan egter ’n mate van ’n kontras tussen Boer se plaas en die veld. Die verhale speel ook meestal af in die ruimte waar “natuur” (verteenwoordig deur Jakkals en Wolf) bots met “kultuur” (verteenwoordig deur Boer). Ook speel dit af in mensgemaakte strukture soos in Boer se kraal of Boer se dam of plaaspad wat dorp toe lei. Boer se ruimtes is meer getemde ruimtes as veld. Omdat Jakkals en Wolf diere is met menslike eienskappe, sal die gehoor verwag dat hulle tog

ook kan funksioneer in die meer getemde ruimtes. Die ruimtelike plasing lewer 'n bydrae tot die geloofwaardigheid van die verhaal, omdat die hoofkarakters 'n jakkals en 'n wolf is. Die storie(s) is aangepas sodat die karakters in die ruimte kan pas en die hele storie meer aanvaarbaar is vir die gehoor. Daar is egter ook verhale, byvoorbeeld die [D]-verhale en die [E]-verhale, waar Jakkals en Wolf uitsluitlik in die ongetemde ruimte (natuur) beweeg. Die ruimtes wissel oor die grens van getemde na ongetemde ruimte en terug. Die plek waar die stories afspeel, is met ander woorde nie staties nie, maar dinamies. In [C4] ontmoet Jakkals en Wolf mekaar in die veld.

*Toe Jakkals sy ou jagmaat een middag in die veld sien, gaan hy nie nader nie.*

Later in die storie gaan hulle na Boer se dam.

*Ná donker kom Jakkals vir Wolf by sy huis haal en die twee draf dam toe.*

Die karakters beweeg met ander woorde van plek tot plek, maar dit is 'n algemene veld- en plaasruimte sonder veel detail.

Daar word ook nie name aan die plekke gekoppel nie. Die is gewoonlik Boer se kraal en Boer se dam. Selfs in die verhale [A] is dit die pad wat Boer ry na die mark. Daar kom ruimtelike aanduidings in die verhale [B], [C] en [E] voor. In [B] is Boer se kraalhek toe, maar daar is 'n opening in die kraalmuur. Die opening is egter net groot genoeg om deur te gaan voor Jakkals en Wolf geëet het. Net Jakkals besef dit. In [C] word die water al kouer hoe later dit word. Die water word so koud, dat dit vrys. Die verteller verduidelik aan sy kindergehoor [C6]: "Ja, ja net soos in Mamma se koelkas of vrieskas." Ook in [E] is die opening in die stomp na die heuning so klein dat Jakkals moet help sodat Wolf sy kop daarin kan kry. Die ruimtelike dra by om die triek wat Jakkals op Wolf beplan te voltrek en die vermaaklikheidsaspek, omdat dom Wolf dit nie besef nie.

- **Sintuiglike waarnemings van ruimte:**

Die verteller-fokalisator in hierdie verhale, wat later volledig bespreek sal word, deel sy insigte in hoe die karakters dinge beleef met die gehoor. Karakters neem die ruimte rondom hulle waar deur middel van hulle sintuie. Daarom word die gehoor bewus van die ruimte soos dit deur die karakters waargeneem is, maar deur die verteller vertel word. Daar sal vervolgens gekyk word na die ruimte soos dit visueel, taktiel en ouditief aan die gehoor blootgelê word deur die verteller.

## Visueel:

Die verteller lê byvoorbeeld klem in die verhaal waar Wolf en Jakkals Boer se skaap gaan steel ([B]- verhale) op die opening wat net nommerpas is. [B6]:

*En hier kom ou Wolf. Hy steek sy kop eerste deur die gat. Ja, hy pas net mooi. Hy skuur-skuur-skuur so deur.*

In verteller 6 se verhaal word daar meer ruimtebeskrywing aangetref. Die gehoor weet byvoorbeeld waar die byenes is en min of meer hoe dit daar lyk. Vergelyk [E6] en [E1]:

[E6]: *“Da-dan nou maar goed Wolf, nou moet jy mooi luister hoor! Ek weet van ’n vet heuningnes in een van die stamme van ’n ou boom wat laas winter omgewaai het. Boer het ’n groot, plat klip bo-op gesit dat skelms nie die nes kan sien nie.”...*

*...“Ou Wolf man, onder die stam is ’n paar gaatjies waar hulle kan in en uit kruip, man.*

[E1]: *Toe Oom Wolf nader kom toe sê hy: “Morning Miesies, Morning Seur. Morning Miesies, Morning Seur.” En hy gee so pad. Ou Wolf vra vir hom: “Wat maak jy?” En hy sê vir Wolf: “Oom Wolf, daar’s baie lekker heuning daar. Ek was baie honger, maar ek het my vol geëet. Al wat jy moet doen, gaan sit voor die gat en soos die bye uitkom dan sê jy Morning Miesies, Morning Seur.*

In verteller 1 se verhaal weet die gehoor net dat daar net ’n heuningnes is. In verteller 6 se verhaal vertel Jakkals in meer besonderhede hoe hy die nes toeganklik gaan maak vir hulle (Jakkals en Wolf) om in staat te wees om die heuning te kan uithaal. Dis egter ’n metode wat nie gaan werk nie, maar die gehoor (kinders) moet eers wag dat die triek voltrek word, voordat hulle dit besef. In verteller 1 se verhaal raak die gehoor dadelik bewus van Jakkals se triek.

## Taktiel:

In die [E]-verhale beleef die gehoor hoe vreeslik die bye vir Wolf steek deur die woordgebruik van die verteller en kan die gehoor as’t ware voel hoe steek die bye vir Wolf:

*[E6]: Hulle kan nie in nie en toe! Toe skiet elkeen se angel uit. Ghloeps! En hulle storm op ou Wolf af. Hulle steek hom links en regs, kruis en dwars,*

*pimpel en pers. "Eina! Eina! O, toggie, help my! Die bye steek my dood!" skree arme ou Wolf.*

In die [C]-verhale word die gehoor bewus gemaak van die temperatuur deur die feit dat dit winter is en baie koud is, telkens te herhaal.

*[C4]: "Na donker, as alles stil en rustig is," antwoord Jakkals terwyl hy sy hare regskud, want dit is winter en dit is koud.*

*"Genugtig, broer Jakkals," sê Wolf ná 'n lang tyd," die water word verskriklik koud. Ek kan dit omtrent nie meer hou nie."*

*"Die visse sal nie byt voor dit baie koud is nie," antwoord Jakkals so seepglad soos altyd.*

*Dit is 'n koue nag. Daar kom ys op die dam en aan Wolf se stert.*

*Toe die hele dam bevrore is en Wolf se stert in die ys vasgevroes is, sê Jakkals: "Nou kan jy maar uittrek, broer Wolf."*

### **Ouditief:**

Vertellers 1 tot 3 se verhale word mondelings aangehoor. Vertellers 4 tot 6 se verhale is mondelinge verhale wat neergeskryf is, alhoewel verteller 6 se verhale ook gehoor word, omdat dit 'n klankopname (CD) is. In [B6] sing die verteller aan die einde van die verhaal herhaaldelik dieselfde frase. Hierdie tegniek word suksesvol aangewend sodat die gehoor nie die verhaal vergeet nie, omdat die repeterende gedeelte in die geheue vassteek. In die verhale van vertellers 4 tot 6 kom daar veral baie dialoog (direkte rede) voor. Die uitwerking van hierdie tegniek word in meer besonderhede bespreek onder **3.3.2.7 Fokalisasie en stem**. Hier is dit net nodig om te weet dat die gehoor as't ware die gesprekke tussen Jakkals en Wolf en ook Boer hoor, omdat groot dele van die verhaal in die direkte rede weergegee word. Verteller 6 gebruik ook verskillende stemtone om die verskillende karakters uit te beeld:

*[D] "Perdevleis is soet en sag," sê hy. "Kom ons sleep hom sloot toe voor Boer iets gewaar. Dan het ons genoeg kos vir 'n week."*

*“Dit sal baie gaaf wees,” sê Wolf, “maar so ’n perd lyk vir my allemintig swaar.”*

*“Ag nee wat,” sê Jakkals. “Ek maak jou aan sy stert vas, en ek vat sy kop. Dan behoort ons hom maklik te trek.”*

In [C4] wakker die verteller se woordkeuse die gehoor se verbeelding aan en kan die gehoor amper hoor hoe Wolf te kere gaan:

*Wolf tjank dat dit ’n naardeid is; En so ver as wat hy hardloop, raas hy met homself. “Ek gaan nooit weer so dom wees om saam met Jakkals vis te vang nie. En ek gaan nooit ooit weer iets met daai skelm Jakkals te doen hê nie!”*

Hierdie element in die verhale dra ook by om die verhale meer realisties te maak, amper soos dit was toe dit om die kampvuur vertel en aangehoor is.

### **3.3.2.5    *Temporele verhoudings***

- **Volgorde:**

Die verhale is chronologies geskryf, die episodes volg chronologies op mekaar. Sommige verhale blyk dat dit in die middel van die storie begin, maar sluit in die proses by die vorige vertelde verhale aan. Die verteller aanvaar dus dat die gehoor die vorige verhale al gehoor het.

- **Frekwensie:**

Die gebeure word singulatief vertel. Alhoewel daar ’n gedeelte in die verhaal [A4] bestaan waar die gebeure rondom Jakkals wat ’n kind van hom moet laat doop, vier keer plaasvind en ook vier keer vertel word, bly dit singulatief aangesien die aantal kere wat iets gebeur in die storie en die aantal kere wat dit vertel word, in die verhaal ooreenstem.

’n Effek van beklemtoning word gekry deur enkele elemente wat herhaal word in etlike verhale bv. [B]

*En hy trek voor aan ou Wolf en Wolf stoot agter en hulle druk en hulle trek en hulle trek en hulle druk en hulle druk en hulle trek en...*

Die handeling word beklemtoon om aan te dui hoe moeilik dit was om Wolf te bevry. Ook:

*En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: “Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde.”*

Die herhaling verseker dat die hoorder weet dat Jakkals weer vir Wolf getriek het. Dit mag simpatie by die hoorder wek vir Wolf wat hom so laat triek het. Die arme Wolf is voos geslaan en dan dra hy nog die gesonde Jakkals aan wie hy sy beserings te danke het. Dit is die teenoorgestelde van wat in die oorgrote meerderheid van die verhale gevind word, waar die vertelinstansie en die fokalisasie juis die simpatie weg van Wolf af kanaliseer. Die aanwending van sang om belangrike inligting oor te dra is ’n algemene tegniek in mondelinge vertellings. Omdat die gehoor deur hierdie tegniek betrek word, is dit dalk ’n manier om hulle insig te bevorder – in hierdie geval dat Jakkals se triek op Wolf weer geslaag het en dom Wolf hom weer laat vang het. Jakkals is tog die slim een wat al die planne uitdink en Wolf is die dom een wat altyd in die slagkat trap. Die gehoor verwag met ander woorde dat Wolf getriek sal word en kan dan vir hom lag.

- **Duur:**

Die verteltempo is vinnig en episodes volg vinnig op mekaar. Die episodes waarin die hoorder voorberei word op die triek wat hy op Wolf gaan voltrek asook die episodes waar Jakkals dalk uitgevang kan word en hy sy triek moet verdedig, kry meer verteltyd.

Daar word juis klem geplaas op die feit dat Wolf in hierdie langer episodes verblind word en nie die triek sien wat voorberei word om hom weer aan die kortste end te laat trek nie. Hy loop dus blindelings in die proses wat hom slegter daaraan toe sal laat. In [E6] is al die episodes scènes wat redelik uitgebreid uitgebeeld word, amper asof dit opgevoer word, soos in ’n drama, en ook in die karakters se eie woorde. Hierdie element dra by om die verhale meer realisties voor te stel.

Die meeste verhale begin wel by die begin van die storie en die gebeure volg chronologies op mekaar en sluit af by die einde, maar die eiesoortige vertelpatrone lê juis daarin dat daar meer tyd afgestaan word aan sommige episodes as aan ander. Sommige episodes word met ander woorde in groter besonderhede vertel as ander. Vertellers 1 tot 3 se verhale is korter en met minder besonderhede ingekleur as vertellers 4 tot 6 se verhale. Om dit te illustreer word verteller 6 en verteller 1 se verhale in die [E]-verhale vergelyk: [E6]

*“Da-dan nou maar goed Wolf, nou moet jy mooi luister hoor! Ek weet van ’n vet heuningnes in een van die stamme van ’n ou boom wat laas winter omgewaai het.*

*Boer het 'n groot, plat klip bo-op gesit dat skelms nie die nes kan sien nie.* "O, o, jy sê skelms, nè Jakkals. En hoe weet jy dan daarvan?" "Aag, toe nou ou Wolf, moet my nie staan en vasvra nie." "En Jakkals, as die plat klip nou bo-op die oop skeur is, hoe gaan die bye dan binne-in en hoe kom hulle weer uit?" "Ou Wolf man, onder die stam is 'n paar gaatjies waar hulle kan in en uit kruip, man. Hoekom vra jy dan vir my sulke dom vrae, man?" "Ek is jammer, Jakkals, ek sal nie weer nie." "Dis reg, Wolf, moenie vrae vra nie, doen net wat ek sê. Nou kyk, soos jy seker weet, hou bye nie van rook nie. Ek gaan hierdie ou groot pyp van my stop en dan goed aan die gang kry en dan groot wolke rook in die boomskeur inblaas sodat die bye almal kan vlug." "Uh, sal hulle almal vlug, Jakkals?" "Ja, ja, almal behalwe die koningin. Maar eh, Wolfie, sy sal nie omgee nie. Sy rook self, sien?" "Huh, o ja, ja, ek sien." "Wat sien jy, Wolf?" "Huh, die rook, Jakkals." "Moenie verspot wees nie, Wolf, ek het pyp nog nie eers opgesteek nie." "O, ek is jammer Jakkals."

[E1]: *Toe Oom Wolf nader kom toe sê hy: "Morning Miesies, Morning Seur. Morning Miesies, Morning Seur." En hy gee so pad. Ou Wolf vra vir hom: "Wat maak jy?" En hy sê vir Wolf: "Oom Wolf, daar's baie lekker heuning daar. Ek was baie honger, maar ek het my vol geëet. Al wat jy moet doen, gaan sit voor die gat en soos die bye uitkom dan sê jy Morning Miesies, Morning Seur."*

Daar word wel in [A2] opsomming aangetref. Die verteltyd in die teks is hier met ander woorde minder as die storietyd. Die tyd wat dit vir Jakkals neem om drie vate se wyn uit te drink en alles wat daar rondom kon gebeur, word in een sin saamgevat:

*Verder sê Jakkals vir Wolf: "Ja man, ek het nou drie kinders, jong."*

Ook in [A5] word opsomming aangetref:

*So hou dit week vir week aan. Wolf doen navraag, maar Jakkals laat net kind doop: Tweede Hoepel, Derde Hoepel, Vierde Hoepel – al op die ry af*

Ook in [A2] word die roep van die Baas sterk geteleskopeer:

*Hy's daar deur na die Baas toe. Hier kom die baas ôk.*

In [B5] word twee jagtogte wat albei misluk, kortliks bespreek:


*As hy 'n trop springbokke bekruip en hom verbeel hy proe al die warm vleis tussen sy tande, trap hy op 'n korhaan en alles is verlore. Of kom hy op 'n blesbok af en*

*alles verloop na wense, dan draai die wind weer skielik, en die bok snuif net en maak spore.*

Hierdie opsomming(s) is egter 'n variasie wat in al die ander verhale aangetref word, aangesien hierdie episode waar Jakkals die botter/room skelm eet, juis in die ander verhale uitgereken word om die feit dat hy besig is om vir Wolf te triek, te verdoesel.

### **3.3.2.6 Gebeure (*Handelingsreekse, handelingslogika*)**

Die handelingsmoontlikhede in Jakkals-en-Wolfverhale kan byvoorbeeld soos volg geanaliseer word:



**Figuur 3.3.4: Skematiese voorstelling van die verhaallogika volgens Bremond soos aangepas vir hierdie studie (Du Plooy, 1986:163) – geneem uit [A2].**

Uit bostaande skematiese voorstelling kan afgelei word dat daar verskeie handelingsreekse bestaan in Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale, wat in hierdie geval op mekaar volg nl.

Reeks 1: Soos wat Jakkals die saak vir Wolf voorstel en hom as't ware in die triek verlei (verleidingsreeks);

Reeks 2: die triek-reeks, wat uit drie episodes bestaan; en


Reeks 3: 'n volgende triek-reeks wat ook uit drie episodes bestaan.

Reeks 1: Die voorstelreeks lyk meestal soos volg: Wolf (en soms Jakkals) het 'n behoefte (gewoonlik om gevoed te word), maar Jakkals het Wolf se krag nodig om die behoefte te bevredig, dus vertolk Wolf die rol van helper hier, maar word later die een wat gestraf word. Daarom stel Jakkals sy plan aan Wolf voor. Wolf hoor die voorstel (soms moet Jakkals vir Wolf oortuig om by sy planne in te val) en maak soos Jakkals voorstel (resultaat).

Reeks 2: Wolf se begeerte lei nie net tot Jakkals se plan om Wolf se sterkte te misbruik tot sy voordeel nie, maar wakker ook by Jakkals die triek-plan aan. Wolf se domheid, en ook die teendeel, Jakkals se slimigheid word hier beklemtoon. Jakkals se planne slaag en albei sy begeertes, nl. na kos asook om vermaak te word omdat sy triek slaag, kom in volvoering. Jakkals ervaar leedvermaak en put genot uit Wolf se dilemma. Jakkals trek voordeel en Wolf word te na gekom.

Reeks 3: Die vorige triek-reeks (reeks 2) laat die moontlikheid ontstaan dat Wolf Jakkals se triek kan agterkom. Jakkals oortuig egter vir Wolf dat hy saam met Jakkals van die wyn gedrink het. Wolf aanvaar die wanvoorstelling (miskien dink hy hy was so dronk van al die wyn dat hy dit nie kan onthou nie). Wolf se aanvaarding van die wanvoorstelling bevestig egter weereens hoe dom hy is en dat hy regtig nie verder kan dink as wat sy neus lank is nie.

Soms is die een handelingsreeks ook ingebed in 'n ander, soos in [A1]:



**Figuur 3.3.5: Skematiese voorstelling van die verhaallogika volgens Bremond soos aangepas vir hierdie studie (Du Plooy, 1986:163) – geneem uit [A1].**

Die handelingsreeks 3 is in 2 ingebed: Die feit dat Boer moet stilhou, is 'n fase in die proses: Die moontlikheid ontstaan dat die roomkanne gesteel kan word.

Die uitvoering: Wolf klim op die kar.

Die resultaat: Wolf steel die roomkanne (vergemaklik deur 'n proses wat Boer aan die uitvoer is, nl. die plan van Boer om room dorp toe te vat, die begunstiger-proses).  
Patroon: die een proses is ingebed in die ander, nl. die steel van die roomkanne vind plaas binne die groter handelingsreeks van room mark toe vat.

Die moontlikheid ontstaan in reeks 4 dat Wolf betrap kan word deur Boer. In die aktualiseringsproses word Wolf wel deur Boer betrap. Hierdie reeks (4) is ook ingebed in die groter proses van die steel van die roomkanne.

Die episode open 'n ander moontlikheid, nl. konflik tussen Wolf en Jakkals. In die proses stry Jakkals en Wolf oor hoeveel kanne Wolf van Boer se waentjie moes afrol. Jakkals koop die rusie af met room. Wolf is na die afkoopproses tevrede.

Die episode open nog 'n moontlikheid vir Jakkals om Wolf te triek. Die proses begin en Jakkals drink net 'n bietjie van die room omdat hy weet dis nie goed vir jou gestel nie. Wolf, daarenteen, drink te veel room. Die resultaat is dat Wolf se maag omgekrap raak en dit open weer die volgende proses, nl. die moontlike genesing van Wolf se maag. Wolf gaan lê langs die rivier in die son en Jakkals kry kans om ongesiens room aan Wolf te smeer. Die resultaat is dat daar geen verbetering plaasvind nie, maar verdere kastyding deur die miere wat aan Wolf begin byt.

Wolf delf weer die onderspit. Daar word dus dikwels twee parallelle prosesse aangetref: wat vir Wolf na iets goeds ('n verbetering) lyk, open vir Jakkals die moontlikheid om hom weer te triek. Die resultaat is dan gewoonlik dat Wolf weer seerkry en die triek weer slaag of dit is prosesse wat vir Wolf as goed voorgestel word, maar wat die gehoor weet 'n triek van Jakkals gaan wees. Die globale proses is 'n verbetering vir Jakkals, maar 'n verslegting vir Wolf. Wolf ervaar verbetering tot op 'n punt: waar Wolf ook 'n slukkie van die room kry waarvoor hy so hard gely het. Daarom ervaar Wolf net 'n kort rukkie die verbeteringsproses deur die feit dat hy iets te ete (room) kry, maar daarvandaan ry die teëspoed vir Wolf.

Al die vertellers gebruik nie dieselfde handelingslogika nie. Sommige vertellers se verhale is minder ingekleur en gebruik minder reekse om hul verhale te vertel. Vertellers 1 tot 3 se verhale het minder reekse as vertellers 4 tot 6 s'n.

Die verhale openbaar oorkoepelend 'n verbetering vir Jakkals, maar 'n verslegting vir Wolf, omdat Jakkals se triek telkemale slaag en hy sy behoefte aan kos kan bevredig. Wolf trek die hele tyd aan die kortste end. Wolf moet al die slae kry en sy behoefte om gevoed te word, word selde of nooit bevredig nie. Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop dan meestal **parallel**, nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ('n verbetering lyk), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek. Die verbeterings- en verslegtingsprosesse word gelyktydig in die verhaal voltrek, omdat dit wat vir Jakkals 'n verbetering is, vir Wolf 'n verslegting is. Daar is met ander woorde 'n soort dubbele logika. Binne die globale verbetering of verslegting word gewoonlik ander verhalende gedeeltes ingebed. Die primêre verhaal is gewoonlik dat Jakkals en Wolf honger is en hierdie behoefte kan bevredig word deur van Boer se produkte in die hande te kry. Jakkals het dan gewoonlik 'n plan om hierdie kosprodukte in die hande te kry en verduidelik dit aan Wolf. Wolf stem in en sodoende word Jakkals se behoefte bevredig omdat sy honger gestil word en sy triek op die koop toe slaag. Wolf kom gewoonlik bedroë daarvan af. Hier kan dan nog verhalende gedeeltes ingevoeg word om die primêre verhaal beter in te kleur en dit word gedoen deur die bykomende teks in te bed in die primêre handelingsreeks. Wolf kan byvoorbeeld nie dadelik inval by Jakkals se planne nie en Jakkals moet hom oorreed. Die verslegtingsproses vir Wolf kan vir Jakkals weer 'n geleentheid open om vir Wolf te triek. Die verhouding tussen die primêre en ingebedde handelingsreeks is met ander woorde betekenisvol. Nog 'n geleentheid is geskep waar Wolf kon seerkry en nog 'n triek van Jakkals kon slaag. Die moontlikheid bestaan ook dat die gehoor weet dat Jakkals weer getriek kan word, maar die prosesse word vir Wolf voorgestel as iets wat tot sy voordeel kan strek. Die verhale bestaan dan uit verskillende sulke verbeteringsprosesse of triekprosesse (parallele prosesse en soms ook ingebedde prosesse) wat op mekaar volg om 'n geheel te vorm. Die aantal reekse hang af van die mate waarin die verhaal uitgebrei word. Sommige verhale is kort en word daar meestal opeenvolgende reekse aangetref. Verhale wat langer duur word uitgebrei en in die uitbreidingsproses voeg die verteller nog (opeenvolgende en soms ook parallele en ingebedde) reekse by (Kyk Bylae A tot E vir meer volledige voorbeelde.) Die handelingsreeks in hierdie verhale kan as volg opgesom word: Episodes volg mekaar vinnig op. Wolf is honger – Jakkals kry 'n plan – Jakkals oorreed vir Wolf om in te val by sy planne – Wolf laat hom misbruik, want hy is dom – Jakkals trek voordeel uit gebeurde – Wolf word te na gekom. Hierdie reeks herhaal hom in elke verhaal. Die verhale begin meestal by die begin, behalwe wanneer die verhale in 'n reeks of bundel vertel word. Dan maak die verteller soms 'n appél op die gehoor se voorkennis van die verhaal.

Die reekse in die verhale wissel van twee tot agt. Ses van die verhale het drie reekse, vier het vier reekse, drie het ses reekse, twee het twee reekse, twee het vyf reekse, twee het sewe reekse en twee het agt reekse. Die meerderheid verhale het met ander woorde drie reekse. Dis slegs in die [A1]-, [A4]- en [A5]-verhale waar daar reekse voorkom wat ingebed is. Dit is die reeks waar Boer toets vir misleiding deur Wolf te slaan wat ingebed is. Die toets van Wolf se misleiding is met ander woorde uniek in hierdie vier verhale. In die ander verhale volg die reekse net op mekaar. In al die verhale loop die verbetering- en verslegtingsprosesse parallel. In [A1] is daar twee triekreekse en in [E3] triek Jakkals twee subjekte (helde).

### **3.3.2.7 Fokalisasie en stem**

Die vertelinstantie en vertelvlakke in die korpus verhale asook wie kyk en hoe inligting verdeel word, word in hierdie afdeling vergelyk.

Die verhale word deur 'n eksterne verteller-fokalisator vertel wat sowel kyk as vertel en wat nie beperk is tot 'n bepaalde posisie nie, vergelyk byvoorbeeld:

[D5]: *Eendag, 'n rukkie later, kom Jakkals en Wolf op 'n perd af wat lê en slaap, maar Jakkals maak asof die dier dood is.*

Psigologiese faktore speel ook 'n rol in die fokalisasie in hierdie verhale, en beklemtoon so ook die rol van die eksterne fokalisator:

[D5]: *Nou is Jakkals kastig baie danig.*

Met ander woorde, die fokalisator dig aan Jakkals die eienskap toe van iemand wat goed kan voorgee of oneg is. Die verteller-fokalisator rig hom soms direk tot die gehoor en maak 'n appèl op die verteller en die gehoor se gedeelde kennis. Ook in [B4] evalueer die verteller Wolf se gedrag en maak sodoende 'n appèl op die verteller en die gehoor se gedeelde kennis:

*“En wat wil jy daaraan doen?” vra Wolf nors. Hy is nog altyd versigtig vir Jakkals. En wie kan hom dit kwalik neem?*

Die verteller-fokalisator weet wat in Jakkals se gedagtes omgaan en kan dit maklik met die gehoor deel, maar doen dit nie. Dit is 'n manier om in hierdie geval die gehoor se simpatie vir Wolf te wen. Die gehoor se simpatie word met ander woorde gemanipuleer

ten gunste van Wolf. Ook in die volgende gevalle spreek die verteller die gehoor direk aan:

[B6]: *Want maats, julle weet mos, as 'n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè?*

[B2]: *Want maats, julle weet mos, as 'n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè?*

[C4]: *Wolf is egter te nors om te antwoord. En wie kan hom kwalik neem ná alles wat Jakkals hom al aangedoen het?*

*Mens sou dink dat Wolf teen dié tyd behoort te weet Jakkals jok.*

[C6]: *Oeeee, maats, en daar sit die twee. En hulle sit en hulle sit en hulle sit.*

Tog in [C4] dring die fokalisator wel in Wolf se gedagtes in en bied 'n direkte weergawe van Wolf se gedagtes aan (persoonsgebonde fokalisasie). Die verteller in C4 kan met ander woorde Wolf se gedagtes lees en bied dit aan deur middel van Wolf se eie woorde.

[C4]: *“Hmmm, dit wil ek nog sien,” brom Wolf toe hy sy stert in die water laat sak. Hy is glad nie seker dié manier van visvang gaan werk nie.*

Ook in [A4] word 'n voorbeeld aangetref waar Wolf sy insig uit sy perspektief gee – Wolf se fokalisasie op die saak:

*Toe Jakkals klaar is, bly Wolf net daar sit. “Eers is ek geskop,” kla hy. “Toe het ek twee keer pak gekry, een keer met 'n sambok en daarna met 'n taaiboslat. En ek het nie eens 'n krieseltjie botter geproe nie.”*

Jakkals toon weliswaar ook soms insig en dit word ook deur Jakkals se gedagtes deur die verteller aan die gehoor weergegee:

[B4]: *Jakkals het homself al dikwels verwens dat hy Wolf so graag lelike strepe trek.*

Die verteller rig hom soms direk tot die gehoor om kennis wat hy oor die karakter het, te deel. Byvoorbeeld oor Jakkals: [E6]

*Oooo, liewe land, maats. As daardie skelm Jakkals van planmaak praat, dan moet jy weet, hy's weer met een of ander stoutigheid besig.*

Asook [B6]: *En ja, hier lê ou Wolf. Hy's vas. En die boer sê: "Ja, jou stoute ding!" En hy slaan hom met die kiere. En Wagter byt hom aan sy neus, en sy ore en hy byt en hy byt en... Doef! Daar lê ou Wolf. Hoeee dit lyk of hy morsdood is.*

Met hierdie fokus van die verteller se woorde word daar spanning geskep en word Jakkals gekarakteriseer. Daar word deur hierdie fokus aan Jakkals die eienskap toegedig van iemand wat skelm is en iemand wat altyd besig is met een of ander stoutigheid. In [E6] is Jakkals nie net slim nie; hy is nog dislojaal ook:

*Sies! Hy behoort hom te skaam. Maats maak nie so nie. Onthou dit outjies, maats help mekaar. Oeee, weet jy ek is so kwaad vir daardie Jakkals. As ek hom in die hande kry, maats, sal ek vir Frik du Preez gaan roep, dat hy hom sommer flenters skop.*

As gevolg van die fokalisasie in [C5] weet die gehoor meer as die karakter (Wolf).

*"Maar natuurlik, neef Wolf," sê Jakkals. Die vis het hy die vorige aand uit Boer se buitekamer gesteel, maar hy het al klaar weer planne.*

Die verteller tree eksplisiet na vore en staan met ander woorde nie op die agtergrond nie. Sommige vertellers artikuleer ook waardes en sienings en voed sodoende die gehoor op. 'n Goeie voorbeeld hiervan word byvoorbeeld in [E6] aangetref:

*Sies! Hy behoort hom te skaam. Maats maak nie so nie. Onthou dit outjies, maats help mekaar. Oeee, weet jy ek is so kwaad vir daardie Jakkals. As ek hom in die hande kry, maats, sal ek vir Frik du Preez gaan roep, dat hy hom sommer flenters skop.*

Soms vind die vertelling in Jakkals se stem plaas en nie in die verteller s'n nie:

*"Wolf, jong, wag, nou nou weet ek nie, Wolf. Dit lyk vir my ek sien 'n by ingevlieg kom? Nee, nee, dis nie een nie! Dis tien! Di-dit is honderd bye! Nee, dis 'n duisend! O,ooo, dis 'n miljoen!" "Ek gaan nou hier los, Wolf en gaan hulp soek!"*

Jakkals kry dit reg dat Boer altyd dink dis Wolf wat die skelm is: [C4]

*"Mapstieks!" roep Boer uit. "Hier sit die kalant wat my skape so steel."*

Dit is dan ook 'n eienskap van die triekster om altyd die onus op iemand anders te laat rus. Sy sonde word voor die deur van die onskuldige karakter se deur gelê: [C4]

*“Jy het juis so ’n lang stert.”*

Die vleitaal is eie aan Jakkals (die triekster). Hy gebruik dit om Wolf te oorreed om by sy planne in te val.

In die spesifieke verhale [D]: Ysterklou in die grond slaan, plaas Jakkals die onus op Boer:

*“Maar waarvoor ek my die meeste vererg, is dat Boer my so staan en koggel het.”  
Hy weet nie dat Jakkals die groot lagger was wat hy gehoor het nie.*

*“Ja, is dit nie ongepoets van hom nie?” sê Jakkals. “Kom ons loop liewers.”*

Ons vind deurgaans in hierdie verhale dat die triekreeks gepaard gaan met die handeling om die skuld op iemand anders te pak. Jakkals verontskuldig hom deur die skuld elke keer op Wolf te pak en spring sodoende die straf vry. Byvoorbeeld in:

[B2]: *En toe hy buite kom, harrrdloop hy na Boer se huis toe. En toe hy so aankom toe skree hy: “Boer! Boer! Boer! Kom kyk wie’s daar in jou skaapkraal! Dis ou Wolf! Hy is besig om al jou skape op te vreet!”*

[C6]: *En Jakkals harrrdloop na die boer se plaas toe en hy sê: “Boer! Boer! Kom dadelik na die rivier toe. Daar sit Wolf wat so baie kwaad doen en al jou skape steel en jou hoenders vang. Nou kan jy hom in die hande kry!”*

[A4]: *“Dis jy, Wolf,” skree hy kastig woedend. “Jy is die botterdief.”*

*Wolf verstaan dit glad nie. “Het ek dan in my slaap kom botter steel?” mompel hy.*

*“Nou gaan ek jou ’n ordentlike loesing gee, jou botterdief,” skree Jakkals.*

In [A2] lei Wolf se begeerte nie net tot Jakkals se plan om Wolf se sterkte te misbruik tot sy voordeel nie, maar wakker ook by Jakkals die triek-plan aan:

*Jakkals en Wolf hulle gaan nou hierdie kant toe, dis sekere een tyd, maar e, hier’s nou ’n vaatjie met wyn afgeval, van ’n ding af. Jakkals sien wat hierrie goete is. Hy hang, maar oraait. Jakkals dink hoe ’n plan, hoe gaan ek nou vir hom sê. Wolf sal self aan die slaap raak? Jakkals is wakker. Jakkals kyk is Wolf wakker of wat gaan aan. Jakkals bekyk hy die hele plek oor. Hulle het die vaatjie nou op ’n plek nou neergesit. Dan hy grom, Jakkals. En hy laat sak daai vaatjie. Hy laat sak hom. Toe die Wolf hier wakker word toe sê hy vir Wolf. Hy het nou een kind. Waar is die*

*kind? Hy is hier, hy is hier. Wat is sy naam? Eerste woord wat daar is wat inkom. Vaatjie. Nou ja, maar ons gaan nou maar weer slaap. En hy laat sak hom. Jakkals drink al daai wyn uit. Verder sê Jakkals vir Wolf: "Ja man, ek het nou drie kinders, jong." Wat die drie vate. Drie kinders. "Jakkals, maar ons gaan nog van die wyn drink, jong." Toe Wolf by daai vaatjie kom. Haai. Wolf weet nie of moet hy nou vra nie. Toe sal Jakkals vir hom sê: "Jy het dan saam met my gedrink, jong." Wolf weet niks daarvan nie. Wolf was rêrig dom gewees.*

Hier speel psigologiese faktore 'n belangrike rol in die fokalisasie van hierdie verhaal. Omdat die fokalisator die waarheid weet, met ander woorde dat Jakkals weer vir Wolf triek en self die wyn opdrink wanneer Wolf slaap en Jakkals dan vir Wolf jok as hy wonder waar al die wyn heen is, kan dat die fokalisator waarneem dat Jakkals leedvermaak ervaar en genot put uit Wolf se dilemma.

By hoë uitsondering begin die verhaal met 'n dialoog tussen die karakters waar die verteller hulle die eerste woord gee. Hierdie karaktergebonde fokalisasie toon met ander woorde 'n afwyking van die patroon in ander verhale. Hierdie opening gee die gehoor die idee dat die verhaal reeds aan die gang is en die vertelling begin as't ware in die middel van die gebeure. Hierdie soort opening word veral aangetref wanneer Jakkals-en-Wolfverhale in 'n bundel vertel word of wanneer die een Jakkals-en-Wolfverhaal na die ander vertel word soos om 'n kampvuur of deur 'n klankopname (CD). Die verteller gaan dan van die veronderstelling uit dat die gehoor die vorige verhale gehoor het en gaan met die volgende verhaal net voort op die verhale wat reeds vertel is. Om in die middel van die verhaal te begin, is ook 'n ou taktiek van vertellers deur die eeue om hulle gehoor betrokke te kry by die verhaal. Dis egter 'n afwyking van die storie-volgorde en nie die reël in hierdie korpus nie.

Daar word ook gebruik gemaak van eksterne fokalisasie: [C4]

*Uiteindelik ruk hy homself los, maar ongelukkig bly 'n stuk van sy stert agter. Dit is waarom Wolf vandag nie meer so 'n lang stert het soos daardie tyd nie.*

*Asook [E1]: So het die bye omgedraai, uitgekom en hulle het vir Oom Wolf gesteeke vol kolle. En Wolf hardloop die bos daar in. Van daardie dag af het daar ook tiere bestaan, want die bye het vir ou Wolf so gesteeke dat hy vol kolle is. En daarom kry ons vandag 'n tier met swart kolle.*

Hier neem die verteller die rol aan van "n wyse ou man wat vir sy jonger gehoor verklaar waar sekere dinge vandaan kom.

Boer se produkte voorsien gewoonlik in Jakkals en Wolf se behoeftes [B6]:

*"Kom ons stap daar na Boer se kraal toe. Want binne in die kraal is daar baie skape."*

En [A4]: *"Dis Boer wat sy botter mark toe neem. Gaan lê jy nou in die pad en maak of jy dood is. Dan, wanneer Boer jou op die wa gelaai het, kan jy vir ons 'n vaatjie botter laat afrol."*

Daar word ook voorbeelde van ander binêre opposisies in die plotstruktuur van hierdie korpus verhale gevind. In [B4] word daar "n duidelike voorbeeld gevind van die opposisie van gebrek teenoor oorfloed<sup>10</sup>:

*"Dis Boer," antwoord Jakkals. "Ons vergaan van ellende terwyl Boer en sy mense in oordaad lewe."*

Die verteller spel soms Jakkals se eienskappe uit. Die verteller kan met ander woorde aan Jakkals sekere eienskappe toedig, bv. in [D5] kan die gehoor aflei dat Jakkals iemand is wat goed kan voorgee:

*Nou is Jakkals kastig baie danig*

Op die oppervlak lyk alles wel, maar hy kan doen dinge met "n motief wat hy goed wegsteek; [D]:

*"Wat lag jy, Jakkals?" vra Wolf agterdogtig.*

Wolf se eienskap van domheid word ook deur bostaande aanhaling beklemtoon en bevestig aan die hoorder wat hulle reeds weet, dat Wolf so dom is. Wolf is agterdogtig, want dis so voor die hand liggend dat Jakkals vir hom jok. Tog kom Wolf dit nie agter nie en volg hom tevrede:

*En Wolf is tevrede.*

---

<sup>10</sup> Hierdie kenmerk resoneer sterk met die sosiale ervaring van arbeidsverhoudinge tussen bruin of swart arbeider en wit werkgewer en die feit dat die arebeider baie min het en die werkgewer beskik oor alles waaraan die werker tekort skiet. Ook wat vandag in die samelewing bevind word rondom konflik as gevolg van natuur teenoor kultuur, onderdrukker teenoor politiek en identiteitsvorming.

In [B] is die verteller se stem meer opvallend as gewoonlik – omdat die verteller die karakter direk karakteriseer:

*En Jakkals, die skelm ding sê...*

*En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals...*

Die verteller maak dus seker dat die hoorder weet dat Jakkals skelm is.

Die fokalisator én die vertelinstansie span dus saam in hierdie verhale om die gehoor te manipuleer en die fokus te plaas op die feit dat Wolf dom is en op Jakkals se slim planne. Die herhalende patroon veroorsaak dat die gehoor gemanipuleer word in die rigting soos wat die verteller én fokalisator wil hê die gehoor die storie moet sien. Dit bevestig die aard van die gehoor se wêreld. Die herhalende patroon veroorsaak dat die gehoor kan voorspel wat volgende gaan gebeur en wanneer die verhaal verloop soos wat die gehoor verwag, veroorsaak dit vermaak en sodoende genoegdoening.

Elke verteller vertel die verhale op sy unieke manier. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

### **3.3.2.8 Vertellerpatrone en die uitwerking op die gehoor:**

Wanneer die vertellers met mekaar vergelyk word in hierdie korpus is dit belangrik om op te let dat die oorgrote meerderheid van die vertellers van die manlike geslag is. Daar is etlike vroulike vertellers gevind in die Du Plessis-versameling wat vir die doel van hierdie studie as verteller 3 geïndekseer is. Elke verteller in hierdie korpus word apart bespreek om die variasies wat die verskillende vertellers in die verhale te weeg bring, duidelik te laat blyk. Ten eerste sal die vertellerpatrone bespreek word en ten tweede die uitwerking wat dit op die gehoor sou kon hê:

#### 3.3.2.8.1 Vertellerpatrone

- **Verteller 1**

Daar word baie spore gevind van hoe die verteller die stories aangepas het by sy leefwêreld. Verteller 1 vertel die verhale baie meer kernagtig as die res van die vertellers, byvoorbeeld die [D]-verhaal van verteller 1.

Die [A]-verhaal bied ook 'n nuwe variant van die algemene vorm waar Jakkals die room self opeet tot by boomskraap. Hier kry Wolf tog room om te drink en Jakkals laat hom genoeg drink omdat Jakkals weet dat te veel room mens se maag omkrap en dit die

geleentheid vir 'n volgende triek open. Ook [C1] is 'n ander variant van die verhaal waar Wolf met sy stert visvang:

*Ou Jakkals het altyd die krokodil het hy dopgehou. Hy kom al hoe nader tot hy deur die water is. En Jakkals tel sy stert op en sit hom langsaan hom neer. Ou Wolf se stert hang in die water. Toe Krokodil Wolf se stert gryp en afbyt toe Wolf so skree toe hardloop hy. Wolf spring daar op en hardloop weg.*

Verteller 1 evalueer ook soms die situasie in die verhaal (soos deur Labov beskryf), [B1]:

*Wat vir my die snaaksste is, is dat hy nie kan uitvind.*

Verteller 1 oordryf soms. In [B1] word dit baie mooi geïllustreer wanneer Jakkals voorgestel word as die grootmeneer:

*Hy het ses skape doodgemaak en geëet. Dan gaan hy sommer daar deur die skuiwergat. Hy's daar deur na die Baas toe. Hier kom die baas ôk.*

In hierdie verhaal het verteller 1 ook die gebeure baie korter saamgevat as in die ander [B]-verhale.

In [E1] is die gebeure anders ingeraam as in van die ander vertellers s'n:

*Wolf is weg en Wolf is weg. Jakkals is in die bos in. En hy kom. En e so sloot op in die rivier uitgespoel. Hy kom, hy kom. Jakkals hoop dis baie lekker heuning. Hy kom by die heuningnes hy kyk in die heuningnes. Hy sien hoe- oe dis baie lekker heuning.*

- **Verteller 2**

Hierdie verteller spreek graag die gehoor direk aan, [B2]:

*Want maats, julle weet mos, as 'n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, né?*

- **Verteller 3**

Verteller 3 lig die binêre opposisie van slim teenoor dom baie pertinent uit. Die vreemde sintaksis kenmerkend van hierdie verteller gee egter die mondelinge verteltrant weer, [B3]:

*Wolf en Jakkals. Wolf is maar bietjie van die domspan. En Jakkals is maar 'n ou slim man. En hy het altyd vir ou Wolf nou maar ingeso gelei in plekke waar ou Wolf waar ou Wolf as ou Wolf hom agterkom dan is hy lankal in die ou Wolf in die slagyster.*

Hierdie voorbeeld is ook in Labov se terme "n opsomming van die punt van die verhaal.

Die verteller gee ook "n kinkel aan die [B]-verhaal deurdat Jakkals nie die persoon wat die straf moet kom uitdeel, roep nie. Die verteller noem ook nie die persoon Baas of Boer nie, maar praat van die witmense. Dit kan "n politieke kleur aan die verhaal gee, omdat die verteller baie bewus is van die feit dat diegene wat die straf uitdeel, blankes is:

*En toe kom die witmense nou die môre.*

Ook die [E]-verhaal word deur hierdie verteller in "n ander variant vertel en die gebeure word baie kernagtig vertel, so kernagtig dat die gehoor heelwat moet bylas uit hul kennis van Jakkals-en-Wolfverhale:

*Koggelmander sê: "Sjwuut, sjwuut, moenie raas nie". "Onthou die groot ouens is vandag kwaad. Hulle hou kerk." Dis nou ou Koggelmander wat so sê.*

*En wat dai bye hom koggel hulle het hom net da vrek gestee en toe is jakkals uit die kol uit. Fluit-fluit die storie is uit.*

- **Verteller 4**

Verteller 4 gee meer besonderhede in sy beskrywings en dit maak verhale meer realisties. Hierdie verteller se [B]-verhaal toon "n interessante variant deur die feit dat Wolf "n beswaar opper (gebaseer op sy ondervinding met Jakkals en sy skelmstreke) en daardeur byna Jakkals se plan voorspel, [B4]:

*Toe dit nag word en gitswart skaduwees onder die bome en langs die mure lê, vat Jakkals die voortou plaas toe. Wolf volg hom.*

*By die werf gaan staan Jakkals en snuif teen die wind op. Hy wil kyk of hy Boer of sy honde ruik. Daar is egter niks. Alles is doodstil en rustig.*

*Toe onthou hy iets. "Maar wag, ou broer, jy het my al so baie strepe getrek. Het jy nie met Boer afgespreek dat hy my met sy sambok binne-in die kraal sit en inwag as ek daar deurkruip nie?"*

In [A4] gee hierdie verteller ook 'n effense verklaring van wat hulle agter die bos maak. Dit is teenstellend met variasies van die ander vertellers.

*Een oggend lê die twee agter 'n bos en rus toe hulle 'n wa in die pad hoor aankom. Jakkals loer deur die bossies.*

Verteller 4 gee ook meer realistiese tydsaanduidings, byvoorbeeld in [A4] word die die woord Dinsdag pertinent genoem.

In [B4] veroorsaak die interessante invulling van Jakkals wat snuif teen die wind, 'n nuwe variasie van die verhaal:

*By die werf gaan staan Jakkals en snuif teen die wind op. Hy wil kyk of hy Boer of sy honde ruik.*

Hierdie verteller kry dit reg om klem te plaas op die feit dat Jakkals baiekeer vir Wolf dinge wegsteek sodat sy planne kan slaag, [A4]:

*“Eerste Hoepel,” mompel Jakkals en stap haastig verder.*

In hierdie verteller se verhale word ook spore van binêre opposisies gevind. Die motief van gebrek teenoor oorfloed en die sosiale ongelikheid wat reggestel moet word, word in [B6] uitgelig:

*Eendag was ou Wolf en Jakkals vreeslik honger gewees. En toe hulle nog so stap toe sê ou Jakkals: “Uh ou Wolf, wag 'n bietjie, ek het 'n goeie plan. Kom ons stap daar na Boer se kraal toe. Want binne in die kraal is daar baie skape.”*

In [C4] word die gehoor aangespreek:

*Mens sou dink dat Wolf teen dié tyd behoort te weet Jakkals jok.*

Die verteller evalueer ook die gebeure (in Labov se terme), [C4]:

*Dis nou 'n ding van Jakkals. Al kry hy self geen kos nie, is dit nog altyd vir hom groot pret om Wolf in die moeilikheid te laat beland.*

- **Verteller 5**

Verteller 5 gee baie realistiese besonderhede, [B5]:

*Wolf skud sy kop droewig. “Waar kry jy vandag nog vetmaak-lammers?” vra hy.  
“Boer het te slim vir ons geword. Vandat hy daardie hoë klipkraal gebou het, kan ons hulle nie meer bykom nie.”*

Die handelingsreeks is ook in meer besonderhede uitgewerk by verteller 5 se verhale as by die ander vertellers, [B5]:

*“Boer! Boer!” roep Jakkals.*

*Die honde begin blaf.*

*“Kom gou, Boer!” skree Jakkals.*

*Die agterdeur gaan oop.*

*“In die skaapkraal, Boer!” lag Jakkals en maak dat hy wegkom.*

*Arme Wolf! Nee kyk, so maak vriende nie met mekaar nie. Toe Boer by die skaapkraal kom en sien wat aan die gang is, gaan haal hy sy sambok.*

*“O, so nè?” Woep! “Jy wil mos, nè?” Woep! “Ek sal jou leer...” Woep! Woep! “... om my lammers te steel!” Woep! Woep! Woep! So looi Boer hom gesels-gesels uit, en Wolf kan maar net soebat, al weet hy dit sal nie help nie.*

*Toe hy moeg geslaan is, sleep Boer vir Wolf uit die skuiwergat, stamp hom deur die kraalhek en sê “Sa!” vir sy honde sodat hulle kan klaarmaak wat hy begin het. Maar daardie pak slae was vir Wolf genoeg. Hy gaan hom nie nog laat staan en verskeur ook nie. Soos ’n koeël uit ’n roer skiet hy oor die rantjie en die honde het hom nie eens weer gesien nie*

Hierdie verteller gee ook vir die gehoor ’n uitleg van die gebeure, wat nie by die ander vertellers gebeur nie, [A5]:

*“Eerste Hoepel,” sê Jakkals wat die botter daardie oggend tot by die eerste band om die vaatjie laat sak het.*

*Wolf is naderhand raadop.*

En hierdie verteller vermenslik die karakters baie sterk, [A5]:

*Hy wil nie meer dink nie, want sy gedagtes is net botter. Hy wil nie gaan slaap nie, want hy droom net van botter.*

Die verteller karakteriseer die karakters deur slim woordgebruik, soos byvoorbeeld deur die woord *nuuskierig* in [A5]:

*“En wat gaan sy naam wees?” vra Wolf nuuskierig, want hy het by homself al baie oor die snaakse naam van Jakkals se eersteling gelag.*

Hieruit kan die gehoor ook aflei dat Wolf ’n sin vir humor het alhoewel die uiteinde van die grap waarvoor hy so lekker lag, ten koste van homself is.

- **Verteller 6**

Verteller 6 bewoord dikwels ook ’n morele les in sy verhaal, wat nie so eksplisiet by die ander vertellers aangetref word nie. Verteller 6 tree ook dikwels in sy eie stem na vore, [E6]:

*Sies! Hy behoort hom te skaam. Maats maak nie so nie. Onthou dit outjies, maats help mekaar. Oeee, weet jy ek is so kwaad vir daardie Jakkals. As ek hom in die hande kry, maats, sal ek vir Frik du Preez gaan roep, dat hy hom sommer flenters skop.*

Verteller 6 pas ook sy woordgebruik aan om sy verhaal aan te pas vir ’n kindergehoor, [E6]:

*Oooo, liewe land, maats. As daardie skelm Jakkals van planmaak praat, dan moet jy weet, hy’s weer met een of ander stoutigheid besig*

Hierdie verteller spreek ook die kindergehoor direk aan, [B6]:

*Want maats, julle weet mos, as ’n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè?*

En [C6]:

*Oeeee, maats, en daar sit die twee.*

Hierdie verteller bring 'n interessante variasie in die [C] – verhale deurdat Jakkals vir Wolf verlei met gesteelde visse in [C6]:

*Na 'n rukkie kom die boer daaraan en hy klim in sy vragmotor en daar ry hy met Jakkals agter op die bak. En toe hy so ent gery het, vat die skelm Jakkals 'n vis en hy gooi dit buitekant op die grond dat dit sommer so daaar trek. Elke nou en dan gooi hy 'n vis af en na 'n ruk, toe spring hy self van die vragmotor af. Hy begin terug stap huis toe. En toe hy naby die huis kom, kry hy vir ou Wolf en hy sê: "Oo, môre ou Wolfie. En hoe gaan dit vandag ou vriend?" Wolf sê: "Nee, goed dankie. Ek is net vreeslik honger en verskriklik lus vir 'n lekker gebraaide stukkie vis. " En Jakkals sê: "Ma kom ons gaan visvang by die rivier. Ek weet van 'n lekker plek waar daar volop vis is." "Nou maar reg," sê ou Wolf.*

Ook 'n interessante variasie in [C6] word deur die verteller bewerkstellig deur die herhaling van Jakkals se eie woorde en dit beklemtoon dat hy hom tog so onskuldig hou:

*En net toe hy daar kom, kom Jakkals agter 'n boom uit en hy sê: "O, goeie môre Boer. O, ek is so soet. Ek is so baie soet. Ek sal vir jou help Boer om vir ou Wolf uit die water uit te kry en dan kan jy hom goed slaan met jou sweep."*

Uit hierdie afdeling het dit dus duidelik geword dat daar baie elemente is wat 'n bydraende rol speel in die samestelling van 'n verhaal. Hierdie elemente werk almal saam om die verhaal tot 'n hegte eenheid saam te bind. Dit gaan met ander woorde net oor wat vertel word nie, maar ook oor hoe dit vertel word. Dit is duidelik dat die manier waarop die verteller sy verhaalstof manipuleer bydra tot die spesifieke generering van betekenis en sodoende ook bydra tot 'n bepaalde uitwerking op die gehoor.

Die manier waarop Jakkals vir Wolf aanspreek, verskil ook van verteller tot verteller, maar dit word breedvoerig bespreek onder **3.4 Aanspreekvorme**.

Die dialoog is beslis beperk in vertellers 1, 2 en 3 se verhale. Dialoog kom egter volop voor in vertellers 4 tot 8 se verhale. Vertellers 1 tot 4 se verhale kan net gehoor word. Vertellers 5 tot 6 het die mondelinge verhale neergeskryf. Om dit te verduidelik en meer uit te brei, word die vertellers se oorkoepelende vertelstyl hieronder vergelyk (maar sonder om te veel klem op die plotstruktuur te lê).

- **Inleiding**

Die inleiding van hierdie verhale kondig gewoonlik die helper (aktant) en ook die begunstigende aan wat die triek op Wolf gaan help voltrek:

[A1] - *Waar e Jakkals en Wolf padlangs loop. Hulle is nou na die boer se plaas toe op pad. Nou elke dag kom daar 'n waentjie wat e room vervoer.*

[A2]: *Jakkals en Wolf hulle gaan nou hierdie kant toe, dis sekere een tyd, maar e, hier's nou 'n vaatjie met wyn afgeval, van 'n ding af. Jakkals sien wat hierrie goete is.*

[A4]: *Ou Jakkals steel die botter van die miesies by die venster waar hulle die botter in die koelte sit.*

[A5]: *Jakkals en Wolf loop in die pad, loop in die pad, loop in die pad en hulle kom op 'n volgelaaide wa af. Dis net die een vaatjie op die ander. "Nee, ek ken daardie vaatjies," sê Jakkals. "Hulle is vol botter." "Kan ons dan nie enetjie bykom nie?" vra Wolf watertand.*

[A5]: *Jakkals en Wolf loop in die pad, loop in die pad, en hulle kom op 'n swaar gelaaide wa af. Dis net die een vaatjie op die ander. "Nee, ek ken daardie vaatjies," sê Jakkals. "Hulle is vol botter." "Kan ons dan nie enetjie annekseer nie?" vra Wolf watertand.*

Die besonderhede wat in [A1] aangetref word, is onder andere oor die ruimte waar Jakkals en Wolf loop en waarnatoe hulle op pad is. Ook word besonderhede aangetref van die wa en wat op die wa is wat hulle in die pad aantref en van wie die karakters steel. In [A2] word besonderhede verskaf van wat in die pad gevind word en dat Jakkals ingelig is oor wat in die vaatjie te vinde is. [A4] verskaf besonderhede van Jakkals wat botter steel en van wie hy dit steel en waar die botter was toe hy dit steel. In [A5] word baie meer besonderhede aangetref naamlik watter aksie Jakkals en Wolf uitoefen, waar hulle die aksie uitvoer en waarop hulle afkom wanneer hulle die aksie uitoefen. Jakkals is weereens meer ingelig oor die besonderhede van die vaatjies waarop die twee afkom en hy verduidelik die besonderhede aan Wolf. Wolf se begeerte na die inhoud van die vaatjies word in besonderhede gegee en ook dat hy dadelik tot aksie wil oorgaan. In [A5] word verduidelik wat die karakters doen en waar hulle dit doen en wat hulle aantref terwyl hulle die aksie uitvoer. Die besonderhede van die vaatjies waarop hulle afkom word ook

verduidelik deur Jakkals en Wolf wil weet of hulle daarvan kan kry. Wolf se begeerte na die inhoud van die vaatjies word ook weergegee. Vertellers 1, 2 en 4 vertel net die storie en verteller 5 gee meer detail alhoewel hierdie realistiese besonderhede tog nog verskil van ander tradisionele realistiese skrywers of vertellers. Tog is verteller 5 se vertellinge meer realisties as vertellers 1,2 en 4 se vertellinge omdat hulle meer besonderhede weergee.

Soms gebruik die verteller die inleiding om nog van die gebeure van stories wat klaar vertel is, te betrek deur uitlatings te maak wat die gehoor slegs sal verstaan indien hulle die vorige stories gehoor of gelees het. Die verteller maak met ander woorde 'n appèl op die gehoor se kennis van die stories reeds vertel wanneer die storie ingelei word:

[A4] – *Die kwaai wolf-tannie is so kwaad vir Jakkals dat sy haar seun, Wolf, verbied om saam met Jakkals te gaan jag.*

*“Bly weg van daai skelm, Boeta,” sê sy elke keer weer. “Hy’s ’n dief en ’n skurk en ’n boef. Ek hoop jy het jou les geleer.”*

*Wolf luister na haar, maar tyd gaan verby en tyd gaan verby, en die tyd verander baie dinge. Ná ’n ruk begin Jakkals en Wolf weer saam jag. Maar Wolf vertel nie sy ma daarvan nie.*

Soms gebeur dit dat die inleiding dialoog is. Die gehoor word dan dadelik betrek by die gebeure. Hierdie inleiding beslaan ook bietjie meer verteltyd as die ander inleidings wat reeds bespreek is. Die verteller gee aan die karakters die eerste woord en veroorsaak dat die storie dadelik karakter-gefokaliseerd is, soos byvoorbeeld in [E6]:

*“Ai, ai, ai wie praat daar van heuning, neef Jakkals? Ek sou wat wou gee om nou hier op die daad ’n lekkerrrr stukkie heuning te kon hê, wat so af drup en wat so soet soos die soetste suiker is.” “A, nee man, Wolf, kyk hoe staan en lus maak jy my nou. Jy weet goed ek sal die helfte van my stert gee vir een stukkie koekheuning. Maar, wag Wolfie. Kom ons maak ’n plan.” Oooo, liewe land, maats. As daardie skelm Jakkals van planmaak praat, dan moet jy weet, hy’s weer met een of ander stoutigheid besig. “Huh, Wolfie, ek sê. Ek weet van ’n heuningnes net hier anderkant die bult. As jy my help, dan kan jy maar sê, eet ons al.” “My wêreld Jakkals, my vriend, maar so moet ’n bek mos praat. Gu-ge! Daardie bek moet heuning kry.”*

Die effek wat hierdie vertelwyse het, is dat dit die gehoor se ervaring, siening en evaluering van die gebeure beïnvloed. Die gebeure word tog anders deur dierekarakters beleef as menskarakters. Die fokalisasie maak met ander woorde die gehoor dadelik deel van die dierekarakters se leefwêreld deur die gehoor te laat ervaar vanuit hulle gesigspunt en die gebeure te sien soos hulle en die wêreld te evalueer soos hulle. Dit maak die oortreding dat Jakkals en Wolf iets (heuning in hierdie geval) gaan vat wat nie aan hulle behoort nie, meer aanvaarbaar vir die gehoor, want diere weet nie dis verkeerd om ander se besittings te vat nie. In hierdie selfde voorbeeld spreek die verteller ook die gehoor direk aan:

*Oooo, liewe land, maats. As daardie skelm Jakkals van planmaak praat, dan moet jy weet, hy's weer met een of ander stoutigheid besig.*

Dit is 'n manier van die verteller om te verseker dat hy die gehoor se aandag het, deur hulle direk aan te spreek. Omdat hierdie verhale grootliks bedoel is vir kinders, is dit veral nodig om hulle aandag te behou omdat kinders se gedagtes maklik dwaal. Dis ook 'n bedekte waarskuwing dat die gehoor iets te wagte moet wees en daarom nou mooi moet luister. Die verteller betrek as't ware die gehoor met hierdie tegniek by die verhaal.

Ook in [B6] is daar 'n voorbeeld waar die verteller die gehoor direk aanspreek:

*En Wagter byt hom aan sy neus, en sy ore en hy byt en hy byt en ... Doef! Daar lê ou Wolf. Hoeeee dit lyk of hy morsdood is.*

Die gehoor word met ander woorde weereens deur die tegniek by die verhaal betrek en die gehoor se aandag word opgeskerp, want hulle wil weet of is Wolf nou dood of nie, want die fokalisator (wat kan sien) sê dan so.

In [C4] lyk die inleiding anders as in die ander stories. Hier is, anders as in die ander stories, van die begin af sprake van wantroue en konflik tussen Jakkals en Wolf:

*Jakkals het Wolf nou al so baie strepe getrek dat die twee baie versigtig is vir mekaar. Jakkals is bang Wolf gee hom die pakslae wat hy verdien, en Wolf is bang Jakkals trek hom weer 'n streep.*

Jakkals sal met ander woorde eers Wolf se wantroue in hom hier moet oorkom. Dit dra ook by tot die vermensliking van die dierekarakters, omdat Wolf die emosie, soos 'n mens, van wantroue beleef en Jakkals dit besef. Dit gee met ander woorde aan die karakter meer psigologiese diepte. Dit maak ook die proses meer uitgebreid tot by die triek omdat

Jakkals eers Wolf se vertrouwe moet wen. Die verhaalontwikkeling tot by die triek neem met ander woorde in hierdie storie 'n bietjie langer.

- **Middel**

In die middeldeel van die stories verduidelik Jakkals sy planne aan Wolf, voer die twee karakters die planne uit en die gevolg van die uitvoering van die plan word ook in hierdie deel aangetref. Hierdie gedeelte beslaan die meeste verteltyd van die storie. Die middeldeel van die [A1] en [A2] verhale beslaan agt reëls teenoor die twee reëls van die inleiding van dieselfde stories. In die langer verhale [A4] en [A5] beslaan die middeldeel min of meer 30 tot 35 reëls teenoor die inleiding se vier reëls. Dit neem met ander woorde meer verteltyd in beslag vir die verwikkeling om plaas te vind en om die klimaks te bereik. Die verhaallyn is meestal lineêr wat bestaan uit twee na sewe narratiewe siklusse (kyk na Bylaag A vir meer besonderhede). Wat interessant is om op te let is dat die middeldeel van die korter verhale minder reëls beslaan, maar nie noodwendig uit minder narratiewe siklusse bestaan nie. [A1] se middeldeel beslaan byvoorbeeld agt reëls, maar bevat sewe narratiewe siklusse, waar [A4] se middeldeel 30 reëls beslaan, maar uit ses narratiewe siklusse bestaan. [A1] en [A2] het minder dialoog in vergelyking met die narratiewe dele as in [A4] en [A5].

Wanneer die [A]-verhale se plotstruktuur vergelyk word, kan duidelik waargeneem word dat die storie in al die vertellers se verhale begin in 'n disekwilibrium vir Wolf en Jakkals, maar in 'n ekwilibrium vir Boer. Dan ontstaan daar vir Boer 'n disekwilibrium, maar vir Wolf en Jakkals word die disekwilibrium verder ontwrig en uitgebrei. Die disekwilibrium word opgelos vir Jakkals en Boer en die storie eindig vir hulle in 'n ekwilibrium, maar Wolf se disekwilibrium word enduit gehandhaaf. By verteller 1, 2 en 4 ontwikkel hierdie situasie vinniger na 'n situasie van konflik (of meer konflik) en word die klimaks sodoende vinniger bereik as by verteller 5. Die ontknoping vind ook vinniger plaas en die harmonie en ekwilibrium word ook vinniger hervestig in die finale oplossing. In al die vertellers se vertellinge word die episodes in die plotstruktuur maklik lineêr verbind omdat die gebeure chronologies vertel word.

Die middeldeel van die storie word ook gebruik deur die verteller om die triek bekend te maak, maar die triek word nie dadelik ontbloot of aangekondig nie. Jakkals se plan word uiteengesit om agtergrond te skets en die gehoor, wat vir Jakkals en sy skelmstreke ken, word stelselmatig bewus van wat Jakkals in die mou voer. Hierdie middeldeel skakel met die aktualisering in Bremond se handelingslogika, omdat dit die sentrale

handelingsiklusse gee. In [B6] is dit byvoorbeeld eers wanneer Wolf in Boer se kraalmuur vassit en Jakkals hom los om self daar uit te kom, dat die gehoor besef die plan was om vir Wolf weer 'n poets te bak, maar in die proses kry Jakkals darem self iets te ete sonder om die blaam te dra vir die verkeerde daad wat daarmee saam gaan (die steel van Boer se skape):

*En ja, hier lê ou Wolf. Hy's vas. En die boer sê: "Ja, jou stoute ding!" En hy slaan hom met die kiere. En Wagter byt hom aan sy neus, en sy ore en hy byt en hy byt en... Doef! Daar lê ou Wolf. Hoeëe dit lyk of hy morsdood is.*

Jakkals vind satisfaksie daarin om sy vernuf ten toon te stel ten koste van Wolf se domheid en hierdie tema word deurgaans in al die stories gevind. Ook in [C5] is dit wanneer Wolf se stert in die ys vassit dat die gehoor agterkom dat Wolf weer getriek is:

*Wolf sit maar weer. Toe Jakkals vir die derde maal opspring, kan hy dit nie meer hou nie. "Gee ook!" skree hy, en hy duik na Jakkals se kant toe, maar sy stert pluk hom terug. Hy is nou heeltemal vasgeys.*

*"Haai!" roep Wolf benoud. "Ek kan nie my stert uitkry nie!"*

In [E6] moet Wolf sy kop in 'n skeur in 'n boomstomp druk om heuning uit te haal. Jakkals oortuig hom dat dit slegs die koningin is wat daar sal wees nadat Jakkals die res sou uitrook. Die motief van die koningin word gebruik om sy triek te verdoesel. Wie sou nie graag 'n koningin wou besoek nie, maar dis net die verskoning om Wolf so ver te kry om sy kop in die skeur te druk en wanneer Wolf niemand „tuis" kry nie, besef die gehoor Wolf is weer getriek:

*"Hallo. Hallo. Iemand hier? Niemand by die huis nie? U majesteit? U hoogheid? Is u hier of slaap u dalk? Huh? Niks? Niemand nie? Haai, dis snaaks?"*

*"Wolf, jong, wag, nou nou weet ek nie, Wolf. Dit lyk vir my ek sien 'n by ingevlieg kom? Nee, nee, dis nie een nie! Dis tien! Di-dit is honderd bye! Nee, dis 'n duisend! O,ooo, dis 'n miljoen!" "Ek gaan nou hier los, Wolf en gaan hulp soek! Staan net stil, Wolfie! Moenie roer nie, hoor!"*

- **Slot**

Die slot van die verhale is reeds bespreek onder die vergelyking van die eienskappe van volksverhale soos gesien deur Lotz, Neethling en Snyman.

### 3.3.2.8.2 Die uitwerking op die gehoor

**Verteller 1** se vertelling is kort en sonder onnodige en omslagtige inkleuring van die verhaal. Daarom volg die gebeure vinnig op mekaar. Die verteller maak gebruik van dialoog, maar is minder as die vertelling gedeeltes. Kort vertellings is veral funksioneel vir 'n jonger gehoor wie se aandagspan nog nie baie lank is nie. Dit is ook vir kinders makliker om die kernverhaal te onthou wanneer die verhaal nie uitgebreid vertel word nie.

**Verteller 2** se vertelling is langer en meer ingekleur. Die verteller maak slim gebruik van woorde om sy vertelling te skets sodat die gehoor die gebeure in hul verbeelding kan sien, bv. [B2]:

*“Uh ou Wolf, wag 'n bietjie, ek het 'n goeie plan.”*

*“Maaan moenie so dom wees nie.”*

*Hy skuur-skuur-skuur so deur.*

*En hulle begin vreet en vreet en vreet dat die vet sommer so spat.*

Hy spreek ook die gehoor direk aan en versag sy mededeling met verkleinwoorde. Die tegniek om kinders direk aan te spreek het die uitwerking dat die verteller hul aandag by die vertelling behou. Ook die uitroepe wat in hierdie voorbeeld gesien word, het betekenis aangesien uitroepe die gebeure meer gedramatiseerd voorstel. Die verteller die gehoor op hierdie manier om hulle in die gebeure in te leef. Bv. [B2]:

*Maar Jakkals, hoeeeee hy's 'n skelm kêreltjie.*

*“Oeee, ou Wolfie, ooo ek voel nou so siek. Ag, wil jy my nie help nie? Kyk ek is mos 'n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?” “Ag, ja,” sê ou Wolf. “Ag, ag, Jakkals, my lyf is so seer, maar, maar klim maar op my rug dat ek jou abba.”*

*Want maats, julle weet mos, as 'n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè?*

Tussen die vertelling deur probeer hierdie verteller ook die morele les aan die gehoor oor te dra, bv. [B2]:

*En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net.*

**Verteller 3** se vertelling is soos Verteller 1 se vertelling, baie kort. Wat hierdie verteller se vertelling anders maak as die ander vertellers is dat hy geen dialoog in sy vertelling gebruik nie, maar wel gebruik maak van verouderde beelde. Hy pas nie sy vertelling aan vir die hedendaagse gehoor nie, maar verduidelik tog sekere dinge aan sy gehoor wat bewys dat die verteller bewus is daarvan dat dié dinge onbekend aan die gehoor mag wees. Die vermoede bestaan dat hierdie verteller baie oud is en die dinge waarvan hy vertel ook verouderd is (dit was deel van sy leefwêreld jare terug), maar dat die verteller dit beseft en daarom sekere dinge aan sy gehoor verduidelik. Byvoorbeeld [B3]:

*Nou ja die ou vroegtydse krale het sulke ou mos sulke ou skeur skeurgate gehet.*

Die gehoor kom ook agter aan die verteller se woordgebruik dat hy sukkel om sy gedagtes agtermekaar te kry sodat die storie kan vloei. Dit versterk die vermoede dat die verteller al oud is, bv. [B3]:

*(Lag) Nou ja so dan gaan enne toe's Jakkals toe later gepas en Jakkals voel nie dis net die tyd dat hy moet yt gaan en Wolf het maar gebly eet.*

**Verteller 4** se vertelling is ryk ingekleur. Die kleurryke inkleuring van gebeure veroorsaak dat die gehoor meer bewus word van detail en maak die vertelling meer realisties. Byvoorbeeld [B4]:

*"Vanaand, wanneer Boer gaan slaap het, draf ons twee reguit na sy skaapkraal. Ken jy die plek waar water onder die kraalmuur uitloop?"*

*"Het dit al gesien," brom Wolf.*

*"Nou net daar is 'n skuiwergat in die kraalmuur. Dis 'n gat met so 'n soort valdeurtjie aan. Ek en jy draf vinnig na die kraal en ons glip deur die skuiwergat voor iemand van ons weet. As ons binne is, vang ons elkeen 'n lekker vet lam en vreet dit net daar op. En as ons lus is vir meer, bly ons daar en vang nog een. Of twee, drie, vier."*

Die feit dat die verteller ook meer geredelik gebruik maak van dialoog veroorsaak dat die vertelling lewendiger en realistieser is, omdat 'n vertelling met baie dialoog makliker gedramatiseer kan word. Die verskillende karakters kan dan byvoorbeeld in verskillende stemme vertel word. Die gehoor sien met ander woorde as „† ware die gebeure voor hul afspeel. Die verteller sê byvoorbeeld nie net dat die woorde deur Wolf gespreek word nie, maar gebruik woorde wat verduidelik hoe, byvoorbeeld [B4]:

*“Watse vyand is dit?” knor Wolf.*

*“En wat wil jy daaraan doen?” vra Wolf nors.*

*“Kom, man,” sê Wolf ongeduldig.*

*“Ek hoor elke woord,” antwoord Wolf, wat al vriendeliker word.*

*“Jou verraai!” blaf hy woedend.*

**Verteller 5** se vertelling is ook deurspek met dialoog. Die vertelling is ook lewendig en realisties. Klanknabootsende woorde verryk die vertelling in so ’n mate dat dit veroorsaak dat die gehoor die gebeure meer realisties beleef, bv. [B5]:

*“O, so nè?” Woep! “Jy wil mos, nè?” Woep! “Ek sal jou leer...” Woep! Woep! “... om my lammers te steel!” Woep! Woep! Woep! So looi Boer hom gesels-gesels uit, en Wolf kan maar net soebat, al weet hy dit sal nie help nie.*

Hierdie verteller probeer ook as deel van sy vertelling aan die gehoor ’n morele les deur gee, [B5]:

*Arme Wolf! Nee kyk, so maak vriende nie met mekaar nie.*

**Verteller 5** se vertelling is nie so lank nie. Sy vertelling bevat heelwat dialoog. Beskrywende woorde en frases hou ook die vertelling lewendig en realisties, byvoorbeeld [D5]:

*Jakkals knoop Wolf se stert met ’n **dubbele** slag, stap om na die kopkant toe en gee die perd ’n **flink** skop agter die blad. **Vervaard** skrik die dier uit sy slaap op, spring orent – en daar trek hy **donderend** oor die veld, met Wolf **teen wil en dank** agterna.*

*Die seer is niks nie,” antwoord Wolf, **wat al weer met ’n kreun en ’n steun op die been gekom het**, “want dit kan gesond word.”*

**Verteller 6** maak mildelik gebruik van dialoog. Wanneer hy die stories vertel, verander hy ook sy stem en kan jy net deur na sy stem te luister, onderskei tussen die karakters van Wolf en Jakkals. Hy maak ook gebruik van kleurrike beskrywings sodat die gehoor amper die gebeure kan visualiseer en daarom is sy vertelling langer, bv. [B6]:

*En hulle begin vreet en vreet en vreet dat die vet sommer so spat. Ou Wolf vreet so lekker, hy maak sy oë eintlik toe.*

Die verteller kies ook sy woorde versigtig sodat dit aanpas by die teikengehoor (kinders). Sy woordkeuse is versagtend, bv. [B6]:

*En die boer sê: "Ja, jou stoute ding!" En hy slaan hom met die kierie.*

*Maar Jakkals, hoeeeee hy's 'n skelm kêreltjie.*

Die verteller probeer ook gedurende die vertelling die gehoor onderrig en opvoed en spreek hulle telkemale direk aan, bv. [B6]:

*Want maats, julle weet mos, as 'n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè?*

*En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net.*

En [E6]:

*Maats, en ook nie lank nie, of Jakkals rook daai pyp dat dit soos Johannesburg in die oggend vroeg lyk.*

*Sies! Hy behoort hom te skaam. Maats maak nie so nie. Onthou dit outjies, maats help mekaar.*

Die afleidings wat gemaak kan word uit die vertellerpatrone is dat sommige vertellers die gebeure meer uitgebreid vertel as ander. Sommige vertellers is baie ingestel op die gehoor vir wie die vertelling bedoel is en pas hulle vertellings aan deur middel van versagtende woorde asook die inlas van morele lesse. 'n Meer dramatiese verteltekste (uitroepe, slim woordkeuses en baie dialoog) verseker ook die gehoor se aandag en veroorsaak dat die gehoor hulle kan inleef in die gebeure en die gebeure makliker kan visualiseer. Sommige vertellers gebruik ook die tegniek om die gehoor direk aan te spreek om sodoende hulle aandag te verseker.

### **Snyman (1983) sê dat volksverhale deurdrenk is met gevoel:**

Die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale word juis nie met gevoel deurdrenk nie. Dit sou maklik vir die gehoor gewees het om deurgaans simpatie met Wolf te hê omdat hy

altyd aan die kortste ent trek, maar die gevoel word weerhou sodat die fokus eerder op Jakkals se triek geplaas word (op hoe slim Jakkals is). Die feit dat die fokus eerder val op Jakkals se triek, verhinder dat die gehoor simpatie met Wolf het en maak sy lot eerder vermaaklik. In hierdie korpus rig die verteller doelbewus die gehoor se simpatie ten gunste van die slimme Jakkals, byvoorbeeld [B6]:

*Maar Jakkals, hoeeeee hy's 'n skelm kêreltjie. Jong, elke nou en dan, dan los hy eers sy skaapvleis en dan gaan kyk hy of hy nog deur die gat kan kom. Want maats, julle weet mos, as 'n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè? En net toe Jakkals sien hy't nou genoeg geëet, dat hy net sal deur pas in daardie gat in die muur, toe glip hy saggies weg en hy's deur die gat in die muur.*

Die gehoor kry met ander woorde glad nie kans om vir Wolf jammer te kry nie. In hierdie selfde verhaal word Wolf seer geslaan en gebyt deur Boer en sy honde en die gehoor kan Wolf dan maklik jammer kry en vir Jakkals verwens, maar Jakkals kom dadelik met 'n volgende slim plan om sodoende weer die kollig op hom te plaas, weg van Wolf af. In plaas daarvan dat die gehoor vir Wolf jammer kry, word die gehoor vermaak deur Jakkals se streke:

*Jakkals sê: "Oeee, ou Wolfie, ooo ek voel nou so siek. Ag, wil jy my nie help nie? Kyk ek is mos 'n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?" "Ag, ja," sê ou Wolf. "Ag, ag, Jakkals, my lyf is so seer, maar, maar klim maar op my rug dat ek jou abba." En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net. Hy klim bo-op ou Wolf se seer rug en daar stap ou Wolf met hom. En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: "Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde." Ha ha ha ha!!*

Hierdie saak kan egter meer uitgebrei word en daar kan geredeneer word dat die gevoelsaspek verskillend deur die verskillende luisteraars ervaar word. Die bruin plaasarbeider kan byvoorbeeld meer met Wolf identifiseer en kan daarom meer empatie met Wolf toon, omdat hy dalk meer insig het in magsverhoudinge. Die verteller se intonasie en verteltempo kan ook hier 'n rol speel om meer betekenis aan die mondelinge verteltrant te gee, maar wat weens die feit dat die verteller nie in persoon waargeneem kon word tydens die vertelling nie, nie hier as 'n beduidende invloed bespreek kan word nie.

### 3.4 LOKALISERING

Cunningham (1997b:513) identifiseer lokalisering as die proses waarby volksverhale ontwikkel en aangepas word om aan die voorkeur van kulturele patrone van 'n volk in 'n bepaalde streek te voldoen. Morris (2003:32) is ook van mening dat tekste nie stagneer nie, maar om die effektiwiteit daarvan te behou, pas dit aan by die veranderende sosiale realiteit waarbinne dit geskep is. Dit is dus sinvol om te gaan kyk hoe die Jakkals-en-Wolfverhale neerslag gevind het in die Suid-Afrikaanse konteks en hoe dit aangepas het by Suid-Afrikaanse verhaalkulture aangesien Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale vermoedelik verwerkings is van grepe uit *Van den Vos Reynaerde*, maar heelwaarskynlik ook beïnvloed is deur die Afrika-trieksterverhaal.

Om die aanpassings van trieksterverhale in Afrikaans te beskryf wat die algemene inhoud daarvan betref, is dit noodsaaklik om na die vertellers se woordkeuse (idioom), aanspreekvorme en gebruik van werklike bekende Suid-Afrikaanse karakters asook bekende Suid-Afrikaanse diere, die aanpassing van die natuurelemente en geografiese ligging te gaan kyk. Dit help alles om grense oor te steek en hierdie korpus verhale eg Suid-Afrikaans te maak en geskik vir die teikengehoor. Die gebruik van die volgende is onder andere bewys daarvan dat vertellers van volksverhale die verhale aangepas het om geskik te wees hoofsaaklik vir 'n Suid-Afrikaanse kindergehoor:

Endemiese natuurelemente:

Toe hy nog 'n maal seker gemaak het dat Wolf stewig aan die perd vas is, vat hy die **taaiboslat** en raps die perd oor die boud [D4].

Taaibos is endemies aan Suid-Afrika. Die gebruik van taaibos en taaiboslat kom verskeie kere voor in die korpus:

[A4]: *“As dit ek is, kan jy my 'n ordentlike loesing met 'n taaiboslat gee.”*

[A5]: *“Dan weet ons mos waar die moeilikheid lê,” sê Jakkals, en hy gaan pluk 'n taaiboslat*

[A5]: *Dan weet ons mos waar die moeilikheid lê,” sê Jakkals, en hy gaan 'n taaiboslat pluk.*

[D4]: *Terwyl Jakkals agter Wolf se stert besig bly, pluk hy ongemerk 'n lat van die naaste taaibos af.*

*En ou Jakkals is toe daar vanaf, lat hy daar vanaf weg is, is hy toe hier by die, toe skuld hy mos vir ou **Koggelmander** geld, [E3]*

'n Koggelmander is 'n klein insekvtrende reptiel met 'n lang stert wat oral oor Afrika voorkom. Die woord Koggelmander is egter 'n eg Afrikaanse woord. Wanneer dit in Engels vertaal word, word die woord "lizard" gebruik en in Afrikaans beteken akkedis iets anders as koggelmander.

*Van daardie dag af het daar ook tiere bestaan, want die bye het vir ou Wolf so gesteeek dat hy vol kolle is. En daarom kry ons vandag 'n tier met swart kolle [D4].* Tiere is nie endemies aan Suid-Afrika nie. Sommige bevolkingsgroepe in Suid-Afrika noem wel 'n luiperd 'n tier. 'n Tier het tog strepe, maar hier word gepraat van 'n soortgelyke katspesie, maar met kolle. Daarom kan hier tereg die afleiding gemaak word dat daar eintlik van 'n luiperd gepraat word in hierdie storie en nie 'n tier nie. Hier verduidelik die verteller dan ook waar luiperd aan sy kolle gekom het. Tier is met ander woorde die benaming vir luiperd in die volksmond en die afleiding kan gemaak word dat die verhaal in die volksmond aangepas is.

Die natuurelemente wat in hierdie verhale aangebring is, is eg Suid-Afrikaans en dit wat nie is nie, soos tier, gaan gepaard met 'n breedvoerige verduideliking om dit te regverdig. Dis dan veral in verhale [A], [D] en [E] waarin dit voorkom en veral vertellers 3, 4 en 5 wat hierdie verhale veral aanpas deur gebruik te maak van endemiese.

Bekende Suid-Afrikaanse plekke en persoonlikhede:

As ek hom in die hande kry, maats, sal ek vir **Frik du Preez** gaan roep, dat hy hom sommer flenters skop [E6].

Volgens Morgan (s.a.) op die webtuiste SouthAfrica.info. is Frik du Preez benoem as Suid-Afrika se rugbyspeler van die twintigste eeu deur die land se passievolle aanhangers van rugby. Ook berig Jansen (2004) en Schoeman (2004) daaroor. Dus is hy almal se held, dié wat hom sien speel het asook dié wat net van hom gehoor het. Dit maak van Frik du Preez volksbesit.

*Maats, en ook nie lank nie, of Jakkals rook daai pyp dat dit soos **Johannesburg** in die oggend vroeg lyk [E6].*

Johannesburg is Suid-Afrika se ekonomiese hoofstad en wel bekend vir sy lugbesoedeling.

Die enkele Suid-Afrikaanse plekke en name wat per geleentheid gebruik word, is algemeen bekend en daarom sou kinders ook daarvan kennis dra. Dit maak die ruimte waarin die verhale hul afspeel meer bekend as 'n ver af Europese ruimte. Dis veral verteller 6 wat daarvan gebruik maak om sy vertellinge aan te pas vir sy kindergehoor.

Uitdrukkings:

Interessant is ook om op te let dat sommige idiomatiese taal (vaste uitdrukkings) hul ontstaan het as gevolg van die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale, bv.: "Ysterklou in die grond slaan" [D]. Volgens Prinsloo (2009:545) beteken **ysterklou in die grond slaan wegvlug of vastrap. Volgens Prinsloo is hierdie uitdrukking ontleen aan die stories van Jakkals en Wolf en sy haal die gedeelte aan uit die storie waaruit dit ontleen is:**

*Dié twee loop eendag 'n slapende perd naby die boer se plaas raak. Jakkals oorreed Wolf toe om die perd weg te sleep sodat hulle buite sig van die boer die dier kan vreet. Jakkals maak Wolf toe aan die stert van die dier vas, en hyself stap na die kop toe. Hy skop die perd op die blad, die dier word wakker en vlieg weg. In die hardloop skop hy Wolf natuurlik genadeloos. Jakkals lag hom dood en skree toe: "Slaan maar ysterklou in die grond, oom Wolf!"*

Prinsloo sê dat die betekenis daarvan is dat Wolf sy naels hard (soos ysterpenne) in die grond moet slaan om te kan stop. Prinsloo verklaar ook dat die uitdrukking 'n betekenisuitbreiding ondergaan het sodat dit ook die weghardloop (van die perd) insluit.

Ook die uitdrukking: Die sieke dra die gesonde [B]- die minderbevoorregte help die meer bevoorregte is volgens Prinsloo (2009:397) ontleen aan die diereverhaal van Jakkals en Wolf. Hy verduidelik dat dit uit die Jakkals en Wolf in die skaapkraal ([B]-verhale) kom:

Boomskraap [A]: Prinsloo (2009:53) verduidelik dat hierdie uitdrukking onder andere beteken dat alles aangewend word, tot die laaste inhoud wat op die boom of bodem van die vat of houer afgeskraap is. Die uitdrukking word dan heel gepas in verhaal [A] gebruik, maar het selfs verdere metaforiese waarde aangesien die verteller dit gebruik as naam vir Jakkals se kind wat gedoop word en sodoende die gehoor subtiel lei na dit waarmee Jakkals eintlik besig is, nl. om Wolf te triek.

Eerste Hoepel, Tweede Hoepel, Derde Hoepel [A]. Hierdie name word ook deur die verteller aangewend in stories [A] om Jakkals se kinders te benoem wat gedoop word. Prinsloo (2009:177) verduidelik dat dit ook idiomatiese taal is vir die eerste kind, tweede

kind en so meer. Dit sluit aan by die vorige punt dat die verteller dit doelbewus gebruik en die metaforiese waarde daarvan gebruik om die gehoor te lei na Jakkals se triek.

So "n bek moet heuning kry [E6]: Prinsloo (2009:33) verduidelik dat die uitdrukking eintlik bestaan as "so 'n bek moet jêm kry". Die uitdrukking is met ander woorde aangepas by die tema van die storie wat oor heuning gaan. Omdat jêm en heuning al twee gebruik word as soet smeersel op brood, kon jêm maklik met heuning vervang word.

Hardloop oop en toe oor die veld [C4]: Prinsloo (2009:334) verduidelik die uitdrukking word gebruik om aan te dui dat iemand haastig is. Die uitdrukking verwys na 'n baadjie se pante wat oop en toe klap as iemand haastig iewers heen gaan.

Fluks begonne [A5]: Dit verwys na goed begonne is half gewonne (Prinsloo, 2009:31). Sy verduidelik verder dat as mens fluks begin, kom die werk gou klaar. Die oorsprong kan teruggevoer word tot by die Griekse wysgeer, Pythagoras (ongeveer 580 – 500 v C)

Aljander Klipsalmander. Die een woord op die ander [A5]: Aljander is 'n kinderspeletjie waarby twee spanne teen mekaar trek (eHAT: 2009) en 'n klipsalmander is enigeen van 'n aantal lewendbarende akkedisse (eHAT: 2009). Die twee woorde het waarskynlik niks met mekaar te doen nie, maar omdat die stories primêr vertel word aan kinders sal Aljander Klipsalmander hul aandag trek, 1) omdat die speletjie aan hulle bekend is en 2) omdat die woorde rym en kinders se aandag getrek word deur rymelary. Dit sluit ook aan by die verduideliking dat daar soms gedeeltes in volksverhale voorkom wat gesing kan word. Omdat die gedeelte rym, gee dit outomaties 'n sangerige toon. Hierdie kan gesien word as "n uitdrukking wat ontstaan het as gevolg van die situasie waarin dit gebruik is.

As gevolg van die vertel van hierdie verhale en die feit dat dit moes aanpas by 'n unieke gehoor is die Afrikaanse taal daardeur uitgebrei met unieke idiomatiese uitdrukkings.

Aanspreekvorme:

*Toe oom Wolf nader kom toe sê hy: "Morning **Miesies**, Morning **Seur**. Morning **Miesies**, Morning **Seur**." [E1]*

Boshoff & Nienaber (1967:573) verklaar dat *seur* 'n leenwoord is uit die mond van die bruin mense, vroeër van slawe en ook van blankes. Die woord gaan so ver terug as die 17de eeu waar dit in Nederlands as *sinjeur* gebruik is. Sinjeur is weer 'n leenwoord uit Frans *seigneur* wat weer 'n leenwoord is uit Latyn *senior* wat "ouer" beteken. Van Rensburg skryf (2012: 26): "Nederlands moes hulle (die slawe) nou ook aanleer. Baie

daarvan het hulle by die Khoi-Khoi aangeleer. Tekens van hulle moedertale, en die ander tale wat hulle kon praat, was steeds herkenbaar in hulle Aanleerdersnederlands.” Die 18de-eeuse woord kom veral van die Franse woord *sieur* en ook uit Maleis-Portugees *senhor*, maar hierdie woorde is almal geleen uit Latyn, *senior*. Hierdie woord is nog tot onlangs in Suid-Afrika deur bruinmense en swartes gebruik as ’n beleefde aanspreekvorm vir ’n hooggeplaaste persoon. Van Wyk (2003:414-415) verklaar die oorsprong van *seur* ook as ’n aanspreekvorm wat vroeër deur die slawe gebruik is vir iemand wat beheer uitoefen oor ’n ander persoon. Seur het met ander woorde ook ’n historiese konnotasie omdat dit die vroeë geskiedenis aan die Kaap verteenwoordig. Die woord word ook hier verklaar as ’n verouderde wisselvorm van *sinjeur* (heer) wat uit Nederlands (1677) geleen is. Volgens hierdie woordeboek is dit vir die eerste keer as Afrikaanse woord opgeteken by Changuion (1844), maar ook hierdie woordeboek verklaar dat *seur* intussen verouderd geword het. Tog word hierdie woord nog gebruik deur sekere bevolkingsgroepe om na hul werkgewer of hul meerdere te verwys.

*Miesies* word deur Boshoff & Nienaber (1967:423) verklaar as mevrou wat afkomstig is van die Engelse woord *missis* of *missus* uit *mistress*. Dit was ’n woord uit die taal van inboorlinge en minder ontwikkelde blankes, maar word tog nog gebruik in sekere dele van Suid-Afrika deur arbeiders om ’n vroulike werkgewer aan te spreek. Hierdie woorde (*miesies* en *seur*) is dus ook merkers van sosiale klas.

Die benaming Wolf in die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale het ook ’n verskuilde betekenis. Van Wyk (2003:585) verklaar dat wolf enigeen van ’n aantal vraatsugtige roofdier van die hondegeslag *Canis* is en in Suid-Afrikaanse konteks beteken wolf in streektaal hiëna. Dit bevestig dan ook wat reeds gesê is onder karakterisering en die direkte uitbeelding van Wolf as gevlekte hiëna. Dit blyk egter dat dit moeilik was om Wolf te lokaliseer ten spyte van pogings om hom na hiëna te verander in die Suid-Afrikaanse konteks. Van Rensburg (1983: 8-9) se idee dat Iesegrim die eintlike held van die verhaal is en die feit dat hy oplet dat Eitemal in sy gedig die Europese wolf behou met die lang stert, versterk hierdie idee. Hiëna sal byvoorbeeld nie met sy stert kan gaan visvang nie.

Die benaminge van Boer se honde, nl. Wagter [B6] en Onweer [C4] dra ook by tot die aanpassings van die inhoudelike van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale. Waghond is vir die eerste keer opgeteken in die Afrikaanse *Patriotwoordeboek* in 1902. Wagter is daarom ’n benaming van waarde aangesien dit presies is wat Boer van sy hond verwag in die verhale, nl. om die wag te hou oor Boer se produkte en hom te waarsku as Jakkals en Wolf sy produkte bedreig. Onweer het ook metaforiese betekenis aangesien onweer

gesien word as weer wat dreigend is en al die tekens (donderweer en blitse) wys dat daar reën kom. Boer wil ook graag hê dat sy hond 'n dreigende houding sal inneem om die skelms af te skrik.

Wolf word dikwels deur Jakkals as oom, neef of broer aangespreek. Dit is duidelik dat dit afhang watter verteller aan die woord is. Verteller 1, en in 'n mindere mate Verteller 2, gebruik dikwels oom:

[A1]: *“Toe nou Oom Wolf, spring op die wa. En as jy bo kom dan rol jy die kanne af.”*

[C1]: En Wolf kom, toe Wolf wil praat toe sê hy: *“Stil Oom Wolf, ek is besig om vis te vang.”*

[C2]: *Jakkals sê vir Wolf: “Oom Wolf, man ons kan vandag vir ons somer baie vis vang.”*

[D1]: *Hy sê: “Oom Wolf hier is vir ons 'n groot stuk vleis. Jy is mos sterker as ek. Ons moet hom hier wegsleep.”*

[E1]: *En hy sê vir Wolf: “ Oom Wolf, daar's baie lekker heuning daar. Ek was baie honger, maar ek het my vol geëet. Al wat jy moet doen, gaan sit voor die gat en soos die bye uitkom dan sê jy Morning Miesies, Morning Seur.”*

Verteller 5 gebruik weer meer geredelik neef,

[A5]: *Skielik kom Jakkals daar verby. “Neef Jakkals!” roep Wolf. “Hoe lyk dit? Is daardie botter nie al ryp nie?”*

[A5]: *“Ag, neef Wolf,” sê Jakkals kasting hartseer, “jy sal my nou nie wil glo nie, maar daar is al weer 'n kleintjie wat gedoop moet word.”*

[A5]: *“Toe maar, neef Wolf,” sê Jakkals een oggend, “môre sal ons beslis gaan. Ek het vandag my laaste kind laat doop.”*

[C5]: *“Maar natuurlik, neef Wolf,” sê Jakkals.*

Verteller 4 maak weer gebruik van broer:

[C4]: *Nee, skelm soos altyd, skree hy op 'n afstand: “Broer Wolf, is jy honger?”*

[D4]: *“Broer Wolf, broer Wolf,” skree hy, “daar’s vandag ’n fees by koning Leeu. Ek is juis op pad soontoe. Stap saam as jy wil.”*

Die vertellers gebruik almal hierdie aanspreekvorme om ’n groter mate van gemeenskaplikheid tussen Wolf en Jakkals te suggereer. So asof daar nooit probleme tussen die twee is nie en hulle as boesemvriende beskou kan word. Dis weer asof hierdie aanspreekvorm die fokus wil bevestig dat goedgeelowige Wolf maar net weer Jakkals se vriend is al triek Jakkals hom elke keer en trek hy altyd aan die kortste ent.

Verteller 4 wyk van sy gebruikelike aanspreekvorm van broer af en spreek Wolf as meneer aan. Hy plaas boonop die fokus daarop:

[B4]: *Toe hy Wolf sien, roep hy dus baie vriendelik: “Goeiemôre, meneer Wolf.”*

*Dis nou nie meer broer Wolf nie, dis nou skielik meneer Wolf.*

Die vermoede bestaan dat die verteller die effek probeer skep dat hy hier vir Wolf met meer respek bejeën. Jakkals moet hier Wolf se vertrouwe wen omdat hy vir Wolf die vorige keer sleg tweede laat kom het. Omdat Wolf altyd die grap is (’n vernederende aksie), mag ’n bietjie respek dalk net die regte medisyne wees.

Opsommenderwys kan die vier verskillende aanspreekvorme ’n aanduiding wees van vier verskillende verhoudings. Jakkals maak asof hy respek het vir Wolf en spreek hom as Oom aan. Wanneer Jakkals vir Wolf as Neef aanspreek, word gesuggereer dat die karakters mekaar se gelykes is en is bowendien ’n teken van ’n ouer Afrikaanse wêreld. Broer suggereer weer dat die karakters saam betrokke is in die gebeure, solidêr, broeders in die verdrukking. Meneer is ’n meer formele aanspreekvorm wat afstand tussen die karakters skep en die karakter wat die aanspreekvorm gebruik, wil te kenne gee dat hy die een wat hy so aanspreek met respek bejeën.

Volgens Zipes (2006:49) het karakters in volksverhale selde name, wat inderdaad in hierdie verhale ook so aangetref word. Die jakkalskarakter word dan ook somer Jakkals genoem asook die wolfkarakter wat Wolf heet en die boerkarakter wat Boer heet. Met ander woorde, generiese name word gebruik en glad nie tiperende eiename wat vir ons iets meer sê as watter soort dier dit is nie. Die karakters word tog deur ander benaminge gekarakteriseer.

In [B1] word die benaming van Baas in plaas van Boer funksioneel gebruik, veral as merker van die sosiale verhoudings. Die verteller is ’n bruinman en in hulle leefwêreld is

die boer die baas, die werknemer en die verteller is ondergeskik aan die boer. Die benaming dui met ander woorde die verhouding tussen die verteller en die boer aan:

*Hy's daar deur na die baas toe. Hier kom die baas ôk.*

In [B3] word die benaming van boer en baas weer vervang deur witmense, dus 'n benaming wat die klem meer laat val op die rasseverskil tussen die verteller en die boer:

*En toe kom die witmense nou die môre.*

Eiesoortige Afrikaanse woorde:

Orent [D5] – Van Wyk (2003:324) verduidelik: die woord is afkomstig van die bywoord regop. Die woord is ook ontleen aan die Nederlandse woord, *overend* (1624). Die klankontwikkeling was as volg: *overend* word oorend word o –rent.

Ongespoets [D5] – Van Wyk (2003:304) verduidelik dat die woord 'n afleiding is met on – „nie“ van gepoets. Waarskynlik so genoem omdat iemand wat onbeskof is se optrede aan iets vuils, wat nie gepoets of gepoleer is nie, herinner.

Koggel [D5] – Van Wyk (2003: 205) verduidelik dat koggel as 'n werkwoord gebruik word om iemand aan te dui wat terg deur 'n ander se houding of bewegings na te boots. Boshoff en Nienaber (1976:361) verduidelik dat die woord waarskynlik uit 'n ou dialektiese vorm van Nederlands *guichelen*, geneem is wat “gekskeer” beteken.

In die verhale kom ook eg Afrikaanse woorde voor wat as intensiewe vorme in sinne gebruik word, nl. **Trommelvol** [A1] – wat eintlik trommeldik moet wees, **houtpopgerus** [A1] en **seepglad** [C4]:

*“Kyk ek is mos 'n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?”*

Jakkals maak 'n appèl op Wolf se simpatie en sy speel op sy gevoel. Die woordgebruik hier beklemtoon die saak.

Beskrywende woorde word in hierdie verhale ingespan deur die vertellers om die nodige effek te weeg te bring vir die teikengehoor.

Afleidings:

Lagger [D5] – Hierdie persoonsnaam is deur die verteller geskep deur gebruik te maak van 'n afleiding. Die afleiding van lag, skep die woord lagger, wat iemand wat lag aandui.

Uitspanning [A5] – Die woord is geskep om die plek te benoem waar uitgespan word, in hierdie geval Boer se karretjie en sy trekdier(e). Dis ook 'n bekende woord uit die tyd van die wa en osse.

Knoue [A1] – Die vermoede bestaan dat dit 'n woord is wat die verteller geskep het om knoppe aan te dui wat jy kry omdat iemand jou afknou.

Hierdie woorde kan dui op die geolek<sup>11</sup> van die verteller en kan daarom die feit dat hierdie verhale gelokaliseer, is juis bevestig.

Uitroepe:

Mapstieks [C4] - Prinsloo (2009: 251) gee die woord aan as 'n tussenwerpsel in geselstaal. Dis gewoonlik 'n uitroep om verbasing, verwondering of misnoeë te kenne te gee. Prinsloo verduidelik ook dat die woord dalk eufemisties vervorm het uit "magtig" en "wraggies" of "wragtie". Allemintig [D5] – is 'n bekende Afrikaanse uitroep. Albei hierdie uitroepe is eufemisties vervorm en daarom kan dit ook dien as teken dat hierdie verhale aangepas is vir 'n kindergehoor. Ook in [E6] kry ons bewyse dat die verhale aangepas is vir 'n kindergehoor:

*Oooo, liewe land, maats. As daardie skelm Jakkals van planmaak praat, dan moet jy weet, hy's weer met een of ander stoutigheid besig.*

Die feit dat Jakkals met stoutigheid besig is, is baie meer versagtend as die woorde waarmee die oorspronklike Reinaard beskryf is in *Van den Vos Reynarde*.

Aanpassing by eiesoortige klimaatsomstandighede is reeds op p.24 bespreek waar Jakkals en Wolf gaan visvang in Boer se dam en Wolf se stert in die damwater vas ys. Die afleiding kan uit hierdie korpus gemaak word dat die ruimtes hier ter sprake baie meer beperk is as die baie groter en uitgestrekte ruimte van Europa waarin die oorspronklike Reinaard hom bevind het.

Die patrone in die taal- en woordgebruik wat geïdentifiseer kan word, dui aan dat hierdie korpus verhale aangepas is by tipies Afrikaanse omstandighede en die volkstaal, maar ook versag en gesuiwer is vir 'n kindergehoor, [B2]:

---

11 Geolekte is veranderde taalgebruiksvorme van sprekers soos hulle geografies oor die hele spraakgebied voorkom (Carstens, 2011:286).

*Want maats, julle weet mos, as 'n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè?*

Sekere geykte vreemde elemente soos Wolf word tog behou. In verteller 6 se verhale word die verhale gemoderniseer, aangepas vir "n stadskind, [E6]:

*"Uh, sal hulle almal vlug, Jakkals?" "Ja, ja, almal behalwe die koningin. Maar eh, Wolfie, sy sal nie omgee nie. Sy rook self, sien?" "Huh, o ja, ja, ek sien."*

Ook die gebruik van Engels kan "n bydrae lewer dat die kind van vandag (veral die stadskind) daarmee assosieer, omdat hierdie gehoor dikwels Engelse woorde in hul spreektaal gebruik:

[E1]: *Toe Oom Wolf nader kom toe sê hy: "Morning Miesies, Morning Seur. Morning Miesies, Morning Seur." En hy gee so pad. Ou Wolf vra vir hom: "Wat maak jy?" En hy sê vir Wolf: " Oom Wolf, daar's baie lekker heuning daar. Ek was baie honger, maar ek het my vol geëet. Al wat jy moet doen, gaan sit voor die gat en soos die bye uitkom dan sê jy Morning Miesies, Morning Seur."*

In [A1] is daar nog "n bewys van die gebruik van Engelse woorde:

*En Jakkals is missing met die kan room.*

Asook in [E3]:

*En in die mean time loop kry ou Wolf vir weer vir Jakkals by 'n heuningnes.*

Tog is daar soms woorde wat mens laat twyfel of die spesifieke verhaal wel vir kinders bedoel was, maar in hierdie korpus is dit eerder die uitsondering as die reël. In [A2] is die verhaal van die botter of room aangepas tot wyn in die vat. Jakkals word egter nie dronk van die wyn nie, al drink hy alles baie vinnig op. Met ander woorde, die verhaal word tog aangepas vir "n kindergehoor, want die werklikheid dat mens dronk word van soveel wyn word verdoesel.

*En hy laat sak daai vaatjie. Hy laat sak hom. Toe die Wolf hier wakker word toe sê hy vir Wolf. Hy het nou een kind. Waar is die kind? Hy is hier, hy is hier. Wat is sy naam? Eerste woord wat daar is wat inkom. Vaatjie. Nou ja, maar ons gaan nou maar weer slaap. En hy laat sak hom. Jakkals drink al daai wyn uit.*

Sporadies word daar ook deur vreemde sintaktiese vorme die mondelinge verteltrant weergegee. So 'n voorbeeld word aangetref in [B3]:

*Wolf en Jakkals. Wolf is maar bietjie van die domspan. En Jakkals is maar 'n ou slim man. En hy het altyd vir ou Wolf nou maar ingeso gelei in plekke waar ou Wolf waar ou Wolf as ou Wolf hom agterkom dan is hy lankal in die ou Wolf in die slagyster.*

Dit is veral ook bevind dat Wolf se gedurige hongerte 'n basiese behoefte aan kos is. Hierdie behoefte word dan op een van Boer se produkte (botter, wyn, skape, vis, heuning ensovoorts) gefokus omdat hy sy honger wil stil. Die ander basiese behoeftes soos veg, vlug of voortplant figureer egter nie in hierdie verhale nie terwyl dit wel in die Europese Reinaard-weergawe belangrik is. Die Jakkals-triekster in hierdie korpus is 'n baie meer gereduseerde triekster as die trieksters waarvan die eienskappe in meer besonderhede reeds bespreek is. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie verhale inderdaad aangepas is vir 'n Suid-Afrikaanse kindergehoor deur die effektiewe gebruik van unieke taal, endemiese natuurelemente, Suid-Afrikaanse plekke en persoonlikhede om sodoende 'n meer Suid-Afrikaanse gerigte agtergrond te skep waarteen die gebeure afspeel.

### **3.5 SAMEVATTING**

In hierdie studie is gepoog om die onderliggende patrone waaruit mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale bestaan, te identifiseer deur middel van 'n strukturele benadering en om die verhale te vergelyk op grond van daardie patroonmatigheide. Hierdie konstante elemente van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is geïdentifiseer en omskryf. Aktante is geïdentifiseer in die poging om die onderliggende struktuur te vind wat voortbestaan ongeag hoeveel keer die storie vertel word. Dit het onder andere die ondersoeker aangemoedig om 'n groot aantal variante te ondersoek en om die onderliggende struktuur wat voortbestaan te skei van dié wat individueel en kortstondig is (Feierman 1974:40-41). Verandering is in die inhoudelike patrone van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale gevind omdat aanpassings van die verhale uit Europese oorsprong plaasgevind het sodat die verhale by die Suid-Afrikaanse gehoor se kultuur, natuurlike en sosiale omgewing kon aanpas. Hierdie konstante struktuur asook die aanpassings van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale is geïdentifiseer en omskryf en waar moontlik met gepaste voorbeelde toegelig. Daarom is al die verhale in hierdie korpus ontleed ten einde die vaste patrone te vind wat opsommenderwys in Hoofstuk 4 uiteengesit word.

## HOOFSTUK 4

# GEVOLGTREKKINGS

### 4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 2 is beredeneer, deur middel van die literatuuroorsig, dat Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale kenmerke van mondelinge, volks- en trieksterverhale toon. Dit is daarom belangrik om in hierdie hoofstuk saam te vat wat die studie opgelewer het. Daarom sal die navorsingsvrae van hierdie studie opsommenderwys beantwoord word uit die bevindinge in Hoofstuk 2 en 3:

- Watter strukturele en inhoudelike patroonmatighede van mondelinge verhale in die algemeen, en van die trieksterverhaal in die besonder, kan in die verhale geïdentifiseer word; en
- watter lokalisering ten opsigte van algemene inhoud en struktuur kan in die verhale geïdentifiseer word?

Hierdie vrae is beantwoord uit die analisevlakke van storie en verhaal. Plek, tyd en onderliggende handeling is op die vlak van storie gebruik. Die elemente van karakters, plot, ruimte en temporele ordening asook die vertelwyse is op die verhaalvlak gebruik. Bremond se handelingslogika is ingespan om die patrone in die verloop van die verhaal te identifiseer. Tydens hierdie prosedure is een sintagmatiese ketting met 'n paradigmatische stel vervang sodat binêre opposisies teenoor mekaar gestel kon word. Ook is stories met dieselfde betekenis vergelyk om ten einde die formele ooreenkomste te bepaal wat verantwoordelik is vir die betekenis. Die verhouding tussen handeling en handelende instansie is beskryf deur middel van Greimas se aktansiële model. Die kern of patroon van die verhale kon sodoende geïdentifiseer word en die besonderhede wat die verhale inkleur is tegelykertyd uitgelig.

Dit is bevind dat die inhoudelike patrone nie staties is nie, maar verandering vind plaas moontlik as gevolg van aanpassings (lokalisering van tyd, kultuur, sosiale omgewing). Barthes (1967: 897) het verklaar dat strukturalisme die metode van analise van kulturele

artefakte is wat hul oorsprong in die metodes van destydse linguistiek het. Oosthuizen (1987:216) sê ook tereg dat die meeste strukturaliste van mening is dat sosiale gedrag uiteindelik nie afhang van menslike wilsbesluite nie, maar van die algemene sosiale strukture waarbinne mense hulle bevind. Met ander woorde verhale word aangepas nie omdat mense sommer net besluit het dit moet gebeur nie, maar omdat sosiale strukture waarbinne mense hulle bevind, hulle daartoe dwing. Daar is verskeie elemente wat sosiale strukture beïnvloed, onder andere kultuur, tyd, streek en die ouderdom van die mense binne die sosiale struktuur.

#### **4.1.1 Wat (storie)**

Basiese handelingspatrone (gebeure) - die logika van handelingsmoontlikhede en – reekse:

Die reeks chronologiese gebeurtenisse wat oorwegend lineêr opeenvolgend weergegee word in die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolf trieksterverhale lyk gewoonlik soos volg:

1. Jakkals eien iets wat in hulle (Jakkals en Wolf) se basiese behoeftes kan voorsien. Jakkals en Wolf het behoefte aan kos en Jakkals ook 'n behoefte om Wolf te triek. Jakkals maak sy plan (hoe hulle die kos in die hande gaan kry) aan Wolf bekend.
2. Soms moet Jakkals Wolf oortuig om by sy planne in te val.
3. Die plan word uitgevoer (meestal ten koste van Wolf)
4. Wolf word te na gekom (hy is dom en soms naïef) en as gevolg daarvan word Jakkals die meeste van die tyd bevoordeel.

Hierdie vaste patroon kom ooreen met Neethling (1977:40) se waarneming oor die veranderlikheid van mondelinge verhale. Die storie van Jakkals en Wolf word gewef rondom die gegewe dat Wolf 'n onstilbare vleislus (koslus) het en dat Jakkals altyd hierdie behoefte van Wolf uitbuit om sy eie onblusbare koslus te bevredig, asook om Wolf te triek en sodoende sy uitgeslapenheid en mag ten toon te stel.

Plek – waar vind die gebeure plaas:

Die omgewing waarin hierdie stories afspeel, word nie in besonderhede beskryf nie; dis 'n algemene veldruimte sonder veel besonderhede. Die verteller maak appèl op die gedeelde

kennis van die omgewing (ongetemde en getemde natuur) van die gehoor. Daar bestaan 'n kontras tussen Boer se plaas en die veld. Boer se ruimtes is meer getemde ruimtes as veld. Die ruimte is aangepas sodat die dierekarakters in die ruimte kan pas. Die ruimtes wissel egter oor die grens van getemde na ongetemde ruimte en terug. Die plek waar die stories afspeel, is daarom nie staties nie, maar dinamies.

Tyd – wanneer vind die gebeure plaas:

Die stories word meestal chronologies vertel. Die lees- of verteltyd wissel na gelang van hoe uitgebreid die gebeure oortel word. Die vertellers gee egter min die aanduiding van hoe lank die gebeure duur. Die tyd in die verhale word met ander woorde in 'n soort algemene verlede vertel. Daar word egter ook uitsonderings op hierdie tendens aangetref. Wanneer die tydsaanduiding dan meer spesifiek weergegee word, veroorsaak dit 'n meer realistiese tydsraam.

Aktante en die aktansiële verhoudinge

Daar kan twee moontlike aktansiële modelle vir hierdie verhaal gekonstrueer word, afhangende uit wie se oogpunt die gebeure beskou word. Jakkals en Wolf saam is 'n aktant (albei streef na die doel om kos in die hande te kry en sodoende te oorleef) asook Jakkals op sy eie (om Wolf te triek) en Wolf op sy eie (om aan sy eie en Jakkals se behoeftes te voldoen). Die sentrale rolspeler(s) in die konflik is gewoonlik Jakkals en Wolf. Hulle is die akteur(s) wat funksioneer soos die subjek. In [E3] is daar 'n derde karakter uit wie se oogpunt die gebeure beskou kan word, nl. Koggelmander. Die objekte is Jakkals wat wil kos hê, maar ook die plesier om vir Wolf te triek. In die [D] en [E]-verhale gaan dit glad nie vir Jakkals om Boer se begeerde produkte nie, maar uitsluitlik oor sy triek wat moet slaag. Wolf wil uitsluitlik kos hê<sup>12</sup>.

Die begunstigers in hierdie verhale is vanuit Wolf se oogpunt Jakkals se skelm aard, sy uitgeslapeheid en sy vermoë om slim planne uit te dink. Uit Jakkals se oogpunt is die begunstigers sy eie slimheid, Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag.

---

12 Hierdie kenmerk resoneer sterk met die sosiale ervaring van arbeidsverhoudinge tussen bruin of swart arbeider en wit werkgewer en die feit dat die arbeider baie min het en die werkgewer beskik oor alles waaraan die werker gebrek het. Dit resoneer ook met wat in die samelewing vandag bevind word rondom konflik as gevolg van natuur teenoor kultuur, onderdrukker teenoor politiek en identiteitsvorming.

Die begunstigde is altyd Jakkals. Soms word Wolf se behoefte aan kos bevredig, maar altyd ten koste van homself. Daarom sou hy die negatiewe begunstigde genoem kon word. Hy word gewoonlik as gevolg van sy primitiewe aptyt en sy domheid getriek en dan deur Boer half dood geslaan of deur die bye gesteek of sy stert breek af in die yswater. Jakkals se behoefte aan kos word altyd bevredig asook sy begeerte om vir Wolf te triek. Jakkals misbruik ook Wolf se fisiese krag en grootte tot sy eie voordeel en tot Wolf se nadeel, want sodoende dra Wolf daartoe by dat hy getriek word. Die helpers in hierdie verhale is die meeste van die tyd Jakkals, omdat hy die slim planne beraam asook Boer omdat hy die produkte verskaf. Boer en Perd is die helpers wat Jakkals help om vir Wolf te triek. Dis meestal net die helpers wat as redelike veranderlikes beskou kan word en daarom uit Wolf se oogpunt ook die teenstanders, omdat die teenstanders altyd by Jakkals leeg is. Die teenstanders uit Wolf se oogpunt gesien in hierdie verhale is juis dit wat veronderstel was om Wolf (subjek) te help om die objek te bereik, byvoorbeeld Wolf begeer kos in die vorm van Perd, maar dis dan Perd wat vir Jakkals flenters skop.

Die aktante in hierdie korpus verhale word saamgevat in die volgende tabel:

**Tabel 4.1: Opsomming van aktante**

	<b>UIT JAKKALS SE OOGPUNT</b>	<b>UIT WOLF SE OOGPUNT</b>
Subjek	Jakkals	Wolf
Objek	Boer se begeerde produkte (room, botter, wyn, skaapvleis, vis, perdevleis, heuning) Triek moet slaag	Boer se begeerde produkte (room, botter, wyn, skaapvleis, vis, perdevleis, heuning)
Begunstiger	Wolf se goedgelowigheid Wolf se domheid Wolf se grootte en krag	Jakkals se uitgeslapenheid Sy vermoë om slim planne uit te dink
Begunstigde	Jakkals	Wolf (negatief)

	UIT JAKKALS SE OOGPUNT	UIT WOLF SE OOGPUNT
Helper	Wolf Boer Boer se honde	Jakkals Jakkals se plan Boer
Teenstander	Vir Jakkals altyd leeg	Boer Jakkals Boer se honde

#### Die uitgebreide storie

Die element wat geselekteer is in hierdie stories om die uitgebreide storie te vorm, is subtiel gekies om die gebeure suksesvol te laat afspeel op die grens van die getemde teenoor die ongetemde. Die vergelyking van die plotstruktuur in hierdie korpus het 'n interessante oorkoepelende patroon ontbloot. Die storie in al die vertellers se verhale begin in 'n disekwilibrium vir Wolf en Jakkals, maar in 'n ekwilibrium vir Boer. Dan ontstaan daar vir Boer 'n disekwilibrium, maar vir Wolf en Jakkals word die disekwilibrium vergroot. Die disekwilibrium word opgelos vir Jakkals en Boer en die storie eindig vir hulle in 'n ekwilibrium, maar Wolf se disekwilibrium word enduit gehandhaaf. Hierdie patroon kan as 'n unieke patroon beskou word vir Afrikaans mondelinge Jakkals-en-Wolftriëksterverhale omdat dit afwyk van die patroon van ekwilibrium, disekwilibrium en herstel wat Todorov (1977), Paulme (1977) en Taljaard (1999) (soos bespreek in Hoofstuk 2) waargeneem het.

#### 4.1.2 Hoe (verhaal)

Deur die volgende elemente in die korpus verhale te vergelyk, is die volgende analysevlakke vasgestel uit die resultate wat die literatuur opgelewer het van idees uit die narratologie:

- verhaalstruktuur
- die tydspatrone (temporele verhoudinge) in die verhaal;

- karakterisering;
- ruimte;
- fokalisasie;
- die eiesoortige relasies in metaforiek en simboliek en struktuur.

#### **4.1.2.1 Verhaalstruktuur**

Baie van die verhaalstruktuur stem ooreen met die bevindinge van Lotz (1959), Neethling (1977), Snyman (1983) en Taljaard (1999) soos volledig bespreek in Hoofstuk 2. Jakkals-en-Wolfverhale se handelingslyn (gebeure) is duidelik en oënskynlik eenvoudig. Soos aangetoon begin elke verhaal waar Wolf (en meestal Jakkals ook) honger is en Jakkals dié behoefte gebruik om sy planne te aktiveer. Jakkals se planne om Wolf te triek word nooit direk aan die gehoor gegee nie, maar die gehoor wat bekend is met Jakkals-en-Wolfverhale is al bedag op die feit dat Jakkals altyd daarop uit is om Wolf te triek.

Die klimaks word sonder omslagtigheid bereik. Jakkals oortuig gewoonlik vir Wolf om in te val by sy planne. Jakkals gebruik Wolf se grootte en krag om die planne uit te voer en Wolf trek elke keer aan die kortste end.

Die knoop is eenvoudig. Jakkals verduidelik gewoonlik kortliks aan Wolf wat hulle gaan doen om die plan uit te voer om kos in die hande te kry en hulle voer die plan uit.

Die meerderheid verhale word vertel sonder lang verduidelikings of beskrywings. Die episodes volg mekaar vinnig op, daar is dadelik aksie en daar is gewoonlik nie groot tydspronge teenwoordig nie. In etlike gevalle word groter tydspronge in die verhaal aangetref, omdat die storie meer uitgebreid vertel word.

Die herhaling in hierdie verhale lê nie soseer in die herhaling van 'n spesifieke episode nie, maar in die herhaling van die reeks chronologiese gebeurtenisse (storie), soos reeds verduidelik is onder **4.1.1 Wat (storie)**. In die [A]-verhale word die episode waar Jakkals sy kinders moet gaan doop, herhaal. Dis asof Jakkals hierdeur te kenne wil gee dat hy besig is om vir Wolf te triek. Die gehoor snap dit (deels), maar Wolf glad nie en daardeur word die klem weer op Wolf se domheid geplaas. Dis juis deur hierdie binêre opposisies

wat struktuur ook openbaar word. Hier gaan dit dikwels om die dom Wolf teenoor slim Jakkals of honger (gebrek) by Wolf teenoor Jakkals en Boer se oorvloed.

In sommige van die verhale bv. [B6] is wel 'n gedeelte wat gesing of geresiteer kan word.

*En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: "Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde."*

Hierdie gedeelte word dan inderdaad ook gesing deur die verteller (Niehaus, 2011) op die klankopname. Omdat hierdie gedeelte herhaaldelik deur Jakkals gesing word, betrek dit die gehoor en dien dit as manier om die gehoor se insig te bevorder. Dit kan ook gesien word as 'n uitvoeringsaspek wat onder andere emosionele meeleving in die hand werk en samehorigheid bevorder tussen die gehoor en die verteller. Die fokus word hierdeur gekanaliseer van Wolf na Jakkals; in plaas daarvan dat die gehoor simpatie toon met Wolf, word hul vermaak deur die slim, kleiner Jakkals wat weereens vir Wolf uitoorlê

Die herhaling van die feit dat Jakkals elke keer vir Wolf triek en dat Wolf hom elke keer laat vang, is vir die gehoor 'n bevestiging van die ideologie dat die wêreld is soos wat hul hom ken. Die gehoor kan ook frustrasie met dom Wolf ervaar omdat hy hom elke keer deur Jakkals laat triek en geen emosionele intelligensie toon deur Jakkals se karakter te leer ken en bedag te raak op die feit dat Jakkals altyd geleentheid soek om vir Wolf te triek nie. Die gehoor kan dalk ook voel dat reg en geregtigheid nooit vir Wolf beskore is nie.

Die hoofmotief in al die verhale oor die hele korpus Jakkals-en-Wolfverhale is die motief van die kleiner slimme wat die sterker domme oorwin en dit word deurgaans op standhoudende wyse gehandhaaf. Ander motiewe wat eenmalig in die verhale aangetref word, is 1) die walvis-motief in [C5]. Die walvis suggereer 'n groot stuk vleis wat kan dui op Wolf se gulsigheid. In [E3] word 2) die motief van kerk satiries gebruik. Hierdie motief verwys na mense wat kerk toe gaan, maar in plaas daarvan dat dit hulle met vreugde vul, kom hulle eerder stroef voor. Omdat hulle so ernstig is, lyk dit asof hulle kwaad is. Die stroefheid bepaal dan die atmosfeer in die kerk en daar word van almal verwag om dieselfde gesindheid te openbaar. Jakkals verskuif hierdeur Wolf se aandag weg van die geld wat Jakkals hom skuld na iets heeltemal anders. Dis met ander woorde onvanpas om naby die kerk aan die baklei te gaan oor geld. Hierdie motief sluit ook aan by die oorspronklike verhaal van *Van den Vos Reynarde* se bedekte spot met die kerk.

#### 4.1.2.2 *Tydspatrone*

##### **Temporele verhoudings**

- **Volgorde:**

Die episodes van die verhale volg chronologies op mekaar. Daar is min afwykings van die storievolgorde.

- **Frekwensie:**

Die gebeure word meestal singulatief vertel. 'n Effek van beklemtoning word gekry deur enkele elemente wat herhaal word in etlike verhale. Die herhaling van elemente verseker ook dat die hoorder kennis neem dat Jakkals weer vir Wolf getriek het. Dit mag simpatie by die hoorder wek vir Wolf wat hom so laat triek het. Dit is die teenoorgestelde van wat in die oorgrote meerderheid van die verhale gevind word, waar die vertelinstansie en die fokalisasie juis die simpatie weg van Wolf af kanaliseer. Sang word etlike kere gebruik om belangrike inligting oor te dra. Omdat die gehoor deur hierdie tegniek betrek word, is dit dalk 'n manier om hulle insig te bevorder – in hierdie geval dat Jakkals se triek op Wolf weer geslaag het en dom Wolf hom weer laat vang het. Die gehoor verwag met ander woorde dat Wolf getriek sal word en kan dan vir hom lag. Die tegniek om 'n gedeelte wat gesing kan word in te sluit, kan gebruik word om te verseker dat die gehoor die verhaal onthou. Die sanggedeelte word gewoonlik herhaal en steek daarom in die gehoor se geheue vas en sodoende word die verhaal makliker onthou.

- **Duur:**

Die tempo waarin die verhale vertel word, is vinnig. Hierdie verhale begin by die begin en die gebeure volg chronologies op mekaar. Die verhalet af by die einde, maar die eiesoortige vertelpatrone lê juis daarin dat daar meer tyd afgestaan word aan sommige episodes as aan ander. Van die episodes word met ander woorde in groter besonderhede vertel as ander. Die episodes waarin die hoorder voorberei word op die triek wat hy op Wolf gaan voltrek asook die episodes waar Jakkals dalk uitgevang kan word en hy sy triek moet verdedig, kry meer verteltyd. Daar word juis klem geplaas op die feit dat Wolf in hierdie langer episodes verblind word en nie die triek sien wat voorberei word om hom weer aan die kortste end te laat trek nie. Hy loop dus blindelings in die proses in wat hom slegter daaraan toe sal laat. In [E6] is al die episodes scènes wat redelik uitgebreid

uitgebeeld word, amper asof dit opgevoer word, soos in 'n drama, en ook in die karakters se eie woorde. Hierdie element dra by om die verhale meer realisties voor te stel.

In [A2] en [B5] word daar wel opsomming(s) (in Labov se terme) aangetref. Die verteltyd in die teks is hier met ander woorde minder as die storietyd. Die tyd wat dit vir Jakkals neem om drie vate se wyn uit te drink en alles wat daar rondom kon gebeur, word in een sin saamgevat. Hierdie opsomming(s) is egter 'n variasie wat in al die ander verhale aangetref word, aangesien hierdie episode waar Jakkals die botter of room skelm eet, juis in die ander verhale uitgerek word om die feit dat hy besig is om vir Wolf te triek, te verdoesel.

### **2.1.2.3    *Karakters en karakterisering:***

In hierdie verhale is daar ook telkens drie karakters ter sprake, soos in sprokies, nl.: Jakkals (die protagonis), Wolf (die antagonis) en Boer (die tritagonis). Dis egter net Wolf wat die onderspit delf. Alhoewel die karakters van Jakkals en Wolf oor menslike eienskappe beskik, soos byvoorbeeld om te kan praat, redeneer en planne maak, verteenwoordig hulle nie 'n duidelike beeld van die universele mens nie. Die trieksterfiguur van Jakkals is egter algemeen. Die karakters is meestal eendimensioneel met geen karakterontwikkeling wat plaasvind nie. Karakteruitbeelding geskied hoofsaaklik deur middel van wat die karakters sê en doen en deur direkte karakterisering deur die verteller. Dialoog speel meestal 'n ondergeskikte rol. Daar word ook gebruik gemaak van indirekte karakterbeelding deur wat die karakters van mekaar sê asook deur die karakters se dialoog. Die verteller se mededeling gee ook karaktereienskappe van die karakters weer, byvoorbeeld dat Jakkals eintlik vals is.

Wolf, Jakkals en Boer se karakters bly nie net dieselfde in 'n spesifieke verhaal nie, maar oor die hele korpus van die verhale. Wolf bly dom en laat hom elke keer deur Jakkals triek. Jakkals bly slim en die tipiese triekster. Boer bly die een wat die straf uitdeel. Soms is daar egter ook buitelanders wat die straf uitdeel soos byvoorbeeld die bye of Perd. Die tritagonis, Boer, is eintlik net 'n handelende instansie, sonder individualiserende trekke. Soms word die tritagonis deur ander instansies vervang soos Perd en die bye. Daar bestaan wel etlike episodes waar Wolf nie as so vreeslik dom voorgestel word as die beeld wat die gehoor gewoonlik van hom in die verhale kry nie. Dis asof die gedagtepraat van Wolf soms bydrae tot sy karakterisering. Wolf kry sodoende meer insig in sy eie domheid. Wolf is met ander woorde nie altyd met 'n eendimensionele dom karakter nie. Die feit dat mondelinge vertellings gemeet word aan die kenmerke van geskrewe vorme

daarvan kan die oorsaak wees waarom karakters deur vorige navorsers as eendimensioneel gesien is. Karakters word baie keer uitgebou deur dramatiese aanbiedinge wat nie skriftelik altyd waarneembaar is nie.

Soos aangetoon in Hoofstuk 2 het karakters in volksverhale selde name. In hierdie verhale kan hierdie stelling bevestig word omdat die drie hoofkarakters geen kreatiewe benaminge het nie, maar word vernoem na hul aard: Jakkals, Wolf en Boer. Met ander woorde, hier is generiese name te sprake en glad nie kreatiewe name wat vir ons iets meer sê as watter soort dier dit is nie. Daar is etlike gevalle waar kompleksere verhoudings tussen die karakter subtiel deur aanspreekvorme aangedui word.

Die verskillende aanspreekvorme kan 'n aanduiding wees van die verhouding tussen Jakkals en Wolf op daardie spesifieke stadium van die gebeure. Jakkals maak byvoorbeeld asof hy respek het vir Wolf en spreek hom as Oom aan. Wanneer Jakkals vir Wolf as Neef aanspreek, word gesuggereer dat die karakters mekaar se gelykes is en is bowendien 'n teken van 'n ouer Afrikaanse wêreld. Jakkals spreek vir Wolf by talle geleenthede as Broer Wolf aan. Dit is weer 'n aanspreekvorm wat vir 'n vriend of medemens gebruik word. Die aanspreekvorm veroorsaak ook 'n meer intieme siening van die verhouding tussen Jakkals en Wolf. Jakkals gebruik egter hierdie benaming wanneer hy witvoetjie soek by Wolf. Óf omdat hy Wolf wil oortuig van sy planne, óf die planne is reeds uitgevoer en die triek is voltrek en nou probeer Jakkals vir Wolf oortuig dat hy wat Jakkals is nog aan Wolf se kant is. Broer kan ook suggereer dat die karakters saam betrokke is in die gebeure, solidêr, broeders in die verdrukking. In [B4] spreek Jakkals selfs vir Wolf as meneer aan. Hierdie benaming veroorsaak noodwendig 'n groter afstand tussen die karakters as die benaming van broer. Dit is in 'n situasie waar Jakkals erken dat hy Wolf se vriendskap moet terugwen ter wille van oorlewing en hy gebruik dan die aanspreekvorm in die poging om vir Wolf te wys dat hy hom met agting bejeën.

Die verhale van Jakkals en Wolf toon tog ook 'n sosiologies-betekenisvolle interafhanklike verhouding tussen die karakters. Die benaming van Baas in plaas van Boer word byvoorbeeld soms funksioneel gebruik. Die verteller is 'n bruin arbeider en in hulle leefwêreld is die boer die baas (die werkgewer). Die benaming dui met ander woorde die verhouding tussen die verteller en die boer aan. In [B3] word die benaming van boer en baas weer vervang deur witmense, dus 'n benaming wat die klem meer laat val op die sosiale verhouding tussen die verteller (werknemer) en die boer (werkgewer).

Die karakters in die korpus Jakkals-en-Wolfverhale is meestal van die manlike geslag. Jakkals, Wolf en Boer (die hoofkarakters) is van die manlike geslag. Soms is daar 'n verwysing na die vroulike geslag, naamlik Wolf se ma, Jakkals se vrou, die aanspreekvorm Miesies en die verwysing na koningin. Die vroulike karakters is almal byspelers in die betrokke verhale en word net so terloops genoem. Nie een van die vroulike karakters speel 'n noemenswaardige rol in die verhale nie. Dit is teenstellend met die leidende partye in die verhale wat almal manlik is. Die bye is die enigste karakters wat as manlik (seur) en vroulik (miesies) voorgestel word met 'n koningin as leier. Die motief van die koningin word gebruik om Jakkals se triek te verdoesel. Die vroulike karakters in hierdie verhale word slegs gebruik om die agtergrond 'n bietjie in te kleur of voller te maak. Dis die manlike hoofrolspelers met wie rekening gehou moet word in hierdie verhale omdat die verhale hoofsaaklik in 'n manlike wêreld afspeel.

Gewoonlik word Jakkals en Wolf in die eerste verhaal van 'n bundel verhale aan die gehoor voorgestel. In die nuutste bronne (Rousseau, 2011 en Grobbelaar & Verster, 2011) waarin Jakkals-en-Wolfverhale vertel word, word Wolf as die Suid-Afrikaanse gevlekte hiëna en Jakkals as die rooijakkals uitgebeeld deur middel van illustrasies. Hier word veral van direkte uitbeelding gebruik gemaak. Uit die illustrasies kan die gehoor dus 'n relatief konkrete voorstelling van die twee karakters maak. Wanneer daar in hierdie verhale gepraat word van Jakkals en Wolf het die teikengehoor in 'n mate 'n konkrete beeld van die karakters omdat dit personee is wat aan almal bekend is en eintlik nie aan 'n Suid-Afrikaanse gehoor voorgestel hoef te word nie. Die bekendheid veroorsaak dat die fiktiewe situasie 'n groter werklikheid gemaak word. Die gevlekte hiëna en die rooijakkals is ook endemiese diere van Suid-Afrikaanse bodem - 'n bewys dat hierdie verhale suksesvol gelokaliseer is.

Indirekte karakterisering vind plaas wanneer die gehoor uit die voorstellings kan aflei dat Wolf baie groter en sterker is as Jakkals. Jakkals gebruik hierdie eienskap van Wolf tot sy eie voordeel om van die gevare van Boer se houe weg te bly – wat dan inderdaad inpas by die eienskappe van die triekster. Die twee karakters, Jakkals en Wolf, word soms met meer dimensie geteken en sterk vermenslik. Jakkals word byvoorbeeld soms deur die verteller voorgestel as iemand wat baie maklik lieg en skynheilig is. Wolf is weer baie nuuskierig van aard en kan soms so bietjie vir homself dink. Die dom vrae wat Wolf in sommige van die verhale vra, dra by tot sy karakterisering asook wanneer hy die eienskap van geduldig wees toon, soos in [D4]:

*Wolf skud sy kop verward. Hy was seker dit was alles Jakkals se skuld. Maar nou ja, miskien het hy 'n fout gemaak. Geduldig stap hy maar saam met Jakkals verder.*

Hy is dan nie so eendimensioneel soos in die ander verhale nie. Die gehoor kom ook agter dat Wolf nie altyd alles wat Jakkals kwytraak vir soetkoek opeet nie. Hy verset hom dus tog soms teen Jakkals. Hierdie belangrike afleiding oor Wolf se karakter dien as waarskuwing vir die analis om meer genuanseer met binêre opposisies in die analyses om te gaan. Daar mag meer nuanses in verhoudinge tussen karakters wees as wat oppervlakkig waargeneem kan word. Daar word ook gebruik gemaak van indirekte karakterbeelding deur wat die karakters van mekaar sê asook deur die karakters se dialoog. Die verteller lewer ook deurentyd kommentaar op die karakters en sodoende kom die gehoor meer te wete van die karakters van wie die kommentaar gelewer word, byvoorbeeld dat Jakkals eintlik vals is. Soms kan daar deur die unieke woordkeuse van die verteller ook karaktereienskappe van die karakters afgelei word. In [A1] word daar byvoorbeeld "n terloopse karaktereenskap van wolwe deur die verteller gegee:

*En Wolf lê. Hulle is mos baie lief vir slaap. Wolf lê en slaap.*

Nie al die vertellers artikuleer die triekster-karaktereenskap duidelik nie. Dit dra heel waarskynlik by tot die feit dat die verteller die meeste van die tyd die gehoor se simpatie wil weghou van Wolf omdat die klem eerder geplaas moet word op die vermaak wat die triek verskaf as wat die gehoor vir Wolf sou jammer kry en die vermaaklikheidsaspek daardeur gedemp word. Daarom beklemtoon die uitsonderings van die patroon Jakkals se karaktereenskap en dat hy daarvan hou om Wolf in die moeilikheid te laat beland. Dit skep ook 'n afwagting by die gehoor oor wat Jakkals gaan doen om Wolf weer in die moeilikheid te laat beland.

Om verder op die karakterisering van Jakkals as triekster uit te brei, kan opgelet word dat Jakkals slim is en vir Wolf op vele maniere en geleenthede triek deur gebruik te maak van sy verstand eerder as sy spiere.

Jakkals en Wolf word ook deur **indirekte uitbeelding** aan die gehoor voorgestel. Jakkals gebruik byvoorbeeld dikwels vleitaal om Wolf te oorreed om sy planne uit te voer. Jakkals speel met ander woorde op 'n ander basiese menslike drang, nl. die drang na erkenning en nie net op Wolf se gulsigheid nie. Die verteller karakteriseer Jakkals soms implisiet as onbetroubaar. Dit wat die verteller aan die gehoor oordra, dra met ander woorde grotendeels by tot die karakterisering van die karakters omdat die verteller 'n appèl maak

op die gehoor se kennis van hoe dinge in die realiteit werk en manipuleer ook die gehoor deur dit wat hy herhaal of juis subtiel verswyg.

#### **4.1.2.4 Ruimtelike patrone**

Direkte ruimtelike aanduidings:

In die meeste van die verhale steek Jakkals en Wolf die grens tussen die getemde en ongetemde wêreld dikwels oor – van veld na plaaswerf. Omdat die hoofkarakters 'n jakkals en 'n wolf is, lewer die ruimtelike plasing in die natuur 'n bydrae tot die geloofwaardigheid van die verhaal. Die plekke word selfde in die verhale beskryf, maar net genoem en daar word ook nie name aan die plekke gekoppel nie. Die etlike ruimtelike aanduidings wat in die verhale voorkom is doelbewus en daarom funksioneel omdat dit bydra om die triek wat Jakkals op Wolf beplan te voltrek en die meelewingsaspek, omdat dom Wolf dit nie besef nie, bv. in [E6]:

*“Da-dan nou maar goed Wolf, nou moet jy mooi luister hoor! Ek weet van 'n vet heuningnes in een van die stamme van 'n ou boom wat laas winter omgewaai het. Boer het 'n groot, plat klip bo-op gesit dat skelms nie die nes kan sien nie.”*

Sintuiglike waarnemings:

Visueel:

In verteller 6 se verhale word daar meer ruimtebeskrywing aangetref as in verteller 1 se verhale. Dis asof die groter beskrywing in verteller 6 se verhale die besef by die gehoor uitstel dat daar 'n triek voltrek gaan word. In verteller 1 se verhale raak die gehoor dadelik bewus van Jakkals se triek.

Taktiel:

Die taktiele waarnemings is nie volop in hierdie verhale nie. In die [E]-verhale beleef die gehoor hoe vreeslik die bye vir Wolf steek en in die [C]-verhale word die gehoor bewus gemaak van die temperatuur deur die feit dat dit winter is en die baie koue temperatuur telkens herhaal word.

Ouditief:

Die gehoor hoor as't ware die gesprekke tussen Jakkals en Wolf en ook Boer, wanneer verteller 6 veral gebruik maak van verskillende stemtone om onderskeid te tref tussen die

verskillende karakters. Die verteller maak ook gebruik van sang, wat soos reeds bespreek is, 'n belangrike geheuestimulus vir verhale is. Hierdie elemente in die verhale dra ook by om die verhale meer realisties te maak, amper soos toe dit was toe dit om die kampvuur vertel en aangehoor is.

Die ruimtelike aanduidings veroorsaak dat daar in Jakkals-en-Wolfverhale 'n oortuigende verhaalwerklikheid geskep word deurdat daar 'n sterk beroep gedoen word op die gehoor se aanvaarding van die moontlike wêreld wat die verteller oproep. Met ander woorde, daar word gepoog om die gehoor se redelike kennis op te skort. Die verhale is suksesvol omdat die teikengehoor eerstens kinders is, maar ook slaag om volwassenes die grens te laat oorsteek tussen realiteit en die fiktiewe werklikheid van die volksverhaal. Hier bestaan 'n bewustheid van 'n teenoorgestelde werklikheid, die werklikheid van die dierverhaal. Die gehoor is bewus van die vermensliking van die dierekarakters en daarom ontstaan daar die bewustheid dat dit eintlik karaktertrekke is wat eintlik aan mense behoort en dus moet die genre van diereverhaal oordeelkundig geïnterpreteer word.

#### **4.1.2.5 Fokalisasie en stem**

Die vertelinstantie en vertelvlakke in die korpus verhale is hier vergelyk. Die verhale word deur 'n eksterne verteller-fokalisator vertel wat sowel kyk as vertel en wat nie beperk is tot 'n bepaalde posisie nie. Psigologiese faktore speel egter ook 'n rol in die fokalisasie in hierdie verhale, en beklemtoon so ook die rol van die eksterne fokalisator. Omdat die fokalisator die waarheid weet, veroorsaak dit dat die fokalisator kan waarneem dat Jakkals leedvermaak ervaar en genot put uit Wolf se dilemma. Die verteller-fokalisator rig hom soms direk tot die gehoor en maak 'n appèl op die verteller en die gehoor se gedeelde kennis. Omdat die verteller-fokalisator weet wat in Jakkals se gedagtes omgaan kan hy dit maklik met die gehoor deel, maar hy doen dit nie altyd nie. Dit is 'n manier om die gehoor se simpatie van Wolf af weg te hou. Die gehoor se simpatie word met ander woorde gemanipuleer ten gunste van die uitgeslape Jakkals. Tog in [C4] dring die fokalisator wel in Wolf se gedagtes in en bied 'n direkte weergawe van Wolf se gedagtes aan deur middel van Wolf se eie woorde (persoonsgebonde fokalisasie). Ook in [A4] word 'n voorbeeld aangetref waar Wolf sy insig uit sy perspektief gee. Jakkals toon weliswaar ook soms insig en dit word ook deur Jakkals se gedagtes deur die verteller aan die gehoor weergegee. By hoë uitsondering begin die verhaal met 'n dialoog tussen die karakters (die verteller gee hulle die eerste woord en die verhaal is dus karaktergefokaliseerd). Dit toon met ander woorde 'n afwyking van die patroon wat in ander verhale gevind word. Hierdie opening gee die gehoor die idee dat die verhaal reeds aan

die gang is en die vertelling begin as't ware in die middel van die gebeure. Hierdie soort opening word veral aangetref wanneer Jakkals-en-Wolfverhale in 'n bundel vertel word of wanneer die een Jakkals-en-Wolfverhaal na die ander vertel word soos om 'n kampvuur of deur 'n klankopname (CD). Die verteller gaan dan van die veronderstelling uit dat die gehoor die vorige verhale gehoor het en gaan net voort met die volgende verhaal. Om in die middel van die verhaal te begin, is ook 'n ou taktiek van vertellers deur die eeue om hulle gehoor betrokke te kry by die verhaal. Dis egter 'n afwyking van die chronologiese storie-volgorde wat die reël in hierdie verhale is.

Soms rig die verteller hom direk tot die gehoor om kennis wat hy oor die karakter het, te deel. Met hierdie fokus van die verteller se woorde word daar spanning geskep en word Jakkals gekarakteriseer. Daar word deur hierdie fokus aan Jakkals die eienskap toegedig van iemand wat skelm is en iemand wat altyd besig is met een of ander stoutigheid. In sommige verhale word Jakkals nie net as slim nie voorgestel nie, maar ook as dislojaal. As gevolg van die fokalisasie weet die gehoor soms meer as die karakter (meestal Wolf). Die verteller tree eksplisiet na vore en staan met ander woorde nie op die agtergrond nie. Die verteller artikuleer ook waardes en sienings en voed sodoende die gehoor op. Soms vind die vertelling in Jakkals se stem plaas en nie in die verteller s'n nie. Die verteller vertel aan die hoorder wat hy/sy reeds weet van Jakkals, maar bevestig dit deur herhaling (dat Wolf so dom is) en die verteller maak ook seker dat die hoorder weet dat Jakkals skelm is. Die fokalisator én die vertelinstantie span dus saam in hierdie verhale om die gehoor te manipuleer en die fokus te plaas op die feit dat Wolf dom is en Jakkals se slim planne. Die herhalende patroon veroorsaak dat die gehoor gemanipuleer word in die rigting wat die verteller én fokalisator wil hê die gehoor die storie moet ervaar. Dit bevestig die aard van die gehoor se wêreld. Die herhalende patroon veroorsaak dat die gehoor kan voorspel wat volgende gaan gebeur en wanneer die verhaal verloop soos wat die gehoor verwag, veroorsaak dit meeleving en sodoende genoegdoening.

Daar word soms ook gebruik gemaak van eksterne fokalisasie. Die verteller neem die rol aan van 'n wyse ou man wat dinge vir sy jonger gehoor uitlê. Die verhale word uit die oogpunt van die "natuur" gefokaliseer. Die aantasting van die "kultuur" word altyd gestraf en Wolf kry meestal die skuld daarvoor en die slimme Jakkals ontsnap skotvry. Jakkals kry dit reg om altyd die onus op iemand anders te laat rus. Dit is dan ook 'n eienskap van die triekster. Sy sonde word voor die deur van die onskuldige karakter se deur gelê. Vleitaal is ook eie aan Jakkals (die triekster). Hy gebruik dit om Wolf te oorreed om by sy planne in te val. Hierdie handeling om die skuld op iemand anders te pak, gaan deurgaans gepaard met die triekreeks wanneer Jakkals homself verontskuldig deur die

skuld elke keer op Wolf te pak. Jakkals spring sodoende die straf vry. Hierdie verhale verteenwoordig die ewige stryd van die Boer teen die natuurkragte, maar oorwegend van die natuur se kant af gefokaliseer. Maar dit vorm as't ware 'n subplot (of "side plot") van die verhaal – dit staan nie in die sentrum nie, maar vorm 'n soort algemene raam vir die verhaal. Daar word ook voorbeelde van ander binêre opposisies in die plotstruktuur van hierdie korpus verhale gevind. Oral word die opposisie van slim teenoor dom aangetref asook die opposisie van gebrek teenoor oorfloed.

Na die identifisering van die patrone soos reeds bespreek, is dit vervolgens ook belangrik om die patroonmatigheide in die handeling en handelingslogika saam te vat.

#### **4.1.2.6 Gebeure (handelingsreekse, handelingslogika)**

Daar bestaan verskeie handelingsreekse in Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale, wat op mekaar volg, parallel loop en/of ingebed is. Die reekse volg oorwegend op mekaar, maar die verhale verskil in die mate waarin ander reekse in die groter reekse ingebed word. Die patroon van die twee parallelle reekse, nl. Reeks 1: Soos wat Jakkals die saak vir Wolf voorstel (voorstelreeks) en Reeks 2: die triekreeks, bestaan ook deurgaans in al die verhale.

Reeks 1: Die voorstelreeks lyk meestal soos volg: Wolf (en soms Jakkals) het 'n behoefte (gewoonlik aan kos), maar Jakkals het Wolf se krag en grootte nodig om die behoefte te bevredig. Wolf vertolk die rol van helper hier, maar word later die een wat gestraf word. Wolf aanvaar die voorstel (soms moet Jakkals vir Wolf oortuig om by sy planne in te val) en maak soos Jakkals voorstel.

Reeks 2: Wolf se begeerte lei nie net tot Jakkals se plan om Wolf se grootte te misbruik tot sy voordeel nie, maar wakker ook by Jakkals die triekplan aan. Wolf se domheid, en ook die teendeel, Jakkals se uitgeslapenheid, word hier beklemtoon. Jakkals se planne slaag en albei sy begeertes, nl. na voeding asook om vermaak te word omdat sy triek slaag, kom in volvoering. Jakkals trek voordeel en Wolf word te na gekom. Daar bestaan 'n duidelike patroon van hoe die episodes van hierdie verhale ineenskakel, maar daar is ook interessante variasies.

Die verhale in hierdie korpus bestaan nooit uit minder as twee episodes nie en ook nooit meer as agt episodes nie. Die episodes skakel min of meer altyd op dieselfde wyse met mekaar. Die meeste van die tyd volg die episodes egter op mekaar, maar daar is ook ingewikkelder reekse waarin die gebeure in meer detail in verskillende ingebedde siklusse

vertel word, veral in die [A]-verhale (kyk Bylae A). Die verhale openbaar altyd oorkoepelend 'n verbetering vir Jakkals, maar 'n verslegtingsproses vir Wolf, omdat Jakkals se triek telkemale slaag en hy sy behoefte om voeding kan bevredig. Wolf trek die hele tyd aan die kortste end. Wolf moet al die slae kry en sy behoefte om gevoed te word, word selde of nooit bevredig. Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop dan dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ('n verbetering lyk), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek. Die verbeterings-en verslegtingsprosesse word gelyktydig in die verhaal voltrek, omdat dit wat vir Jakkals 'n verbetering is, vir Wolf 'n verslegting is. Die kernverhaal bly primêr, maar ander verhalende gedeeltes kan ook in die kernverhaal ingebed word byvoorbeeld wanneer die verslegtingsproses vir Jakkals weer 'n geleentheid open om vir Wolf te triek. Die verhouding tussen die kernverhaal en die ingebedde geskiedenis is met ander woorde betekenisvol. Die resultaat is dat Wolf weer seerkry en die triek weer slaag, asook die feit dat die gehoor agterkom dat die prosesse wat vir Wolf as goed voorgestel word, 'n triek van Jakkals sal wees. Die verhale bestaan dan uit verskillende sulke verbeterings- of triekprosesse (parallele prosesse en soms ook ingebedde prosesse) wat op mekaar volg om 'n geheel te vorm. Die aantal prosesse hang af van die mate waarin die verhaal uitgebrei word. Sommige verhale is kort en word daar slegs twee reekse parallel met mekaar verbind. Verhale wat langer duur, word uitgebrei en in die uitbreidingsproses voeg die verteller nog van hierdie parallele (en soms ook ingebedde) reekse by.

Die gebeure in hierdie verhale word nie so konkreet uitgebeeld nie. Die vertellers doen 'n sterk beroep op die gehoor se kennis van die wêreld waarin die karakters geplaas word asook op die stereotipes. Die gehoor weet egter hoe Jakkals se planne gaan verloop omdat Jakkals dit altyd baie mooi uiteensit vir Wolf. Jakkals moet dit op so 'n manier verduidelik dat selfs dom Wolf dit kan verstaan. Die verteller staan soms die woord aan die karakters af deur gebruik te maak van die direkte rede. Dit maak die gebeure en dit wat gesê word meer geloofwaardig (realisties) omdat die karakters hul eie woorde en gedagtes weergee. Dis juis hierdie direkte voorstelling van gebeure wat dan 'n bydrae lewer tot die effek van meeleving wat die gehoor ervaar.

## 4.2 TAAL- EN WOORDGEBRUIK

'n Hele paar bewyse is gevind in die korpus verhale vir die vermoede wat in Hoofstuk 2 uitgespreek is dat die verhale aangepas is vir 'n eietydse gehoor. Die taal- en woordgebruik word juis slim ingespan om hierdie aanpassings te bewerkstellig. Hierdie

aanpassings van trieksterverhale in Afrikaans word veral gevind in die vertellers se woordkeuse (idioom), aanspreekvorme en gebruik van werklike bekende Suid-Afrikaanse karakters asook bekende Suid-Afrikaanse diere, die aanpassing van die natuurelemente en geografiese ligging. Die gebruik van endemiese natuurelemente, bekende Suid-Afrikaanse personae, uitdrukkings (wat hul ontstaan te danke het aan Jakkals-en-Wolfverhale), aanspreekvorme, eiesoortige Afrikaanse woorde, afleidings en uitroepe, sluit onder andere aan by die feit dat vertellers van volksverhale die verhaal aanpas by die volkstaal.

Ook dui die aanpassing by eiesoortige klimaatsomstandighede aan dat daar spore van aanpassings bestaan in hierdie verhale om dit geskik te maak vir die teikengehoor. Die patrone in die taal- en woordgebruik wat geïdentifiseer kan word, toon nie net aan dat hierdie korpus verhale aangepas is by tipies Afrikaanse omstandighede en die volkstaal, maar ook versag en gesuiwer is vir 'n kindergehoor. Sekere gekte vreemde elemente soos Wolf word tog behou. Die verhale word ook soms gemoderniseer en aangepas vir 'n stadskind, deur onder andere die gebruik van Engelse woorde. Tog is daar soms woorde wat mens laat twyfel of die spesifieke verhaal wel vir kinders bedoel was, maar in hierdie korpus is dit eerder die uitsondering as die reël.

Ook word die vermoede in **Hoofstuk 2** bevestig dat die herkenning van die verhale plaasvind omdat die kernverhaal asook die mondelinge vertelpatroon in die geskrewe vorme herhaal word. Dis veral ook hier in die taal- en woordgebruik wat spore van lokalisering ten opsigte van algemene inhoud en struktuur waargeneem kan word. Woorde word spaarsamig gebruik in Jakkals-en-Wolfverhale. Die ruimte of die karakters word byvoorbeeld glad nie in besonderhede beskryf nie. Soms is daar uitsonderings en dis juis wanneer die verhale in meer besonderhede beskryf word, dat die verhaal meer realisties is.

Die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is juis nie met gevoel deurdrenk nie. Die atmosfeer in hierdie verhaal is veel eerder saaklik en nie gevoelvol of emosioneel nie. Dit is egter reeds volledig onder **4.1.2.1 Verhaalstruktuur** bespreek.

In die meeste Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is daar wel spore van simboliese betekenis verskuil onder die verhaalvlak soos wat in 'n sprokie aangetref sou word. Hierdie fokus kan verwys na die moontlike uitbeelding van magsverhoudings in Suid-Afrika. Jakkals is onder andere 'n metafoor van die onderdrukte in die land. Wolf is meestal die teken van Jakkals se triek en moet elke keer die spit afbyt. Wolf word elke

keer gestraf en deur Wolf te straf, word die wanbalans (disekwilbrium) herstel en Boer bly in beheer. Hierdie omstandighede verwys ook na die rasseverhoudinge in Suid-Afrika, veral dan die verhouding tussen blank en bruin en dan noodwendig tussen baas en kneg – albei partye Afrikaanssprekend. Bruin werkers (die laer stand) is oorwegend in diens van die blanke boere (die sterkeres). Jakkals is dan die metafoer van die triekster uit die laer stand van die samelewing wat in 'n sosiaal beter posisie geplaas word deur die feit dat hy slim kon optree en daarom dit kon regkry om die sterkere te triek. Die triekster is op hierdie gebied die hoër stand (die Boere) se meerdere. Jakkals staan ook teenoor Wolf as die verdrukker omdat Jakkals hier die verpersoonliking is van brutale mag. Hierdie verhale is egter grootliks gemik op 'n kindergehoor en daarom is die onderliggende magsverhoudinge nie die hoofmotief of enigste motief van hierdie verhale nie.

### **4.3 VERTELLERPATRONE EN DIE UITWERKING OP DIE GEHOOR**

Die vertellers van hierdie verhale is ook met mekaar vergelyk. Daar is bevind dat die oorgrote meerderheid van die vertellers van die manlike geslag is. Daar bestaan 'n moontlike korrelasie hier met narratiewe praktyk in Afrika: trieksterverhale word gewoonlik deur mans vertel (omdat dit die politieke verhoudinge suggereer) en verhale oor huishoudelike verhoudinge word weer deur vroue vertel. Daar word ook heelwat spore gevind van vertellers wat die stories aangepas het by hul leefwêreld. Sommige vertellers brei meer uit oor die gebeure as ander. Sommige vertellers is baie ingestel op die gehoor vir wie die vertelling bedoel is en pas hulle vertellings aan deur middel van versagtende woorde asook die inlas van morele lesse. 'n Meer dramatiese verteltekste (uitroepe, slim woordkeuses en baie dialoog) verseker ook die gehoor se aandag en veroorsaak dat die gehoor hulle kan inleef in die gebeure en die gebeure makliker kan visualiseer. Sommige vertellers gebruik ook die tegniek om die gehoor direk aan te spreek om sodoende hulle aandag te verseker.

Daar is ook bevind dat vertellers sporadies gebruik maak van vreemde sintaktiese vorme om die mondelinge verteltrant weer te gee. Dialoog kom voor in hierdie verhale, maar word op beperkte skaal, soos byvoorbeeld in vertellers 1, 2 en 3 se verhale. Die dialoog kom egter volop voor in vertellers 4 tot 8 se verhale.

Die vertellers se breë strukturering van die verhale is ook vergelyk. Die bou van die verhale lyk dan as volg:

## Inleiding

In die algemene struktuur en funksie van die inleiding in hierdie verhale is die volgende waargeneem:

Soms gebruik die verteller die inleiding om nog van die gebeure van stories wat klaar vertel is, te betrek. Dié vertellers maak 'n appèl op die gehoor se kennis van die stories wat reeds vertel is.

Die inleiding van die verhale kondig gewoonlik die helper (aktant) en ook die begunstigende aan wat die triek op Wolf gaan help voltrek. Soms gebeur dit dat die inleiding dialoog is. Die gehoor word dan dadelik betrek by die gebeure. Hierdie inleiding beslaan ook 'n bietjie meer verteltyd. Die verteller gee hier aan die karakters die eerste woord, wat veroorsaak dat die storie dadelik karakter-gefokaliseerd is. Die effek wat hierdie vertelwyse het, is dat dit die gehoor se ervaring, siening en evaluering van die gebeure beïnvloed.

Soos reeds in **4.1.2.5 Fokalisasie en stem** bespreek is, spreek die verteller die gehoor direk aan. Dit dien ook as 'n tegniek van die verteller om te verseker dat hy die gehoor se aandag het. Omdat hierdie verhale grootliks bedoel is vir kinders, is dit veral nodig om hulle aandag te behou omdat hulle gedagtes maklik dwaal. Dis ook 'n bedekte waarskuwing dat die gehoor iets te wagte moet wees en daarom nou mooi moet luister. Die verteller betrek as't ware die gehoor met hierdie tegniek by die verhaal.

In sommige verhale is daar reeds in die inleiding sprake van wantroue en konflik tussen Jakkals en Wolf. Jakkals sal met ander woorde eers Wolf se wantroue in hom en sy planne hier moet oorkom. Dit dra ook by tot die vermensliking van die dierekarakters, omdat Wolf die emosie, soos 'n mens, van wantroue beleef en Jakkals dit besef. Dit gee met ander woorde aan die verhaal meer psigologiese diepte. Omdat Jakkals eers Wolf se vertroue moet wen, neem die verhaalontwikkeling tot by die triek in hierdie betrokke verhaal 'n bietjie langer.

Uit die besonderhede wat in die inleiding verstrekk word, kon waargeneem word dat die gehoor meer inligting kry in verteller 5 se inleidings as in vertellers 1, 2 en 4 se'n.

## Middel

In die middeldeel van die stories verduidelik Jakkals sy planne aan Wolf, en voer die twee karakters die planne uit. Die gevolg van die uitvoering van die plan word ook in hierdie deel aangetref. Hierdie gedeelte beslaan die meeste verteltyd van die storie.

Die middeldeel van die storie word ook gebruik deur die verteller om die triek bekend te maak maar die triek word nie dadelik ontbloot of aangekondig nie. Jakkals se plan word uiteengesit om agtergrond te skets en die gehoor, wat vir Jakkals en sy skelmstreke ken, word stelselmatig bewus van wat Jakkals in die mou voer. Hierdie middeldeel skakel met die aktualisering in Bremond se handelingslogika, omdat dit die handelingswyse is om die doel (van die triek) te bereik. Jakkals vind satisfaksie daarin om sy vernuf ten toon te stel ten koste van Wolf se domheid en hierdie tema word deurgaans in al die stories gevind.

## Slot

Die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale se slot is kort en bondig en die ontknoping en slot volg mekaar vinnig op en bevestig daarom die strukturele eienskappe in die Suid-Afrikaanse volksverhale wat deur Lotz (1959:118-121) geïdentifiseer is. Sodra Jakkals vir Wolf getriek het, vind die ontknoping plaas. Jakkals los dan vir Wolf in die een of ander penarie en gaan roep dan vir Boer wat Wolf ongenadig kom straf. Jakkals triek vir Wolf en Wolf se behoefte aan kos word soms bevredig ten koste van homself en soms kom hy heeltemal bedroë daarvan af. Die spanning in die stories word tot 'n hoogtepunt gevoer wanneer die gehoor agterkom dat Wolf weer toegelaat het dat hy in 'n triek gelei word. Die uitwerking op die gehoor is dat die verhaal aan hulle gekte verwagtings voldoen. Die spanning het dus 'n bevestigende funksie: die wêreld is nog soos hy is; Wolf sal weer gestraf word en Jakkals sal weer loskom. Soms lyk die slot effens anders as in die res van die verhale. Dan probeer die verteller 'n les aan die gehoor oordra en is die slot met ander woorde, didakties en/of moralisties van aard.

Vertellers 1 tot 3 se verhale is korter en met minder besonderhede ingekleur as vertellers 4 tot 6 se verhale. Die episodes in vertellers 1 tot 3 is met ander woorde korter en meer kompak terwyl die episodes in vertellers 4 tot 6 langer en meer uitgebreid is. Die handelingslogika verskil met ander woorde van verteller tot verteller. Sommige vertellers se verhale is minder ingekleur en gebruik met ander woorde minder reekse om hul verhale te vertel. Vertellers 1 tot 3 is vertellers uit die mondelinge tradisie terwyl vertellers 4 tot 6 vertellers uit die geskrewe tradisie is. Vertellers 4 – 6 moet met ander woorde meer gebruik maak van beskrywende woorde en frases omdat vertellers van die geskrewe

tradisie die mondelinge tradisies se verteltegnieke van gesigsuitdrukings, liggaamstaal en stemtoon moet vervang.

#### **4.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING**

Daar bestaan 'n erkenbare tekort aan navorsing oor die struktuur van mondelinge volksverhale in Afrika. Soos reeds verduidelik onderskryf ook Finnegan (2012:xxiii) hierdie bekommernis in haar werk *Oral Literature in Africa*. Hierdie tekort kan moontlik toegeskryf word aan die skynbare eenvoud van die verhale en die feit dat dit blykbaar hoofsaaklik gerig is op kinders. Die tekort kan moontlik verder toegeskryf word aan die feit dat dit moeilik bekombaar is. Die tekort bestaan hoofsaaklik onder hedendaagse vorme van mondelinge volksverhale. Dit word daarom aanbeveel dat daar 'n poging aangewend sal word om wyer te soek sodat meer mondelinge volksverhale in veral die Suid-Afrikaanse konteks wetenskaplik versamel word en dat daar sodoende meer verhale met mekaar vergelyk kan word om 'n meer algemene gevolgtrekking te kan maak oor die struktuur en patroonmatighede in Suid-Afrikaanse mondelinge volksverhale.

#### **4.5 SLOTSOM**

In hierdie studie is gepoog om Jakkals-en-Wolfverhale te vergelyk deur die komponente waaruit hierdie verhale bestaan te skei deur middel van spesiale metodes en die verhale is vergelyk op grond van hul komponente. Daar is onder ander hierdeur bevind dat die verhale in die korpus almal chronologies vertel word. Die episodes volg meestal op mekaar, maar daar bestaan ook ingewikkelder verhale waar die gebeure ingebed is. Die verbeteringsproses en die verslegtingsproses loop in al die verhale parallel. Die gesproke mondelinge verhale (verhale [1], [2] en [3]) het minder episodes omdat die kernverhaal minder ingekleur word deur die amateur mondelinge vertellers. Die verhale deur die professionele mondelinge verteller vertel [6] sowel as die langer skriftelike verhale, [4] en [5] deur vertellers vertel, het daarenteen meer episodes omdat die kernverhaal meer uitgebreid vertel word. Die afleiding kan gemaak word dat verhale [6], deur Niehaus vertel, nader aan die skrifvorm se meer komplekse struktuur is omdat die verhale deur Ans Niehaus geskryf is en toe deur Niehaus vertel is. Die struktuur van verhale [4], [5] en [6] is dus meer gekompliseerd. Die struktuur sowel as die taal van dié verhale is aangepas om by die skrifvorm te pas. Von Wielligh het die verhale kort na 1900 oorspronklik woord-vir-woord neergeskryf soos deur sy mondelinge vertellers vertel. Dit is later oorvertel in meer genuanseerde vorm en aangepas vir „n kindergehoor. Die bevinding dat hierdie verhale

volksverhale is, word ook hierdeur bevestig omdat dit duidelik is dat dit oorvertellings of hervertellings van oorvertellings is.

Uit die analises van die Jakkals-en-Wolfricksterverhale is waargeneem dat daar wel belangrike verhoudinge tussen die strukturele elemente van dié verhale voorkom. Die **tyd** in die verhale word in 'n algemene verlede vertel. Die Jakkalskarakter moes byvoorbeeld heelwat aanpassings ondergaan omdat hy geskik verklaar moes word vir 'n kindergehoor op Suid-Afrikaanse bodem. Daar bestaan meestal drie **karakters** in hierdie verhale, maar dis meestal net Wolf wat die onderspit delf (asook die uitsondering van Koggelmander in [E1]). Die karakters is ook meestal manlik en die min vroulike karakters wat wel in hierdie verhale gebruik word, is meestal in die agtergrond. Die karakters bevind hulle deurentyd in 'n **ruimte** wat wissel tussen 'n getemde en 'n ongetemde wêreld. Die verhale word deur 'n eksterne verteller-**fokalisator** vertel wat sowel kyk as vertel en wat nie beperk is tot 'n bepaalde posisie nie. Die **handelingsreeks** is reeds in die vorige paragraaf opgesom omdat hierdie variasie die duidelikste na vore kom wanneer die verhale vergelyk word. Dit is veral in die slim en unieke aanwending van **taal- en woordgebruik** in hierdie verhale wat die aanpassing en lokalisering van hierdie verhale waargeneem word. Hierdie verhale word meestal deur manlike **vertellers** vertel en baie van die vertellers is baie ingestel op die gehoor en pas die verhale aan rondom hul teikengehoor (Suid-Afrikaanse kinders). Baie van die vertellers betrek die gehoor deur gebruik te maak van allerhande slim tegnieke, byvoorbeeld deur hul direk aan te spreek, dialoog asook morele lesse.

Die analise van veral Greimas het dit moontlik gemaak om die betekenis van hierdie verhoudinge sowel as die betekenis van die verhaal in geheel helderder na vore te bring. Hierdie konstante elemente van Jakkals-en-Wolfverhale is geïdentifiseer en omskryf. Aktante is geïdentifiseer in die poging om die onderliggende struktuur te vind wat voortbestaan ongeag hoeveel keer die storie vertel word. Dit het onder andere die ondersoeker aangemoedig om 'n groot aantal variante te ondersoek en om die essensiële elemente wat voortbestaan te skei van die wat individueel en kortstondig is (Feierman 1974:40-41). Verandering is in die inhoudelike patrone van Jakkals-en-Wolfverhale gevind omdat aanpassings van die verhale uit Europese oorsprong plaasgevind het sodat die verhale by die Suid-Afrikaanse gehoor se kultuur, natuurlike en sosiale omgewing kon aanpas. Dit is veral ook bevind dat Wolf se gedurige hongerte 'n basiese behoefte aan kos is. Hierdie behoefte word dan op een van Boer se produkte (botter, wyn, skape, vis, heuning ensovoorts) gefokus omdat hy sy honger wil stil. Die ander basiese behoeftes soos veg, vlug of voortplant figureer egter nie in hierdie verhale nie terwyl dit wel in die Europese Reinaard-weergawe belangrik is. Die aanpassings en lokalisering van hierdie

verhale word dan veral ook gevind in die teenwoordigheid van endemiese natuurelemente, bekende Suid-Afrikaanse persoonlikhede, uitdrukkings, aanspreekvorme, eiesoortige Afrikaanse woorde, afleidings en uitroepe wat in hierdie verhale gevind is. Die karakters, ruimte en gebeure moes ook aanpas nie net vir 'n Suid-Afrikaanse gehoor nie, maar veral vir 'n kindergehoor. Die inhoud van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale is met ander woorde mettertyd aangepas by die veranderde sosiale konteks en om die eietydse Afrikaanssprekende se kultuur, politiek, milieu en gewoontes te verteenwoordig. Hierdie konstante struktuur asook die aanpassings van Jakkals-en-Wolftrieksterverhale is geïdentifiseer en omskryf en waar moontlik met gepaste voorbeelde toegelig. Daarom is al die verhale in hierdie korpus ontleed ten einde die vaste patrone te vind wat opsommenderwys in hierdie hoofstuk uiteengesit word.

Daar is bevind dat die korpus verhale wat ondersoek is in meer as een opsig tereg as volksverhale beskryf kan word. Hierdie verhale word onder ander al geslagte lank oorgedra van een generasie na 'n ander. Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale vergelyk ook met die algemene patrone van trieksterverhale. Die hoofkarakter, Jakkals, in hierdie verhale wy ook dikwels sy energie aan konstruktiewe doelwitte, maar het dikwels selfsugtige motiewe. Jakkals het heel dikwels ten doel om kos vir hom en Wolf in die hande te kry, maar kry gereeld alleen iets te ete ten koste van Wolf. In hierdie verhale help Jakkals ook om Wolf se gewete te beperk en staaf dus Booker (2010:308) se bewering dat die eintlike doel van die triekster is om die held altyd te verblind en sy gewete in te beperk sonder dat die held daarvan bewus is. Dit het egter ook duidelik uit die analyses na vore gekom dat die held in hierdie verhale bepaal word uit wie se oogpunt die gebeure beskou word. Jakkals is onder andere ook 'n metafoor van die onderdrukte in die land en sodoende dan ook die metafoor van die triekster uit die laer stand van die samelewing wat in 'n sosiaal beter posisie geplaas word deur die feit dat hy slim kon optree en daarom dit kon regkry om die sterkere te triek.

Deur hierdie studie is gevind dat die struktuur van die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is in sekere spesifieke opsigte uniek – 'n algemene verlede, unieke karakters; 'n meer beperkte ruimte, 'n verteller-fokalisator, gebeure waarvan die episodes op mekaar volg en soms episodes wat ingebed is en vertellers wat ingestel is op die kindergehoor. Met die identifisering van die patroonmatighede in die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale, is dit duidelik dat hierdie strukture nie stagneer het oor die jare nie, maar dinamies gebly het. Die gehoor word veral ook geboei en meegevoer deur die herhaling en die kontinuïteit van die struktuur van hierdie uiteensetting van die patroonmatighede in die struktuur en algemene inhoud van

Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale mag die wetenskaplike gehoor met meer insig en kennis laat wanneer hierdie verhale geluister of gelees word. Hierdie studie het dus 'n bydrae gelewer om die korpus verhale beter te beskryf.

## BIBLIOGRAFIE

Abrahams, R.D. 1983. African folktales: traditional stories of the black world. New York: Pantheon Books.

Aucamp, H. 2009. Voorwoord: Gideon Retief von Wielligh (1859-1932): die herontdekking van 'n profeet. (In Von Wielligh, G.R. Versamelde boesmanstories, Deel 1 en 2. Pretoria: Protea Boekhuis. p. 16).

Bachleitner, N. 2000. Tricksters and pranksters. Amsterdam: Rodopi.

Barthes, R. 1967. Science versus literature. *The times literary supplement*: 897-898, 28 Sep.

Barthes, R. & Duisit, L. 1975. An introduction to the structural analysis of narrative. *New Literary History*, 6(2):237-272.

Barthes, R. 1977. Introduction to the structural analysis of narratives. (In Barthes, R., ed. *Image Music Text*. London: Fontana . p.79 -124).

Bleek, W.H.I. 1864. Reynard the fox in South Africa, or, Hottentot fables and tales. London: Trübner.

Bleek, W.H.I. 1875. A brief brief account of Bushman folklore and other texts. Kaapstad. (Verhandeling – PhD).

Bleek, W. H. I. 1968. Specimens of Bushman folklore. *Africana collectanea* v. 28. Cape Town: Struik.

Booker, C. 2010. The seven basic plots: Why we tell stories. London: MPG Books.

Bordwell, D. & Thompson, K. 2001. Film art: An introduction. New York: McGraw-Hill.

Boshoff, S.P.E. & Nienaber, G.S. 1967. Afrikaanse etimologieë. Pretoria: Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Bremond, C. 1977. De logica van de narratiewe moegelykheden. (*In* Bronswaer, W.J.M, Fokkema, D.W. & Ibsch, E., *reds.* *Tekstboek algemene literatuurwetenskap.* 2de druk. Baarn: Amboboeken. p. 183 -207).

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste.* Pretoria: Academica.

e-HAT (Elektroniese Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2009. *Struktuur.* [CD].

Carstens, W.A.M. 2011. *Norme vir Afrikaans.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Chapman, M. 2003. *Southern African literatures.* Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Clarkson, A. & Cross, G.B. 1980. *World folktales: A Scribner resource collection.* New York: Charles Scribner's Sons.

Culler, J. 1975. *Structuralist poetics.* London: Routledge and Kegan Paul.

Cunningham, K. 1997a. Trickster. (*In* Green, T.A., *ed.* *Folklore: An encyclopedia of beliefs, customs, tales, music, and art, Vol. 1.* Santa Barbara: ABC-CLIO. p. 811-814).

Cunningham, K. 1997b. Localization. (*In* Green, T.A., *ed.* *Folklore: An encyclopedia of beliefs, customs, tales, music, and art, Vol. 1.* Santa Barbara: ABC-CLIO. p. 513).

De Gramont, S. 1970. There are no superior societies. (*In* Hayes, E.N. & Hayes, T. *eds.* *Claude Lévi-Strauss, the anthropologist as hero.* Cambridge, MA: MIT Press. p. 3-21).

Dictionary of English folklore. 2003. Folktale. <http://www.oxfordreference.com> Date of access: 19 Jun. 2012.

Dundes, A. 1962. From etic to emic units in the structural study of folktales. *Journal of American folklore*, 75(296):95-105.

Dundes, A. 1964. *The morphology of North American Indian folktales.* Helsinki: Acad. Scientiarum Fennica.

Dundes, A. 1971. The making and breaking of friendship as a structural frame in African folktales. (In Maranda, P. & Maranda, E.K., eds. Structural analysis of oral tradition. Philadelphia: University of Pennsylvania Press. p. 171-184).

Du Plessis, H.G.W. 1987. Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes, Deel 1. (Ongepubliseerde RGN-verslag).

Du Plooy, H. 1986. Verhaalteorie in die twintigste eeu. Durban: Butterworths.

Dutton, D. 2009. The art instinct: Beauty, pleasure, & human evolution. New York: Bloomsbury Press.

Edwards, J. 1981. Structural analysis of the Afro-American trickster tale. *Black American Literature Forum*, 15(4): 155-164.

Etymologisch Woordenboek van het Nederlands. 2012? Senior.  
<http://www.etymologie.nl/> Datum van gebruik: 12 Feb. 2013.

Feierman, S. 1974. The Shambaa Kingdom. Madison: University of Wisconsin Press.

Fink, A. 2010. Mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale. [Klankopname]. 7 Jun., Murraysburg.

Fink, W. 2010. Mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale. [Klankopname]. 7 Jun., Murraysburg.

Finnegan, R. 2012. Oral literature in Africa. Cambridge: Open Book Publishers. (World Oral Literature Series: Volume 1)

Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, E. 1978. Theories of literature in the twentieth century. London: Hurst & Company.

Galin, A. 1981. Semantics and structure: An analysis of two trickster tales. *Semantics and structure*, 1(3):241-268.

Greimas, A.J. 1966. Structural semantics: An attempt at a method. Lincoln, NE: University of Nebraska Press.

Grobbelaar, P.W. & Verster, S. 2007. Die mooiste Afrikaanse sprokies. Kaapstad: Human & Rousseau.

Grobbelaar, P.W. & Verster, S. 2011. Jakkals en Wolf. Kaapstad: Human & Rousseau.

Groenewald, H.C., red. 1990. Oral studies in Southern Africa. Sensal publication no. 28. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Grové, C.J. 1932. Jakkals se strooptogte. Kaapstad: Nasionale Pers.

Hamilton, V. 1997. A ring of tricksters: Animal tales from America, the West Indies, and Africa. New York: Blue Sky Press.

Herman, D. 2002. Story logic: Problems and possibilities of narrative. Lincoln: University of Nebraska Press.

Hewitt, R. 2008. Structure, meaning & ritual in the narratives of the southern San. 2nd ed. The Khoisan heritage series. Johannesburg: Wits University Press.

Hobson, G.C. & Hobson, S.B. 1929. Kalahari kaskenades. London: Longmans, Green.

Jansen, H. 2004. Frik die legende vertel die verhaal van sy lewe. *Rapport*, 13 Nov. <http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/Frik-die-legende-vertel-die-verhaal-van-sy-lewe-20041113> Datum van gebruik: 13 Feb. 2013.

Kam, S.A. 2007. A new approach to the classification of African oral texts. *Tydskrif vir letterkunde*, 44(1):136–154.

Kannemeyer, J.C. 1978. Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur. Kaapstad: Academica.

Kaschula, R.H. 1993. Introduction. (*In* Kaschula, R.H., ed. Foundations in Southern African oral literature. Johannesburg: Witwatersrand University Press. p. vi–xv).

Labov, W. 1972. Language in the inner city. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Leach, M. & Fried J., eds. 1972. Funk & Wagnalls standard dictionary of folklore, Mythology and Legend. New York: Funk & Wagnalls.

Lévi-Strauss, C. 1972. Structuralism and ecology. Spring: Barnard Allumnae.

Lotz, J.D. 1959. Die dierverhaal in Zoeloe. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - MA).

McDermott, G. 2005. Jabuti the tortoise: a trickster tale from the Amazon. Orlando, FL: Voyager Books. (Unpaged).

Morgan, B. s.a. Frik du Preez: ultimate springbok.

<http://www.southafrica.info/about/sport/greats/dupreez.htm#.UMcFraOQySp> Datum van gebruik: 9 Des. 2012.

Morris, P. 2003. Realism. London: Routledge.

Neethling, J.S. 1977. Kinderletterkunde: Sy aard en onderrig. Kaapstad: Maskew Miller.

Nicholas, D.A. 2009. The trickster revisited: Deception as a motif in the Pentateuch. New York: Peter Lang. (Studies in Biblical literature, vol. 117).

Niehaus, D. 2011. Oom Dana Niehaus vertel Jakkals & Wolfstories, Vol 1. Pretoria: Leo Musiek. [CD].

Ong, W.J. 2002. Orality and literacy. London: Routledge.

Oosthuizen, J.S. 1987. Strukturalisme in die sosiale wetenskappe met besondere verwysing na die "Franse" strukturalisme. (In Snyman, J.J. & Du Plessis, P.G.W., reds. Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. p. 100-219).

Parlevliet, S. 2008. Hunting Reynard: How Reynard the fox tricked his way into English and Dutch children's literature. *Children's literature in education* 39:107–120.

Paulme, D. 1977. Impossible imitation in African trickster tales. (In Lindfors, B., ed. Forms of folklore in Africa. Austin: University of Texas Press. p. 64-103).

Prinsloo, S. & Du Plessis, H. 1988. 'n Struktuuranalise van die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans aan die hand van 'n voorbeeld. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 28(4):336-344.

Prinsloo, A.F. 2009. Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom. Kaapstad: Pharos.

Prinsloo, S.M.C. 1987. Die struktuur van die mondelinge vertelling. Potchefstroom: PU vir CHO (Proefskrif – PhD).

Propp, V. 1979. Morphology of the folktale. Austin: University of Texas Press.

Richardson, L. 1990. Narrative and sociology. *Journal of contemporary ethnography*, 19(1):116-135.

Rimmon-Kenan, S. 2002. Narrative fiction: contemporary poetics. 2<sup>nd</sup> ed. New York: Routledge.

Roberts, J.W. 2008. Grand theory, nationalism, and American folkore. *Journal of Folklore Research*, 45(1):45-54.

Roos, H. 1998. Perspektief op die Afrikaans prosa van die twintigste eeu. (In Van Coller, H.P., red. Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Deel 1. Pretoria: Van Schaik. p. 21-117).

Rousseau, L. 2011. Die kaskenades van Jakkals en Wolf. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Savory, P. 1974. Bantu folk tales from Southern Africa. Cape Town: Howard Timmins.

Scheub, H. 1992. Introduction. (In Zenani, N.M. ed. The world and the word: tales and observations from the Xhosa oral tradition. Madison, WI: University of Wisconsin Press. p. 3).

Scheub, H. 2006. Storytelling songs of Zulu women: Recording archetypal rites of passage and mythic paths. Lewiston, NY: Edwin Mellen Press.

Schmidt, S. 1985. Ancient European fairy tales in Southern Africa. *Lantern*, 34(1):60-65.

Schoeman, C. 2004. Frik: die outobiografie van 'n legende. Kaapstad: Don Nelson Uitgewers.

SchutzGruber, B.G. & Buckley, B.F. 1991. Trickster tales from around the world: an interdisciplinary guide for teachers. Ann Arbor, MI: Barbara G. SchutzGruber.

Seddon, D. 2008. Written Out, Writing In: Orature in the South African Literary Canon. *English in Africa*, 35(1):133-150.

Sims, M.C. & Stephens, M. 2011. Living Folklore: An introduction to the study of people and their traditions. Logan: Utah State University Press.

Snyman, L. 1983. Die kind se literatuur. Durbanville: Kinderpers van SA.

Spalding, H.D. 1972. Encyclopedia of black folklore and humor. Middle Village, NY: Jonathan David.

Steenberg, E. 1992. Volksverhaal. (In Cloete, T.T., red. Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM–Literêr. p. 575-576).

Taljaard, G.H. 1999. Die aard en funksie van Zoeloe-folklore in „Die ding in die vuur“ van Riana Scheepers. *Literator*, 20(2):31-45.

Terry, P. 1992. Renard the fox. Los Angeles: University of California Press.

Thompson, S. 1955. Motif-index of folk literature: a classification of narrative elements in folktales, ballads, myths, fables, mediaeval romances, exempla, fabliaux, jest books and local legends. Indiana: Indiana University Press.

Todorov, T. 1977. The poetics of prose. Oxford: Basil Blackwell.

Twidle, H. 2012. The Bushmen's Letters: IXam narratives of the Bleek and Lloyd collection and their afterlives. (In Attwell, D. & Attridge, D., ed. The Cambridge History of South African Literature. Cambridge: Cambridge University Press. p. 19-41).

Van der Kooij, J. 2013. Beer: waarom de beer geen staart heeft.  
[http://www.verhalenbank.nl/lijsst\\_lexicon.php?act=detail&volksverhaal\\_type=AT%200002](http://www.verhalenbank.nl/lijsst_lexicon.php?act=detail&volksverhaal_type=AT%200002)  
Datum van gebruik: 3 Sep. 2013.

Van der Walt, P.D. 1964. S.B. en G.C. Hobson. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery. (Monografieë uit die Afrikaanse Letterkunde, no. 6).

Van Rensburg, F.I.J. 1983. Van Vlaamse vos tot Afrikaanse jakkals. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Van Rensburg, C. 2012. So kry ons Afrikaans. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Van Wyk, G.J., *red.* 2003. Etimologiewoordeboek van Afrikaans. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Von Wielligh, G.R. 1922. Dierestories soos deur Hotnots vertel, Deel 1, 2 en 3. Pretoria: Van Schaik.

Wang, Y. & Roberts, C.W. 2005. Actantial analysis: Greimas' structural approach to the analysis of self-narratives. *Narrative Inquiry*, 15(1):51-74.

Willis, R. 1993. World mythology. New York: Henry Holt & Company.

Zipes, J. 2006. Why fairy tales stick. New York: Routledge.

## BYLAAG A

# DIE TEKS, HANDELINGSREEKSE EN AKTANSIËLE ANALISE VAN TIPE A-VERHALE

By die lees van die bylaes:

- Die pyle wat by sommige analises van die handelingsreekse aangetref word, is om aan te toon dat die reekse op mekaar volg, anders mag dit lyk asof dit parallel loop of ingebed is.
- Die skadu gedeeltes in die kommentaar is om vir die leser aan te toon wat uniek is aan die spesifieke tipes verhale.

## **Die teks, handelingsreekse en aktansiële analise van Tipe A-verhale**

### Die botter/room/wynvat

---

[A1] (Fink, A., 2010)

Waar e Jakkals en Wolf padlangs loop. Hulle is nou na die boer se plaas toe op pad. Nou elke dag kom daar 'n waentjie wat e room vervoer. En Jakkals het al die dinge so dopgehou. Hy het gedink maar hy moet iemand kry om saam met hom die boer se roomkanne van die wa af te rol. En hulle sit toe langs die pad. Kom Boer daar verby, kruip hulle weg. Boer by die hek kom en hy moet afklim om die hek oop te maak, toe sê hy: "Toe nou Oom Wolf, spring op die wa. En as jy bo kom dan rol jy die kanne af." Wolf is op die kar.

Jy is mos nou sterker as ek." Wolf is op die wa en as die waentjie hier ry, rol hy die kanne af en Jakkals rol uit die pad uit. Toe Jakkals so twee drie uit die pad uit gerol het. Wolf is nog altyd op die wa, hy is besig om af te rol, vat Jakkals sy kan room en hy is weg met


die. En e die boer kom agter maar hier is nou moeilikheid. Toe Boer omkyk toe's Wolf op die wa. Boer loop hou stil en Boer slaan vir Wolf vol knoue.

Wolf hardloop weg. Bos in. En Jakkals is missing met die kan room.

Nou Wolf wéét waar omtrent om vir Jakkals in die hande te kry. Nou Jakkals het net geproe aan die room, want hy weet die room is ongesond vir 'n mens se maag. En ou Wolf kom daar en ou Wolf is baie kwaad vir Jakkals, want hy't nou slae gekry. Jakkals sê: "Ek het jou mos gesê ou Wolf, rol net die kan af en spring af." "Jy't gesê ek moet die kanne afrol." Stry hulle twee. En hy sê, kom maar ek het vir jou room gebêre. En Wolf hier is die room en Wolf jy moet nou somer drink. Nou moet jy somer drink, jy het slae gekry oor die room. En Wolf het hom trommelvol gedrink aan die room.

En Wolf is weg. En Jakkals is weg van Wolf af. Toe Wolf daar so lê teen sonnetjie toe Wolf oooo die room is nie goed nie. Sy maag begin hom pla. En Wolf hardloop soek vir Jakkals. Hy wil nou planne hê vir sy maag wat so ontsteld is. Hy sê: "Reg kom Oom Wolf, kom, kom, kom. Vat vir ou Wolf tot daar naby die rivier. Hy sê: "Oom Wolf nou moet jy net so lê hier op die rivier se wal." Maar hier is 'n miernes. Hy laat hy lê. Hy sê: "Wag net hier ek gaan net gou die room loop haal. Ek gaan jou smeer met die room en dan kan jy hier in die son lê." En Wolf is weg, Jakkals is weg en hy kom terug toe hy terug kom, smeer hy vir Wolf op sy boude vol room. En die miere kom dit agter. En Wolf lê. Hulle is mos baie lief vir slaap. Wolf lê en slaap. Toe Wolf so lê en slaap toe klim die miere op hom en die miere begin hom byt. Soos die miere hom hier byt toe sit ou Jakkals agter die bossie vir hom sit en lag. Toe ou Wolf daar opspring toe moet hy net hardloop. En ou Wolf is die bos in en ou Jakkals sit daar houtpopgerus.

Voorbeeld van een handelingsreeks wat ingebed is in 'n ander handelingsreeks.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur A.1:     Analise van die handelingsreekse in [A1]**

Die reekse in hierdie korpus verhale volg oorwegend op mekaar. In hierdie spesifieke verhaal is daar egter ook reekse wat ingebed is: reeks 4 is ingebed in reeks 2 en reeks 3 is weer ingebed in reeks 4. Ten eerste is dit die vervoerproses mark toe wat onderbreek word deur die proses om Boer te mislei. Boer toets egter vir misleiding deur Wolf te slaan en die proses van misleiding slaag. Resultaat: hulle kry die botter in die hande. Die toets van Wolf se misleiding is nogal uniek in hierdie verhaal. Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 6.

Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.




**Gebeure gesien uit Jakkals se oogpunt:**

**Figuur A.2: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A1]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag eet, maar hy wil ook die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die

begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgeelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, Wolf wat maagpyn kry van te veel room en die miere wat hom help om Wolf te byt sodat sy triek kan slaag. Jakkals het geen teenstanders nie. Wolf kry darem ook "n bietjie van Boer se room te ete, maar ten koste van homself en daarom is hy hier "n negatiewe begunstigde.



**Figuur A.3: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A1]**


Hier is Wolf die held (subjek) wat Boer se room (objek) begeer. Jakkals se uitgeslapeheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers wat Wolf se saak kan versterk. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Boer slaan vir Wolf byna dood, Jakkals het "n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek en die miere byt vir Wolf baie seer. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy "n bietjie van Boer se produkte kry, maar ten koste van homself.

**[A2]** (Fink, W., 2010)

Jakkals en Wolf hulle gaan nou hierdie kant toe, dis sekere een tyd, maar e, hier's nou 'n vaatjie met wyn afgeval, van 'n ding af. Jakkals sien wat hierrie goete is. Hy hang, maar oraait.

Jakkals dink hoe 'n plan, hoe gaan ek nou vir hom sê. Wolf sal self aan die slaap raak? Jakkals is wakker. Jakkals kyk is Wolf wakker of wat gaan aan. Jakkals bekyk hy die hele plek oor. Hulle het die vaatjie nou op 'n plek nou neergesit. Dan hy grom, Jakkals. En hy laat sak daai vaatjie. Hy laat sak hom. Toe die Wolf hier wakker word toe sê hy vir Wolf. Hy het nou een kind. Waar is die kind? Hy is hier, hy is hier. Wat is sy naam? Eerste woord wat daar is wat inkom. Vaatjie. Nou ja, maar ons gaan nou maar weer slaap. En hy laat sak hom. Jakkals drink al daai wyn uit. Verder sê Jakkals vir Wolf: "Ja man, ek het nou drie kinders, jong." "Wat die drie vate. Drie kinders.

"Jakkals, maar ons gaan nog van die wyn drink, jong." Toe Wolf by daai vaatjie kom. Haai. Wolf weet nie of moet hy nou vra nie. Toe sal Jakkals vir hom sê: "Jy het dan saam met my gedrink, jong." Wolf weet niks daarvan nie. Wolf was rêrig dom gewees.




**Figuur A.4: Analise van die handelingsreekse in [A2]**

Die basiese patroon in al die verhale is dat die reekse op mekaar volg. Jakkals voel die wyn moet eers gebêre word, maar drink in die proses alles op – reeks 2. Die moontlikheid ontstaan dat Jakkals uitgang kan word en dit open 'n geleentheid vir 'n nuwe triekproses – reeks 3 wat dan slaag en die onus op Wolf plaas. Wolf kom met ander woorde in die proses heeltemal bedroë daarvan af. Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ('n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek.


Vir Jakkals is dit gewoonlik 'n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy behoefte te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik 'n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die

hande kry om sy behoefte te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur A.5: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A2]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag drink, maar hy wil ook die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die wyn (objek) te bereik deur 'n vaatjie wyn wat hulle langs die pad optel. Jakkals het geen teenstanders nie. Wolf is hier 'n negatiewe begunstigde, omdat hy deur middel van sy teenstaander Jakkals se uitgeslapeheid nie 'n druppel van die wyn kry nie.



**Figuur A.6: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A2]**

Hier is Wolf die held (subjek) wat van die wyn in die wynvaatjie (objek) begeer. Jakkals se uitgeslaperheid en sy vermoë om slim planne te bedink, is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter 'n teenstander: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy niks van die wyn kry nie, net getriek word.

[A4] (Rousseau, .2011)

Die kwaai wolf-tannie is so kwaad vir Jakkals dat sy haar seun, Wolf, verbied om saam met Jakkals te gaan jag.

“Bly weg van daai skelm, Boeta,” sê sy elke keer weer. “Hy’s ’n dief en ’n skurk en ’n boef. Ek hoop jy het jou les geleer.”

Wolf luister na haar, maar tyd gaan verby en tyd gaan verby, en die tyd verander baie dinge. Ná ’n ruk begin Jakkals en Wolf weer saam jag. Maar Wolf vertel nie sy ma daarvan nie.

Een oggend lê die twee agter ’n bos en rus toe hulle ’n wa in die pad hoor aankom. Jakkals loer deur die bossies. “Wolf, kyk!” sê hy. “Dis Boer wat sy botter mark toe neem. Gaan lê jy nou in die pad en maak of jy dood is. Dan, wanneer Boer jou op die wa gelaai het, kan jy vir ons ’n vaatjie botter laat afrol.”

“Hmmm, ’n bietjie botter sal darem lekker wees,” sê Wolf. Hy gaan lê in die pad en hou hom dood.

“Wat is dit dié?” vra Boer toe hy Wolf sien lê. “’n Dooie wolf?” Met dié spring hy af en begin Wolf pynlik hard in die ribbes skop om te kyk of hy regtig dood is. Wolf roer nie.

Boer is nie onder ’n kalkoen uitgebroei nie. Hy haal sy sambok van die wa af en gee Wolf ’n goeie pak slae om seker te maak dat hy werklik dood is.

Toe Wolf nie eens roer nie, gooi Boer hom agterop die wa en ry verder. Sy plan is om Wolf by die huis te gaan afslag, sy vel te brei en dan ’n vloermat daarvan te maak.

Ná ’n lang tyd lyk dit vir Wolf asof Boer voor op die wa sit en slaap. Hy rol een van die vate botter van die wa af. Toe steek hy en Jakkals die vat botter agter die bossies weg en loop huis toe.

’n Dag of wat later kom Jakkals soos gewoonlik op ’n veilige afstand van Wolf se huis verby. Hy is nog steeds bang vir Wolf se kwaai ma. Wolf draf hom tegemoet.

“Hoekom so haastig, Jakkals?” vra hy. “Gaan ons nie van daardie botter eet nie?”

“Nie vandag nie,” antwoord Jakkals. “Ek moet kind doop.”

“Kind doop? En wat is die kind se naam?”

“Eerste Hoepel,” mompel Jakkals en stap haastig verder.

Wat hy natuurlik nie vir Wolf sê nie, is dat hy stilletjies ’n hele klomp van die botter gaan vreet het, tot by die eerste hoepel om die vat.

Die volgende dag, Dinsdag, is dit weer so.

“Wat is die kind se naam dié keer?” wil Wolf weet.

“Tweede Hoepel,” mompel Jakkals en stap haastig verder.

Woensdag sê Wolf: “Maar Jakkals, jy doop darem baie kinders. Wat is die kind se naam dié keer?”

“Derde Hoepel,” mompel Jakkals en stap haastig verder.

Op Donderdag is dit Vierde Hoepel en teen Vrydag vorder dit tot Vyfde Hoepel.

Jakkals het in vyf dae behoorlik aan die botter weggeleë.

Die Saterdag loop Jakkals weer verby Wolf se lêplek. “Het jy al weer gaan kind doop?” vra Wolf.

“Hierdie een was die laaste,” sê Jakkals.

“En wat was dié een se naam?”

“Boonskraap,” antwoord Jakkals.

“Noudat jy klaar kind gedoop het, kan ons seker daardie vat botter gaan eet,” sê Wolf. “Ek is al baie lus vir ’n bietjie lekker botter.”

“Reg so,” sê Jakkals. “Kom ons stap.”

Daar gekom, kry hulle net ’n leë vat. Iemand het die botter boonskraap opgevreet.

Dit was natuurlik Jakkals.

“Die een wat so baie botter gevreet het, sal die ene botter wees. As die son op hom bak, sal die botter uitbraai. As dit ek is, kan jy my ’n ordentlike loesing met ’n taaiboslat gee. En natuurlik omgekeerd.”

Wolf kry nie snuf in die neus nie. Hy sit sy kop op 'n pol gras en raak aan die slaap.


Maar die skelm Jakkals skraap 'n bietjie botter wat in die vat oorgebly het bymekaar en smeer dit aan Wolf se mond. Toe skud hy hom wakker.

“Dis jy, Wolf,” skree hy kasting woedend. “Jy is die botterdief.”

Wolf verstaan dit glad nie. “Het ek dan in my slaap kom botter steel?” mompel hy.

“Nou gaan ek jou 'n ordentlike loesing gee, jou botterdief,” skree Jakkals. Hy gaan pluk 'n dik taaiboslat van die naaste taaibos af en begin Wolf daarmee toetakel tot Wolf tjank van die pyn.

Toe Jakkals klaar is, bly Wolf net daar sit. “Eers is ek geskop,” kla hy. “Toe het ek twee keer pak gekry, een keer met 'n sambok en daarna met 'n taaiboslat. En ek het nie eens 'n krieseltjie botter geproe nie.”




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur A.7: Analise van die handelingsreekse in [A4]**

Die reekse volg oorwegend op mekaar, maar in hierdie verhaal is daar egter ook reekse wat ingebed is: reeks 4 is ingebed in reeks 2 en reeks 3 is weer ingebed in reeks 4. Ten eerste is daar die vervoerproses mark toe wat onderbreek word deur die proses om Boer te mislei. Boer toets vir misleiding deur Wolf te slaan en die proses van misleiding slaag. Resultaat is dat: hulle die botter in die hande kry. Die toets van Wolf se misleiding is nogal uniek in hierdie verhaal. Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 4.

Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur A.8: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A4]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag eet, maar hy wil ook die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die botter (objek) te bereik deur Boer wat die produkte voorsien asook Wolf wat alles glo wat Jakkals aan hom opdis. Jakkals het geen

teenstanders. Wolf kry niks van Boer se produkte te ete nie, hy word slegs getriek en daarom is hy 'n negatiewe begunstigde.



**Figuur A.9: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A4]**

Hier is **Wolf die held** (subjek) wat **Boer se botter** (objek) begeer. Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy niks van Boer se produkte kry nie, maar wel getriek word.

[A5] (Grobbelaar & Verster, 2007)

Jakkals en Wolf loop in die pad, loop in die pad, loop in die pad en hulle kom op 'n volgelaaide wa af. Dis net die een vaatjie op die ander. "Nee, ek ken daardie vaatjies," sê Jakkals. "Hulle is vol botter.

"Kan ons dan nie enetjie bykom nie?" vra Wolf watertand.

"Ja, ons kan," sê Jakkals. "Gaan lê voor in die pad en maak of jy dood is. Dan sal Boer jou oplaai, en jy kan stilletjies een van die vaatjies afrol. Ek sal in die gras wegkruip en sorg dat alles verder goed gaan."

"Ons maak so," sê Wolf, en hy draf weg.

Hy lê ook nie te lank nie, of Boer hou langs hom stil. "Hm," sê Boer, "ek wonder of hierdie wolf rêrig so dood is as wat hy lyk. "En hy lig sy sweep en vee Wolf 'n paar houes oor die blaai. Maar Wolf verroer g'n ooglid nie. "Ja-nee," sê Boer, "die ou is klaarpraat. Ek sal hom oplaai en by uitspanning gaan afslag." Toe gooi hy hom agter op die wa tussen die bottervate en ry verder.

Wolf lê 'n rukkie doodstil ingeval Boer dalk kyk. Dan kom hy stadig orent.

Sjoe! Boer slaan darem onverskillig. Die houes brand nog op sy lyf. Maar toe hy die botter ruik, vergeet hy sy pyne. Vinnig rol hy 'n vaatjie grond toe en spring agterna. Nou is Jakkals ook by – en hy is die grootman, hy is die held. "Ons het Boer darem lekker gekul, nê Wolf?" lag hy terwyl hulle die vaatjie tussen die bossies inrol. "Hy sal nie weet wat van sy botter geword het nie."

"Kom ons maak oop," sê Wolf. "Ek kan my lus nie meer hou nie."

"O nee!" roep Jakkals geskok uit. "Dit kan jy nie doen nie. As jy sulke vars botter eet, sal jy sekerlik doodgaan. Dit moet eers ryp word.

Daarom steek hulle die vaatjie weg en draf huis toe.

'n Paar dae later sit Wolf voor sy deur in die son, en hy kan aan niks anders as die bottervat dink nie. Skielik kom Jakkals daar verby. "Neef Jakkals!" roep Wolf. "Hoe lyk dit? Is daardie botter nie al ryp nie?"

"Ek kan my nie nou nog oor botter bekommer nie," sê Jakkals haastig. "my vrou het 'n kleintjie, en ek moet hom laat doop."

“En wat gaan die kleintjie se naam nogal wees?” vra Wolf belangstellend.

“Fluks Begonne!” antwoord Jakkals, en hy draf ongemaklik weg, want sy maag staan eintlik knop so fluks het hy daardie oggend aan die botter begin eet.

Wolf wag nog “n paar dae, toe kan hy dit nie meer hou nie en hy keer Jakkals weer voor. “Wat van die botter, neef Jakkals?” vra hy.

“Ag, neef Wolf,” sê Jakkals kastig hartseer, “jy sal my nou nie wil glo nie, maar daar is al weer “n kleintjie wat gedoop moet word.”

“En wat gaan sy naam wees?” vra Wolf nuuskierig, want hy het al baie by homself gelag oor Jakkals se eerste kleintjie se snaakse naam.

“Eerste Hoepel,” sê Jakkals wat die botter daardie oggend tot by die eerste band om die vaatjie laat sak het.

So hou dit week vir week aan. Wolf doen navraag, maar Jakkals laat net kind doop: Tweede Hoepel, Derde Hoepel, Vierde Hoepel – al op die ry af. Wolf is naderhand raadop. Hy wil nie meer dink nie, want sy gedagtes is net botter. Hy wil nie gaan slaap nie, want hy droom net van botter.

“Toe maar, neef Wolf,” sê Jakkals een oggend. “Môre sal ons beslis gaan. Ek het vandag my laaste kind laat doop.”

“Dis nou seker Sewende Hoepel?” sê Wolf half nors, want Jakkals se kindername is glad nie meer snaaks nie.

“O nee,” sê Jakkals steun-steun, “sy naam is Boomskraap.”

Die volgende oggend vroegdag is Jakkals daar soos hy beloof het, en hulle draf weg na die bottervaatjie toe.

“Ai, neef Wolf, daardie botter gaan darem lekker smaak,” sê Jakkals.

“Ja,” sê Wolf, en hy stoot “n bietjie vinniger aan.

“Dit gaan nou so ryp wees as wat jy botter kan kry,” sê Jakkals.

“Ja, ja!” sê Wolf, en hy begin galop.

“Ek voel al hoe dit in my mond wegsmelt,” hou Jakkals vol.

Maar Wolf antwoord nie eens nie. Hy kan nie. Daarvoor watertand hy te veel.

Hulle kom by die vaatjie en maak oop. Dis boomskraap.

“Nee!” kreun Jakkals.

“Nee!” kreun Wolf.

“Dis jy!” sê Jakkals

“Dis jy!” sê Wolf.

Aljander klipsalmander! Een woord op die ander.

“Ek klap jou nou!”

“Ek slaan jou oë blou!”

Wolf meet Jakkals met sy linkervuis, maar Jakkals staan vinnig terug. “Wag, wag, wag, neef Wolf!” keer hy, want Wolf is groter en sterker as hy as dit op “n bakleiery uitloop, sal hy die slegste daarvan afkom. “ons gaan mekaar nou onnodig staan en verniel. Laat ons liewers vasstel wie die skuldige is.”

“Dis jy!” sê Wolf.

“Ek dink weer dis jy,” sê Jakkals vroom. “Kom ons gaan lê in die ons en kyk by wie se mond die botter uitbraai. Dan weet ons mos.”

“En dan kry daardie ene “n deeglike loesing,” brom Wolf, seker van sy saak.

“O ja,” sê Jakkals.

Hulle gaan lê in die son. Kort voor lank snork Wolf kliphard soos hy slaap. Stilletjies staan Jakkals op, krap die laaste bietjie botter met “n stokkie uit die vat, smeer dit aan Wolf se mond en gaan weer lê.

Dis “n hele aardigheid toe hulle wakker skrik.


“My mond is skoon,” sê Jakkals tevrede.

“Ek is die ene botter! Sê Wolf ontsteld.

“Dan weet ons mos waar die moeilikheid lê,” sê Jakkals, en hy gaan pluk “n taaiboslat.

“Ek moet die botter seker in my slaap kom eet het,” sê Wolf terwyl hy ewe gedwee reg staan, “want ek kan niks daarvan onthou nie.”

En Jakkals ransel hom deeglik af.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur A.10: Analise van die handelingsreekse in [A5]**

Alhoewel die reekse oorwegend op mekaar volg, is daar reekse in hierdie verhaal wat ingebed is: reeks 4 is ingebed in reeks 2 en reeks 3 is weer ingebed in reeks 4. Ten eerste word die vervoerproses mark toe onderbreek deur die proses om Boer te mislei. Boer toets vir misleiding deur Wolf te slaan. Die proses van misleiding slaag en die resultaat is dat hulle die botter in die hande kry. Die toets van Wolf se misleiding is nogal uniek in hierdie verhaal. Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels parallel nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 4.


Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur A.11: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [A5]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag eet, maar hy wil ook die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgeelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die botter (objek) te bereik deur Boer wat die produkte voorsien en Wolf bereid is om Boer se houe te vat om die botter in die hande te kry. Jakkals het geen teenstanders nie. Wolf kry niks van Boer se produkte nie, maar

Jakkals kry dit reg dat Wolf glo dat hy al die botter opgeëet het en daarom slaag Jakkals se triek en is Wolf die negatiewe begunstigde.



**Figuur A.12: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [A5]**

Hier is **Wolf die held (subjek)** wat **Boer se botter (objek)** begeer. Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink, is die begunstigers. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Boer slaan vir Wolf byna dood en Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy in plaas van 'n bietjie van Boer se botter te ete kry, getriek word.

## BYLAAG B

# DIE TEKS, HANDELINGSREEKSE EN AKTANSIËLE ANALISE VAN TIPE B-VERHALE

## In die skaapkraal [B]

---

[B6] (Niehaus, 2011)


Eendag was ou Wolf en Jakkals vreeslik honger gewees. En toe hulle nog so stap toe sê ou Jakkals: “Uh ou Wolf, wag ’n bietjie, ek het ’n goeie plan. Kom ons stap daar na Boer se kraal toe. Want binne in die kraal is daar baie skape.” En toe sê ou Wolf: “Ja, en dan? Wat gaan ons daar doen?” Toe sê Jakkals: “Maaan moenie so dom wees nie. Ons glip daarin en ons vang vir ons elkeen ’n leecker vet skaap en dan vreet ons dit op en dan hardloop ons weg.” “Ja,” sê ou Wolf. “dis ’n goeie plan, maar hoe gaan ons binne in die kraal kom? Die kraal se hek is gesluit?” Jakkals sê: “Maan, ek weet van ’n gat wat daar in die muur is. Ons glip deur daardie gat en ons vang elkeen ’n skapie en dan as ons klaar geëet het dan kom ons weer deur die gat terug en dan is ons mos buitekant.”

Jong, enel!” En hier kom ou Wolf. Hy steek sy kop eerste deur die gat. Ja, hy pas net mooi. Hy skuur-skuur-skuur so deur. En, binnekant is hy. Jong, en hy en Jakkals gryp elkeen daar ’n lekker vet skaap. En hulle begin vreet en vreet en vreet dat die vet sommer so spat. Ou Wolf vreet so lekker, hy maak sy oë eintlik toe. Maar Jakkals, hoeeee hy’s ’n skelm kêreltjie. Jong, elke nou en dan, dan los hy eers sy skaapvleis en dan gaan kyk hy of hy nog deur die gat kan kom. Want maats, julle weet mos, as ’n mens baie eet dan word jou magie lekker dik, nè? En net toe Jakkals sien hy’t nou genoeg geëet, dat hy net sal deur pas in daardie gat in die muur, toe glip hy saggies weg en hy’s deur die gat in die muur. En toe hy buite kom, harrrrdloop hy na Boer se huis toe. En toe hy so aankom toe skree hy: “Boer! Boer! Boer! Kom kyk wie’s daar in jou skaapkraal! Dis ou Wolf! Hy is besig om al jou skape op te vreet!”

Jong, en Boer staan daar op en hy vat ’n groot kerie. En hy roep sy hond, Wagter en hy sê: “Kom Wagter. Kom laat ons daai skelm Wolf gaan dood slaan in die kraal.” Uh, en hier kom Wagter. “Bwoe, woe woe woe woe!” blaf hy. En hy draf sommer so ver vooruit. Jong,

en hulle kom by die kraal aan. En ja, hier lê ou Wolf. Hy's vas. En die boer sê: "Ja, jou stoute ding!" En hy slaan hom met die kerie. En Wagter byt hom aan sy neus, en sy ore en hy byt en hy byt en ... Doef! Daar lê ou Wolf. Hoeëe dit lyk of hy morsdood is. En Boer sê: "Nou toe maar, Wagter kom-kom my hond. Kom baas se honne. Nou het ons hom doodgeslaan en nou kan ons maar weer terug gaan huis toe." En Boer draai om en hy stap huis toe.

En net toe hy weg is, kom ou Jakkals daar aan en hy sê: "Aaag, aaaag ou Wolf. Ooo, het Boer jou ook so geslaan soos vir my? En het Wagter jou ook so gebyt? Eina, o eina!" "Ja, ja," sê ou Wolf. "Oeee, oee my lyf is so seer. Ag, help my tog Jakkals dat ek, dat ek hier uit die gat uit die muur uit kan uit kom. En Jakkals, die skelm ding sê: "Oeee, Wolf, oe my lyf is so seer, ma ma ek sal probeer. " En hy trek voor aan ou Wolf en Wolf stoot agter en hulle druk en hulle trek en hulle trek en hulle druk en hulle druk en hulle trek en... Woep! Daar lê ou Wolf en hy's buitekant. En Jakkals sê: "Oeee, ou Wolfie, ooo ek voel nou so siek. Ag, wil jy my nie help nie? Kyk ek is mos "n kleeiin diertjietjie. Baie kleiner as jy, wil jy nie maar vir my dra nie?" "Ag, ja," sê ou Wolf. "Ag, ag, Jakkals, my lyf is so seer, maar, maar klim maar op my rug dat ek jou abba." En Jakkals, die skelm ding. Sies! Hy jok net. Hy klim bo-op ou Wolf se seer rug en daar stap ou Wolf met hom. En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: "Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde." Ha ha ha ha!!



Jakkals: Verbeteringsproses


Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur B.1: Analise van die handelingsreekse in [B6]**

Die basiese patroon in al die verhale is dat die reekse op mekaar volg. Reeks 1 tot 5 volg hier ook duidelik op mekaar.


Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop egter dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om

Wolf weer te triek – reeks 3. Vir Jakkals is dit gewoonlik 'n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik 'n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur B.2: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B6]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag eet, maar hy wil ook die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, die gat in die kraalmuur asook Wagter wat hom help om sy triek te laat slaag. Jakkals het geen teenstanders nie. Jakkals se triek slaag en hy kry ook nog 'n stukkie skaapvleis om sy honger te stil. Wolf kry ook 'n bietjie van Boer se produkte te ete, maar ten koste van homself en daarom bly hy die negatiewe begunstigde.



**Figuur B.3 Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B6]**

Wolf is die held (subjek) wat Boer se skape (objek) begeer. Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink, is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan asook die gat in die kraalmuur help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Die gat in die kraalmuur word te klein, Boer slaan vir Wolf byna dood en Jakkals se verskuilde agenda veroorsaak dat Wolf weer hier die negatiewe begunstigde is omdat hy 'n bietjie van Boer se produkte kry, maar ten koste van homself.


[B1] (Fink, A., 2010)

Ons het stories gekry van my pa. Ek kan nie meer baie onthou nie. Altyd in die aand. Oom Jakkals en Wolf. Wolf is so dom. Jakkals is die slimste. Dan het hy nou mooi bekyk hoe kan hy nou vir Wolf verneuk. So vat Jakkals dan nou maar alles wat Wolf moet gebruik of wat Wolf nou gesorg het voor, vat Jakkals en is Jakkals baas oor. Wat vir my die snaaksste is, is dat hy nie kan uitvind.

Die man sê vir hom hulle moet nou hier na die skaapkraal toe gaan, want daai skaap van die baas staan in die kraal. Ons gaan vir ons elkeen nou "n een vang.

Kom daar, dan sê die Jakkals vir Wolf: "Jy moet jou skaap vang jong, ek gaan myne vang", want Jakkals het al klaar vir hom dik geëet. Hy het ses skape doodgemaak en geëet. Dan gaan hy sommer daar deur die skuiwergat. Hy's daar deur na die Baas toe. Hier kom die baas ôk.

Toe hy sien hier kom die baas toe sê hy: " Wolf is in jou kraal!" Haai nee, arme ou Wolf. En toe Wolf uit patrone uit hardloop en Wolf kan nie verstaan nie hy's, die skuiwergat is ôk vir hom te nou, want hy is nou so dik geëet dat sy maag net so staan. Jakkals is weg. Jakkals was slim! Nee, hy was slim.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur B.4: Analise van die handelingsreekse in [B1]**

Die reekse in hierdie verhale volg oorwegend op mekaar. In hierdie verhaal volg reeks 1 tot 4 dan ook duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 3. Vir Jakkals is dit gewoonlik 'n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik 'n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur B.5: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B1]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag eet, maar hy wil ook die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, die gat in die kraalmuur asook Wagter wat hom help om sy triek te laat slaag. Jakkals het geen teenstanders nie. Jakkals se triek slaag en hy kry ook nog 'n stukkie skaapvleis om sy honger te stil. Wolf kry ook 'n bietjie van Boer se produkte te ete, maar ten koste van homself en daarom bly hy die negatiewe begunstigde.



**Figuur B.6: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B1]**

Wolf is die held (subjek) wat Boer se skape (objek) begeer. Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink, is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan asook die gat in die kraalmuur help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Die gat in die kraalmuur word te klein, Boer se roer skiet byna vir Wolf dood en Jakkals se verskuilde agenda veroorsaak dat Wolf weer hier die negatiewe begunstigde is omdat hy 'n bietjie van Boer se produkte kry, maar ten koste van homself.


[ B3] (Du Plessis, 1987)

Wolf en Jakkals. Wolf is maar bietjie van die domspan. En Jakkals is maar 'n ou slim man. En hy het altyd vir ou Wolf nou maar ingeso gelei in plekke waar ou Wolf waar ou Wolf as ou Wolf hom agterkom dan is hy lankal in die ou Wolf in die slagyster.

Self lat hulle toe gat hulle een aand toe gat hulle toe in die baas se kraal in. Nou ja die ou vroegtydse krale het sulke ou mos sulke ou skeur skeurgate gehet.

Nou ja dan gaan dan lei ou Jakkals vir Wolf daarin en enne Wolf is te dom. Hy eet maar net maar hy pas hom nie kort-kort yt nie. Nou Jakkals is altyd so slim hy eet 'n paar skape dan gaan pas hy of hy kan weer yt gaan. (Lag) Nou ja so dan gaan enne toe's Jakkals toe later gepas en Jakkals voel nee dis net die tyd dat hy moet yt gaan en Wolf het maar gebly eet. En daar het ou Wolf nou naderhand vasgesit in die gat. In die skeurgat.

En toe kom die witmense nou die môre. Toe kom kry hulle die Wolf het omtrent die hele skaap opgevreet en toe hulle so kyk, sien hulle hier sit Wolf in die skeur. En hulle haal toe vir Wolf daar yt en hulle slat hom vir die bitter einde. Maar hulle slat hom toe nie dood nie.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur B.7: Analise van die handelingsreekse in [B3]**


Die basiese patroon in die verhale is dat die reekse op mekaar volg. In hierdie verhaal volg reeks 1 tot 4 ook duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 3. Vir Jakkals is dit gewoonlik 'n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik 'n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur B.8: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B3]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag eet, maar hy wil ook die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die skaapvleis (objek) te bereik deur die witmense wat die produkte voorsien, asook die skeurgat waardeur hulle net-net pas. Jakkals het geen teenstanders. Wolf kry in hierdie verhaal ook 'n bietjie van die witmense se produkte te ete, maar ten koste van homself en daarom is hy hier 'n negatiewe begunstigde.



**Figuur B.9: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B3]**

Wolf is die held (subjek) wat die witmense se produkte begeer (objek). Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers in Wolf se saak. Die witmense wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: hy sit ten eerste vas in die skeurgat en die witmense slaan vir Wolf byna dood; ook Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy 'n bietjie van die witmense se produkte kry, maar ten koste van homself.

[B4] (Rousseau, 2011)

Die droogte wat vir Jakkals en Wolf honger genoeg gemaak het om by Boer te gaan werk, wil nie end kry nie. Albei, maar veral Jakkals, is honger en maer toe hulle mekaar een mooi dag in die veld raakloop. Jakkals het homself al dikwels verwens dat hy Wolf so graag lelike strepe trek. Dis asof hy homself nie kan help nie. Sonder Wolf om hom te help jag, kom sy pens maar selde vol. Hy sal weer met Wolf moet vriende maak. Toe hy Wolf sien, roep hy dus baie vriendelik: "Goeiemôre, meneer Wolf."

Dis nou nie meer broer Wolf nie, dis nou skielik meneer Wolf.

Wolf is nors en antwoord nie. "Ag, meneer Wolf," sê Jakkals met sy soetste stem, "ons is mos nou al baie lank vriende. Daar is dingetjies van my wat jou kwaad maak, maar jy doen ook maar dinge wat my nie aanstaan nie. Vergewe en vergeet, sê ek." Wolf antwoord nie.

"Ag, meneer Wolf," begin Jakkals weer, "dis mos nie mooi vir twee ou vriende om mekaar soos vyande te behandel nie. Want ons het albei 'n groter vyand. Teen hom moet ons saamstaan."

"Watse vyand is dit?" knor Wolf.

"Dis Boer," antwoord Jakkals. "Ons vergaan van ellende terwyl Boer en sy mense in oordad lewe. En dan gun hy ons nie eens af en toe 'n skaaplam nie."

"En wat wil jy daaraan doen?" vra Wolf nors. Hy is nog altyd versigtig vir Jakkals. En wie kan hom dit kwalik neem?

"As ons saamstaan, kan ons Boer se skaapkraal vanaand gaan stroop," sê Jakkals. "Ek ek ken al die geheime paadjies, maar man-alleen kan ek nie teen Boer en sy honde staan nie. As ons saamwerk, kan ons ons albei dik gaan vreet."

Wolf hou baie van dié gedagte. Jakkals het hom al weer byna 'n gat in die kop gepraat.

"Kom ons sit, dan vertel jy vir my jou planne," sê hy.

"Dis nou hoe 'n ou vriend moet praat," sê Jakkals en lag ingenome.

"Kom, man," sê Wolf ongeduldig. "Wat is jou plan?"

Jakkals grinnik. “Vanaand, wanneer Boer gaan slaap het, draf ons twee reguit na sy skaapkraal. Ken jy die plek waar water onder die kraalmuur uitloop?”

“Het dit al gesien,” brom Wolf.

“Nou net daar is ’n skuiwergat in die kraalmuur. Dis ’n gat met so ’n soort valdeurtjie aan. Ek en jy draf vinnig na die kraal en ons glip deur die skuiwergat voor iemand van ons weet. As ons binne is, vang ons elkeen ’n lekker vet lam en vreet dit net daar op. En as ons lus is vir meer, bly ons daar en vang nog een. Of twee, drie, vier.”

“Dit klink baie maklik,” brom Wolf. “Dalk ’n bietjie te maklik.”

“Die geheim is om gou in die kraal te kom,” sê Jakkals. “As ons eers in is, is ons veilig. Hoor jy my?”

“Ek hoor elke woord,” antwoord Wolf, wat al vriendeliker word. Toe onthou hy iets. “Maar wag, ou broer, jy het my al so baie strepe getrek. Het jy nie met Boer afgespreek dat hy my met sy sambok binne-in die kraal sit en inwag as ek daar deurkruip nie?”

O, dan raak Wolf nou ook geleerd, dink Jakkals. Hy sal gou iets moet sê om Wolf te paai.

“Broer Wolf, moet jou tog nie bekommer nie. Ek sal eerste inkruip, en as Boer daar sit en wag, sal hy my ’n pak slae gee, nie vir jou nie. Is dit goed so?”

“Top!” sê Wolf. “Jy kruip voor en ek volg jou.”

Toe dit nag word en gitswart skaduwees onder die bome en langs die mure lê, vat Jakkals die voortou plaas toe. Wolf volg hom.

By die werf gaan staan Jakkals en snuif teen die wind op. Hy wil kyk of hy Boer of sy honde ruik. Daar is egter niks. Alles is doodstil en rustig.

“Kom, broer Wolf,” sê hy.

Wolf volg ewe onderdanig.

By die skuiwergat waar hulle moet in, gaan Jakkals weer staan om die wind te snuif. Hy luister ook of alles in die skaapkraal veilig is. Al wat hy hoor, is die skape wat lê en herkou. Versigtig lig hy die valdeurtjie van die skuiwergat op en kruip deur. Niks gebeur nie, en Wolf volg hom.

Toe hulle eers binne is, vang elkeen gou-gou 'n vet lam en lê daaraan en smul. En toe die eerste een op is, vang hulle nog een.

Dis 'n snaakse ding, maar daai dae was Jakkals en Wolf nog omtrent ewe groot. En Jakkals, die een met die baie verstand, het lankal daaraan gedink dat hy sal moet ophou vreet voor hy te dik is. Want as hy te dik is, kom hy nie weer deur die skuiwergat nie. Hy gaan pas homself dus elke dan en wan om te kyk of hy nog sal deurkom.

Wolf het nooit aan so iets gedink nie. Hy word later ongeduldig. "Jakkals, wat gaan lol jy elke slag by die skuiwergat? Netnou hoor Boer ons, en dan's daar moeilikheid. Kom weg daar. Moenie gevaar gaan soek nie."

Toe Jakkals weer gaan pas, sien hy dis nou tyd vir hom om op te hou vreet. "Broer, Wolf, eet jy maar lekker," sê hy. "Ek sal hier buite waghou."

Wolf brom net, want hy het al weer 'n lam gevang en lê lekker daaraan en vreet.

Intussen spring Jakkals ewe ongemerk weg en draf reguit na Boer se slaapkamervenster. Daar roep hy luidkeels: "Boer, Boer, Wolf is in jou kraal! Boer, Boer, Wolf is in jou kraal!"

Toe draf hy vinnig weg en gaan skuil agter 'n buitegebou om te kyk wat nou gaan gebeur.

Boer het intussen uit die bed gespring en sy sambok gegryp. By die hek van die skaapkraal stap hy haastig in. Wolf het so lekker gelê en vreet dat hy Boer eers gewaar toe die hekkie oopgaan. Hy spring vervaard op, skuif die deurtjie van die skuiwergat op en probeer daardeur kruip. Maar o wee! Hy het hom te dik gevreet aan die lammers. Die skuiwergat is nog net so breed soos tevore, maar Wolf is veel breër.

Poef, paf! Poef, paf! Stof en hare vlieg van Wolf se lyf af.


Intussen beur hy vir al wat hy werd is om deur die skuiwergat te kom. Die sambokhoue gee hom ekstra krag, en uiteindelik wriemel hy deur. Toe skeur hy die wêreld vorentoe en steek eers vas toe hy Jakkals voor hom sien.

"Jou verraaier!" blaf hy woedend. "Hoekom was jy so gemeen om Boer te roep?"

"Wag 'n bietjie, broer Wolf," sê Jakkals, die ene onskuld. "Hoe kan jy my van sulke dinge verdink? Het jy dan nog nooit die mak bobbejaan op 'n paal naby Boer se slaapkamervenster gewaar nie? Dis Kees met sy groot bek wat geroep het: „Boer, Boer, Wolf is in jou kraal.”"

Wolf luister verbaas na dié storie. Het hy hom werklik misgis? Maar nou ja, aangesien hy niks gesien het nie, kan hy dit nie ontken nie.

Maar hy is nogtans baie agterdogtig toe hy en Jakkals daardie aand in die maanlig huis toe draf. En sy maag is dik, maar sy arme boude brand soos vuur van daardie sambok-houe.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur B.10: Analise van die handelingsreekse in [B4]**

Hierdie verhaal volg die basiese patroon soos in al die verhale waar die reekse op mekaar volg. Reeks 1 tot 6 volg hier duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek. – reeks 3 Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur B.11: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B4]**

Jakkals is die held. Jakkals is honger en moet dringend kos in die hande kry, maar hy wil ook die genoegdoening smaak om Wolf te triek. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, asook die skuiwergat in die muur waarin Jakkals en Wolf net-net pas. Jakkals het geen teenstanders nie. Wolf kry wel lekker skaapvleis om te eet, maar ten koste van homself omdat hy te veel eet, in die kraalmuur vassit en Boer kan hom byna dood slaan. Daarom is hy hier "n negatiewe begunstigde.



**Figuur B.12: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B4]**

Hier is Wolf die held (subjek) wat Boer se produkte begeer (objek). Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers in die saak. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik assok die skuiwergat. Wolf se helpers verander egter in sy teenstanders: Wolf sit in die skuiwergat vas en Boer slaan vir Wolf byna dood. Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy 'n bietjie van Boer se produkte kry, maar ten koste van homself.

[B5] (Grobbelaar & Verster, 2007)

Wolf is honger. Met die jag wil dit nou dae lank nie vlot nie. As hy "n trop springbokke bekrui en hom verbeel hy proe al die warm vleis tussen sy tande, trap hy op "n korhaan en alles is verlore. Of kom hy op "n blesbok af en alles verloop na wense, kan draai die wind weer skielik, en die bok snuif net en maak spore. Nee, die wêreld is vol narigheid en dis nie lekker om te lewe nie.

Net toe kom Jakkals haastig-haastig daar verby.

"En nou, neef Jakkals?" vra Wolf.

"Ek gaan net gou vir my "n vetmaak-lam slag," sê Jakkals. "Kom jy nie saam nie?"

Wolf skud sy kop droewig. "Waar kry jy vandag nog vetmaak-lammers?" vra hy. "Boer het te slim vir ons geword. Vandat hy daardie hoë klipkraal gebou het, kan ons hulle nie meer bykom nie."

"Die mure is te hoog en die hek is te dig. Dit weet ek," sê Jakkals. "Maar jy het van die skuiwergate vergeet."

"Jy dink ons sal daar inkom?" vra Wolf "n bietjie hoopvol.

"Ek weet ons sal," antwoord Jakkals. "Ek was gisteraand al daar."

"Nou hoekom praat jy dan nou eers!" sê Wolf, en hy begin sommer aanstryk.

Die pad is ver en die maan is al op voor hulle by die kraal kom, maar Wolf loop dit soos "n gedagte af.

"Versigtig nou," fluister Jakkals. "As ons eers binne is, moet elkeen sy lam met die eerste vat plattrek sodat die trop nie skrik en "n lawaai opskop nie – dan sal Boer se honde ons hoor."

"Nee, ons maak so," sê Wolf.

Hulle glip by die skuiwergat in. Ja-nee, Wolf is so dun dat hy sommer maklik deurgly. Dis net "Hierts!" toe lê twee lammers viervoet in die lug, en Wolf en Jakkals eet jong vleis. Wolf is so honger dat hy sommer inprop, maar Jakkals is versigtig. Kort-kort staan hy eers

skuiwergat se kant toe om seker te maak hy kan nog deurkom. En toe hy sien dis nou sulke tyd – nog ’n sluk, en hy sit vas – toe maak hy spore, en hy laat Wolf net so alleen daar in die kraal.

Wolf eet sy eie lam op en toe hy sien Jakkals makeer, bêre hy die res van syne ook agter die blaaie. Ai, hoe knop sy maag nou.

Steun-steun stap hy na die skuiwergat toe en probeer uitkruip. Nee, hier is ’n moles. Hy pas hom diékant toe en daardie kant toe; hy draai hom op die een sy en hy draai hom op die ander. Maar sy maag bly te groot.

Dis net wat Jakkals verwag het. Toe hy sien Wolf kan glad nie uitkom nie, spring hy weg en roep “Boer! Boer! Kom gou. Wolf is in jou skaapkraal!”

“Haai, Jakkals, wat maak jy nou?” skree Wolf benoud, en hy duik sommer met alle geweld in die skuiwergat om uit te kom. En daar sit hy vas.

“Boer! Boer!” roep Jakkals.

Die honde begin blaf.

“Kom gou, Boer!” skree Jakkals.

Die agterdeur gaan oop.


“In die skaapkraal, Boer!” lag Jakkals en maak dat hy wegkom.

Arme Wolf! Nee kyk, so maak vriende nie met mekaar nie. Toe Boer by die skaapkraal kom en sien wat aan die gang is, gaan haal hy sy sambok.

“O, so nè?” Woep! “Jy wil mos, nè?” Woep! “Ek sal jou leer...” Woep! Woep! “... om my lammers te steel!” Woep! Woep! Woep! So looi Boer hom gesels-gesels uit, en Wolf kan maar net soebat, al weet hy dit sal nie help nie.

Toe hy moeg geslaan is, sleep Boer vir Wolf uit die skuiwergat, stamp hom deur die kraalhek en sê “Sa!” vir sy honde sodat hulle kan klaarmaak wat hy begin het. Maar daardie pakslae was vir Wolf genoeg. Hy gaan hom nie nog laat staan en verskeur ook nie. Soos ’n koeël uit ’n roer skiet hy oor die rantjie en die honde het hom nie eens weer gesien nie.

Dit was die laaste maal dat Wolf van Boer se skape gaan steel het.



Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur B.13: Analise van die handelingsreekse in [B5]**

Hierdie verhaal volg ook die basiese patroon van reekse wat op mekaar volg. Hier volg reeks 1 tot 4 op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 3. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur B.14: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [B5]**

Jakkals is die held. Jakkals is honger en moet dringend kos in die hande kry, maar hy wil ook die genoegdoening smaak om Wolf te triek. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, sy sambok en honde asook die skuiwergat in die muur waarin Jakkals en Wolf net-net pas. Jakkals het geen teenstanders nie. Wolf kry wel lekker skaapvleis om te eet, maar ten koste van homself omdat hy te veel eet, in die kraalmuur vassit en Boer kan hom byna dood slaan en Boer se honde hom ook goed bykom. Daarom is hy hier "n negatiewe begunstigde.



**Figuur B.15: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [B5]**

Hier is **Wolf die held** (subjek) wat **Boer se produkte begeer** (objek). Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers in die saak. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik asook die **skuiwergat**. Wolf se helpers verander egter in sy teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. **Wolf sit in die skuiwergat vas en Boer slaan vir Wolf byna dood en sy honde ransel vir Wolf goed af**. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy 'n bietjie van Boer se produkte kry, maar ten koste van homself.

## BYLAAG C

# DIE TEKS, HANDELINGSREEKSE EN AKTANSIËLE ANALISE VAN TIPE C-VERHALE

## Vang vis [C]

---

[C4] (Rousseau, 2011)

Jakkals het Wolf nou al so baie strepe getrek dat die twee baie versigtig is vir mekaar. Jakkals is bang Wolf gee hom die pakslae wat hy verdien, en Wolf is bang Jakkals trek hom weer "n streep.

Toe Jakkals sy ou jagmaat een middag in die veld sien, gaan hy nie nader nie. Nee, skelm soos altyd, skree hy op "n afstand: "Broer Wolf, is jy honger?"

Wolf is omtrent altyd honger, net soos Jakkals. Wolf is egter te nors om te antwoord. En wie kan hom kwalik neem ná alles wat Jakkals hom al aangedoen het?

Maar Jakkals gee nie moed op nie, en hy skree: "Want as jy honger is, kan ek jou sê daar is pragtige groot visse in die dam. Hulle moet net uitgehaal word, dan kan ons hulle eet."

Mens sou dink dat Wolf teen dié tyd behoort te weet Jakkals jok. Sy gesonde verstand behoort hom te sê Jakkals sal die vis vir homself vang as daar regtig visse is. Hy sal nie vir Wolf daarvan sê nie. Maar Wolf is regtig honger, en honger kry die oorhand. Hy draf nader aan Jakkals en vra: "Het jy hulle gesien?"

"Maar natuurlik," antwoord Jakkals.

"Nou wanneer het jy gedink om te gaan?"

"Na donker, as alles stil en rustig is," antwoord Jakkals terwyl hy sy hare regskud, want dit is winter en dit is koud.

"Nou goed," antwoord Wolf. "Kom kry my by die huis wanneer jy wil gaan."

So gesê, so gedaan. Ná donker kom Jakkals vir Wolf by sy huis haal en die twee draf dam toe.

“Hoe gaan ons die vis vang?” vra Wolf toe hulle daar aankom. “Ons het nog nooit visgevang nie.”

“Baie maklik,” antwoord Jakkals. “Ons gaan sit op die damwal en laat ons sterte in die water hang. Jy het juis so ’n lang stert. Daar is so baie vis dat ’n klomp van hulle aan jou stert sal byt. Sodra daar genoeg vis aan jou stert is, trek jy hulle uit.”

“Hmmm, dit wil ek nog sien,” brom Wolf toe hy sy stert in die water laat sak. Hy is glad nie seker dié manier van visvang gaan werk nie. Die water is buitendien deksels koud.

Jakkals laat ook sy stert in die water sak, maar hy trek dit ná ’n ruk ongemerk uit.

“Genugtig, broer Jakkals,” sê Wolf ná ’n lang tyd, die water word verskriklik koud. Ek kan dit omtrent nie meer hou nie.”

“Die visse sal nie byt voor dit baie koud is nie,” antwoord Jakkals so seepglad soos altyd.

“Jy moet net geduldig wees.”

Wolf sit en hy sit. Jakkals het hom so goed wysgemaak dat die visse aan sy stert gaan byt dat hy hulle al byna kan proe.

Dit is ’n koue nag. Daar kom ys op die dam en aan Wolf se stert.

“Gedorie, broer Jakkals, my stert voel nou so swaar ek is seker daar’s ’n hele hoop visse aan. Ek kan seker maar nou uittrek.”

“Wag nog net tot dit begin lig word,” sê die geslepe Jakkals. “Dan kry jou kinders ’n hoop vis vir brekfis.”

Wolf sit en hy sit.

Toe die hele dam bevrore is en Wolf se stert in die ys vasgevroes is, sê Jakkals: “Nou kan jy maar uittrek, broer Wolf.”

Wolf probeer sy stert uittrek, maar dit sit vas. “Wat is dit dan nou?” vra hy vir Jakkals.

“Dis klaar lig, maar my stert wil nie uit nie.”

Niemand antwoord nie. Jakkals het klaar weggeglip om vir Boer te gaan sê.

Dis nou 'n ding van Jakkals. Al kry hy self geen kos nie, is dit nog altyd vir hom groot pret om Wolf in die moeilikheid te laat beland.


Nie lank nie of hier kom Boer met 'n sambok aan. Sy twee honde is by hom.

“Mapstieks!” roep Boer uit. “Hier sit die kalant wat my skape so steel. Vat hom, Onweer!

Terwyl die honde die arme Wolf takel, laat Boer die sambokhoue op sy blaaië neerreën.

Wolf tjank dat dit 'n naardeid is. Uiteindelik ruk hy homself los, maar ongelukkig bly 'n stuk van sy stert agter. Dit is waarom Wolf vandag nie meer so 'n lang stert het soos daardie tyd nie.

As Wolf bang is, is hy baie vinnig. Hy spring daar onder die honde uit en hardloop oop en toe oor die veld. En so ver as wat hy hardloop, raas hy met homself. “Ek gaan nooit weer so dom wees om saam met Jakkals vis te vang nie. En ek gaan nooit ooit weer iets met daai skelm Jakkals te doen hê nie!”




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur C.1: Analise van die handelingsreekse in [C4]**

Die basiese patroon in al die verhale is dat die reekse op mekaar volg. Reeks 1 tot 3 volg hier ook duidelik op mekaar.


Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 3. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur C.2: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C4]**

Die subjek word gesien as die held. In hierdie geval is dit **Jakkals wat net graag genoegdoening wil smaak om vir Wolf te triek** (objek). Jakkals staan in die verhouding van begeerte tot die feit dat hy vir Wolf wil triek. Jakkals het egter dinge nodig om hierdie begeerte te bereik. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhale meer abstrak byvoorbeeld Wolf se goedgelowigheid, die feit dat hy maar aan die dom kant is asook sy grootte en krag. Dit is alles sake wat Jakkals begunstig om sy doel te bereik. Jakkals moet egter gehelp word om sy triek op Wolf te voltrek en daarin help

Wolf, Boer self asook Boer se honde en sambok. Dis interessant om op te let dat Jakkals geen teenstanders het nie.



**Figuur C.3: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C4]**

Uit Wolf se oogpunt is **Wolf weer die held**. In hierdie geval is dit **Wolf wat Boer se visse begeer (objek)**. Die dinge wat Wolf se saak begunstig om hierdie begeerte te bereik, is Jakkals se uitgeslapenheid, sy vermoë om slim planne uit te dink en Boer self omdat hy die produkte verskaf. Wolf moet egter gehelp word om gevoed te word en Jakkals se plan en Boer wat die produkte verskaf dien as helpers in hierdie saak. Wolf het ook teenstanders in hierdie saak. Boer gaan nie geredelik toelaat dat Wolf sy vis vang en eet nie en Jakkals het 'n verskuilde agenda om Wolf te triek. Daarom dien dié twee as Wolf se teenstanders. **Ook Boer se honde en sambok sorg dat Wolf goed afgeskrik word** om nie weer die begeerte te ontwikkel om naby Boer se produkte te kom nie.


**[C2]** (Fink, W., 2010)

Die volgende storie is ôk van Wolf. Wolf en Jakkals is nou daar by 'n rivier. En oraait. Jakkals sê vir Wolf: "Oom Wolf, man ons kan vandag vir ons somer baie vis vang. Maar nou die water is nou koud en dis vroeg in die more en die ys lê net so dik hier. Wolf, ons kry nie onse sterte in nie, dan kan die visse aan onse sterte byt, kom ons kom vanaand.

Vanaand toe hulle kom, toe is Jakkals nou weer slim. Jakkals sê, Wolf nou kan ons onse sterte ingooi en dan gaan die vis byt nou as jy voel daar is iets aan jou stert dan moet jy hom net uittrek dan vang ons die vis en dan sit ons dit daar neer.

Reg. My mastig. Kamma hier vroeg in die nag toe is hulle al twee se sterte vasgeys. Maar Jakkals was slim. Hy het altyd sy stert so getrek en getrek en getrek. Sy stert is nou nie vasgeys nie, maar Wolf se stert is vasgeys. En hier looptyd dan sê Jakkals vir Wolf, Oom Jakkals, Jakkals ons het nie nou nie baie vis gevang nie, ons kan maar huis toe gaan, kom ons loop.

Oom Wolf het daar gesit sukkel, en gesit sukkel, maar hy kry nou nie sy stert uit nie. En so los Jakkals vir Wolf daar. Daai nag het daai koue daar gesit. Jakkals is baie slim gewees en daar gaan hy.



Jakkals: Verbeteringsproses


Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur C.4: Analise van die handelingsreekse in [C2]**

Die reekse volg oorwegend op mekaar in hierdie verhale. In die spesifieke verhaal volg reeks 1 tot 3 duidelik op mekaar.


Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ('n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om

Wolf weer te triek – reeks 2. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur C.5: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C2]**

Die subjek word gesien as die held. In hierdie geval is dit **Jakkals wat graag genoegdoening wil smaak om vir Wolf te triek** (objek). Jakkals staan in die verhouding van begeerte tot die feit dat hy vir Wolf wil triek. Jakkals het egter dinge nodig om hierdie begeerte te bereik. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhale meer abstrak byvoorbeeld Wolf se goedgelowigheid en die feit dat hy maar aan die dom kant is. Dit is alles sake wat Jakkals begunstig om sy doel te bereik. Jakkals moet egter gehelp word om sy triek op Wolf te voltrek en daarin **help Wolf, die koue asook die rivier**. Dis interessant om op te let dat Jakkals geen teenstanders het nie.



**Figuur C.6: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C2]**

Uit Wolf se oogpunt is **Wolf** weer die held. In hierdie geval is dit **Wolf** wat vis begeer (objek). Die dinge wat Wolf se saak begunstig om hierdie begeerte te bereik, is Jakkals se uitgeslaperheid en sy vermoë om slim planne uit te dink. Wolf moet egter gehelp word om gevoed te word en Jakkals se plan en die moontlike **vis** in die rivier dien as **helpers** in hierdie saak. Wolf het ook teenstanders in hierdie saak. Jakkals het 'n verskuilde agenda om Wolf te triek asook die **koue** laat Wolf swaar kry. Daarom dien dié twee as Wolf se teenstanders.

[C6] (Niehaus, 2011)

Eendag staan ou Jakkals by die mark. En daar eenkant is 'n vragmotor. Hy hardloop stilletjies na die vragmotor toe, spring bo-op en hy sien 'n klomp mandjies, bo-op die vragmotor, vol vis. Man, hy kry 'n plan. En hy dog, vandag gaan hy vir ou Wolf 'n streep trek.


Na 'n rukkie kom die boer daaraan en hy klim in sy vragmotor en daar ry hy met Jakkals agter op die bak. En toe hy so ent gery het, vat die skelm Jakkals 'n vis en hy gooi dit buitekant op die grond dat dit sommer so daaar trek. Elke nou en dan gooi hy 'n vis af en na 'n ruk, toe spring hy self van die vragmotor af. Hy begin terug stap huis toe. En toe hy naby die huis kom, kry hy vir ou Wolf en hy sê: "Oo, môre ou Wolfie. En hoe gaan dit vandag ou vriend?" Wolf sê: "Nee, goed dankie. Ek is net vreeslik honger en verskriklik lus vir 'n lekker gebraaide stukkie vis." En Jakkals sê: "Ma kom ons gaan visvang by die rivier. Ek weet van 'n lekker plek waar daar volop vis is." "Nou maar reg," sê ou Wolf. Huh, en daar stap die twee.

Jong, en toe hulle so ent stap. Aitsa. Aitsa. Aitsa. Hier op die grond lê 'n vis. En ou Wolf sê: "Huh, huh, kyk net 'n bietjie, hie hier lê 'n vis." En Jakkals sê: "Wag nou, wag nou ou Wolfie, dit is 'n ou klein vissie. Daar waar ek in die rivier vang, is groooot visse. En hulle stap. Jong, en elke nou en dan, dan kry hulle die vis op die grond lê. En dan wil ou Wolf net optel en gaan braai, maar dan sê Jakkals: "Nee, man.

Wag totdat ons by die rivier kom." En toe hulle by die rivier kom, sê Jakkals: "Nou toe kom, kom kom kom kom kom. Kom ons begin vang." Maar Wolf sê: "Jakkals, ons het dan nie eers stokke of hoeke of katrolle nie?" "Nee," sê Jakkals, "kyk, ons vang hulle met ons sterte." En Jakkals draai om en hy steek sy stert diép in die water in. En hy sê vir ou Wolf: "Steek in jou stert, man." En Wolf draai om en hy steek sy ou laaaang stert binne in die water in.

Oeeee, maats, en daar sit die twee. En hulle sit en hulle sit en hulle sit. En naderhand begin dit donker word. En ou Wolf, huuu (gaap) raak aan die slaap. (Snorkgeluide) Vas aan die slaap. En Jakkals voel, alla, alla, alla, alla, oe, oe, oe, dit begin koud raak. Ai, maats en dit word verskriklik koud. En Jakkals trek sy stert staaa-adig uit, terwyl ou Wolf slaap. En Jakkals hardloop weg. Ou Wolf, hy sit maar en snork. (snorkgeluide). En dit word al later en al kouer. Hoeee, my aardetjie, weet julle wat? Daar begin die water te verrys. Ja, ja net soos in Mamma se koelkas of vrieskas. Ou Wolf sit maar en slaap.

En weet ... die volgende môre kom Jakkals mooi tussen die bome deur en hy kyk so en hy sien daar sit ou Wolf vas. Hy kan sy stert nie uittrek nie, want sy stert is vasgeys. En Jakkals harrdloop na die boer se plaas toe en hy sê: “Boer! Boer! Kom dadelik na die rivier toe. Daar sit Wolf wat so baie kwaad doen en al jou skape steel en jou hoenders vang. Nou kan jy hom in die hande kry!” Ghu, en hier kom Boer met ’n sweep. Jong, en hy stap na die rivier toe. En net toe hy daar kom, kom Jakkals agter ’n boom uit en hy sê: “O, goeie môre Boer. O, ek is so soet. Ek is so baie soet. Ek sal vir jou help Boer om vir ou Wolf uit die water uit te kry en dan kan jy hom goed slaan met jou sweep.” Gmf, en Boer en Jakkals trek aan ou Wolf. En hulle trek (geluide soos hulle trek). Kadoef! Oee! Al drie lê op hulle rug. Maar, Wolf is uit die water uit. Aardetjies, maats, en ou Wolf kyk om en wat sien hy? Sy stert het morsaf gebreek. Oeee! En hy begin huil. (geluide soos hy huil) En Boer sê: “Wat tjank jy nog jou grote lummel!” Swiep, swiep, swiep! Slat hy hom. “Eina! Eina!” skree Wolf. En daar trek hy. Hy hardloop dat hy sommer so klein word, bo-oor die randjie. Hy hol en so in die hardloop, kyk hy terug en, en wat sien hy? Oe, oe die ou kort stomp stertjie. “Kyk hoe lyk my pragtige stert. Daar’s niks meer van hom oor nie. Net ’n ou kort stompie. (huilgeluide) “Ek weet, ek weet, dis daai skelm stoute Jakkals! Waar het jy gehoor ’n mens kan met jou stert visvang. Ek sal jou nog eendag kry, Jakkals! Jou skelm ding!”



Jakkals: Verbeteringsproses


Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur C.7: Analise van die handelingsreekse in [C6]**

Hierdie verhaal volg ook die basiese patroon waar reekse op mekaar volg. Reeks 1 tot 3 volg hier ook duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om

Wolf weer te triek – reeks 3. Vir Jakkals is dit gewoonlik 'n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik 'n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur C.8: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C6]**

Die subjek word gesien as die held. In hierdie geval is dit **Jakkals wat graag genoegdoening wil smaak om vir Wolf te triek** (objek). Jakkals staan in die verhouding van begeerte tot die feit dat hy vir Wolf wil triek. Jakkals het egter dinge nodig om hierdie begeerte te bereik. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhale meer abstrak byvoorbeeld Wolf se goedgelowigheid, die feit dat hy maar aan die dom kant is asook sy grootte en krag. Dit is alles sake wat Jakkals begunstig om sy doel te bereik. Jakkals moet egter gehelp word om sy triek op Wolf te voltrek en daarin **help Wolf, Boer self asook Boer se sambok**. Dis interessant om op te let dat Jakkals geen teenstanders het nie.



**Figuur C.9: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C6]**


Uit Wolf se oogpunt is **Wolf weer die held**. In hierdie geval is dit **Wolf wat Boer se visse begeer** (objek). Die dinge wat Wolf se saak begunstig om hierdie begeerte te bereik, is Jakkals se uitgeslapenheid, sy vermoë om slim planne uit te dink en Boer self omdat hy die produkte verskaf. Wolf moet egter gehelp word om gevoed te word en Jakkals se plan en Boer wat die produkte verskaf dien as helpers in hierdie saak. Wolf het ook teenstanders in hierdie saak. Boer gaan nie geredelik toelaat dat Wolf sy vis vang en eet nie en Jakkals het 'n verskuilde agenda om Wolf te triek. Daarom dien dié twee as Wolf se teenstanders. Ook **Boer se sambok sorg dat Wolf goed afgeskrik word** om nie weer die begeerte te ontwikkel om naby Boer se produkte te kom nie. **Die koue veroorsaak dat Wolf sy pragtige lang stert verloor**.

**[C1]** (Fink, 2010)

Wolf se liggaam is seer en hy is mankolekig. En hy's die bos da in. Hy het maar daar in die bos gebly en gebly tot tyd en wyl hy gesond word. Dan loop ou Wolf so teen die rivier af. Jakkals sit hier op die rivier se wal. Daar's water in die gat in. Sit en kyk hier in die water in. Toe hy sy kop optel toe sien hy hier kom ou Wolf aan. En dit val hom by hy het vir ou Wolf 'n streep getrek.

En hy draai sommer om en hy sit sy stert in die water in. En Wolf kom, toe Wolf wil praat toe sê hy: "Stil Oom Wolf, ek is besig om vis te vang." Hy sê: "Kom sit hier bo." Wolf kom sit langsaan hom.

Ou Jakkals het altyd die krokodil het hy dopgehou. Hy kom al hoe nader tot hy deur die water is. En Jakkals tel sy stert op en sit hom langsaan hom neer. Ou Wolf se stert hang in die water. Toe Krokodil Wolf se stert gryp en afbyt toe Wolf so skree toe hardloop hy. Wolf spring daar op en hardloop weg.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur C.10: Analise van die handelingsreekse in [C1]**


Die basiese patroon in al die verhale is dat die reekse op mekaar volg. Reeks 1 tot 2 volg hier ook duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 2. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur C.11: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C1]**

Jakkals is die held. Jakkals wil die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur die water wat hy as moontlike houers vir visvoorraad kan voorhou, asook die wete dat krokodil êrens in die water skuil sodat sy triek kan slaag. Jakkals het geen teenstanders. Jakkals se triek slaag as krokodil Wolf se stert afbyt.



**Figuur C.12: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C1]**

Hier is **Wolf die held** (subjek) wat **vis (objek)** begeer. Jakkals se uitgeslapeheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Die **feit dat daar water is met vis in**, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Die **water huisves toe vir Krokodil en Krokodil byt Wolf se stert af** en Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Wolf is met ander woorde weer die negatiewe begunstigde.

[C5] (Grobbelaar, 2011)

Vroegoggend in die hartjie van die winter kom Wolf op Jakkals af waar hy lekker in die son aan "n stuk vis sit en kou.

"Gee ook," sê Wolf, want hy voel maar skralerig.

"Ai, Wolf," sê Jakkals, en hy wurg haastig die laaste stukkies af, "hoekom het jy nie eerder gepraat nie? Daar glip die vis se stert nou net by my keel in."

"Waar kry jy dit?" vra Wolf. "Sê my, ek wil ook gaan haal."

"Maar natuurlik, neef Wolf," sê Jakkals. Die vis het hy die vorige aand uit Boer se buitekamer gesteel, maar hy het al klaar weer planne. "omdat jy my beste vriend is, sal ek jou die geheim vertel. Ek het dit in Boer se dam gevang."

"In Boer se dam gevang?" sê Wolf ongelowig. "Jy het dan nie 'n vishoek en lyn nie."

"O, maar diere soos ek en jy het g'n vishoeke en lyne nodig nie," verduidelik Jakkals. "Gaan sit net met jou stert in die water, en een-twee-drie byt die visse so geweldig dat jy moet bak staan of hulle trek jou in."

"Nou kom ons loop vang dan," sê Wolf haastig.

"Elke ding op sy tyd," sê Jakkals wys. "nie bedags nie, en ook nie sommer enige tyd van die nag nie, maar as die rooidag met die donker begin stry – dan byt die visse op hul beste."

"Dan moet ons vannag gaan kyk," sê Wolf.

"Alte seker," sê Jakkals. "Ons kry mekaar so skuins voor dagbreek anderkant die groot wag-"n-bietjie."

Donkeraand vat Jakkals sy knopkierie, en hy gooi sy bladsak oor sy skouer. Hy gaan eers "n draai by Boer se buitekamer maak, want hy het "n slag met die vensterknip, en Boer dink dis sy honde wat die vis steel. Daarom kry hulle slae, en Jakkals loop skotvry. Nadat hy sy bladsak volgepak het, maak hy spore na die bos toe waar Wolf al ongeduldig vir hom sit en wag.

Toe, toe, toe,” sê Wolf, en hy staan sommer dadelik op en begin aandraf.

“Stadig nou, neef Wolf,” keer Jakkals. “Onthou: haastige hond verbrand sy mond.”

Wolf steek in sy vier spore vas. “Wat praat jy van honde?” vra hy agterdogtig.

“Niks van honde nie, neef Wolf,” antwoord Jakkals gou. “Ek sê sommer: vars vis is gesond.”

Toe hulle by die dam kom, is dit net soos Jakkals verwag het. Dis geniepsig koud, en bo-op die water lê “n dik yslaag.

“Nee wat, Jakkals,” sê Wolf teleurgesteld, “hier sal ons nie vannag “n stert kan laat sak nie.”

“Moenie te gou praat nie, Wolf,” sê Jakkals. “Daarvoor het ek mos my gereedskap.” Hy haak af met sy knopkierie en slaan “n lang gat dwarsdeur die yskors oop.

“Aitsa!” roep Wolf verheug uit. “Nee, ek kan sien jy ken jou storie.” Hy draai ook sommer om en druk sy stert in. Die water is bitter koud, en dis glad nie “n plesier nie. Maar Wolf se lus is groter as sy seer, en hy hou uit.

“So ja,” sê Jakkals, “bly jy nou net hier sit, en as die vis byt, dan pluk jy.”

“Nee, dis reg so,” sê Wolf.

“Maar laat ek ook ingooi,” sê Jakkals kamme haastig. “Netnou vang jy die dam leeg nog voor ek begin het.” Hy stap “n entjie verder aan tot agter “n bossie waar Wolf hom nie mooi kan dien nie, slaan weer “n geweldige hou op die ys en gaan sit. Maar pleks dat hy sy stert in die water hou, vou hy dit netjies onder sy lyf in.

Hulle sit en sit, en Jakkals weet dat die water om Wolf se stert al moet begin hard word. “Hiert!” skree hy skielik, en kedoef! Slaan hy met sy kierie op die damwal. Hy dop ook sommer terselfdertyd sy bladsak om, gryp een van die visse wat uitval en begin gulsig eet.

“En nou?” vra Wolf van anderkant af.

“My eerste vis,” antwoord Jakkals. “Hy smaak vorentoe.”

“By my wil daar niks byt nie,” kla Wolf.

“Wees net so ‘n bietjie geduldig,” paai Jakkals. “Die visse moet eers aan jou stert se reuk gewoond raak.”

Nie te lank nie, of dis weer so. Jakkals spring en slaan en kou vir ‘n aardigheid.

“Lyk my die visse is almal daar by jou kant,” mor Wolf. “Jy het my natuurlik op ‘n kaal kol kom maak sit.”

“Moenie so praat nie, neef Wolf,” sê Jakkals met ‘n huilstem.

“Jy breek my hart omdat jy my altyd so vals verdink. Die visse kan swem waar hulle wil en byt wat hulle lus het. Dis oor jy so ongeduldig is dat jy niks vang nie.”

Wolf sit maar weer. Toe Jakkals vir die derde maal opspring, kan hy dit nie meer hou nie. “Gee ook!” skree hy, en hy duik na Jakkals se kant toe, maar sy stert pluk hom terug. Hy is nou heeltemal vasgeys.

“Haai!” roep Wolf benoud. “Ek kan nie my stert uitkry nie!”

“Versigtig net, neef Wolf,” sê Jakkals met ‘n stroopstem. “Dis seker ‘n walvis wat jy beet het.

As jy wild te kere gaan, kan jy naderhand jou stert verloor. Wag net ‘n bietjie hier, dan gaan ek hulp soek.” Voor Wolf nog iets daarop kan sê, het Jakkals sy kerie gegryp, sy bladsak oor sy skouer gegooi en maak hy die pad kort – reguit na Boer se opstal toe. Op die rantjie knap agter die

huis steek hy vas.

Boer se honde hoor die gedruis, en hulle begin blaf, maar Jakkals roep met alle mag: “Boer! Boer! Kom gou. Wolf het jou vis gesteel, en nou was hy sy vuil hande in jou drinkwater.”

Boer hoor die lawaai, en hy steek kers op.

Toe hy die liggie sien, roep Jakkals met alle geweld: “Boer! Boer! Kom gou. Wolf het jou vis gesteel, en nou was hy sy liederlike voete in jou drinkwater.”

Boer druk sy kop by die venster uit en maak die honde stil.

Toe hy Boer gewaar, skree Jakkals dat hoor en sien vergaan: “Boer! Boer! Kom gou. Wolf het jou vis gesteel, en nou was hy sy stert in jou drinkwater.”

“Goeie genugtig!” roep Boer uit. “Dit sal nie betaal nie!” Hy gryp sy sambok, fluit vir sy honde en lê oop na die dam toe terwyl hy skree: “Vannag gaan ek jou ’n les leer wat jy nie gou sal vergeet nie.” En dan weer: “Vandag sal ek jou ’n les leer wat jy jou lewe lank sal onthou.” En toe hy Wolf daar op die damwal sien: “Vanmôre trek ek die velle van jou lyf af!”

Dit begin net lig word toe Wolf die gedruis van ver af hoor aankom. HY weet nie of dit dalk die hulp is wat Jakkals belowe het nie, en hy sou graag wou gaan kyk het, maar die walvis hier aan sy stert waarvan Jakkals gepraat het, wil nie skietgee nie.

Maar hoe het hy dit dan nou? Daardie stemme klink nes hondestemme, en daardie geroep klink soos Boer wat roep.

Wolf trek sy voorkop nog op ’n plooi soos hy hom inspan om beter te kan sien, toe kam die eerste hond sy baard. HY wil nog tru staan, toe gaffel die tweede hond hom hier onder sy ribbetjie.

Hy wil nog verduidelik, toe gesels Boer se sambok saam.


Nee, kyk, walvis of nie walvis nie, maar so laat hy wat Wolf is nie met hom mors nie. Hy vlieg kortom, en hy hardloop.

Sy stert wil nog protesteer, maar hy steur hom nie daaraan nie. Die stuk wat wil saamkom, kan maar saamkom. Die stuk wat wil agterbly, moet maar bly.

So kom Wolf met ’n skraap oor sy kinnebak, ’n hap in sy linkersy, ’n hou oor sy regterblad, en ’n halwe stert daarvan af. Die eerste wat hy raakloop, is vir Jakkals, maar nou weet hy van g’n sout of water nie. “En toe, Wolf?” vra hy. “Is daar iemand in die familie dood? Hoekom hang jou vlag dan so halfmas?”

Dit moes hy nie gesê het nie. Wolf praat net een maal, en hy praat nie mooi nie. Toe is dit Jakkals wat moet vlug vir sy lewe. As daar nie skielik ’n klipskeur in sy pad gekom het nie, was dit straks sy laaste grappie. Soos mes glip hy daar in, maar Wolf is te groot om hom te volg. Daar sit Jakkals binne en koggel, en Wolf staan buite en tande kners.

“Ek het jou mos gesê, Wolf,” praat Jakkals: “visvang is gesond. Maar wat ek eintlik bedoel het, is: die agterste hond raak die maklikste gewond.”




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses


**Figuur C.13: Analise van die handelingsreekse in [C5]**

In hierdie verhaal volg reeks 1 tot 8 op mekaar en daarom volg hierdie verhaal ook die basiese patroon waar reekse op mekaar volg. Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 5. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur C.14: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [C5]**

Die subjek word gesien as die held. In hierdie geval is dit **Jakkals wat graag genoegdoening wil smaak om vir Wolf te triek (objek)**. Jakkals staan in die verhouding van begeerte tot die feit dat hy vir Wolf wil triek. Jakkals het egter dinge nodig om hierdie begeerte te bereik. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhale meer abstrak byvoorbeeld Wolf se goedgeelowigheid, die feit dat hy maar aan die dom kant is bereik. Jakkals moet egter gehelp word om sy triek op Wolf te voltrek en daarin **help Wolf, Boer self asook Boer se honde en sambok**. **Die klipskeur waarin Jakkals pas, help ook dat Jakkals Boer se sambok en honde vryspring**. Jakkals geen teenstanders het nie.



**Figuur C.15: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [C5]**

Uit Wolf se oogpunt is **Wolf weer die held**. In hierdie geval is dit Wolf wat **Boer se visse begeer (objek)**. Die dinge wat Wolf se saak begunstig om hierdie begeerte te bereik, is Jakkals se uitgeslapenheid, sy vermoë om slim planne uit te dink en Boer self omdat hy die produkte verskaf. Wolf moet egter gehelp word om gevoed te word en Jakkals se plan en Boer wat die produkte verskaf, dien as helpers in hierdie saak. Wolf het ook teenstanders in hierdie saak. Boer gaan nie geredelik toelaat dat Wolf sy vis vang en eet nie en Jakkals het 'n verskuilde agenda om Wolf te triek. Daarom dien dié twee as Wolf se teenstanders. Ook **Boer se honde en sambok sorg dat Wolf goed afgeskrik word** en dalk twee keer sal dink voordat hy weer naby Boer se produkte kom.

## BYLAAG D

# DIE TEKS, HANDELINGSREEKSE EN AKTANSIËLE ANALISE VAN TIPE D-VERHALE

### Aan Perd se stert vashou [D]

---

[D5] (Grobbeelaar, 2011)

Eendag, "n rukkie later, kom Jakkals en Wolf op 'n perd af wat lê en slaap, maar Jakkals maak asof die dier dood is.

"Perdevleis is soet en sag," sê hy. "Kom ons sleep hom sloot toe voor Boer iets gewaar. Dan het ons genoeg kos vir 'n week."

"Dit sal baie gaaf wees," sê Wolf, maar so 'n perd lyk vir my allemintig swaar."

"Ag nee wat," sê Jakkals. "Ek maak jou aan sy stert vas, en ek vat sy kop. Dan behoort ons hom maklik te trek."

Jakkals knoop Wolf se stert met 'n dubbele slag, stap om na die kopkant toe en gee die perd 'n flink skop agter die blad. Vervaard skrik die dier uit sy slaap op, spring orent – en daar trek hy donderend oor die veld, met Wolf teen wil en dank agterna. Wolf is meer op sy kop as op sy voete, en tussendeur klink die perd hom aanhoudend met sy hoewe om van die onwelkome passasier ontslae te raak.

Jakkals skree van die lag. "Ysterklou in die grond slaan, Wolfie!" roep hy. "Dis al raad wat ek nou vir jou het as jy nie wil hê daardie perd moet jou breek hardloop nie."

"Ek kan g'n hemel of aarde beken nie!" roep Wolf met 'n huilstem terug. "Hoe sal ek nog breek kan aandraai?"

Jakkals lag, die perd hardloop, en Wolf ry saam totdat sy stert eindelijk losglim en hy met 'n hik tussen die bossies te lande kom.

Nou is Jakkals kastig baie danig. "Die ellendige perd het dan al die tyd gelewe," sê hy. "Het hy jou nie baie seergemaak nie?"


“Die seer is niks nie,” antwoord Wolf, wat al weer met ‘n kreun en ‘n steun op die been gekom het, “want dit kan gesond word. Maar waarvoor ek my die meeste vererg, is dat Boer my so staan en koggel het.” Hy weet nie dat Jakkals die groot lagger was wat hy gehoor het nie.

“Ja, is dit nie ongepoets van hom nie?” sê Jakkals. “Kom ons loop liewers.

So met die aanstap kan Jakkals dit darem nie help om nou en dan onderlangs te grinnik as hy aan Wolf se petalje dink nie.

“Wat lag jy, Jakkals?” vra Wolf agterdogtig.

“Nee, dis sommer van blydskap oor jy met jou lewe daarvan afgekome het, Wolf,” antwoord Jakkals. En Wolf is tevrede.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur D.1: Analise van die handelingsreekse in [D5]**

Die basiese patroon in al die verhale is dat die reekse op mekaar volg. Reeks 1 tot 4 volg hier ook duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 2. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur D.2: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals [D5]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, in hierdie geval Boer se perd wat lê en slaap, sodat sy triek kan slaag. Jakkals het geen teenstanders. Jakkals maak veral in hierdie verhaal staat op Wolf se grootte en sterkte, maar dis ten koste van Wolf. Jakkals se triek slaag, daarom is hy die begunstigde.



**Figuur D.3: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D5]**


Hier is **Wolf die held** (subjek) wat **Boer se produkte** begeer (objek). Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. **Jakkals sorg dat Perd wakker skrik en opspring en verniel vir Wolf** in die proses om van hom af weg te hardloop. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy ten koste van homself getriek word.

[D1] (Fink,A., 2010)

Daar is nog 'n storie, waar Jakkals die veld ingaan toe kry hy vir Perd waar hy vas aan die slaap lê. En e Jakkals draai om en gaan haal vir Oom Wolf. Hy sê: "Oom Wolf hier is vir ons 'n groot stuk vleis. Jy is mos sterker as ek. Ons moet hom hier wegsleep."

En e, Jakkals draai om en hy vat Wolf se stert en hy maak hom aan perd se stert vas. En toe hy klaar is toe maak hy vir Perd wakker. Perd spring op en Perd hardloop.

Toe Perd hardloop toe sleep Jakkals agterna, Wolf agterna. Soos Wolf hier sleep, skree Jakkals vir Wolf: "Oom Wolf, Oom Wolf, slaan ysterklou in die grond!" En Jakkals, die Perd hardloop met ou Wolf tot daar waar hy later los ruk.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur D.4** Analise van die handelingsreekse in [D1]

Hierdie verhaal volg die basiese patroon soos in al die verhale waar die reekse op mekaar volg. **Reeks 1 tot 3 volg hier duidelik op mekaar.**

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 2. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur D.5 Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [D1]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag die **genoegdoening smaak van sy triek wat slaag**. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, in hierdie geval **Boer se perd wat lê en slaap**, sodat sy triek kan slaag. Jakkals het geen teenstanders. Jakkals maak veral in hierdie verhaal staat op Wolf se grootte en sterkte, maar dis ten koste van Wolf. Jakkals se triek slaag, daarom is hy die begunstigde.



**Figuur D.6 Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D1]**

Hier is **Wolf die held** (subjek) wat **Boer se produkte begeer** (objek). Jakkals se uitgeslaperheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Jakkals sorg dat **Perd wakker skrik en opspring en vir Wolf verniel in die proses om van hom af weg te hardloop**. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy ten koste van homself getriek word.

[D4] (Rousseau, 2011)

Jakkals is nog steeds versigtig om naby Wolf se huis te kom. Dis al 'n paar weke ná die keer toe Jakkals vir Wolf omgepraat het om te probeer vlieg. Jakkals bly op 'n veilige afstand staan, want vir Wolf se kwaai ou ma is hy so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. Die ou tannie is briesend oor alles wat Jakkals haar seun aangedoen het.

Uiteindelik sien Jakkals vir Wolf buite die huisie roer.

“Broer Wolf, broer Wolf,” skree hy, “daar’s vandag 'n fees by koning Leeu. Ek is juis op pad soontoe. Stap saam as jy wil.”

“Ek kom,” roep Wolf terug.

Gou-gou stap die twee op 'n veldpaadjie aan.

Wolf het verbasend gou herstel. Hy loop natuurlik nog kruppel, en sy vel lyk sleg van die brandmerke, maar hy sien al weer kans om met Leeu te gaan baklei.

“Laat hom net onbeskof met my wees, kan klits ek hom, “praat Wolf so in die stap, terwyl hy met sy voorpote in die lug voor hom slaan-slaan.

Toe Jakkals niks sê nie, fluister Wolf vertroulik: “Ek sê, broer Jakkals, met dié dat ek nou so lank by die huis moes bly om gesond te word, het ek laas 'n lekker groot stuk vleis gesien. Weet jy nie waar ons iets kan vang nie?”

“Dit weet ek nie,” antwoord Jakkals, “maar ek dink ons sal by koning Leeu oorgenoeg kry om te eet. Dis te sê as 'n olifant vir jou groot genoeg is.”

“Olifantvleis, waar kry hy dié?” vra Wolf. “Dalk een wat in die veld gevrek het?”

“Nee, ou broer,” antwoord Jakkals, “koning Leeu het hom self platgetrek.”

Wolf kry 'n benoude gevoel. Miskien moet hy liever nie teen Leeu baklei nie. Maar hy sê niks.

Terwyl Wolf nog so diep ingedagte loop, kom die twee af op 'n perd wat in die paadjie lê en slaap.

Jakkals hou sy poot voor sy bek en beduie vir Wolf om saggies te praat. “Jy wou mos ’n groot stuk vleis hê, Wolf,” fluister hy. “En hier is dit. As ons nou net sorg dat hy nie wegkom nie, kan ons twee vandag lekker perdevleis eet.”

“Hoe sal ons maak?” vra Wolf.

“As ons hom aanval, sal hy weghol,” antwoord Jakkals. “Ons moet hom vasbind. Jy is tog sterker as ek. Laat my jou stert aan die perd se stert vasbind, dan maak ek my stert aan sy maanhaar vas. Op dié manier sal hy nie wegkom nie.”

“Hmmm...” brom Wolf. “Ek weet darem nie so mooi nie.” Maar omdat hy nie ’n beter plan as Jakkals het nie, stem hy op die ou end in.

Terwyl Jakkals agter Wolf se stert besig bly, pluk hy ongemerk ’n lat van die naaste taaibos af. Toe bind hy Wolf se stert stewig aan die perd se stert vas. By die perd se maanhaar woel hy so ’n bietjie rond, maar dit was nooit sy plan om homself aan die perd vas te bind nie. Veral nie nou dat dit lyk asof die perd begin wakker word nie.

Toe hy nog ’n maal seker gemaak het dat Wolf stewig aan die perd vas is, vat hy die taaiboslat en raps die perd oor die boud.

Die perd skrik wawyd wakker, spring vervaard op en begin op volle spoed weghol.

En Wolf?

Wolf wapper soos ’n los vel agterna.

Vir Jakkals is dit tog te snaaks. Hy rol soos hy lag. Maar tussen die lagbuie deur kry hy dit nog reg om Wolf agterna te roep.


“Slaan ysterklou in die grond, broer Wolf! Slaan ysterklou in die grond!”

“Klou in die grond slaan?” skree Wolf terug. “Wat praat jy, man? Hier waar ek nou is, sien ek nie hemel of aarde nie.”

Deur die vreeslike geskop van die perd kom Wolf uiteindelik los. Hy staan met moeite van die grond op en kom hink-hink na Jakkals aangesukkel, reg om hom goed uit te trap. Maar voor hy nog ’n woord kan sê, spring Jakkals hom voor. “Dis die geraas wat jy gemaak het wat die perd laat wakker skrik het,” skel hy op Wolf. “Jy’t my nie eens kans gegee om my stert ordentlik aan sy maanhaar vas te maak nie.”

Jakkals het die arme Wolf nou skoon verwar. “Het ék geraas gemaak?” mompel hy. “Ek dog dit was jy.”

“Nooit gesien nie. Jy’t so geraas ’n dowe perd sou jou gehoor het. Skaam jou, broer Wolf.” Wolf skud sy kop verward. Hy was seker dit was alles Jakkals se skuld. Maar nou ja, miskien het hy ’n fout gemaak. Geduldig stap hy maar saam met Jakkals verder.




Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur D.7:      Analise van die handelingsreekse in [D4]**


Die basiese patroon in al die verhale is dat die reekse op mekaar volg. Reeks 1 tot 7 volg hier ook duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 5. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik "n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur D.8: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D4]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien, in hierdie geval Boer se perd wat lê en slaap, sodat sy triek kan slaag. Jakkals het geen teenstanders. Jakkals maak veral in hierdie verhaal staat op Wolf se grootte en sterkte, maar dis ten koste van Wolf. Jakkals se triek slaag, daarom is hy die begunstigde.



**Figuur D.9: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [D4]**

Hier is **Wolf die held** (subjek) wat **Boer se produkte begeer** (objek). Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek. Jakkals sorg dat **Perd wakker skrik en opspring en vir Wolf verniel** in die proses om van hom af weg te hardloop. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy ten koste van homself getriek word.

## BYLAAG E

# DIE TEKS, HANDELINGSREEKSE EN AKTANSIËLE ANALISE VAN TIPE E-VERHALE

## En die bye [E]

---

[E6] (Niehaus, 2011)


“Ai, ai, ai wie praat daar van heuning, neef Jakkals? Ek sou wat wou gee om nou hier op die daad ’n lekkerrrr stukkie heuning te kon hê, wat so af drup en wat so soet soos die soetste suiker is.” “A, nee man, Wolf, kyk hoe staan en lus maak jy my nou. Jy weet goed ek sal die helfte van my stert gee vir een stukkie koekheuning. Maar, wag Wolfie. Kom ons maak ’n plan.” Oooo, liewe land, maats. As daardie skelm Jakkals van planmaak praat, dan moet jy weet, hy’s weer met een of ander stoutigheid besig. “Huh, Wolfie, ek sê. Ek weet van ’n heuningnes net hier anderkant die bult. As jy my help, dan kan jy maar sê, eet ons al.” “My wêreld Jakkals, my vriend, maar so moet ’n bek mos praat. Gu-ge! Daardie bek moet heuning kry.”

“Da-dan nou maar goed Wolf, nou moet jy mooi luister hoor! Ek weet van ’n vet heuningnes in een van die stamme van ’n ou boom wat laas winter omgewaai het. Boer het ’n groot, plat klip bo-op gesit dat skelms nie die nes kan sien nie.” “O, o, jy sê skelms, nè Jakkals. En hoe weet jy dan daarvan?” “Aaag, toe nou ou Wolf, moet my nie staan en vasvra nie.” “En Jakkals, as die plat klip nou bo-op die oop skeur is, hoe gaan die bye dan binne-in en hoe kom hulle weer uit?” “Ou Wolf man, Onder die stam is ’n paar gaatjies waar hulle kan in en uit kruip, man. Hoekom vra jy dan vir my sulke dom vrae, man?” “Ek is jammer, Jakkals, ek sal nie weer nie.” “Dis reg, Wolf, moenie vrae vra nie, doen net wat ek sê. Nou kyk, soos jy seker weet, hou bye nie van rook nie. Ek gaan hierdie ou groot pyp van my stop en dan goed aan die gang kry en dan groot wolke rook in die boomskeur inblaas sodat die bye almal kan vlug.” “Uh, sal hulle almal vlug, Jakkals?” “Ja, ja, almal behalwe die koningin. Maar eh, Wolfie, sy sal nie omgee nie. Sy rook self, sien?” “Huh, o ja, ja, ek sien.” “Wat sien jy, Wolf?” “Huh, die rook, Jakkals.” “Moenie verspot wees nie, Wolf, ek het pyp nog nie eers opgesteek nie.” “O, ek is jammer Jakkals.”

Maats, en ook nie lank nie, of Jakkals rook daai pyp dat dit soos Johannesburg in die oggend vroeg lyk. Dis net rook waar jy kyk. En Jakkals stap versigtig nader na die boomstomp toe. Ou Wolf help hom, en tjoep, tjoep, skuif hulle die groot, plat klip weg en

Jakkals blaas groot rookwolke in die skeur in, soos spuitvliegtuie krioel die bye by die skeur uit en daar trek hulle. Sommer so met 'n laaaang tuit. En ook nie honderd jaar nie, ghu, of die nes is leeg. "Kom Wolf, nou is ons kans. Jy moet nou vir ons die koeke heuning uithaal. Jy het nog niks gedoen nie. Jy kan nie verwag dat ek al die werk moet doen nie." "Nou maar reg," sê ou Wolf, "wat moet ek doen?" "Steek nou jou kop in die skeur in, man en haal vir ons die heuning uit." "Ma, ma Jakkals, die skeur is te nou." "Nou ma, nou ma wag, ek sal een kant vat en trek aan die bas," sê Jakkals. "Jakkals, is jy seker daar is niemand binne-in die stomp nie, Net die heuning nè, Jakkals?" "Niemand nie ou Wolfie, behalwe die koningin. Maar sy is 'n vriendelike dame." Maats, en daar steek Wolf sy kop in die boomskeur in terwyl Jakkals een kant hard trek sodat ou Wolf se ore nie stukkend skeur nie. "Hallo. Hallo. Iemand hier? Niemand by die huis nie? U majesteit? U hoogheid? Is u hier of slaap u dalk? Huh? Niks? Niemand nie? Haai, dis snaaks?"

Wolf, jong, wag, nou nou weet ek nie, Wolf. Dit lyk vir my ek sien 'n by ingevlieg kom? Nee, nee, dis nie een nie! Dis tien! Di-dit is honderd bye! Nee, dis 'n duisend! O,ooo, dis 'n miljoen!" "Ek gaan nou hier los, Wolf en gaan hulp soek! Staan net stil, Wolfie! Moenie roer nie, hoor!" Maats, en waar was jy? Een, twee, ses toe sien jy net bye. Bye net waar jy kyk. Hier binne-in hulle nes sit ou Wolf vas. Hulle kan nie in nie en toe! Toe skiet elkeen se angel uit. Ghloeps! En hulle storm op ou Wolf af. Hulle steek hom links en regs, kruis en dwars, pimpel en pers. "Eina! Eina! O, toggie, help my! Die bye steek my dood!" skree arme ou Wolf. En waar is sy maat? Jakkals? Nee, dié sit veilig doerrrrr ver agter 'n klip en kyk hoe die bye sy ou vriend betakel. Sies! Hy behoort hom te skaam. Maats maak nie so nie. Onthou dit outjies, maats help mekaar. Oeee, weet jy ek is so kwaad vir daardie Jakkals. As ek hom in die hande kry, maats, sal ek vir Frik du Preez gaan roep, dat hy hom sommer flenters skop.



Jakkals: Verbeteringsproses


Wolf: Verslegtingsproses

**Figuur E.1: Analise van die handelingsreekse in [E6]**

Die reekse volg oorwegend op mekaar. In hierdie verhaal volg reeks 1 tot 5 duidelik op mekaar.


Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ('n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 3 en 4. Vir Jakkals is dit gewoonlik 'n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir

Wolf is dit gewoonlik 'n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur E.2: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [E6]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien. Jakkals het geen teenstanders nie. Jakkals se triek slaag wanneer die **bye vir Wolf byna dood steek**. Jakkals is met ander woorde die begunstiger.



**Figuur E.3: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [E6]**

Hier is **Wolf die held** (subjek) wat **Boer se produkte** begeer (objek). Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers in Wolf se saak. Boer wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek en veroorsaak dat **die bye vir Wolf byna dood steek**. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy al die werk doen en boonop getriek word.

**[E3]** (Du Plessis, 1987)

En toe's Wolf dan nou weer weg en hy soek vir Jakkals ôk. Toe's ou Wolf nou baie kwaad. Jakkals het hom nou in 'n verslikking in gelei. En in die mean time loop kry ou Wolf vir weer vir Jakkals by 'n heuningnes. Daar sit Jakkals nou weer. Hy sê vir ou Wolf, toe's ou Wolf nog baie kwaad. Hy sê: "Wa-wa-wag ou Wolf, wa-wa-wag. Moet nou nie lat ons baklei nie. Hier's nou iets anders. Kom luister net hier. En ou Wolf het vreeslik in Jakkals geglo. En hy sê: "Luister nou net hier, luister hier." En die bye maak: wrrrrrrrr, wrrrrrrr. En ou Wolf luister na die bye. En terwyl ou Wolf so lekker sit en luister, raak Wolf aan die slaap. Toe slim slap Jakkals weer vir Wolf.

En ou Jakkals is toe daarvanaf, lat hy daarvanaf weg is, is hy toe hier by die, toe skuld hy mos vir ou Koggelmander geld. Toe kry ou Koggelmander mos toe vir hom. En hy en ou Koggelmander, ou Koggelmander sê: "Sjwuut, sjwuut is nou hier buitekant die bye se, die bye se nes. Koggelmander sê: "Sjwuut, sjwuut, moenie raas nie". Onthou die groot ouens is vandag kwaad. Hulle hou kerk. Dis nou ou Koggelmander wat so sê. Ou Jakkals is heel met die storiëtjie uit lat hy nou vir ou Koggelmander geld skuld.

En hy sê vir ou Koggelmander, moenie raas nie man. Sien jy nie die bye hou kerk nie? En dis toe, hy sê vir ou Koggelmander sien jy, jy moet nou in daai kerk ingaan, maar jy moet nie hier agter, jy moet nie hier agter loop sit by die grotes nie. Hulle knyp te veel. Jy moet daar na die kleintjies toe gaan, hulle sal jou niks maak. Hy't mos vir hom geld geskuld. En hy't toe vir ou Koggelmander daar ingestuur. En wat dai bye hom koggel hulle het hom net da vrek gesteek en toe is Jakkals uit die kol uit. Fluit-fluit die storie is uit.



Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

Koggelmander: Verslegtingsproses

**Figuur E.4: Analise van die handelingsreekse in [E3]**


In die verhale volg die reekse oorwegend op mekaar. Hierdie verhaal volg ook hierdie basiese patroon, want reeks 1 tot 3 volg hier duidelik op mekaar.

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **paralel** nl.: (1) wat vir Koggelmander na iets goeds ("n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Koggelmander te triek – reeks 2. Vir Jakkals is dit gewoonlik "n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf en Koggelmander is dit hier "n verslegtingsproses omdat hulle ten koste van hulself van die produkte van Boer in die hande kry om hul honger te stil en soms glad nie. Hulle moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf en Koggelmander moet vir die gelag betaal.



**Figuur E.5: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [E3]**

Jakkals is die held. Jakkals wil graag die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur Boer wat die produkte voorsien. Jakkals het geen teenstanders nie. Jakkals se triek slaag wanneer die bye vir Wolf byna dood steek. Jakkals is met ander woorde die begunstiger.



**Figuur E.6: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [E3]**

Hier is Wolf die held (subjek) wat Boer se produkte begeer (objek). Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers in Wolf se saak. Die bye wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om

die objek te bereik. Wolf het egter baie teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek en veroorsaak dat die bye vir Wolf byna dood steek. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy al die werk doen en boonop getriek word.



**Figuur E.7: Aktansiële analise uit die oogpunt van Koggelmander in [E3]**

In hierdie verhaal is daar 'n tweede karakter teenwoordig wat Jakkals wil triek. Koggelmander is hier die held (subjek) wat die heuning (objek) begeer asook die geld wat Jakkals hom skuld. Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers in Koggelmander se saak. Die bye wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Koggelmander om die objek te bereik. Koggelmander het egter 'n paar teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Koggelmander triek en veroorsaak dat die bye vir Koggelmander dood steek. Koggelmander is hier die negatiewe begunstigde omdat hy getriek word en daarvoor met sy lewe betaal.

**E1]** (Fink,A., 2010)

Wolf is weg en Wolf is weg. Jakkals is in die bos in. En hy kom. En e so sloot op in die rivier uitgespoel. Hy kom, hy kom. Jakkals hoop dis baie lekker heuning. Hy kom by die heuningnes hy kyk in die heuningnes. Hy sien hoe- oe dis baie lekker heuning. En dan sit en kyk hy hier in die heuningnes in. As die bye so verby kom dan trek hy sy kop weg. Trek hy sy kop so weg dat die bye maar verby gaan. Hy het dit so die bye gaan almal van die koeke af weg. Maar nou sit hy. Toe hy sy kop draai toe sien hy maar hier is Oom Wolf dan.

Toe Oom Wolf nader kom toe sê hy: "Morning Miesies, Morning Seur. Morning Miesies, Morning Seur." En hy gee so pad. Ou Wolf vra vir hom: "Wat maak jy?" En hy sê vir Wolf: "Oom Wolf, daar's baie lekker heuning daar. Ek was baie honger, maar ek het my vol geëet. Al wat jy moet doen, gaan sit voor die gat en soos die bye uitkom dan sê jy Morning Miesies, Morning Seur.

So het die bye omgedraai, uitgekom en hulle het vir Oom Wolf gesteek vol kolle. En Wolf hardloop die bos daar in. Van daardie dag af het daar ook tiere bestaan, want die bye het vir ou Wolf so gesteek dat hy vol kolle is. En daarom kry ons vandag 'n tier met swart kolle.

## REEKS 1

### Moontlikheid

Jakkals het 'n behoefte aan heuning.

### Aktualisering

Wolf kom toevallig daar verby.  
Jakkals kry 'n plan hoe om  
Wolf te triek.

### Resultaat

Wolf val vir Jakkals se slinkse plan.

## REEKS 2

### Moontlikheid

Wolf kan sy begeerte na heuning  
bevredig.

### Aktualisering

Wolf moet die bye groet.

### Resultaat

Die bye steek vir Wolf.


Jakkals: Verbeteringsproses

Wolf: Verslegtingsproses

### **Figuur E.8:      Analise van die handelingsreekse in [E1]**


Die basiese patroon in al die verhale is dat die reekse op mekaar volg. **Reeks 1 tot 2 volg hier ook duidelik op mekaar.**

Die verbetering- en verslegtingsprosesse loop ook dikwels **parallel** nl.: (1) wat vir Wolf na iets goeds ('n verbetering lyk – reeks 1), maar (2) vir Jakkals die moontlikheid open om Wolf weer te triek – reeks 2. Vir Jakkals is dit gewoonlik 'n verbeteringsproses omdat sy triek altyd slaag en omdat hy altyd van Boer se produkte kry om sy honger te stil. Vir Wolf is dit gewoonlik 'n verslegtingsproses omdat hy altyd ten koste van homself van die produkte van Boer in die hande kry om sy honger te stil en soms glad nie. Hy moet egter altyd fisies die houe vat sodat Jakkals se triek kan slaag. Wolf moet vir die gelag betaal.



**Figuur E.9: Aktansiële analise uit die oogpunt van Jakkals in [E1]**

Jakkals is die held. Jakkals. Hy wil die genoegdoening smaak van sy triek wat slaag. In teenstelling met die sprokie se meer konkrete begunstigers, is die begunstiger in hierdie verhaal meer abstrak: Wolf se goedgelowigheid, sy domheid asook sy grootte en krag. Jakkals word gehelp om die objek te bereik deur die bye wat die produkte voorsien, en ook vir Wolf steek sodat sy triek kan slaag. Jakkals het geen teenstanders nie. Jakkals se triek slaag ten koste van Wolf. Jakkals is dus die begunstigde.



**Figuur E.10: Aktansiële analise uit die oogpunt van Wolf in [E1]**

Hier is **Wolf die held** (subjek) wat die **bye se heuning** (objek) begeer. Jakkals se uitgeslapenheid en sy vermoë om slim planne te bedink is die begunstigers wat Wolf se saak begunstig. Die bye wat die produkte voorsien, Jakkals en veral Jakkals se plan help Wolf om die objek te bereik. Wolf het egter teenstanders: Jakkals het 'n verskuilde agenda en wil eintlik vir Wolf triek en **veroorsaak dat die bye vir Wolf byna dood steek**. Wolf is hier weer die negatiewe begunstigde omdat hy gebruik word deur Jakkals om die triek op homself te voltrek.